VIR ELKE DAG

'n Bybelse Dagboek
ten dienste van
die daaglikse gebruik deur gelowiges.

1968

WOORD VOORAF

1. Dit is met groot genoeë dat die ondergetekende redaksie vir die derde agtereenvolgende jaar die Bybelse Dagboek as bylaag tot die Almanak kan aanbied.

2. Dit is 'n **Dagboek**. Die bedoeling is dat elke Hervormde huisgesin **elke dag** (òf in die aand, òf in die môre) op hierdie wyse rondom die Woord bymekaar sal kom. Die Skrifgedeeltes en tekse is op so 'n wyse gekies dat daar gang in sit. Dikwels verwys één dagstuk na voriges. Daarom is dit noodsaaklik dat ons sal probeer om **so gereeld as moontlik** die Dagboek as gids vir ons huisgodsdiens te gebruik.

3. Dit is 'n **Bybelse** Dagboek. Eerstens beteken dit dat die aangegewe Skrifgedeeltes en teksverse werklik **gelees** sal word. Daarsonder sal die dagstukke nie goed verstaanbaar wees nie. Maar tweedens is die dagstukke self ook sodanig dat dit uitleg en toepassing van die Bybel self wil wees. Ons hoop dat dit só ontvang sal word en sal bydra tot die verryking van ons Kerklidmate se godsdienstige lewe.

4. Graag bedank ons al die broeders wat meegehelp het met die skrywe van hierdie dagstukke. Ongelukkig is daar nog altyd 'n paar broeders wat volgens hulle eie getuienis só besig is met allerlei dinge, dat hulle nie kans sien om op hierdie wyse vir die Kerk en sy lidmate iets by te dra nie. Vir hulle stel ouer predikante soos ds. P. J. J. Venter 'n beskamende voorbeeld.

5. Tot ons eie beskaming moet ons sê dat in 1967 se Almanak die preke vanaf 27 Maart tot 2 April wat onder ds. J. C. de Lange se naam verskyn het, deur ds. J. C. du Plessis geskrywe is. Dit is nie reg dat iemand wat goed gewerk het nie erkenning daarvoor kry nie, veral nie in die Kerk nie. Ons weet dat ook hierdie verskoning die saak nie ten volle reg kan stel nie. Ons sê dankie aan ds. Du Plessis vir sy bydrae.

B. J. ENGELBRECHT
J. P. OBERHOLZER
F. J. VAN ZYL

MEDEWERKERS

1-6 Jan. — F. J. Z. Booysen
7-13 Jan. — P. J. T. Koekemoer
14-20 Jan. — H. R. Visser
21-27 Jan. — P. W. A. Bierman
28-30 Jan. — J. A. Smit
31 Jan.-3 Feb. — B. J. Engelbrecht
4-10 Feb. — W. J. Engelbrecht
11-17 Feb. — P. S. van Staden
18-24 Feb. — P. S. Dreyer
25 Feb.-2 Maart — K. Papp
3-9 Maart — J. S. Marais
10-16 Maart — J. M. Fourie
17-23 Maart — J. J. Smit
24-30 Maart — N. M. Heyneke
31 Maart-6 April — B. J. van Staden
7-13 April — J. F. Stutterheim
14-20 April — J. A. Jacobs
21-27 April — G. Velthuizen
28 April-4 Mei — J. L. van Staden
5-11 Mei — T. F. J. Dreyer
12-18 Mei — D. J. Booysen
19-25 Mei — M. J. Naude
26 Mei-1 Junie — J. J. Booyse
2-8 Junie — G. J. J. Labuschagne
9-15 Junie — J. I. de Wet
16-22 Junie — J. P. Snyman
23-24 Junie — H. N. Botha
25-29 Junie — J. A. P. van Tonder
30 Junie-6 Julie — M. J. van Schalkwyk
7-13 Julie — E. C. B. Kotze
14-20 Julie — G. C. van Staden
21-27 Julie — J. Breytenbach
28 Julie-3 Aug. — J. H. Viljoen
4-10 Aug. — G. J. van Staden
11-17 Aug. — A. J. Zwarts
18-24 Aug. — W. C. M. de Beer
25-31 Aug. — P. A. R. C. van Wyk
1 Sept. — J. A. de Beer
2-7 Sept. — M. W. Pretorius
8-14 Sept. — J. P. Jacobs
15-21 Sept. — M. W. Pretorius
22-28 Sept. — N. C. J. Brayshaw
29 Sept.-5 Okt. — A. M. Swanepoel
6-12 Okt. — A. J. Conradie
13-19 Okt. — D. G. S. Steyn
20-26 Okt. — C. S. Steenekamp
27 Okt.-2 Nov. — J. P. B. Blignaut
3-9 Nov. — P. J. J. Venter

10-16 Nov. — P. M. Smith
17-23 Nov. — F. H. van der Merwe
24-30 Nov. — A. J. Willemse
1-7 Des. — M. de P. Beukes
8-14 Des. — C. J. A. Simpson
15-21 Des. — F. J. van Zyl
22-28 Des. — P. G. van Staden
29-31 Des. — W. J. Roos

1 Januarie

Lees Markus 1:1-8. **Teks:** Mark 1:3.

BEREI DIE WEG VAN DIE HERE

Johannes die Doper was die voorloper van die komende Christus. Hy was die wegbereider. Johannes die Doper was besig om te doop by die Jordaan.

Sy doop was die doop van bekering tot vergifnis van sondes. Hy moes die weg berei. Waarin sou dit bestaan? Dit sou bestaan daarin dat die mense wakker gemaak word uit hulle diep sondeslaap.

Die weg wat hy vir die Here, die komende Verlosser moes berei was daartoe bedoel om die mense tot waaragtige sondeberou te beweeg.

Die berou oor jou sonde is die gebaande weg waarlangs die geruislose Vredesvoete van die Verlosser kan inkom.

Daar moet vooraf eers die dreunende voetstappe van 'n Johannes die Doper deur ons versondigde lewe gaan: daar moet eers opgewek en gewerk word deur Gods Gees die vraag: wat moet ek doen om Salig te word?

Eers dan wanneer opregte skuldbesef en belydenis van jou sonde tot uiting kom, kan en wil die Heiland van sondaars by ons binnekom om ons met Sy Verlosserseën te seën. Het Hy al by u so binnegekom?

2 Januarie

Lees Markus 1:9-13. **Teks:** Mark. 1:9.

JESUS IN DIE JORDAAN GEDOOP

Soos ons as Christen-mense weet, steun die doop op die Genadeverbond.

Sondaars word gedoop. Die Christelike doop is 'n teken en seël van wat die sondaars reeds in en deur Christus deel aan het, die afwassing van die sondes deur Sy bloed. Die Doop-formulier stel dit baie duidelik.

Maar as sondaars gedoop word, waarom moes Christus dan gedoop word?

Jesus Christus was tog sonder sonde. Hy het ons in alles gelyk geword, behalwe die sonde. Tog, as Jesus daar by die Jordaan deur Johannes gedoop word het dit vir die verlore mens ewige betekenis en 'n diepe troos.

Ons weet uit die Evangelie van Mattheüs dat Johannes onwillig was om Jesus te doop. Maar dan antwoord Jesus aan Johannes: Laat dit nou toe, want so pas dit ons om alle geregtigheid te vervul.

Jesus wil in Sy ewige liefde tot verlore sondaars in eenheid tree met die verlore mensdom.

Hy gaan as skuldversoener in ons plek staan. Hy word as't ware sonde vir ons gemaak. Hier sien ons Sy liefde as Hy as borg en plaasbekleder in ons plek wil gaan staan. Een met ons, om ons so saam met Hom in volkome verlossing voor God te bring.

3 Januarie

Lees Markus 2:1-12. **Teks:** Mark 2:5.

DIE GELOOF BRING REDDING

Dit is 'n aangrypende gebeurtenis as vier manne 'n verlamde man na Jesus in Kapernaüm bring.

Wat nou hier so opmerklik is, is dat hier staan: „Toe Jesus hulle geloof sien".

Telkens kom ons dit in die vier Evangelies teë, dat God van ons geloof vra. Die apostel Johannes sê in sy brief — en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof. (1 Joh. 5:4).

Die prediking van die Evangelie kan kortliks so gestel word: Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is uit God gebore.

Dit is wat hier gebeur. Die vier manne wat die verlamde daar dra is met heilige geloof vervul.

As hulle die hulpelose man maar net daar kon kry waar Jesus is — die verlamde deur die dak laat afsak voor Jesus se voete.

As Jesus die diep ongelukkige maar net aanraak met Sy ontfermende liefde, Sy grenslose erbarming.

Waarom bly u soms van ver staan? Die geloof is ook 'n waagstuk. Waaroor is u diep ongelukkig? Sal u nie die waagstuk soos hierdie vier manne met die jammerlike man in die geloof aandurf nie? Al die moeite en offerbereidheid, miskien selfs die dak op te breek, is heerlik beantwoord.

„Seun staan op, neem jou bed op en loop". Waag dit in die geloof!

4 Januarie

Lees Markus 1:40-45. **Teks:** Mark. 1:41.

JESUS MET ONTFERMING BEWOË

Die melaatse val voor Jesus op die knieë en sê vir Jesus: As U wil, kan U my reinig. Dit lyk so 'n bietjie oneerbiedig. Dit lyk of Jesus nie sal wil nie. Dit gaan by Hom om willekeur — vir sommige wil Hy nie, vir ander wel.

Ons sal dit seker dieper moet sien. Agter hierdie woorde sit 'n geweldige monster: Radeloosheid.

Jesus sien sy radeloosheid, bange wanhoop. Miskien het hy orals probeer — alle middels aangegryp om van die vreeslike melaatsheid genees te word. Dit kan ook u eie geskiedenis wees wat hier afspeel. Radeloos met u langdurige siekbed, ongelukkige huwelikslewe, u eie kinders. Ag, daar dwaal soveel radelose siele in die wye wêreld rond.

Hoeveel trane word in eensaamheid geskrei? Soms voel die mens diep eensaam temidde van 'n woelende menigte.

Hier is vir u troos, lig en uitkoms — Jesus het vir hom innig jammer gevoel.

Daar is dan een wat u radeloosheid tot op die bodem toe kan peil. Het u uself al smekend op Sy liefde gewerp?

Hy laat geen bidder staan nie.
Hy lees die angs uit ons oë.
Hy steun die wankelende voet.
Hy is naby die siel wat tot Hom sug.
Hy troos die hart wat steierend tot hom vlug.

5 Januarie

Lees Mark. 1:21-28. **Teks:** Mark. 1:24.

JESUS DIE OORWINNAAR OOR DIE ONREINE GEESTE

Dit is baie opmerklik veral in die vier Evangelies as Jesus in aanraking kom met onreine geeste.

Ons vind 'n soortgelyke verhaal in die Mattheus Evangelie as die besetene van Gadara Jesus ontmoet. Dit is die onreine geeste wat daar roep: wat het ons met U te doen?

Jesus Christus is gesalf met die Heilige Gees. Daar by die Jordaan is Hy beklee en vervul met die krag van die Heilige Gees. As Sy Heilandsvoete nader skuiwe na hierdie ongelukkige man, dan kom die bose magte in opstand. Het U gekom om ons te verdelg? In die Mattheus Evangelie hoor ons die bose magte roep in dieselfde taal: Het U hier gekom om ons te pynig?

Wat 'n troos. Soms is by ons die gevoel asof die Satan regeer, die bose magte al oorwinnend voorttrek.

Maar Hy het gekom om die werke van die duiwel te verbreek. Wanneer ons omring voel deur Satans lis en bose mag, asof die lewe ons na die ondergang stuur, dan weet ons waar ons Toevlug is. Hy het die gesag om te sê: gaan uit!

Dan tree rus, vrede, kalmte en blydskap in ons lewe. Gaan tot Jesus. Hy sal ook u saak vir Sy rekening neem. Daar in die versoeking van Jesus in die woestyn klink sy magswoord: Gaan weg, Satan!

„Sterk waar versoeking lok en lag,
Ons bose hart tog deur U krag,
En gee ons tot die stryd steeds moed."

Is dit dan nie heerlik om te weet daar is vir ons almal 'n enige, veilige en heerlike toevlug by die Groot Oorwinnaar, Jesus Christus nie? Wil u graag deel hê aan die oorwinning?

6 Januarie

Lees Mark. 1:14-20. **Teks:** Mark. 1:15.

BEKEER JULLE EN GLO DIE EVANGELIE

Ons moet dit seker dadelik raaksien dat dit onmiddellik na Jesus se doop en versoeking in die woestyn was dat hierdie belangrike uitspraak van Jesus hier staan:

Die tyd is vervul, en die Koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie.

Jesus is by die doop met die Heilige Gees vervul. So met Gods Gees vervul kom die groot sielevyand grynsend op Hom af.

Maar Jesus tree tevoorskyn as volkome oorwinnaar. Die Satan is die mond gestop. Die Satan het op die vlug geslaan — die Engele het neergefladder en Hom gedien.

Nou gaan die Koninkryk van God begin.

Bekeer julle en glo die Evangelie. Die evangelie is die blye tyding dat Jesus Christus die Oorwinnaar — Verlosser is. Ons vind dit tot vandag toe oral waar die evangelie verkondig word. As Paulus en Silas gevra word in die gevangenis te Filippi: Wat moet ons doen? Dan is daar net een antwoord: Bekeer en glo die evangelie. Al die prediking vanaf duisende kansels stel maar net een keuse: Glo in die Here Jesus Christus. Hy is die Borg, Middelaar, Saligmaker. Hy is en bly die deur waardeur Sy skape moet ingaan.

Op baie ander maniere word probeer, baie ander hulpmiddels word bygehaal maar die een waarheid bly: Bekeer julle, glo die Evangelie. Ek is die deur, klop en vir julle sal oopgemaak word. As daar maar geloof is. Here versterk, Here vermeerder my geloof. Kom U maar my swak geloof te hulp.

7 Januarie

Lees Mark. 2:13-17. **Teks:** Mark. 2:14b.

DIE ROEPING VAN LEVI

Aan die begin van die weg van saligheid staan altyd 'n daad van God. Die heilsweg van God met die mens loop so en nie anders nie. Dis 'n ontsettende misverstand wanneer ons mense hoor praat asof hulle redding begin het by hulle goeie, vrome, ordentlike voorneme. Voorop, heel eerste in die weg na God toe, loop eers die pad van Hom af na ons toe. Hy kom eers na-ons-toe; daarom het ons 'n toekoms. Terwyl Levi daar in die tolhuis sit, wend Jesus Hom tot Levi. Hy roep hom. Hy spreek hom aan. Hy beveel hom: "Volg My". So is die heilsorde van God in Sy Seun Jesus Christus onse Here. God roep. Wanneer Hy roep word daar iets geskep. Sy spreke is ook skepping. Daar kom iets tot stand. So was dit heel in die begin. Deur Sy Woord het Hy alles in aansyn geroep. Hy het gespreek en dit was daar. Hy gebied en dit staan klaar.

Sinvolle godsdiens kom nie slegs van een kant nie. Liefde kry eers

sin en betekenis wanneer dit beantwoord word. Op die Woord volg die antwoord. Die Woord lui: „Volg My". Dan gebeur daar iets: „En hy het opgestaan en Hom gevolg". 'n Wonder geskied. 'n Sondaar se hart word die terrein waar die Gees van God spreek. Onvoorwaardelik kom die spreke: „Volg My". Daar is geen verskoning of voorwaarde van: Ja, ek sal u volg, maar laat my eers toe om dit of dat te gaan doen nie. Die navolging van Christus beteken dat mens moet verlaat, onvoorwaardelik moet verlaat, baie dinge moet vaarwel toeroep.

Ook hierdie dag het God ons geroep. Hy roep deur Sy Woord en Gees. Die vraag is of hierdie roepstem beantwoord is. Die vraag is of ons ook soos Levi **opgestaan het.** Miskien nie. Miskien het ons horende-doof bly sit. Miskien het ons selfs soos die Doopsformulier sê: „in die sonde bly lê". Moenie aan die genade van God twyfel nie. „Volg My".

8 Januarie

Lees Mark. 15:11-32. **Teks:** Mark. 2:17b.

BEKERING

Aan die Godsman Kohlbrugge is eenmaal 'n vraag gestel: „Waar en wanneer het u u bekeer?" Die antwoord was gereed: „Op Golgotha". Dit is 'n geloofs-antwoord, ongebonde aan die ruimte (die plek) en die tyd. In die geloof kan mens gaan staan op Golgotha.

Hier spreek Jesus 'n woord oor die bekering. Dit is o.a. die sondaar Levi wat hom, volgens hierdie teksverband, bekeer het. Ons lees dat Levi opgestaan en Jesus gevolg het. Hy kon opstaan, hy kon Jesus volg omdat hy deur Jesus aangespreek is. Hy kon hom bekeer omdat Jesus eers na hom toe gekeer het. Dit is die grond van die bekering van Levi: die spreke van die Christus.

Die kerkmense, die skrifgeleerdes en die Fariseërs, was verwonderd. Jesus se keuse het geval op 'n tollenaar met die naam Levi. In hulle oë was 'n tollenaar een van die laagste en gemeenste in die maatskappy. Met sulke mense moet mens jou nie meng nie. In die geselskap van hierdie mense hoort 'n ordentlike mens nie. Allermins moes mens saam met hulle eet. Skok, verbasing en teleurstelling volg wanneer Jesus hom met sulke mense bemoei en saam met hulle aan huis gaan. Soort soek soort.

Jesus het egter die gedagtes in hulle harte geken. Hy antwoord daarop. Die wat gesond is het die geneesheer nie nodig nie, maar die wat ongesteld is. Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie maar sondaars tot bekering. Die sondaar word in die roep, dit is die Woord van God, die Evangelie, aangespreek, deur die werking van die Gees van God. God openbaar dit aan 'n mens dat jy 'n sondaar is. Uit en in jouself weet jy dit nie en wil jy dit ten ene male nie weet nie. Deur Sy Gees en Woord word jy tot kind van God gemaak, bekeer jy jou . . . wanneer jy verstaan wat op Golgotha vir jou gebeur het.

9 Januarie

Lees Mark. 2:23-28 en Matt. 12:1-8. **Teks:** Mark. 2:28.

DIE SABBAT VAN CHRISTUS

„Die Sabbat is gemaak vir die mens; nie die mens vir die Sabbat nie," aldus 'n uitspraak van die Here van die Sabbat. Met die reël op reël en gebod op gebod, ten opsigte van Sabbats-onderhouding van die Fariseërs en skrifgeleerdes, het die mens 'n slaaf van die Sabbat geword. Dit het die Here van die Sabbat male sonder tal ondervind. Telkens en by herhaling lees ons dat arends-oë op Hom gerig was om te kyk of Hy iemand op die Sabbat gesond sal maak, sodat hulle 'n klag teen Hom kan kry.

Wanneer Jesus hier leer dat die Seun van die Mens Here ook van die Sabbat is, bevestig Hy Sy heerskappy, Sy heer-syn oor elke dag van die week, bind Hy Sy heerskappy aan en oor die ganse tyd wat

aan Hom behoort. Die godsdienstige mense van Sy tyd op aarde, het van hierdie dag 'n karikatuur gemaak. Dat die Seun van die Mens, dit is Jesus Christus, Here ook van die Sabbat is, beteken dat hierdie besondere dag, sedert die eerste Pase, die eerste dag van die week, 'n dag sal wees waarin Hy in die sentrum van alle dinge sal staan. Dit word inderdaad **„die dag van die Here"**. Laat ons daaroor juig en bly wees. Dit word die dag van samekoms van die gelowiges. (Hand. 20:7). Dit is die dag van afsondering van die offergawes (I Kor. 16:2), die dag van die prediking. Die Ou Testamentiese Sabbat het soos 'n skaduwee verdwyn (Kol. 2:16, 17); in Christus het alles nuut geword. (Vergelyk ook Gal. 4:9, 10).

Nogeens: Wat beteken dit dat Christus Here van die Sabbat is? Antw. „Ten eerste dat die Kerkdiens of die predikamp en die skole onderhou moet word en dat ek, veral op die sabbat, dit is, op die rusdag, met die gemeente van God ywerig moet opkom om die Woord van God te hoor, die sakramente te gebruik, God die Here openlik aan te roep, en aan die armes christelike liefdegawes te bring; ten tweede dat ek al die dae van my lewe van my bose werke moet rus, die Here deur Sy Gees in my moet laat werk, en so die ewige sabbat in hierdie lewe begin".

10 Januarie

Lees Mark. 3:1-12. **Teks:** Mark. 3:8b.

GROOT MENIGTES VOLG HOM. WAAROM?

Hierdie Skrifgedeelte vertel aan ons dat Jesus 'n man met 'n verdorde hand genees het. Soos al Sy ander genesings, het hierdie een groot opspraak verwek. Dit het Jesus geweldig „populêr" gemaak. Hy het daarmee voldoen aan 'n behoefte. So 'n man, wat sulke dinge kan doen, is oral welkom. Geen wonder dat groot menigtes Hom wou sien nie. Hulle het gehoor wat Hy alles doen. Hulle stroom na Hom toe. Waarom tog? O ja, dis verstaanbaar. Jesus is 'n dokter; Hy kan vir die lydende mensdom iets tasbaars doen; Hy kan mense gesond maak.

Jesus kan egter nog meer. Hy kan ook in ander behoeftes voorsien. Vir honger mense kan Hy brood maak. Geen wonder dat die groot menigte, pas nadat Hy deur 'n wonder soveel brood gemaak het, Hom hardhandig wou koning maak nie. So 'n koning wat kan brood maak, sou in alle opsigte die naam „Koning," werd wees. Maar . . . so 'n koning wil Jesus nie wees nie!

Jesus wil iemand anders wees as slegs 'n dokter of 'n broodmakerkoning. Sy „dokterswerk," Sy genesings, wou niks anders wees as **tekens** van Sy heerskappy oor siekte en dood nie. Daar was der duisende siekes, maar Hy het nie almal gesond gemaak nie. Derhalwe kan mens verstaan dat daar ook talle teleurgesteld moes omdraai wanneer Jesus die skare ontwyk deur in 'n skuit te klim en na oorkant te vaar. Geen wonder dat die groot skares so erg uitgedun het, dat Jesus eenmaal aan Sy klein groepie dissipels gevra het of hulle nie ook maar wil gaan nie! Waarom het die groot skare gegaan, Hom verlaat? Omdat Jesus **meer** wou wees as 'n dokter, omdat Jesus wou wees die **Messias**, die Verlosser van sonde en dood, die Koning van die konings. Hy het nie gekom vir die spys en drank wat vergaan nie; daarin het Sy koninkryk nie bestaan nie. Hy wou nie alleen die liggaam van sy kwale genees nie, maar die hele mens, siel en liggaam.

11 Januarie

Lees Mark. 3:13-19. **Teks:** Mark. 3:19.

JUDAS ISKARIOT

Wie was Judas Iskariot en vanwaar? Bybelverklaarders het hulle o.a. ook met hierdie vrae besig gehou. Daar is diegenes wat verduidelik dat hy, die seun van 'n sekere Simon, afkomstig is uit die dorpie

Keriot, waarvan ons lees in Josua 15 vers 25; Iskariot (Hebreeus), beteken „man uit Keriot". Daar is egter ook nog 'n ander verklaring dat die naam „Iskariot" 'n transkribering is van 'n latynse woord wat Sikariër beteken. Die Sikariërs was bekend as die „manne met die messe (dolke)". Hierdie dolkmanne was die mees fanatieke Joodse party, fanaties in hulle verset teen die Romeinse regering . . . 'n onwettige ondergrondse organisasie teen die Romeinse owerheid. Daar is selfs 'n derde verklaring, dat die naam Iskariot sou beteken „die man uit Kirjat," 'n dorpie in die gebied van Dan. Indien hierdie laasgenoemde verklaring juis is (en daar is inderdaad iets hiervoor te sê), dan is dit inderdaad 'n merkwaardig profetiese woord wat opgeteken is in Genesis 49 vers 17, waar daar sprake is van iemand uit die geslag van Dan, iemand wat daar beskryf word as 'n „slang op die pad, 'n horingslang op die weg, wat die perd aan die hakskene byt, sodat sy ruiter agteroor val".

Judas Iskariot, die verraaier . . . Dit is wel opmerklik dat ons in ons maatskappy baie mense vind met apostelname: Petrus, Johannes, Jakobus, Andreas, Thomas ensovoorts . . . die naam van Judas Iskariot ontbreek egter. Dis 'n afskrikwekkende naam, dis die naam van 'n verraaier. Om jou volk te verraai is al erg genoeg, 'n opperste gemene daad. Om die Christus, die Seun van God te verraai, is 'n duiwelse daad. Geen wonder dat Jesus self gesê het (terwyl Hy dit op Judas bedoel het) „en een van julle is 'n duiwel". Vandag nog, gaan daar duiwelse werk voort midde in die kring van die dissipels, Sy gemeente op aarde.

12 Januarie

Lees Mark. 3:13-19 en Joh. 1:35-43.

ANDREAS

In Markus 3 vers 18 word die naam van Andreas naas die name van die ander dissipels genoem. Wat weet ons van Andreas? Wel weet ons dat hy 'n broer was van die welbekende apostel Petrus, maar verder verdwyn sy figuur eintlik in die skaduwee van sy beroemde broer. Die Nuwe Testament verhaal dat hy saam met sy broer vis gevang het toe hulle albei geroep is om dissipels te word en Jesus te volg. Hulle het gewoon te Kapernaum aan die see van Galilea. Verder weet ons nie veel van Andreas nie. Die oorlewering verhaal dat hy die Evangelie aan die Russe gaan verkondig het en ook die kruisdood gesterf het . . . aan 'n X-vormige kruis, bekend as die „Andreaskruis". Daar bestaan ook 'n Apokriewe boek, bekend as die „Handelinge van Andreas".

Maar . . . daar word wel een mees merkwaardige getuienis deur die Nuwe Testament oor Andreas gelewer. Ons lees dit in Johannes I vers 43a. „En hy het hom na Jesus gelei". Andreas het sy broer na Jesus gelei. Om jou broer na Jesus te lei beteken realisering van die evangelie. Dit staan lynreg teenoor die vraag van Kain of hy dan sy broer se hoeder is. In die Kerk weet ons van die ampte van die predikant, ouderling en diaken. Ons weet min of meer dat hulle iets moet doen. Daar is egter nog 'n amp wat verlore gegaan het onder dieselfde stof wat sommige mense se Bybels bedek. Dit is die amp van die priesterskap van elke gelowige; elke christen beklee 'n amp. Vra u my wat dit tog beteken, hierdie amp van die algemene priesterskap? Nee, geen ingewikkelde redenasie is daarvoor nodig nie: dit beteken dat ek my broer, nie slegs my bloed-broer nie maar elkeen wat saam met my op die lewenspad is, na Jesus moet lei.

Andreas . . . hy het sy broer na Jesus gelei. Daartoe word ook ons opgeroep.

13 Januarie

Lees Mark. 10:1-4. **Teks:** Mark. 3:16.

ROTSMAN

In die Bybel is dit so dat 'n mens se naam deel is van jou hele menswees, jou hele persoon, jou wese. Mens kan jou naam nie losmaak van jouself nie. Wie jou naam beledig, gryp daarmee in teen jou eie self. In hierdie sin kan mens ook die derde gebod beter begryp, naamlik dat wie die heilige Naam van God ydelik gebruik die Persoon van God beledig. In hierdie gees praat die 100ste vraag en antwoord van die Kategismus van „geen groter sonde, of een wat God meer vertoorn nie, as die lastering van Sy Naam . . ."

Wat Jesus nou PRESIES bedoel het toe Hy Simon die bynaam van Petrus gegee het, weet ons nie. Vermoedelik moet ons 'n verklaring gaan soek in die betekenis van die naam Petrus (Petra is rots). Rots sal hy wees as hy Simon, die horende van die Woord van God is. Sy bynaam moes hom ten alle tye daaraan herinner dat hy geroep word om vas te staan soos 'n rots. Die digter da Costa het 'n rots in die see vir ons uitgebeeld: „Met die hoof in die wolke, sy voet in die kolke, staan onder golwegeklots, vas en eensaam die rots. Ek sien 'n leer van golwe die aanval begin; hulle ruk teen hom aan met skeldtaal en slaan, met skuimende woede. Wanneer oor hom heen die menigte gaan, **dan breek hul maar hy staan".** Kan dit egter van Petrus verklaar word dat hy soos hierdie rots van da Costa bly staan het toe die golwe van vervolging, verraad, oorlewering en geweld losgebars het oor die hoof van Jesus? Helaas nie. Dit het geblyk dat Petrus die rots nie kon wees nie. Hy het geval: „Ek ken die man nie," tot driemaal. Hy het Hom verloën. Die brekende golwe het die rotsman Petrus ook gebreek. Slegs die Woord van onse God bly ewig staan. Eerder is die Vleesgeworde Woord die Rots waarop ons moet bou, want „moet op prinse nie vertrou nie, by wie niemand heil kan vind; op die mens jou hoop nie bou nie . . ."

14 Januarie

Lees Mark. 3:6-12. **Teks:** Mark. 3:7.

RED DIE VERLORE

Nadat Jesus die man met die verdorde hand genees het, het hy Kapernaüm verlaat om langs die strand van die see van Galilea sy prediking voort te sit.

En wat 'n toeloop van mense agter Jesus aan — uit Galilea, Judea, Jerusalem, Idumea, van oorkant die Jordaan af, van Tirus en Sidon. Groot afstande moes hulle aflê om net by Jesus te wees, huis en haard netso gelaat; niks kon hulle verhinder om na Jesus te gaan nie.

Sommige het heelwaarskynlik gekom om hulle nuuskierigheid te bevredig, ander wou na sy wonderlike prediking luister, maar die meeste het gekom om van hulle kwale genees te word.

Maar al was die toeloop uit die volk so groot, die Fariseërs en kerklike leiers het Hom gehaat. Sy besondere omgang met, en die belangstelling in sondaars, sy opvattinge in verband met die vas en sabbatsheiliging, het hulle met so 'n woede vervul dat hulle selfs planne beraam het om Hom om die lewe te bring.

So baie mense rondom Jesus, party ter wille van die Evangelie, andere ter wille van die liggaam. Andere weer ontstoke wanneer hulle gekonfronteer word met die hart van die Evangelie en die aanskouing van 'n genesingswonder.

Jesus het nie gekom om in al ons misplaaste en selfsugtige behoeftes te voorsien nie, maar om te soek en te red wat verlore was. Nie om die hemel volgens ons vereistes op die aarde te vestig nie, maar om die aarde weer hemelse koers te gee. Hy het nie gekom om almal „hier" in hulle onsuiwere bedoelinge tevrede te stel nie, maar om hulle „hier" al deur sondevergifnis die vrede te laat smaak wat hulle

„daar" eenmaal in volmaaktheid sal smaak.

Van ons word ook nie vandag gevra om een en almal wat op ons pad kom — tevrede te stel nie. Ons taak is om te werk en te wandel in die lig wat van Hom afstraal, al luisterende na Sy Woord en volgens die eise van Sy Woord, te doen wat die hand vind om te doen en daarna alles in Sy hande te laat.

15 Januarie

Lees Mark. 3:13-19. **Teks:** Mark. 3:14-15.

GOD SE HELPERS

Christus kan deur sy goddelike mag, omdat Hy Koning is, alles sonder die hulp van mense doen. En tog lees ons in die Ou Testament dat Hy mense, profete en selfs volkere geroep het om as instrumente in Sy hand te dien. In die Evangelie lees ons dat Jesus feitlik reeds by die aanvang van Sy openbare optrede, dissipels geroep het om Hom te volg, te dien en ook sodat Hy hulle kan uitstuur om te preek. Dit is die wonder van Gods genade en ontferming dat Hy van die diens van mense gebruik wil maak.

Elkeen weet hoe swak, onbeholpe, ontrou, gebrekkig en boweal, hoe sondig die mens is. Maar die feit dat die Here nogtans, desnieteenstaande bogenoemde en nog baie ander gebreke, mense roep, kies om dienswerk vir Hom te verrig en dat Hy dit vandag nog doen, getuig van Sy nimmereindigende liefde en Sy algenoegsame genade en moet deur ons met groot dankbaarheid en blydskap uit Sy hand aanvaar word.

Die keuse van die twaalf, was 'n gewigtige saak vir die Here en daarom het Hy hulle ook nie aangewys sonder dat Hy eers gebid het nie. Volgens die Evangelie van Lukas het Jesus die hele nag, voordat Hy die keuse gedoen het, in gebed deurgebring. So, wil die Heer ons hier leer, moet ons keuses, ondernemings en al ons beplanning, deur gebed voorafgegaan word.

Die doel waarvoor Jesus die twaalf roep, naamlik om te preek, siekes te genees en duiwels uit te dryf, was uiters verantwoordelike werk. Daarom het Jesus hulle gedurende drie jaar onderrig. Vandag nog kan niemand dienswerk vir die Here verrig as hy of sy nie onderrig word nie, en die vernaamste onderrig is in die noue gemeenskap met Jesus.

Hier en elders leer en verseker die Here ons, wil Hy ons laat verstaan, nimmer roep Hy iemand of Hy voorsien ook om daardie roeping te vervul.

16 Januarie

Lees Mark. 3:20-35. **Teks:** Mark. 3:29.

DIE HEILIGE GEES

Die Woord van God spreek veral van vier sondes wat die mens teen die Heilige Gees kan begaan. Een daarvan is onvergeeflik.

(1) 'n Mens kan die Heilige Gees **bedroef** (Ef. 4:30). Ons bedroef die Gees van God nie net deur een of ander groot sonde wat ons begaan nie, maar ook deur dinge wat mense meesal as onskuldig of nie as ernstig beskou nie; onvriendelikheid, onbeteuelde humeur, onverstandige en ongedissiplineerde gebruik van my geld en tyd, ens.

(2) 'n Mens kan die Heilige Gees ook **uitblus** (I Thes. 5:19). Dit beteken nie dat ons die Heilige Gees kan vernietig soos iemand 'n vuur kan uitblus nie, maar dat ek as kind van God met opset nie gebruik maak van die geleenthede wat Hy aan my gee om meer van Hom te verneem nie.

(3) 'n Mens kan die Heilige Gees ook **weerstaan** (Hand. 7:51). Die sondaar wat van sy sonde voor God oortuig is en weier om die sondes te laat vaar, weerstaan also die Gees van God.

(4) Die vierde sonde teen die Heilige Gees, nl. die lastering teen die Heilige Gees, is die onvergeeflike. Hierdie sonde bestaan daarin dat 'n mens bewus en opsetlik die getuienis van die Heilige Gees, voor alles dat Jesus Christus die Seun van God en die Verlosser van sondaars is, uit moedswillige ongehoorsaamheid verwerp.

Die onvergeeflike sonde teen die Heilige Gees is nie 'n sonde van een enkele afsonderlike daad nie, maar die gevolg van 'n lang proses wat voorafgegaan word. 'n Proses waarin opsetlik en voortdurend weerstand gebied word teen die werksaamheid van die Gees, totdat 'n toestand geskep word dat daar teen die persoon van die Gees gelaster word. Die angs en kwelling van 'n persoon wat meen dat hy dié sonde gepleeg het, is 'n gewisse bewys dat hy dit nie gedoen het nie, want die persoon wat werklik sover gegaan het, sal hom nie daaroor kwel nie.

17 Januarie

Lees Mark. 4:1-20. **Teks:** Mark. 4:3.

DIE WOORD VAN GOD

Die saad is die Woord van God, die Woord van Sy koninkryk. Hierdie Woord van God is van die allergrootste betekenis in die lewe van die mens. Dit is die enigste voedsel vir die sielelewe, 'n onfeilbare koersbepaler, 'n magtige wapen teen versoekings, 'n krag tot verlossing en 'n onuitputlike bron van vertroosting.

Omdat Jesus dit geweet het, wou Hy self die mense leer om die regte houding teenoor en waardering vir die Woord van God te hê. Hy vertel die gelykenis van die saaier waarin Hy teen drie verkeerde houdings teenoor die Woord van God waarsku, maar ook die regte houding aanprys.

Hy waarsku vereers teen die houding van die onverskillige wie die Woord van God aanhoor maar by wie daar 'n gebrek aan geestelike ontvanklikheid is. Dit is die houding van Judas, Ananias, Saffira en ander wie se hart deur die sonde so verhard is, netsoos die pad langs die koringland.

Verder waarsku Jesus teen die houding van die „lekker kêrel" wat die Woord van God dadelik aanneem, maar dit ook netso gou laat vaar sodra verdrukking, vervolging ter wille van die Woord van God en gehoorsaamheid daaraan, gely moet word. Dit doen hy omdat hy sonder diepte van oortuiging is. Die saad wat op rotsagtige plekke val waar nie veel grond is nie, is tiperend van baie mense.

Derdens waarsku Hy teen die houding van die wêreldgesinde wat geskik vir die Woord van God, maar ook vir die invloede van die aan die Woord wil vashou, maar tegelyk ook die wêreld wil dien — sodat die Woord verlore gaan, verstik soos die saad tussen die dorings. Jesus waarsku hier teen 'n gedeelde hart. Die hart van die mens is Bose — maar nie altwee gelyk nie.

Hierteenoor stel Jesus die houding van die gelowige wat die Woord aanneem, daaraan vashou en daardeur gevorm word tot 'n vrugbare lewe. Die Woord word eiendom van die hoorder en daar vind 'n geestelike werksaamheid plaas. Die Woord werk dan suiwerend in op die lewe, begrippe en voorstellings en dwalinge word uitgeskakel. Die oue mens groei nie, maar die nuwe lewe.

18 Januarie

Lees Mark. 4:21-25 en Math. 5:13-16. **Teks:** Mark. 4:21.

LIG VAN VERKONDIGING

Niemand sal ooit daaraan twyfel dat dié mens wat 'n lamp onder 'n maatemmer of 'n bed sit, 'n dwaas is nie. Ja, 'n dwaas wat dit wat in sy hande geplaas is, onverantwoordelik gebruik of misbruik.

'n Lamp is daar om lig te versprei en die verstandige plaas dit op 'n staander en dit skyn vir almal wat in die huis is.

Dié Lig het nie net gekom om in en vir ons te skyn, om ons uit die duisternis te verlos tot Sy wonderbaarlike lig, om maar net aan ons die gawes van die koninkryk te skenk sodat net ek deel mag hê aan dié vrede wat alle verstand te bowe gaan nie. Nee, die koninkryk van die hemele bied egter nie net voorregte nie, daar rus ook pligte en verantwoordelikhede op die skouers van die erfgename van die Lig. Jesus vra van sy erfgename maar net dit wat Hy in hulle geplaas het! Hulle besit reeds die „lig"; al wat nodig is, is dat hulle dit moet laat skyn.

Sommige verberg hierdie lig onder die maatemmer van vrees of skaamte. Ander verberg weer hul lig onder die maatemmer van geveinsde nederigheid. Ander weer uit vrees vir die donkerte van die wêreld. Die ligdraer mag egter nie hiervoor terugdeins nie.

Treffend van hierdie lig is dat dit nie die aandag op die draer nie, maar op die eintlike bron daarvan nl. God, laat val. God word daardeur verheerlik! Só beantwoord die mens dan uiteindelik aan sy oorspronklike skeppingsdoel!

19 Januarie

Lees Mark. 4:30-34 en Matth. 13:31-35. **Teks:** Mark. 4:31.

EVANGELIE VORDER STADIG

Die Here God het aan ons twee sogenaamde „boeke" gegee: die Skriftuur en die Natuur. In die gelese gedeeltes neem Jesus welbekende voorwerpe uit die „boek van die natuur" om dit te gebruik ter verduideliking van geestelike waarhede in die Skriftuur. Daarbuite neem Hy van die kleinste saadjies, die mosterdsaad en binnenshuis (Math. 13:31, 33), wys Hy op die werking van die suurdeeg.

Van sy dissipels en volgelinge het buitensporige verwagting gekoester omtrent Christus se koninkryk op aarde. Hulle het verwag en gemeen dat dit op groot skaal en met geweldige omwentelings sou begin en ook dawerend luidrugtig aangekondig sou word. Jesus begin met 'n mosterdsaadjie.

Is ons nie dikwels te haastig nie? Verag ons nie soms die dag van kleine dinge nie? God ken sy tyd! Ons moet aan die saad tyd gee om te sterwe en te ontkiem. Ons deel moet ons net getrou doen, sorg vir die saai, die groeikrag kom van God. Ons bederf soms Gods werk deur ons oorhaastigheid.

Die evangelie doen sy werk soos die mosterdsaad, stadig maar seker. Nie opvallend en met luidrugtige reklame nie. Maar dit is seker en onkeerbaar. Die koninkryk sal groei soos die mosterdsaad. Hulle wat gelowig wag en doen wat die hand vind om te doen, sal dit sien. Dit is seker, sê Jesus.

20 Januarie

Lees Mark. 4:35-41. **Teks:** Mark. 4:40.

VERSKRIK SONDER GELOOF

Jesus slaap. Die hele dag langs die strand was Hy besig met die dinge van Sy Vader. Hy slaap die diepe slaap van 'n moeë mens. Die dissipels is ervare vissers, hulle sal hul Meester veilig oorkant besorg.

Die nag het toegesak en dit is donker. Die golwe wat eers reëlmatig teen die boot aangeslaan het, die swel vanweë die storm. Die dissipels sidder — onder hulle die swelgende dieptes, bokant hulle die donker stormhemel, en tussen hulle die slapende Jesus.

Hoe kan Hy slaap as dit so gaan? Nee, Hy moet wakker gemaak word om saam met hulle bang te wees. Miskien kan Hy deur mooi trooswoorde die verskrikking van die dood versag.

Maar as Jesus wakker word, spreek Hy nie trooswoorde nie. Eers spreek Hy die goddelike Woord waarvoor dié ganse skepping vresend stilstaan. Dan wend Hy Hom tot die dissipels met 'n skerp verwyt. „Waarom is julle so bang, het julle dan geen geloof nie?" Bang? Geloof? Dit begryp hulle nie.

Ons lewe is ook nie altyd langs gelyk paaie nie. Soveel kommer en sorg, soveel angste en benoudhede.

As Jesus antwoord, is dit nie met mooi woorde nie. Hy laat ons besef dat ons vrees vir ongeluk en benoudheid die gevolg is van die sonde, dat ons godvergetend gelewe het. Maar eers maak Hy die storm stil. Met Sy kinders gebeur niks sonder Sy wil nie. Hy troos en verseker. „Hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin".

21 Januarie

Lees Mark. 6:1-6. **Teks:** Mark. 6:2.

KERKBESOEK SAAM MET JESUS

Die sinagoge was vir Jesus die kerkplek. In die Evangelie van Lukas, hoofstuk 4 vers 16 staan: „en soos Hy gewoond was, gaan Hy op die Sabbatdag in die sinagoge en staan op om te lees".

Jesus het kerk toe gegaan op die rusdag volgens Sy gewoonte. 'n Mens het dooie gewoontes, maar ook lewende gewoontes. 'n Mens kan die lelike gewoonte hê om te lieg, om groot te praat, om te oordryf, om lui te wees, om te skinder, om van die kerk af weg te bly. 'n Mens kan ook die mooi gewoonte hê om die waarheid te praat, om ordelik te wees, om beleefd te handel, om minderbevoorregtes te help, om getrou Bybel te lees en te bid, om elke Sondag kerk toe gaan. gaan. Dit is mooi en goeie dinge wat ons lewe en karakter verryk.

Dit is goed as mens „volgens gewoonte" elke Sondag kerk toe gaan. In die kerk, waar die Woord gelees word en die bediening van die Sakramente geskied, kry mens hemelse spyse. Jesus is ook in die kerk by Sy Woord deur Sy genade, Sy majesteit en Sy Gees. Waar Jesus se Woord gelees en bedien word, is Hy teenwoordig om te seën en te troos. In die kerk word die oë gevestig op Jesus, die Leidsman en die Voleinder van die geloof.

Mense het al gesê hulle wil nie kerk toe gaan nie, omdat daar te veel „Fariseërs" in die kerk is. Dit is maar net 'n ander manier om te sê hulle wil nie. Dit is ook 'n sekere manier om 'n mens te laat besluit dat die eintlike „Fariseërs" by hulle huise sit as die gemeente in die kerk is.

Jesus wil graag seën. Hy seën deur Homself te gee waar mense na Hom verlang. Jesus seën as mense hulle nie laat weghou van die kerk af nie. Hy voed hulle na die rykdom van Sy genade as hulle Sondag vier waar die gemeente saamkom om die Here te eer.

Die gewoonte om kerk toe te gaan, is 'n heilryke gewoonte.

Die een plek waar ons met sekerheid vir Jesus sal ontmoet in Sy Woord en deur Sy Gees, is die kerk waar die Gemeente saamkom. Daar laat die Heer Hom ook nie onbetuig nie. Waar mense in Sy Naam vergader, is Hy ook. „En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld". Matth. 28:20.

22 Januarie

Lees Mark. 6:7-13. **Teks:** Mark. 6:7a, 12.

JESUS SE GETUIES

Daar is so baie goeie dinge om te doen, omdat Jesus se liefde dring, en die tyd raak so kort. Jesus gebruik mense om Sy invloed al verder te laat uitkring. Daar is so baie mense wat in der daad bewus moet word van Jesus se liefde, Sy goedheid en ontferming. Mense wat besiel is deur Sy Woord en Gees moet dit verder bekend maak. En vir wie kan Jesus anders gebruik as mense wat in Sy nabyheid bly? Dit is die kerkmense. Hulle vertoef in Jesus se omgewing. Die kerkmense leer

uit Jesus se Woord. Hulle kry onderrig in die verborgenhede van die koninkryk van die hemele. Die kerkmense is Jesus se getuies.

Die dissipels moes in daardie eerste dae twee-twee saamgaan om mekaar te help. Die Here het alles voorsien. Hulle was heeltemal van God afhanklik. Die Heer het hulle gestuur om die Woord te preek. Dit was hulle hooftaak. Oor ander dinge moes hulle hul nie bekommer nie. Die Heer het gesorg. Die mense wat tot bekering gekom het, het weer op hulle beurt hulle deel bygedra. Dit bly tot vandag toe die verpligting van die bekeerdes, die roeping van die gemeente, om te voorsien in die behoeftes en onderhoud van diegene wat die Woord bedien, hulle wat in diens van die Evangelie arbei.

So word die kerkmense die medewerkers van Jesus Christus. Om Jesus te laat verkondig en Jesus se Woord te laat preek, neem hulle ten dele die verpligtinge en verantwoordelikheid van Jesus op hulle. Hulle behoort aan die heilige algemene kerk, waarvan ons glo „dat die Seun van God uit die hele menslike geslag die uitverkorenes tot die ewige lewe, deur Sy Gees en Woord, vir Hom tot 'n gemeente byeen bring, waarvan ek glo dat ek 'n lewende lidmaat is en ewig sal bly".

23 Januarie

Lees Mark. 6:14-29. **Teks:** Mark. 6:14a.

WIE IS JESUS?

Markus vertel dat Jesus se Naam bekend geword het. Wat Hy gesê en gedoen het, het al meer en meer rugbaar geword. Die twaalf uitgestuurde dissipels het gewis baie hieraan gedoen. Elkeen wat van Jesus gesien of gehoor het, is daardeur gedwing om ten opsigte van Jesus 'n mening of 'n belydenis te vorm. Toe Johannes in die tronk van Herodes was, het hy ook vir Jesus laat vra: „Is U die een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag?" Jesus het vir hom terug laat weet hoe die blindes weer sien, die dowes hoor, die kreupeles loop en dooies opgewek word.

Onder die mense was daar 'n algemene opvatting dat 'n onskuldig vermoorde in die lewe kon terugkom. Herodes se skuldige gewete het hom gejaag omdat hy Johannes onskuldig laat vermoor het. Toe hy van Jesus se wonderwerke hoor, het hy gesê dit is Johannes die Doper wat weer lewendig geword en opgestaan het. Ander weer het Elia verwag as die voorloper van die Messias en hulle het gesê Jesus is Elia wat gekom het. Ander het gesê Jesus was een van die groot profete van Israel.

Ons mag nie onseker wees oor Jesus nie. Die Bybel laat ook nie enige twyfel oop oor wie Jesus is nie. As ons alles van Jesus wil weet wat ons kan weet, sal ons dit in die Bybel lees. Jesus van die Bybel is die enigste Naam wat onder die hemel aan die mense gegee is deur Wie hulle gered kan word. „Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word". Dit is die direkte boodskap van die Bybel. Niks kan ons ook skei van die liefde van God soos dit in Jesus Christus geopenbaar is nie. Hy is ons algenoegsame, volmaakte Redder. Hy is ons Voorspraak by die Vader. Hy is die Herder, die Bewaarder, die Regter. En ook: deur Sy offer op Golgota is Hy die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegdra.

24 Januarie

Lees Mark. 6:30-33. **Teks:** Mark. 6:31.

MET JESUS IN DIE EENSAAMHEID

Dit is baie nodig by verskillende tye van ons daelikse werksaamhede. Ons kan tog so besig raak met allerlei noodsaaklike werk, waarvan ons sê dit kan nie vir 'n sekonde langer uitgestel word nie, en wat ons nou kan klaar kry moet ons nie laat staan vir later nie. Die moontlike gevaar van hierdie stemming is so groot en wesenlik

dat ons Jesus uit die oog verloor. Ons bekommer ons dan oor baie dinge, maar die een ding wat werklik nodig is, verwaarloos ons.

Dit is nodig om tye van eensaamheid te ken. Ons moet ons stil oomblikke hê. Ons moet ons binnekamer sy regmatige aandeel gee. Ons moet 'n bietjie rus. Ons moet telkemale weer toegerus word met krag uit die hemel vir ons taak en ons opdrag.

Daardie oomblik van eensaamheid en alleen-wees, op 'n stil plekkie, ons binnekamer, met Jesus saam, bring die vernuwing. Ons vat weer moed. Ons kan ons taak weer aanpak.

Toe die dissipels weer teruggekom het, het hulle baie gehad om te vertel. Die uitgestuurde gesante is verantwoording verskuldig.

Ons, wat in Jesus glo, en Hom aangeneem het, is ook uitgestuurdes in hierdie verwarde en gejaagde wêreld. Tussen die mense lê ons arbeidsveld. In die skool, op straat, by ons werkplek, tussen ons vriende, ook teenoor die buitekerklikes, oral, waar ons ook-al beweeg, en watter dag dit ook-al mag wees, ons dra die getuienis dat ons geroepenes is van die Heer. Ons moet die Christelike getuienis dra. Ons moet bereid wees om die goeie tyding van die evangelie in die Naam van Jesus verder te vertel. Die eise wat gestel word is hoog. Ons sal ons rein moet bewaar, ons lewenswandel sal skoon moet wees, ons gewoontes sober.

Kom met Jesus saam op 'n stil plekkie om deur gebed en oorgawe weer opnuut versterk te word vir die christentaak.

25 Januarie

Lees Mark. 6:34-44. Teks: Mark. 6:34.

JESUS DIE WARE HERDER

Die groot menigte, vyf duisend manne, en wat nog van vroue en kinders, het voor Jesus en Sy dissipels uitgegaan. Toe Jesus aan die anderkant uit die skuitjie klim was hulle daar by Hom. Die nood van die groot menigte het Jesus innerlik aangegryp en Hom beweeg tot jammerte, ontferming. Hulle was in geestelike nood, maar sonder 'n voorganger — soos skape sonder herder.

Jesus is die ware Herder, die goeie Herder wat Sy lewe gegee het vir Sy skape. Die groot Herder van die skape, ons Here Jesus Christus, wat deur die bloed van die ewige testament uit die dode teruggebring is. Hy is die Herder en Opsiener van ons siele.

Die uitredding uit die geestelike nood is die boodskap van die evangelie. Die ewige Heer bied Sy reddende genade aan.

Ons moet meer aandag gee aan die geestelike nood.

Ons moet werk vir die spyse wat bly tot in die ewige lewe, wat Jesus Christus vir ons gee. As ons eers die Koninkryk van God en Sy geregtigheid soek, sal die ander dinge, die noodsaaklike dinge, die tydelike nodige dinge vir ons beskik word deur die bestiering van God. Die Heer sal maak dat die koring goed dra en die mielies goed skiet. Die Heer sal voorspoed gee in ons daelikse werk en vooruitgang voorsien. Die Heer sal krag gee vir ons verantwoordelike taak, en sterkte beskik vir ons stryd.

Jesus self wys ons waar ons hulp vandaan kom, om ons hulp en leiding van omhoog te soek, soos 'n huisvader in die gesin wat voor die ete die gebed doen en die seën te vra, en te dank vir die daelikse brood.

Jesus maak voorsiening vir al die liggaamlike en geestelike behoeftes.

Ons moet Jesus hierin ken en weet dat ons te alle tye en onder alle omstandighede van Hom afhanklik is.

26 Januarie

Lees Mark. 6:45-56. **Teks:** Mark. 6:50.

HOU MOED

Volgens Joh. 16:33 het Jesus gesê: „In hierdie wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin". En hier waar Jesus op die meer wandel kom iets van daardie oorwinning en van Sy goddelike heerlikheid tot openbaring. Hy gebied die see om stil te word en die wind om te gaan lê. Jesus is Heer.

Jesus het Sy goddelike vermoë laat sien om met vyf brode en twee vissies meer as vyf duisend mense te voed. Vir die Heer is alles moontlik. Die Heer kan in alles voorsien.

Dit is nie vir ons nodig om bang of onrustig te wees as ons ons lewe aan Jesus toevertrou nie. Hy is die Leidsman. Die Bybel het vir ons 'n bemoedigende uitnodiging. „Laat jou weg aan die Here oor en vertrou op Hom, en Hy sal dit uitvoer". Ps. 37:5.

Die Here Jesus gee ons die regte leiding en wys vir ons die enigste geseënde pad. „Hy het na die berg gegaan om te bid". So kry ons die inspirasie, die besieling en die moed — as ons bid. Bid — en vir julle sal gegee word. Wie bid, ontvang. Begin maar deur dankie te sê. Vir gesondheid, vir kos en klere, vir voorregte, vir vriendskap. Die lys word so lank en mens kan nie ophou nie. As ons dit eerlik en opreg deurvoer, sal ons later so verbaas en verwonderd wees dat ons sal buig en aanbid. Die ganse lewensbestaan word vir ons 'n wonder van God se genade en bemoeienis met mense, van ontfermende liefde en voorsienige sorg, van toesig en bewaring.

As ons Jesus so mag aanraak, word ons gevoed en gesterk met 'n innerlike vertroue in die Heer se goedheid, dat ons ook tot alles instaat sal wees. Ons sal doen wat ons hand vind om te doen en die Here daarvoor dank. Ons sal moed hê vir die lewe. Ons sal kans sien vir ons werk. Met nuwe ywer en toewyding sal ons ons opdragte aanpak en uitvoer. Bid — moedhou — volhard.

27 Januarie

Lees Mark. 7:14-23. **Teks:** Mark. 7:14.

LUISTER EN VERSTAAN

Jesus het 'n argument gehad met die Skrifgeleerdes en Fariseërs. Hulle het gehoor dat Jesus meer as vyf duisend mense laat eet het van vyf brode en twee vissies. Hierdie groot menigte mense kon tog seker nie hulle hande gewas het vóór die ete nie! Net die volgende dag sien hulle dat Jesus se dissipels eet sonder dat hulle hul hande gewas het. Dit was 'n oortreding van die wet, sê hulle. Waarom hou Sy dissipels nie die oorlewering van die ou mense nie? Hulle bedoel op Lev. 11:44 en 19:11. Hierop verduidelik Jesus die betekenis van die oorlewering en die ware reinheid. Die Fariseërs het net gedink aan die uiterlike, terwyl Jesus die aandag vestig op die belangriker geestelike betekenis van die wet. Dit is geveinsd om net die Naam van die Here te noem, en nie te doen wat Hy wil hê mens moet doen nie. Om die Here te eer met die lippe maar mens se hart en oorgawe is nie by Hom nie, is skynheilig, onwaar, geveins. Dan kan mens maklik die gebod van God opsy skuif en menslike tradisies onderhou. Mens kan dan 'n bepaalde iets aan God wy, wat mens wel nog mag gebruik, maar dit behoort eintlik aan God. Dit is „korban" — dit is 'n offergawe — dit is weggegee. 'n Arm vader kan dan vir sy seun vra om hulp, maar die seun kan dan sê: ek mag dit nie gee nie, ek het dit klaar gegee as offer, dit behoort aan die Here, dit is korban. Alles wat ek het is korban, gewy, offergawe. So hoef die seun niks te gee vir sy vader nie, terwyl hy self volop gebruik daarvan kan hê, en dit sal nie verkeerd wees nie. Later vergeet die seun ook maar om hierdie offergawe aan die tempel te gee.

God se gebod om vader en moeder te eer, word nagelaat, maar

hierdie tradisie van die mense word aan vas gehou, wat dan eintlik waardeloos is.

Daarom sê Jesus dat die was van die hande vóór ete met heiligheid niks te doen het nie. 'n Mens word nie onheilig of onrein deur wat hy eet of drink nie. Dit is bysaak. Maar 'n mens word vuil deur wat hy doen. En 'n mens doen dinge soos mens innerlik is. Al die lelike gedagtes wat uit 'n mens se innerlike kom, soos moord, egbreuk, diefstal, kwaadpraat, godslastering, maak mens onrein. 'n Mens word nie onheilig van buitekant af nie, maar van binnekant af. Die sonde kom nie van buitekant af nie, nie deur „omstandighede" nie, nie deur die sintuie nie. 'n „kloosterlewe" kan mens nie heilig maak nie. Die Heer sê: Bekeer jou. My seun, My dogter, gee My jou hart. Dan kan ons rein word.

28 Januarie

Lees Mark. 7:31-37. **Teks:** Mark. 7:37.

HY HET ALLES GOED GEDOEN . . .

„Effata," dit is: Gaan oop! So het die Here Jesus vir die doofstomme gesê. „En dadelik het sy ore oopgegaan en die band van sy tong losgeraak en hy het reg gepraat". Wat 'n ommekeer vir die eertyds so rampsalige mens! Die mense wat dié wonderwerk aanskou het, „was uitermate verslae". Nietemin kon die Here se uitdruklike bevel om dit aan niemand te sê nie, hulle nie weerhou daarvan om dit as't ware uit te jubel nie. En hoeveel rede het hulle nie gehad om so te juig nie?

Hoevel barmhartigheid het die Here nie aan hierdie ongelukkige bewys nie! Dink u gerus die lewe van 'n doofstomme in. Elke dag herhaalde beproewing, misverstand, magteloosheid en verdriet. Begryplik is dan ook die vreugde van die mense oor die genesing van hierdie doofstomme van Dekápolis.

Maar nou is die vraag: wat was die ware rede vir hulle uitspraak: „Hy het alles goed gedoen". Was dit nie alleen met die oog op die man se liggaamlike, tydelike genesing nie? Opvallend is dat Jesus gesug het toe Hy vir die doofstomme gesê het: „Gaan oop!" Was dit nie 'n aanduiding van sy teleurstelling dat hulle in Hom alleen 'n wonder-geneser van die liggaam gesien het nie? . . . : „die dowes laat Hy hoor en die stommes praat".

Wat baat dit dat die liggaam gesond is, „oop" is en die siel is geslote vir die hemelse werklikheid van Jesus se reddende liefde? Hy het immers gekom om die mens volkome heilig te maak en sy gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik te bewaar vir sy wederkoms. (1 Thes. 5:23). Wanneer Hy u begenadig soos bv. met algehele herstel van ernstige siekte of oorlewing van 'n verminkende ongeluk, wanneer Hy so ook vir u die „ore" en die „mond" oopmaak bely dan ook van harte: „Hy het alles goed gedoen" maar erken Hom as die sieleredder. „As ons net vir hierdie lewe op Christus hoop, dan is ons die ellendigste van alle mense". (I Kor. 15:19).

29 Januarie

Lees Mark. 8:10-21. **Teks:** Mark. 8:12.

GEEN TEKEN — WOORD ALLEEN

„ . . . aan hierdie geslag sal sekerlik geen teken gegee word nie". Dit is Jesus se antwoord aan die Fariseërs wat met Hom redetwis. Hulle versoek Hom met 'n ultimatum uit die hoogte. Hulle vra 'n teken uit die hemel d.i. van God self. Hier is nou vir Hom 'n geleentheid om afdoende te bewys dat Hy die Messias is! Hy wat sulke uitsonderlike dinge kan doen, kan God tog seker om so'n teken vra? 'n Held wat groot dinge doen, wat glorieryk en magtig is, sal tog seker vir die volk meer aanvaarbaar wees as so 'n nederige en beskeie man soos hierdie Jesus.

Jesus wys hulle eis beslis af. Dit is nie God se weg nie. Hulle godsdiens gaan op in glans en glorie, maar Hy die Kenner van die harte deursien hulle ongeloof as Hy met 'n sug vra: „Waarom begeer hierdie geslag 'n teken?" Dis nie om waarlik sekerheid te hê nie. Dis nie om God te eer nie maar om Jesus aan hulle praktyke diensbaar te probeer maak.

'n Teken? Dit sou juis die geloof ophef. Die Farisieërs wil juis die weg na Jesus vanuit hulle oordelende posisie vind. Sy Woord en Persoon het vir hulle geen waarde nie. Hy wys hulle versoek streng af. Hyself glo God Sy Vader op Sy Woord. Hy ken geen twyfel aan God nie. Daarom weet Hy dat Hy in Sy Persoon en Woord self die Teken van God is. Wat God deur Hom spreek is waar. Dit moet sonder meer aanvaar word.

Hoe swaar is dit vir die natuurlike mens om God se Woord te aanvaar sondermeer! Hy aanvaar God se verborge regering net so min as wat die Farisieërs God se verborgenheid in Jesus aanvaar. Sonder 'n teken sal niemand tot waaragtige geloof kom nie. Geloof ontstaan nie uit die wonder of teken nie maar uit die gehoor van die woord. Dit is die verkondiging van die enigste Teken Jesus Christus. Die mens wat Hom nie wil aanvaar op Sy Woord nie, sal nooit glo nie. Vra ons ook na 'n teken?

30 Januarie

Lees Mark. 8:27-33. **Teks:** Mark. 8:31.

DIE SEUN VAN DIE MENS MOES BAIE LY

Met die teksvers spreek Jesus vir die eerste keer onomwonde oor Sy dood en opstanding. Die dissipels het die geleentheid om hulle daaroor uit te spreek wanneer Jesus o.a. vra: „ . . . wie sê julle is Ek?" Dit gaan hier nie oor naamgewing nie, maar oor waardering van wat Jesus vir hulle beteken. Petrus se antwoord klink oppervlakkig gesien so mooi. „U is die Christus". Dit is tog 'n vergesig op die Ryk van God; die reik na die hemel.

Maar hoe leeg is hierdie belydenis tog nie! Waarom? Hy sien die Seun van die mens alleen in die hoogte van Sy heerlikheid en nie ook in die diepte, in die laagte van sy dood nie. Daarom moet Petrus ontnugter word, „dat die Seun van die mens baie moet ly en verwerp word en gedood word . . ." Ja Petrus, Hy is die Christus maar Sy heerlikheid sal tevoorskyn kom uit die duisternis van die dood.

Die skok is vir Petrus te groot. Hy kan dit eenvoudig nie aanvaar nie. Hy neem Jesus opsy en bestraf Hom d.w.s. hy ag dit sy plig om Hom vaderlik te vermaan en te laat afsien van so 'n „inbeelding".

Petrus moet egter bestraf word: „ . . . jy bedink nie die dinge van God nie, maar dié van die mense". Die dinge van God is juis dat die Seun van die mense moet ly en gedood word. Hoe moeilik selfs Petrus dit kon aanvaar blyk wanneer hy later sy swaard trek om Jesus te verdedig. Teen wie? Teen God die Vader? Dit sou hy nie kon glo nie. En tog was dit herhaling van sy misverstand op weg na Cesaréa—Filippi. Hoe lank het hy nie „die dinge van die mense" bedink nie. Die „dinge van die mense" is Petrus se verwagting van 'n Messias met aardse heerlikheid, al noem hy Hom die Christus. So iemand kan tog nie ly en gedood word nie!

Die bestraffing van Petrus raak ons. Jaarliks oordink ons wekelank die lydingsgeskiedenis. Oor 'n aantal weke sal ons weer. Maar bring dit ons voor die ware Christus te staan? Is die moontlikheid nie groot dat ons daarby neutraal kan bly nie? Ons weet mos nou van die Christus in Sy heerlikheid. Ons moet iets van die skok van Petrus ervaar as ons telkens bedink Hy moes gedood word „ook vir my". Petrus het tog later geweet hoe intens hy self betrokke was by die „moet sterwe" van Jesus.

31 Januarie

Lees Mark. 7:24-30. **Teks:** Mark. 7:28.

BEDELAARS OM DIE KRUMMELS WAT VAN GOD SE TAFEL VAL

Dat die Evangelie van Jesus Christus die eng grense van Israel sou deurbreek en ook deur die heidene as 'n krag van God tot saligheid aanvaar sou word, het eintlik eers ten volle duidelik geblyk ná Sy opstanding uit die dode. En tog was daar gedurende Sy aardse lewe ook sekere ligflitse daarvan, soos byvoorbeeld hierdie ontmoeting met die Griekse vrou.

In hierdie geskiedenis is daar verskillende opvallende punte. Die Bybel sê dat Jesus „nie verborge kon bly nie" (vers 24). Deur Sy wonderdade moes dit alreeds oorduidelik geword het dat hierdie man van Nasaret, die Seun van God is. Eintlik is al Sy wonders tekens wat heenwys na dié feit dat hierdie mens tegelyk die Almagtige God is wat onder ons kom woon het, Immanuel. In hulle hooghartige eiegeregtigheid het die Fariseërs en ook baie ander Jode (netsoos ook so baie mense in ons tyd), hierdie duidelike tekens verwerp. Een van die dodelikste wapens van die Bose is om ons blind te maak vir ons lewensnood, ellende en sonde.

Maar die Griekse vrou besef haar ellende, besef dat sy sonder hulp van buite nie kan voortgaan nie. Jesus sê egter aan haar: „Dit is nie mooi om die brood van die kinders weg te neem en vir die hondjies te gooi nie". Daarmee sê Hy vir haar dat sy soos 'n hondjie is wat niks het om te gee nie, wat maar net 'n beroep op sy heer se liefde kan doen en met verlangende, hoopvolle oë kan bedel. Dit is eintlik hoe elke mens voor God is. Die Griekse vrou ontken nie dat sy soos 'n bedelende hond voor God is nie; inteendeel, sy is tevrede, al is dit slegs met die krummels wat van God se tafel afval. Dan sê Jesus: „Terwille van hierdie woord kan jy gaan". Sy wat nie te trots voor God was om Sy hond genoem te word nie, sy gaan weg as Sy kind, terwyl die kinders vir wie die brood eintlik bedoel was, vanweë hulle ongeloof in die buitenste duisternis uitgestoot word, weg van die Vaderhuis.

1 Februarie

Lees Mark. 8:1-9. **Teks:** Mark. 8:9.

VERSADIG HEENGEGAAN

By die eerste vermeerdering van die brode (sien Mark. 6 vanaf vers 30), het Jesus omtrent vyf duisend manne gevoed met vyf brode en twee vissies, terwyl twaalf mandjies vol brokstukke opgetel is. By hierdie tweede geleentheid was daar sewe brode en 'n paar vissies en nadat vier duisend mense geëet en versadig geword het, is sewe mandjies vol oorskiet opgetel.

Maar eintlik handel dit hier nie oor hierdie getalle nie. Die eerste merkwaardige ding is dat toe Jesus hier sê dat Hy die skare nie honger kan terugstuur nie, Sy dissipels gevra het: „Hoe sal 'n mens hulle hier in die woestyn kan versadig met brood?" En dit sê hulle terwyl hulle 'n kort rukkie te vore die wonderdaad van Jesus onder feitlik dieselfde omstandighede gesien en beleef het . . . Hoe gou vergeet ons ook nie die groot wonderdade en weldade van God in ons lewe nie, en hoe dikwels onthou ons nie 'n onreg of wrok vir baie jare nie? Die Bybel sê dat hieragter ongeloof en ondankbaarheid lê.

Hoe goed is God nie deur ook aan die mens se tydelike behoeftes te dink nie? Jesus „voel innig jammer vir die skare" (vers 2) en stuur hulle versadig weg. In Johannes 6 laat Hy ons egter sien wat die eintlike betekenis van hierdie wonders van die vermeerdering van die brode is. Daar wys Hy Self daarop dat die aardse brood nie die eerste en ook nie die belangrikste is nie. „Moenie werk om die spys wat vergaan nie, maar vir die spys wat bly tot in die ewige lewe" (Joh. 6:27). En dan dui Hyself aan wat daardie ewige brood is: „Ek

is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie en wie in My glo, sal nooit dors kry nie" (vers 35). „Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid" (vers 51). Om hierdie Brood te eet beteken om in Hom met ons hele hart te glo en Sy Naam met ons mond te bely.

2 Februarie
Lees Mark. 8:22-26. **Teks:** Mark. 8:25.

GENESING EN HANDOPLEGGING

Die Nuwe Testament sê dikwels dat Jesus siekes genees het terwyl Hy Sy hande op hulle gelê het.

Siekte, ellende en die dood is die gevolge van die mag van die sonde in die wêreld. Dit beteken egter nie dat dié persoon wat swaar en dikwels lank deur siekte moet ly, ly omdat hy of sy meer gesondig het as diegene wat feitlik hulle hele lewe deur geen ernstige siekte of lyding gehad het nie. Dat 'n persoon siek word en dikwels baie moet ly, beteken dat in die lewe van so'n persoon die mag van die menslike sonde in die algemeen geopenbaar word. Wanneer Jesus nou gedurende Sy aardse lewe 'n persoon gesond gemaak het, het so'n persoon later weer siek geword en gesterf. Hieruit blyk dat die doel van so'n wonder in die eerste plek nie was om menslike lyding te verlig nie (dikwels ly 'n gelowige baie meer as 'n ongelowige), maar so'n wonder was 'n **teken** daarvan dat Hy gekom het om teen die geweldige mag van die sonde in hierdie wêreld (want agter die siekte lê die sondemag), te stry.

Een van die betekenisse van handoplegging in die Bybel is dat dié persoon wat sy hande op iemand lê, hom vereenselwig met dié een op wie hy die hande lê. Wanneer Jesus nou Sy hande op 'n sieke lê, dan toon Hy daarmee dat Hy Hom volkome vereenselwig met die lot van daardie sieke, dat Hy eintlik in die plek van daardie sieke gaan staan om te stry teen dié mag wat agter daardie siekte lê, naamlik die sonde.

Wat hier deur die wonder van genesing aangedui word, dit het Jesus aan die kruis vervul toe Hy daar óns krankhede op Hom geneem het en óns siektes gedra het en sodoende die sonde en dood in ons plek oorwin het.

Uiterlik ly die gelowige partykeer „meer" as die ongelowige, maar hy ly anders, omdat hy die hoop het op die toekoms waar geen geween óf droefheid óf dood meer sal wees nie.

3 Februarie
Lees Mark. 8:34, 9:1. **Teks:** Mark. 8:34.

SELFVERLOËNING EN KRUISDRA

In die vorige oordenking het ons gesien dat Jesus deur die genesingswonders aandui dat Hy gekom het om in ons plek te staan, óns stryd te stry en óns kruis te dra. In hierdie gedeelte toon Hy aan dat om Sy navolgers te wees, ons ook 'n kruis moet dra. Toe Hy op Gólgota aan die kruis gesterf het, het Hy volkome en volmaak die saligheid vir ons verwerf; daarom kan ons kruisdra **nie** wees om ons saligheid te verdien nie, maar kan dit alleen beteken dat ons in dankbaarheid sal aantoon dat ons Sy navolgers is, navolgers van die groot Kruisdraer.

Wat die opneem van óns kruis is, dui Jesus Self in hierdie Skrifgedeelte aan: Eerstens sê Hy dat dit **selfverloëning** is. Toe Petrus Hom verloën het, het hy gesê: „**Ek** ken die Man nie". As ons onsself moet verloën, dan beteken dit dat ons onsself sal kruisig en sal sê: „Ek ken hierdie eie-ek met sy eiegeregtigheid en eiewilligheid nie"; vir my bestaan net die wil van God en die geregtigheid van Christus Jesus. Daarom beteken kruisdra tweedens om af te sien van ons ver-

moëns om onsself te red „want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor" (vers 35). Derdens, sê Jesus, beteken kruisdra ook dat ons ons nie vir Hom en Sy woorde sal skaam in 'n owerspelige en sondige geslag nie, want anders sal Hy Hom vir ons aan die einde van die dae skaam. Dit is 'n swaar ding (Jesus sê dit is soos 'n kruis wat ons moet dra) om in 'n sondige samelewing of geselskap jou nie vir Hom en Sy Woorde te skaam nie, maar om vryuit met die mond te bely en met jou optrede te toon dat jy 'n navolger van Christus is. Veral vandag is dit baie moeilik, maar Jesus sê baie duidelik aan ons as ons Sy navolgers wil wees en Christene genoem wil word, dan moet ons vryuit Sy Naam voor alle mense bely, ook voor ons ongelowige en soms spottende vriende.

4 Februarie

Lees Mark. 9:2-13 en Matth. 3:13-17. **Teks:** Mark. 9:7.

MY GELIEFDE SEUN

'n Paar dae na die openbare belydenis van Petrus dat Jesus die Christus is, die Seun van God, neem Jesus saam met Hom drie van Sy dissipels, wat Hom ook op ander besondere geleenthede vergesel het, na 'n hoë berg in die eensaamheid.

Hier op die berg is Hy verheerlik. Sy aangesig het geblink soos die son en Sy klere het wit geword soos die lig en dan was daar ook saam met Hom Moses en Elia. Later het 'n wolk hulle oordek, 'n teken van die teenwoordigheid van God. En dan is daar die stem van God uit die hemel wat dieselfde woorde herhaal wat tydens Jesus se doop by die Jordaan uitgespreek is: „Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het"; en dan word daaby nog gevoeg: „luister na Hom."

Die dissipels het hieruit dan ook afgelei dat die stem tot hulle gerig is en hulle beveel om Jesus ook in Sy vernedering en lyding te volg en te gehoorsaam.

Die stem van God het eertyds by die Jordaan bevestig dat Jesus van ewigheid af die Ewige Seun van God is. Jesus het Hom nie self aangestel as Messias soos die Jode later voor Pilatus beweer het nie. God, die Vader wys Sy Seun self aan by meer as een geleentheid. En op Sy Seun sal Sy welbehae rus.

„Geliefde" in hierdie sin beteken ook eniggebore Seun in wie Ek 'n welbehae het. Dit is dan nie slegs goedkeuring van Jesus as Sy eie Seun nie, maar 'n uitspraak van die ewige welbehae van Gods heilige raad waarvolgens Jesus aangewys is as die verwagte Messias.

Deur die eeue word dit ook aan ons bevestig dat ons na Hom moet luister. Dit moet dan ook by ons hoofsaak word om na Hom te luister. In gehoorsaamheid aan Hom moet ons ondergeskik word aan Hom. Hy moet meer word en ons minder. Eers as ons benadering en ons uitkyk as kind van ons Hemelse Heer so is, dan kry die lewe vir ons nuwe waarde en nuwe betekenis.

5 Februarie

Lees Mark. 9:14-29. **Teks:** Mark. 9:19.

JESUS SE ALMAG

Markus vertel ons van 'n vader met 'n maansieke kind. Hy vertel self so van sy kind: „Meester, ek het my seun wat 'n stomme gees het, na u gebring, en waar hy hom ook aangryp, skeur hy hom, en hy kry skuim in die mond en hy kners met sy tande en word styf, en ek het u dissipels gevra om hom uit te dryf, en hulle kon nie."

Hierdie verhaal bring die onmag van die dissipels, op hierdie stadium, aan die lig, maar tegelyk ook die almag van Jesus. Een van die dissipels moes waarskynlik probeer het maar kon nie daarin slaag nie.

Uit radeloosheid en moedeloosheid moes die vader, soos enige reg-

geaarde vader sou doen, die geleentheid aangegryp het en by Jesus gaan pleit: „As u iets kan doen, ontferm u oor ons en help ons." Die vader moes die simpatieke belangstelling van Jesus in sy seun opgemerk het en dit het hom vrymoedigheid gegee om terwille van sy siek kind by Jesus te pleit, en op die vader se versoek, volg Jesus se antwoord: „Wat dit betref — as jy kan glo, alle dinge is moontlik vir die een wat glo."

Die kastyding en siekte van sy geliefde het hierdie vader sy eie magteloosheid en die onmag van andere laat sien en as hy die almag van Jesus sien, kom hy tot die ware geloof.

Teenoor ons swakheid en kleinheid, ons ongeloof en magteloosheid, staan Hy wat mag het oor siekte en dood.

Laat ons daarom ook met vrymoedigheid met ons siekes, ons geliefdes na Hom gaan. By Hom is alles moontlik.

Ons siek kinders of familie is en was so dikwels die boodskappers wat ons weer laat neerbuig het voor die Heer wat mag het oor lewe en dood.

So dikwels besit die krankbed, hoe swaar ookal, 'n boodskap en seën. Dit roep ons tot nadenke om weer te bely. Dit dwing ons om weer ons lewe te deursoek of ons nog in lewe en sterwe aan Christus behoort.

6 Februarie

Lees Mark. 9:14-29. **Teks:** Mark. 9:23-24.

GELOOF

Voordat Jesus die siek kind genees, roep Hy eers die vader tot verantwoordelikheid. Hy sê vir hom: „Wat dit betref — as jy kan glo, alle dinge is moontlik vir die een wat glo." Dit gaan dus hier om die geloof. Alle dinge is moontlik, nie baie dinge of byna alles nie, nee alle dinge is moontlik. Alles is egter nie moontlik vir alle mense nie. Nee, alles is moontlik net vir dié wat glo.

So het Paulus ook vir die sipier van Filippi gesê: „Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huis." Aan die Romeine het hy geskryf: „Die regverdige sal uit die geloof lewe."

Wat is geloof nou? Geloof in Christus Jesus is om jouself ten volle oor te gee aan Hom sonder om iets terug te hou. Die vader het gesê: „Ek glo, Here, kom my ongeloof te hulp." En op grond van die vader se geloof word sy siek kind genees.

Geloof is dan om Hom ten alle tye te volg, gehoorsaam te volg, gewillig te volg, waar Hy ook mag lei. Die geloofspad is nie die breë, gelyk pad nie, maar die nou en steil pad, wat dikwels die kragtigste inspanning van gees en liggaam vereis. Wie so diep aangegryp word deur Hom, kan niks anders as gehoorsaam wees nie.

Net soos die vader die hand van sy siek kind vat, so kom Jesus Christus en Hy vat die hand van die gelowige om hom te lei op hierdie oneffe lewenspad. En met hierdie sekerheid in die hart is daar vir die gelowige geen gevaar nie. Hy sal ons nie loslaat nie, al gaan ons pad oor die dieptes, ja, al dreig die grootste gevaar; Sy woord is onfeilbaar. Wat aan Hom behoort in lewe en in sterwe sal Hy nooit loslaat nie.

Is dit ook u geloofsbelydenis?

7 Februarie

Lees Mark. 9:14-29 en Luk. 24:1-12. **Teks:** Mark. 9:27.

HY HET OPGESTAAN

Die vader van die maansieke kind het sy kind vol verwagting na Jesus gebring.

So dikwels het die Here die siekbed as 'n middel gebruik om die sondaar na Hom te trek. En toe dit die doel bereik het, het Hy die

oorsaak van die siekte weggeneem, sodat die genesing hulle aan Hom verbind het.

So het 'n klein dogtertjie vir Naäman na Elisa gestuur. Naäman het op bevel van Elisa hom in die Jordaan gaan bad, hy is genees en hy en sy hele huis het die Here aanbid.

So was dit met Jaïrus. Nadat Jesus sy dogtertjie teruggegee het uit die dood, het hy en sy huis Jesus aangeneem as die Seun van God.

Ook ons het al gestaan voor ernstige siekbeddens, soms het die dood skeiding gemaak nieteenstaande al ons gebede. Baie keer het Hy wat self uit die dood opgestaan het, ons gebede verhoor en genesing geskenk. Dit het ons besiel met nuwe ywer en liefde teenoor Hom, die beskikker van dood en lewe.

Dikwels was die krankbed net 'n tydelike opflikkering. Solank die nood groot was het ons geglo en gepleit, maar toe die eerste tekens van beterskap daar was, het ons alles vergeet.

Jesus het die maansieke kind by die hand gegryp en opgerig, en hy het opgestaan.

Maar Hyself het ook opgestaan, opgestaan uit die graf en so dood en hel en graf oorwin om nou almal wat sterf te laat opstaan tot die ewige lewe.

Laat ons geloofsoog op Hom gerig wees.

Triomf, die Heer het opgestaan,
nou kan ons vrolik grafwaarts gaan,
sy liefde rig ons skrede;
Hy, uit die dood die eersteling,
sal ons tot lewe wederbring,
ons sal verrys in vrede.

8 Februarie

Lees Mark. 10:1-12. **Teks:** Mark. 10:9.

WAT GOD SAAMGEVOEG HET

By geleentheid het die teenstanders van Jesus Hom 'n vraag gestel oor die egskeiding en na aanleiding daarvan doen Jesus 'n uitspraak oor die onverbreekbaarheid van die huwelik.

Die Jode het in daardie tyd ligtelik gedink oor die egskeiding en indien Jesus nou 'n streng uitspraak sou doen, sou Hy in botsing kom met die volksmenigte. Maar in plaas van 'n antwoord te gee ontwyk Hy hulle vraag deur te sê wat Moses toegelaat het.

Die huwelik is 'n heilige instelling van God by die skepping. Daarom mag dit nie ontbind word nie. Die huwelik is veel sterker as die band tussen ouers en kinders, want man moet sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef en hulle sal een vlees wees.

In die Bybel word baie aandag aan die huwelik gegee. Reeds in die eerste bladsye van die Heilige Skrif lees ons daarvan. Dit is nie 'n instelling van die mens nie. God wou dit so hê, daarom sal hulle een vlees wees. Selfs in die allergunstigste omstandighede is die mens nie op homself aangewys nie, maar is hy aangewys op 'n gesellin, man en mannin moet hulle wees.

Ook in die N. T. val die nadruk op die noodsaaklikheid dat die huwelik ingerig moet wees volgens die Wet van God. Dit is 'n Goddelike instelling wat heilig gehou moet word.

'n Gelukkige huwelik is een van die kosbaarste besittings wat daar in die lewe is. 'n Gelukkige huwelik is inderdaad die gelukkigste verbintenis wat daar op aarde bestaan.

Laat Jesus Christus ook u lewe regeer. Immers, Sy oopgespalkte hande het beslag op u kom lê. En as daar selfs in die gelukkige egverbintenis dae van kommer en sorge kom, onthou: Hy stel nooit teleur nie. Sy genade is oneindig groot. Hy sal u as man en vrou, ja as gesin altyd liefhê tot die einde toe.

9 Februarie

Lees Mark. 10:13-16. **Teks:** Mark. 10:14.

LAAT DIE KINDERTJIES NA MY KOM (1)

Ons skrifgedeelte volg in Markus se evangelie net na die vraag oor die egskeiding. Jesus se antwoord kan ons saamvat in die sin: Wat God saamgevoeg het, mag geen mens skei nie.

Tot dusver het die vrou weining status beklee, maar met Jesus se uitspraak gee Hy aan die vrou 'n nuwe posisie.

En kort na hierdie uitspraak nader nou etlike vroue met hulle kindertjies. Dit wou die dissipels nie toelaat nie. Hulle vind dit 'n inbreuk op die ernstige onderrig waarmee Jesus besig was en bestraf hulle. Maar as Jesus dit sien dan is Hy ontsteld oor hulle handelwyse en dan volg 'n uitspraak van Jesus wat ook die kinders van alle eeue raak: „Laat die kindertjies na my toe kom en verhinder hulle nie". Hy wat die koninkryk van die hemele predik, wil juis dat die kindertjies wat Hy as voorbeeld voorhou vir die wat die koninkryk van die hemele wil ingaan, na Hom sal kom.

Juis terwille van die geringes en ongeagtes het Hy gekom en dan slaan Hy Sy hande om hulle en seën hulle. En hierdie handelswyse bring nuwe waardering vir die kind as sodanig.

Hy het gekom om te soek en te red wat verlore is, ja ook die kind, want ook die kind is in sonde ontvang en gebore. Hy voeg nog iets by en sê: „Want aan hulle behoort die koninkryk van God".

Wat 'n geweldige troos en bemoediging dat ook die kind reeds van kleinsaf in die verbond van God ingesluit is.

Elders het Jesus ook 'n kindjie geneem en hom tussen hulle laat staan, Sy arms om hom geslaan en gesê: „Elkeen wat een van sulke kindertjies ontvang in My naam, ontvang My. En elkeen wat My ontvang, ontvang nie My nie, maar Hom wat My gestuur het".

10 Februarie

Lees Mark. 10:13-16. **Teks:** Mark. 10:14.

LAAT DIE KINDERTJIES NA MY KOM (2)

Ons lees dat die moeders hulle kindertjies na Jesus gebring het. Hierdeur het hulle uiting gegee aan 'n lankgevoelde behoefte.

Wat 'n pragtige en navolgenswaardige voorbeeld stel hulle aan alle moeders. Hulle bring hulle kosbaarste besitting na Jesus. En as Hy hulle verwerp en nie wegstuur nie, wil Hy hulle leer dat die kindertjies die grootste in die koninkryk van die hemele sal wees. En wee daardie mens wat hulle struikeling sal veroorsaak, dit is beter dat hy 'n misdadigerdood sal sterf. Die eersugtige word gewaarsku om nie een van hierdie nederige dissipels te verag of te verdring nie. Hy wil nie dat een van hulle verlore sal gaan nie.

Watter wonderlike troos vir elke ouerpaar. Hoe groot is die troos van die doop nie.

In stryd en versoeking, in nood en angs, in droefheid en lyding het ons sekerheid dat God Sy gedoopte kind liefhet en dat niks ons van dié liefde sal kan skei nie. En wanneer u as ouer die kosbaarste gawe van God, u eie kind, in u arms vashou en die benoudheid van kommer en sorge oor die toekoms van u kind u met angs vervul, dan kom daar vrede in u hart, want u weet dat ook u kind aan Jesus Christus behoort op grond van die doop. Hy of sy is mos verbondskind, die aangenome kind van God. Voordat ons Hom kon bemin het Hy ons lankal liefgehad, omhels en geseën.

11 Februarie

Lees Mark. 10:17-22. **Teks:** Mark 10:17.

WAT MOET EK DOEN?

„Goeie Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe?" Met hierdie vraag het 'n man hom smekend aan die voete van Jesus

gewerp. Hy was 'n ryk man — hy het veel besittings gehad. Hy was ook in 'n ander opsig ryk. As Jesus sê hy moet die gebooie onderhou dan antwoord hy: „Meester, al hierdie dinge het ek onderhou van my jeug af". Hierdie man het al soveel gedoen. Wat moet hy nog meer doen, bo en behalwe die onderhouding van die wet, om te verseker dat hy die ewige lewe as loon sal ontvang?

En Jesus het hom aangekyk en hom liefgekry. Hy sal hierdie mens help. Hy sal aan hom die weg wys. Hy sal hierdie ryk man leer hoe arm hy werklik is — arm aan geloof, aan liefde. Hy sal sy vol hande leeg maak en dit vul met ware rykdom — sy genade, sy vrede, sy lewe. Hy sal hom leer dat sy rykdom slegs skyn is en dat sy daad geen verdienste het nie. En Jesus sê vir hom: „Verkoop alles wat jy het". Hy weet wat hierdie eis vir hierdie man moet beteken en daarom voeg Hy by: „Kom dan hier en volg My".

Maar hierdie man met die baie besittings word besit, hierdie man wat so graag meer wil doen as wat die wet vra, kan die wet nie onderhou nie. En hy het treurig geword oor die woord en bedroef weggegaan.

Wat moet ek doen? Verkoop en volg. Laat daardie vol hande leegmaak en Hy sal dit vul met Sy genade. Die lewe is vir hulle wat hulle armoede en die tevergeefsheid van hulle pogings besef en hulle rykdom vind in Hom wat ryk was maar arm geword het sodat ons in Hom ryk kan wees.

12 Februarie

Lees Mark. 10:32-34. **Teks:** Mark. 10:32.

JESUS GAAN VOORUIT

Jesus gaan met Sy dissipels op na Jerusalem. Hy weet wat daar op Hom wag. Hy weet van die smaad en oneeer en bespotting wat kom. Hy weet dat Hy daar oorgelewer sal word in die hande van owerpriesters en skrifgeleerdes, hulle wat reeds so lank daarna soek om Hom om te bring. Hy weet van die bittere godverlatenheid wat Sy deel sal word. En tog: „Jesus het voor hulle uitgegaan." Hy weet van die bittere godverlatenheid wat sy deel sal word. En tog: „Jesus het voor hulle uitgegaan." Hy weet ook dat daar vir hulle wat volg maar een weg tot die lewe is, een offer waardeur hulle sonde versoen en hulle bande losgemaak kan word. En Hy sal daardie weg gaan, Hy sal daardie offer bring. Hy sal sy lewe gee as 'n losprys vir baie.

„Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee." Voor daardie liefde word ons weer hier in die lydenstyd gestel. Daardie liefde wat vooruitgaan soos 'n herder sy kudde, wat daar die stryd teen die vyande aanbind sodat die kudde in vrede en veiligheid mag woon.

Hoe beantwoord ons hierdie liefde?

Van die dissippels lees ons dat hulle verbaas was. Wie sou nie wees nie? Maar by verbasing mag dit nie bly nie. Deur die verbasing moet dit kom tot die geloof. Daar is maar een antwoord: dat ons sal staan in die vryheid en leef in die ruimte wat Hy vir ons geskep het.

13 Februarie

Lees Mark. 10:35-40. **Teks:** Mark: 10:36

WAT MOET EK VIR JULLE DOEN?

Jesus gaan op na Jerusalem. Hy gaan om sy lewe te gee as 'n losprys vir baie. So pas het Hy aan sy dissipels vertel die dinge wat met Hom sou gebeur. Dan kom Jakobus en Johannes en sê vir Hom: „Meester, ons wil hê dat U vir ons moet doen wat ons U ook al mag vra." En as Jesus hulle vra: „Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen?" dan antwoord hulle: „Gee aan ons dat ons mag sit in u heerlikheid, een aan u regter- en een aan u linkerhand."

Jakobus en Johannes is al dikwels skerp veroordeel oor hierdie vraag, want dit sou alleen spreek van selfsug, hoogmoed en eiewaan. Maar as ons let op die omstandighede waaronder hierdie vraag gestel is, dan soek ons daar tog meer in. Jakobus en Johannes wanhoop nie by die kruis nie, as die magte hulle dreigend verhef nie, hulle verwag die openbaring van die heerlikheid.

Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen? Wat sou ons antwoord as so 'n vraag aan ons gestel sou word? Daar sal seker baie antwoorde wees. Gee dat ek gesond mag word. Gee dat my werk met sukses bekroon mag word. Gee dat die kommer en sorge, die angste en vrese mag verdwyn. Gee rykdom, gee vrede, gee voorspoed. En seker mag ons met al ons node na Hom toe vlug en al ons bekommernisse op Hom werp. Maar as ons dit net terwille daarvan doen, is ons dan nie soos reisigers wat uitdraai om te vernag nie? Bly ons dan nie vreemdelinge nie, terwyl Hy ons wil maak tot kinders van God die Vader? Wat sal dit 'n mens baat as hy die hele wêreld win en aan sy siel skade ly?

Daar is maar een antwoord wat ons kan gee as ons Hom op die lydensweg sien: „Deurgrond my, o God, en ken my hart; toets my en ken my gedagtes; en kyk of daar by my 'n weg is van smart, en lei my op die ewige weg!"

14 Februarie

Lees Mar. 10:46-52. **Teks:** Mark. 10:48

BLY TOG STIL!

Toe Jesus met sy dissipels uit Jerigo uitgaan, het hy daar langs die pad gesit — die blinde Bartimeüs. Hy het hom reeds lankal met sy lot versoen — 'n uitgeworpene, ellendige en eensame is hy en sal hy bly, 'n mens wat langs die pad moet sit terwyl die lewe by hom verbygaan. Wat kan hy anders doen as om maar elke dag hier te kom sit, die hand op te hef en te smeek om 'n aalmoes; om so van dag tot dag te lewe van die genade van mense.

Maar toe kom Jesus verby. Ja, hierdie naam ken hy en van die wonders het hy al gehoor. Sal hy dit nie waag nie? Is Hy nie miskien tog die Messias van God nie? Sal hy maar stil met sy ellende hier langs die pad bly sit, die geleentheid onbenut laat verbygaan en met die duisternis bly lewe? Dan roep hy: „Seun van Dawid, Jesus, wees my barmhartig!" En in daardie roep stort hy al sy hoop, sy geloof, sy ellende uit.

Maar om hom staan mense wat uit nuuskierigheid hier saamgedrom het. En as hulle hom so hoor roep, dan bestraf hulle hom om stil te bly. Waarom skreeu jy so? Bly tog stil man! Maar hy het slegs harder geroep en die ander, vreemde genade gevind. Dit was genade as ons let op die houding van die mense.

Dit is die roeping van elke gelowige om mense in hulle nood te wys op Jesus en sy genade. Ons sal ook nooit daaraan dink om ander wat so uit hulle ellende roep, die swye op te lê nie. Maar as ons lewe ons belydenis loën, doen ons nie maar dieselfde as wat daardie mense om Bartimeüs gedoen het nie?

15 Februarie

Lees Mark 11:1-11. **Teks:** Mark. 11:8.

GAAN DIE KONING VERBY?

Dit was die profeet Sagaria wat geskryf het: „Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en 'n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op 'n esel — op 'n jong esel, die vul van 'n eselin." En hulle wat hier al roepende Ps. 118 aanhaal, moes dit geken het. Daarom word die klere en takke op die pad gegooi. Hy is die Koning wat kom, die van God gestuurde.

Maar ek twyfel of hulle reg verstaan het. Daarom kom hulle ook nie

met hulle lewe, so gebreek en siek, dat Hy dit kan genees nie; daarom kom hulle ook nie met hulle sonde en skuld dat Hy dit kan dra en versoening bewerk nie. Hulle gee hulle klere, maar die hart bly ver. Hulle eer Hom as Koning, maar as Koning wat met die pad moet verbygaan.

En as die menigte daar voor Pilatus roep: „Laat sy bloed op ons en op ons kinders kom," hoeveel van hulle wat hier by die intog „Hosanna" geroep het, het Hom daar saam met die menigte verwerp?

Toe gooi baie mense hulle klere op die pad oop. Maar so wil Hy nie as Koning geëer wees nie. Hy vra nie iets van ons nie — Hy vra onsself, ons hart. Hy wil nie as Koning in die pad verbygaan nie; Hy wil Koning wees in ons huis, in ons hart. Dit is Sy eer om in te kom na ons toe en van ons nuwe mense te maak: mense met nuwe hoop en verwagtinge deurdat Hy ons hopeloosheid wil dra aan die kruis op Golgota.

Hy wil nie verbygaan nie. „Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My."

16 Februarie

Lees Mark. 11:12-14, 20-26. **Teks:** Mark. 11:13.

DIE BLAARRYKE VYEBOOM

As Jesus met sy dissipels in die oggend vroeg van Betanië opweg is na Jerusalem, dan kom hulle by 'n vyeboom verby. Dit moes 'n besondere boom gewees het dat dit reeds met die Paasfees vol blare staan. Miskien het hierdie boom in goeie vrugbare aarde wortel geskiet. En die pragtige blarekleed hou die belofte van vrugte in. Maar as Jesus nadergaan om vrugte te soek om sy honger te stil — Hy was waarlik mens — dan moet Hy teleurgesteld omdraai — geen vrugte nie. En Hy spreek sy oordeel oor hierdie boom uit. 'n Vyeboom wat alleen maar blare het, dien geen doel nie. 'n Vyeboom moet vrugte dra.

Jakobus sê: Toon my jou geloof uit jou werke. Die geloof sonder die werke is dood. Soos 'n vyeboom wat enkel blare het om aan te bied, so is die geloof wat nie gelewe word nie — onvrugbaar. Die onvrugbaarheid is 'n kwaad wat vandag nog voortwoeker, ook onder mense wat so gereeld bely: Ek glo. Daar is baie mense, ook kerkmense, wat soos hierdie onvrugbare, blaarryke vyeboom is. Hulle versaak hulle roeping en wil net as sierboom daar staan. Hulle lewe maak 'n mooi vertoning, maar dis 'n lewe waarin daar geen goeie vrugte ryp word nie, vrugte wat by die bekering pas, vrugte wat getuig van die goeie aarde waarin die boom mag staan, gewortel en gegrond in die liefde. Hy staan daar in sy pragtige blarekleed, maar tevergeefs kom die hongerige en dorstige hier soek na lafenis — niks as blare nie. Is ons miskien so 'n boom?

Eenmaal sal Hy weer verbykom om vrugte te soek. „Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra baie vrug."

17 Februarie

Lees Mark. 11:15-19. **Teks:** Mark. 11:17.

TEMPELREINIGING

Dit is 'n harde woord wat Jesus hier uitspreek: „My huis moet 'n huis van gebed genoem word vir al die nasies. Maar julle het dit 'n rowerspelonk gemaak." 'n Rowerspelonk — hierdie woord spreek tog van gemeenheid, diefstal, moord. Geweldig moes hierdie woord in die ore van die Jode geklink het. Geen wonder dat daar staan: „En die skrifgeleerdes en die owerpriesters het dit gehoor en gesoek hoe hulle Hom kon ombring."

Maar wat was die aanleiding vir hierdie skerpe veroordeling? Jesus het in die tempel gekom en daar mense aangetref wat besig was om

handel te drywe. Sommige het offerdiere te koop aangebied, ander weer duiwe. Dan was daar ook die geldwisselaars wat vreemde muntstukke ingeruil het vir tempelgeld. Dit alles het groot winste opgelewer vir die handelaars en die priesters. Maar deur hierdie praktyke is die heiligheid van die tempel uit die oog verloor, en het daar maar heel weinig van die belydenis van Sy Naam tereggekom.

En dit het alles in die voorhof van die heidene gebeur. Hulle mog die tempel nie verder binnegaan nie, maar moes hier iets te sien kry van die genade van die God van Israel, van vreugde om te staan in sy diens. Maar al wat hulle te sien gekry het, was die inhaligheid van mense wat van die godsdiens 'n winsgewende handel maak. En is dit nie diefstal, is dit nie moord, om 'n soekende siel so te bedrieg en te mislei nie — om so valse getuienis af te lê nie?

Doen ons nie dieselfde as ons die godsdiens gebruik om ons eie belange te bevorder nie? Wat kry die buitekerklikes te sien as hulle in ons lewe kom kyk?

„En Jesus het begin om die wat in die tempel verkoop en koop uit te jaag."

18 Februarie

Lees Mark. 11:1-11. **Teks:** Mark. 11:10.

DIE MESSIAANSE KONING

Mark. 11:1 tot Mark. 13:37 vertel ons die geskiedenis van die laaste drie dae voordat Jesus gevange geneem en gekruisig word. Jesus het geweet dat Hy met hierdie besoek aan Jerusalem om die Paasfees by te woon gevange geneem en gekruisig sal word. Daarom kry ons gedurende hierdie drie dae — meer as te enige tyd vantevore — dat Jesus se handelinge en woorde gerig is op die eindtyd. In hierdie drie dae spits Hy die aandag van Sy dissipels toe op die toekoms — daardie toekoms waar Hy nie meer liggaamlik op aarde is nie, maar waar Hy vanuit die hemel heers as Koning; en daardie toekoms waar die einde aanbreek en Jesus se wederkoms naby is.

Die gelese gedeelte beskryf Jesus se intog in Jerusalem. Dit is 'n vervulling van die Skrif, maar tegelyk ook die proklamasie van Jesus as die Messiaanse Koning.

Dit is nie toevallig dat Jesus Sy intog in Jerusalem vanaf die Olyfberg doen nie. Dit is op die Olyfberg waar die heerlikheid van God neerdaal (Eseg. 11:23); op die Olyfberg sal God in die stryd aan die einde van die dae die oordeel oor Sy vyande vel (Sag. 14:4); en in die tradisie van die Joodse volk het dit vasgestaan dat die Messias op die Olyfberg sal verskyn en daarvandaan Sy intog doen. Daarby ry Jesus op 'n eselvul (Sag. 9:9) waarop niemand nog ooit gery het nie — 'n ongebruikte dier en daarom 'n dier wat vir heilige diens geskik is (Num. 19:2). Al hierdie dinge gaan in vervulling wanneer Jesus Sy intog in Jerusalem doen.

Terwyl Jesus van die Olyfberg af ry op die eselvul, gooi die skare hulle klere en takke voor Hom oop. Ons teksvers is die woorde wat hulle Hom toeroep en toesing. Met hierdie woorde eer hullle Jesus as die Christus-Koning wat sou kom; Jesus is die Gesalfde wat kom om in die Naam van die Here die koninkryk van vader Dawid te herstel.

Hierdie gebeurtenisse en woorde toon ons die Here Jesus as die Christus-Koning wat gekom het om Sy koninkryk op aarde te vestig — ons groot Koning wat oor ons regeer tot aan die einde van die dae. Maar ons Koning ry op 'n eselvul, terwyl die konings van hierdie wêreld met al die prag en praal wat moontlik is, hulle intog doen. Dit toon ons nie net die nederigheid en ootmoed van Christus nie, maar dit verkondig aan ons dat die koninkryk van ons Koning nie van hierdie wêreld is nie. Sy koninkryk is 'n hemelse koninkryk en al is Sy kerk nog op aarde totdat die eindtyd aanbreek, is die bestem-

ming van die kerk nie hierdie aarde nie, maar wel die ewige vaderland waar ons Koning in al Sy heerlikheid regeer.

19 Februarie
Lees Mark. 11:12-26. **Teks:** Mark 11:14.

DIE VERVLOEKING VAN DIE VYEBOOM

Die dag na die intog in Jerusalem is Jesus onderweg van Betanië na Jerusalem. Hy het die vorige nag saam met Sy dissipels in Betanië deurgebring — waarskynlik by vriende — en is nou weer op pad na Jerusalem.

Langs die pad sien Jesus 'n vyeboom wat, hoewel dit nog baie vroeg in die jaar is, tog reeds vol in die blad staan. Jesus soek vye aan die boom — miskien van die vye wat in die winter aan die boom is en in die voorjaar ryp word — en wanneer Hy geen vye kry nie, vervloek Hy die boom, sodat die boom die volgende dag verdor staan.

Markus vertel ons uitdruklik (vs. 13) dat dit nie die tyd vir vye was nie en daarom maak die verhaal soms die indruk asof Jesus hier willekeurig en moedswillig optree. Ons moet die saak egter anders sien:

In die Ou Testament word die volk Israel dikwels die wingerd van God genoem (bv. Ps. 80:9, Jes. 5:7, Jer. 2:21, Eseg. 19:10, ens.), maar ook dikwels die vyeboom van God genoem (Hos. 9:10, Miga 7:1). Wanneer die Messiaanse ryk aanbreek — so glo die Jode — sal die natuur en veral die vrugtebome uiters vrugbaar wees. Wat nou hier plaasvind met die vervloeking van die vyeboom, is nie sommer die willekeurige optrede van Jesus nie en ook nie 'n onregverdige eis wat Hy stel nie, maar is 'n soort gelykenis wat Jesus nie vertel nie, maar voor die oë van Sy dissipels laat gebeur. So soos die vyeboom is, so is die Joodse volk: die vyeboom staan pragtig in die blad — net so het die Jode 'n pragtige tempeldiens, maar dit is bloot uiterlik en die ware Godsvrug soek 'n mens tevergeefs by die Jode. Die ryk van die Messias het aangebreek — die vorige dag het die intog van die Christus-Koning aangebreek — maar in plaas daarvan dat die Joodse volk ryke vrugte sal dra, sal hulle verdroog en sterwe. Die einde kom nader en die einde is die skeiding van die geeste: vir Jesus beteken die toekoms die kruis, maar vir die Jode en vir Jerusalem beteken dit die oordeel van God.

Laat ons God bid dat die blinde selfversekering en selfverheerliking van die Jode nooit oor ons kom nie. Want dit is nie elkeen wat Here! Here! roep wat in die koninkryk van God sal ingaan nie, maar hulle wat die wil van die Vader doen.

20 Februarie
Lees Mark. 11:12-26. **Teks:** Mark. 11:15-17.

DIE REINIGING VAN DIE TEMPEL

Ons lees in vs. 11 dat Jesus nog dieselfde dag van die intog in Jerusalem na die tempel gegaan het. Dit was waarskynlik al taamlik laat in die dag en daar word vir ons niks vertel van enigiets wat gebeur het of van wat Jesus gesê het nie. Daar word net vir ons gesê dat Jesus alles „rondom bekyk het".

Die volgende dag besoek Jesus die tempel weer en dan word vir ons vertel wat Jesus in die tempel gesien het: In die voorhof van die tempel is 'n florerende handel aan die gang. Aan die pelgrims wat die tempel gedurende die Paasdae besoek, word allerlei diere, veral duiwe verkoop om as offerdiere te gebruik. Verder word allerlei soorte geld ingewissel vir die heilige temelmunt wat die tempelbesoekers moet gebruik.

Jesus beroep hom op die profeet Jesaja (56:7) dat die tempel 'n huis van gebed vir al die volke moet wees en Hy beskuldig die Jode

met die woorde van Jeremia (7.11) dat hulle van die tempel 'n rowerspelonk maak. Jesus begin dan om — met of sonder die hulp van die Twaalf, dit word ons nie gesê nie — om die tempel skoon te maak van al die handeldrywers. Die handel beteken groot winste vir die handelaars, maar ook vir die priesters en die tempel. Daarom begin die skrifgeleerdes en owerpriesters vir die soveelste keer planne beraam om Jesus dood te maak. Hierdie keer sou hulle slaag omdat hulle so woedend is dat hulle dit gaan waag om die onguns van die skare op hulle te kry.

Hulle woede berus egter nie net op die feit dat hulle verliese ly deur Jesus se optrede nie. Hulle eerste rede is godsdienstig. Hulle kon nie anders as om raak te sien wat gebeur nie: Die Jesus wat die tempel reinig, tree op met gesag. Hy wat in die oë van die tempelwet niks meer as 'n gewone Jood is nie, kom eers die tempel bekyk asof Hy reg en gesag daartoe het. Daarna reinig Hy die tempel met eweveel gesag. Die Jesus wat hier optree, is die Christus-Koning. Sy optrede wys nie net Sy Goddelike gesag nie, maar Sy optrede is uitdrukking van wat Esegiël (hoofstukke 40-48) profeteer, naamlik dat in die Messiaanse tyd 'n vernuwing van die tempel sal geskied. Die Messiaanse tyd het aangebreek — dit is nou waar Jesus die tempel reinig; maar dit is ook in aantog. Jesus se reiniging van die tempel is op sy beurt weer voorspelling van wat kom: aan die einde van die dae sal alle volke die een ware God aanbid; Sy tempel sal 'n huis van gebed wees waarin elke knie buig en elke tong bely dat Jesus die Christus is, tot eer van God die Vader.

21 Februarie

Lees Mark. 12:1-12. **Teks:** Hele gelese gedeelte.

DIE GELYKENIS VAN DIE LANDBOUERS

Hoe langer Jesus op aarde besig was met Sy werk en Sy leer, hoe duideliker het dit geword dat daar 'n kloof tussen Hom en die godsdienstige leiers van die Jode was — 'n kloof wat met die tyd al wyer en onoorbrugbaarder geword het. Jesus het ook geweet dat die botsing tussen Hom en die Jode op Sy dood sal uitloop.

In die gelykenis wat Jesus hier vertel word hierdie en die uiteinde daarvan uitgebeeld.

Jesus sluit aan by die eerste verse van Jes. 5, waar Israel beskryf word as die wingerd van die Here: 'n Man het vir hom 'n wingerd geplant en die wingerd pragtig toegerus met 'n wagtoring, omheining, 'n parskuip en wat daar nodig was. So het God Sy wingerd, die volk Israel, geplant en toegerus met wat hulle nodig gehad het: hulle het die Woord van God ontvang, asook die Wet en alles wat hulle nodig gehad het om 'n Godvrugtige lewe te lei.

Die baas van die wingerd gaan op reis en verhuur sy wingerd. God laat Sy volk regeer en lei deur die een Godsman na die ander. Maar wat doen die volk met hulle? Die een na die ander word mishandel en selfs vermoor.

Die baas van die wingerd gee nie moed op nie. God bly getrou aan Sy volk. Sy genade en barmhartigheid het geen einde nie. Daarom stuur Hy uiteindelik Sy Seun, Sy enigste en geliefde. Maar — en daarmee sê Jesus aan die Jode dat Hy weet wat hulle met Hom gaan doen — die landbouers ontsien ook nie die Seun nie en maak Hom dood en werp Hom uit die wingerd en laat Hom onbegrawe lê.

„Wat sal die eienaar van die wingerd dan doen?" vra Jesus. Sal God Sy plan van redding nou laat vaar? Sal God maar aanhou om genadig te wees?

Die antwoord op die vraag word direk gegee in Mat. 21:43: „Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra."

Wie is die mens dat Hy die raadsplan van God probeer weerstaan?

Johannes die Doper het reeds aan die volk gesê dat hulle vrugte moet dra wat by die bekering pas; want hulle kan hulle nie daarop roem dat hulle kinders van Abraham is nie, omdat God mag het om uit die klippe kinders vir Abraham op te wek. Jesus het op verskillende kere die oordeel oor Jerusalem uitgespreek, maar hier spreek Hy die verskriklikste oordeel van almal oor die volk Israel uit: God sal Sy raadsplan nie laat keer nie; God sal Sy koninkryk onder ander volke stig; ander sal Sy barmhartigheid ontvang.

So het dit gebeur. So het ons en ons vadere deel geword van die kerk van Christus. Maar laat ons onthou: God is van geen mens afhanklik nie en God staan onder geen verpligting nie. Wat eenmaal gebeur het, kan weer gebeur. Dra dan vrugte wat by die bekering pas!

22 Februarie

Lees Mark. 12:18-27. **Teks:** Mark. 12:27.

DIE OPSTANDING

In die tyd van Jesus was die Fariseërs die belangrikste godsdienstige groep. Die tweede belangrikste was die Sadduseërs. Die twee groepe het met mekaar verskil hoofsaaklik daarin dat die Sadduseërs die bestaan van die engele en ook die opstanding van die dooies verwerp het, terwyl die Fariseërs dit aanvaar het. Ons moet egter nie dink dat die Fariseërs dieselfde as ons onder die opstanding verstaan het nie. Hulle het aan die opstanding allerhande fantastiese spekulasies verbind. So het hulle gereken dat die natuur in die volgende aeoon uiters vrugbaar sou wees, dat die Israelitiese vroue elke dag sou baar en elke man seshonderdduisend seuns sou hê.

Die Sadduseërs kom nou met 'n denkbeeldige voorbeeld om die belaglikheid van die gedagte van die opstanding te toon. Daarmee wil hulle Jesus tot 'n twisgesprek uitlok.

Jesus se antwoord lê hulle die swye op. Jesus verklaar dat die opstanding wel bestaan, maar die rede hiervoor is geen ydele spekulasies en kamtige bewyse wat daarvoor aangevoer kan word nie. Ons moet die opstanding aanvaar, omdat die Skrifte daarvan getuig en omdat God die God van Abraham, Isak en Jacob is en God is nie die God van dooies nie maar van lewendes. Met ander woorde die geloof in die opstanding berus in die almag van God; die dood is nie sterker as God nie; die dood is die vyand van God en God is magtiger as Sy vyande.

Maar Jesus wys ook die Fariseërs af. Die opstanding sal plaasvind (soos die Fariseërs glo), maar die ydele spekulasies van die Fariseërs oor hoe dit dan sal wees, is dwaling. In die opstanding sal ons soos engele in die hemel wees. Daarmee ontken Jesus nie die bestaan van man of vrou of huwelik in die hiernamaals nie, maar dui Hy vir ons aan dat daardie lewe iets totaal anders sal wees as hierdie aardse lewe — só anders dat ons dit met ons aardse voorstellinge nie kan benader nie.

Ook in ons dae is die dood en die lewe daarna die terrein van die wildste spekulasies. Ons kry dit veral onder die sektes, maar ook onder ons kerkmense. Elkeen verkondig sy wilde fantasieë met 'n stelligheid asof hy presies weet hoe dit sal wees.

Laat ons ter harte neem wat Jesus ons leer: Hy wat in Jesus glo, is verlos uit die dood en die einde van die verloste mens is nie die graf en die dood nie, maar die ewige lewe by God. Eenmaal sal ons opstaan uit die dood; die verganklike sal met onverganklikheid beklee word en die sterflike met onsterflikheid en die dood word verslind in die oorwinning (1 Kor. 15). Wat wil die gelowige meer hê? Moet ons met ons sondige menslike voorstellinge probeer indring in dinge waarvan geen mens 'n beeld kan vorm nie?

23 Februarie
Lees Mark. 13:1-13. **Teks:** Hele gelese gedeelte.

DIE BEGIN VAN DIE EINDE

Na aanleiding van 'n opmerking van een van die dissipels oor die prag van die tempel, spreek Jesus weer eens die oordeel oor Jerusalem en die tempel uit. Op grond hiervan gaan die dissipels later na Jesus toe en vra Hom wanneer en hoedanig die eindtyd sal wees.

Die beeld wat Jesus skilder van die begin van die smarte is voorwaar skrikwekkend. Dit is nie net 'n ramp wat oor Jerusalem en die tempel sal kom nie, maar werklik wêreldwyd sal wees. Daar sal oorloë en gerugte van oorloë wees en aarbewings sal hulle verwoesting saai. Ook sal daar hongersnood op baie plekke wees.

Op sedelike gebied sal die grootste verval heers. Die eerbied en liefde tussen ouers en kinders en tussen broers onder mekaar sal verdwyn, ja selfs tot so 'n mate dat hulle mekaar sal vermoor.

Op godsdienstige gebied sal ewe groot verwarring heers. Daar sal mense opstaan wat hulleself as Christus aanbied. Dit moet ons verstaan as allerlei pogings om 'n ander verlosser of verlossingsleer in die plek van die een ware Verlosser te plaas — 'n verskynsel wat in ons dae volop is: baie mense soek na vrede van die gemoed en 'n verlossing uit die ellende van menslike bestaan en bied ook so 'n verlossing aan, maar nie een soek dit by die ware Verlosser nie.

Maar die hoofsaak bly tog vir Jesus Sy gemeente op aarde. Ook hulle sal ly. Hulle sal vervolg word, voor die hof gedaag word en oorgelewer word om 'n martelaarsdood te sterwe. Onder al hierdie dinge deur klink die vermaninge en beloftes van Jesus: Moenie julle bekommer oor wat julle sal sê of doen nie; God het julle nie vergeet nie en Hy sal deur Sy Heilige Gees julle lei om te sê wat nodig en reg is. Bo alles: staan vas, wees waaksaam, wees nugter in julle geloof in die enigste ware God en Verlosser, volhard tot die einde toe. Dit is onvermydelik dat die gemeente sal ly en ook sal skade ly, maar die wat volhard, sal gered word.

Wat die tydstip van hierdie gebeurtenisse betref, gee Jesus eintlik geen aanduiding nie. Hy skets meer die toestande van die laaste dae. Die sterkste aanduiding wat Hy gee, is dat die Evangelie eers aan al die nasies verkondig moet word (vs. 10). Dit is die opdrag wat Hy aan Sy dissipels op aarde gee op verskillende plekke in die Nuwe Testament. In hierdie opsig is dit die taak van die Kerk om juis daardie eindtyd te verhaas. Want ten spyte van die verdrukking van die eindtyd, is dit tog vir die gelowige die finale verlossing uit die sondigheid van hierdie wêreld, sodat die gelowige steeds bid: „Ja, kom Here Jesus, kom gou!"

24 Februarie
Lees Mark. 13:14-32. **Teks:** Hele gelese gedeelte.

DIE EINDE

Jesus knoop aan by Dan. 9:27, 11:31, 12:11 om die „gruwel van verwoesting" te beskrywe.

Wanneer hierdie gruwel van verwoesting aanbreek, sal dit skielik en gewelddadig kom. Daar sal nie tyd wees om eers van die dak af te kom om klere of proviand in die huis bymekaar te maak nie; daar sal nie tyd wees om op die ploegland om te draai om eers jou kleed te gaan haal nie. Vlug, vlug dadelik na die eensame skuilplekke van die berge. En wee diegene wat in hulle vlug belemmer word, soos die vroue wat swanger is of wat soog — Al hierdie dinge wek by ons die indruk van uiterste haas, soos wanneer mense voor 'n verwoestende inval van vyandige soldate moet vlug.

Maar dit is nie net dinge op menslike vlak wat sal gebeur nie. Net soos die sonde betekenis vir die ganse skepping gehad het toe dit in die skepping ingedring het, net soos die dood van Christus die

son laat verduister het en die aarde laat bewe het, net so sal die laaste gebeurtenisse vir die hele skepping betekenis hê: nie net die aarde sal skud soos in die begin nie, maar selfs die son en die maan se glans sal verdwyn, die sterre sal val — ja, die hemele self sal geskud word en tuimel.

En weer sal hulle daar wees wat probeer om die gelowiges te verlei — hulle wat rondloop en vertel: Hier is die Christus! Dit is hulle wat die gemeente van die Here probeer afbreek deur te vertel dat die Kerk van die Here nie meer die ware Christus het nie, maar dat Hy by allerlei groepies en sektes te vinde is.

Maar onder al hierdie dinge deur waak God oor Sy kinders. Net soos God in Sodom en Gomorra aan Lot en sy gesin gedink het, net so sal God in hierdie laaste benoudheid dink aan Sy kinders en die smarte verkort. Maar van die kant van die gelowiges moet ons besef dat ons gewaarsku is en ons moet op ons hoede wees. Veral moet ons waak dat ons nie deur die valse leraars en valse christusse verlei word nie. Want die magte van die bose kan die liggaam verwoes, maar hierdie valse profete en christusse verwoes ons geloof en vernietig ons ewige saligheid.

Al hierdie dinge is egter maar voorspel vir die groot gebeurtenis: Die Seun van die mens verskyn in groot krag en heerlikheid. En wanneer Hy verskyn, is die groot smart verby. Hy stuur Sy engele na die uiteindes van die aarde om Sy kinders te versamel sodat hulle by Hom kan wees.

En wanneer sal dit gebeur? Dit weet niemand nie — selfs die engele en die Seun Self weet dit nie; dit weet die Vader alleen (vs. 32). Maar ons is gewaarsku. Laat ons dan waak, sodat ons nie aan die slaap gevang word nie.

25 Februarie

Lees Esegiël 2:1-8. **Teks:** Esegiël 2:3.

ROEPING VAN 'N ONHEILSPROFEET

God wat in heerlikheid en in 'n beangstigende gesig voor Esegiël verskyn roep die klein verskrikte mensekind tot Sy diens. Hy moet na die kinders van Israel gaan, na daardie mense wat saam met Esegiël in ballingskap verkeer en deur God bestempel word as opstandige nasie.

Deur hulle opstandigheid teen God het hulle in ballingskap beland, want opstandigheid en oortreding het 'n volksbesit by hulle geword. So is hulle en so was ook hulle vaders. Selfs die ballingskap het hulle opstandigheid nie gebreek nie, want hulle het oortree „tot hierdie selfde dag toe."

God sal egter hierdie opstandige en wederstrewige huis van Israel breek en daarom stuur hy Esegiël met onheilsprofesieë na hulle toe. Hulle verdien in werklikheid geen waarskuwing nie, want hulle is glad nie van plan om daarna te luister nie. Tog moet die profeet na hulle gaan en tot hulle spreek, want hulle moet erken „dat daar 'n profeet in hulle midde was". Hulle sal moet weet dat God hulle wederstrewigheid nie ongestraf laat staan nie, maar met hulle in grimmigheid in die gerig sal tree.

In die volgende hoofstukke van die profesieë van Esegiël sal ons hierdie brandende goddelike toorn teen die sonde beluister, maar terwyl dit vandag die eerste dag van die lydensweke is, besef ons nog meer die grootheid van Gods toorn, wat die sonde van die mens uiteindelik in Sy eie Seun Jesus Christus met die kruisdood gestraf het.

26 Februarie
Lees Esegiël 2:8-3:10. **Teks:** Esegiël 3:1.

VERVUL MET GODS WOORD

Om profeet te wees in die midde van 'n wederstrewige volk is 'n moeilike saak. Want in werklikheid wil daardie volk Gods woord nie hoor nie en wanneer hulle voorgee dat hulle nog 'n hoop het is dit 'n hoop van eie maaksel. Hulle hoop is nie op die Here nie, maar op Jerusalem gevestig, wat hulle onoorwinlik ag.

Daarom is dit noodsaaklik dat die profeet geheel en al vervul word met die Goddelike boodskap, sodat die denkwyse van sy wederstrewige volk hom nie beïnvloed nie. Hy mag slegs na God luister en die woord wat hy van God verneem moet hy tot sy eie maak soos die liggaam die voedsel.

In 'n visioen sien hy dat God Sy woord in die vorm van 'n boekrol aan hom oorhandig en beveel: „eet hierdie rol op en gaan spreek met die huis van Israel".

Esegiël mag nie met sy eie oordeel of insigte na sy volk gaan nie, want dan is die versoeking groot dat hy sal spreek na die mond van Jerusalem en sal hy homself ook skuldig maak aan wederstrewigheid. Eers nadat die woord van God hom geheel en al vervul het sal hy sy taak as profeet kan vervul.

Menige mens wil net hier en daar proe aan Gods woord en na sy eie smaak 'n keuse maak. Esegiël moet die hele rol opeet. 'n Rol wat binne en buite beskryf was, die volle goddelike openbaring. En al is dit vol klaagliedere, gesug en wee, al begin dit met onheilsprofesieë, vir Esegiël proe dit soet, want dit is Gods woord wat kom uit goddelike besorgdheid en liefde. Bitter sal dit egter vir hulle wees wat die goddelike verbittering teen die sonde en afvalligheid nie wil sluk nie, maar hulle deur aardse soetheid laat mislei.

27 Februarie
Lees Esegiël 3:16-21. **Teks:** Esegiël 3:17.

WAGTER OOR ISRAEL

Esegiël het die goddelike boodskap tot hom geneem en nou kan sy werk begin. Wat eintlik sy taak sal wees word in ons teksvers vir hom vertel: „Ek het jou as wag vir die huis van Israel aangestel".

Die volk is deur hulle sondes in die slaap gesus. Hulle hoor nie wat God sê en sien nie wat Hy doen nie. En daarom besef hulle ook nie die gevaar wat hulle bedreig nie. Hulle het 'n wagter nodig, een wie se ore en oë wyd oopstaan, wat waaksaam oplet en opmerk wat die werklike situasie is. Hierdie wag moet egter nie net goed hoor, sien en opmerk nie, maar ook spreek en waarsku. Want hy is nie 'n soort waarnemer van gebeurlikhede nie, maar 'n deur God aangestelde wag vir die huis van Israel.

Dat God so 'n wag aanstel is 'n groot genade, want daardeur wil Hy die goddelose en verdwaalde waarsku en tot bekering roep.

Om die rede het die wagter 'n swaar en verantwoordelike taak. Die woord wat hy van God verneem dra die enigste moontlikheid van die bekering van sondaars. Daarom word hy self gewaarsku dat hy, indien hy nie spreek nie, verantwoordelik gehou sal word vir die ondergang van die goddelose.

God lê swaar en verantwoordelike take op die skouer van sy geroepenes, want Hy wil die wêreld red van die ondergang. Esegiël het dikwels verskrik en verstom voor Hom gestaan. En tog was die profeet se taak nie die moeilikste nie. Die swaarste taak het God vir Sy eie Seun gegee om inderdaad te boet vir die sonde van al die goddelose geslagte en vir hulle nie slegs 'n wag te wees nie, maar verlossing, heil en saligheid.

28 Februarie

Lees Esegiël 6. **Teks:** Esegiël 6:14.

GOD IS DIE HERE

„En julle sal weet dat Ek die Here is" — hierdie sinsnede kom meermale in Esegiël voor. Met die herhaling van hierdie woorde eindig ook hierdie sesde hoofstuk.

Het Israel dan nie geweet dat God die Here is nie? Bowe twyfel wel, dit was immers hulle wat bely het: „die Here ons God is 'n enige Here." In die midde van veelgodendom was dit juis hulle wat goed geweet het dat daar geen God buiten die Here was nie.

Hulle het daardie God geken uit die wet wat Hy hulle gegee het, uit die magtige dade van redding uit Egipteland en uit die hand van talle vyande.

Dit alles het hulle egter vergeet en in hulle hart wou hulle nie weet dat God die Here is nie. Dit was makliker en aantrekliker om aan ander vreemde gode hulle hulde te bring.

Maar nou sal hulle weet dat God die Here is. Nou nie meer met Sy liefde, redding en genade nie, maar uit Sy strafgerigte. Hulle sal ervaar dat geen mag hulle uit die straffende hande van die Here sal red nie. Dan sal hulle weet — maar te laat — dat God die Here is.

Dit is 'n huiweringwekkende moontlikheid waarvan Gods woord hier spreek. Vir hulle wat die getuienis van Gods liefde en genade in die wind slaan sal God deur die uitgiet van Sy toorn en strafgerigte toon wie Hy is. En wanneer Hy dit doen in 'n finale oordeel, is bekering te laat.

Israel word gewaarsku, deur die wagter wat God self oor die huis van Israel aangestel het. Om daardeur te toon dat die lot van Israel Hom nie onverskillig laat nie, maar dat God wat die Here is, bewoë voel oor die gevare waarin hulle verkeer.

29 Februarie

Lees Esegiel 12:21-28. **Teks:** Esegiel 12:22-23.

DIE DAE IS NABY

'n Profesie word dikwels begelei deur 'n valse profesie en daar is altyd mense wat die woord van God probeer kragteloos maak.

So was dit ook in die dae van Esegiel. „Die dae gaan voort en van al die gesigte kom niks nie." So het die mense begin praat om die oordeel van God wat aangekondig was te probeer vergeet. As jy die profesie regtig glo en die oordeel verwag, sal jy jou in stof en as moet bekeer, maar as jy jouself wys kan maak dat dit tog nie sal gebeur nie, kan jy maar aangaan op die ou pad. Gods toorn mak nie meer indruk op jou nie, dit gaan die een oor in en die ander een uit. Naderhand sal jy ook daarmee spot en sê: „Waar is die belofte van Sy wederkoms? Want vandat die vaders ontslaap het bly alles soos dit was van die begin van die skepping af." (II Petr. 3:4).

En nou moet Esegiel namens God 'n antwoord gee op hierdie spotterny. „Die dae is naby," sê hy, „en dan sal elke woord vervul word dat God gespreek het en Hy sal dit ook doen."

Nog 'n ander tipiese menslike reaksie word hier blootgelê: die waarheid van die profesie word nie betwyfel nie, maar maklikheidshalwe word die opinie gehuldig dat dit vir iemand anders bedoel word, nie vir die mens van die teenswoordige tyd nie, maar vir die toekoms.

Ook hierdie soort ontvlugting word veroordeel, want Gods Woord spreek altyd vir *hier en nou.* Dit wys vir elke mens soos die vinger van Natan: U is die man.

So moet ons ook die profesieë van Esegiel oordink. Want dit spreek nie net oor Gods toorn ten opsigte van die Jode van sy

tyd nie, maar toon Gods toorn teen die sonde van almal, ook teen ons sonde.

1 Maart
Lees Esegiël 8. **Teks:** Esegiël 8:12.

OORDEEL OOR DIE LEIERS

In hierdie hoofstuk word die profeet deur Gods Gees na Jerusalem verplaas en daar word aan hom die ware toestand van die oudstes van Israel getoon. Terwyl hierdie manne die taak en roeping gehad het om die volk te lei en deur hulle voorbeeld en ervaring te regeer, het hulle self afvallig geword. Natuurlik nie in die openbaar nie. Hulle wou hulle ereposisie as oudstes van Israel behou. Maar in die geheim, in die duisternis, in die binnekamer aanbid hulle nie meer die ware God nie, maar afgode. Geen wonder nie, want hulle hoop was steeds meer op die wêreldmagte gevestig as op die lewende God en nou het die afgode van daardie wêreldmagte die plek van die God van Israel ingeneem.

Ja, die verderf het sover gegaan dat selfs by die ingang van die tempel vreemde gode vereer word. Daarom word in die volgende hoofstuk die oordeel oor Jerusalem aangekondig en die oordeel begin by die heiligdom. Want dit is die priesters en die oudstes van Israel wat die grootste skuld dra.

Gods toorn word nie allereers teen die onkundige en ongelowige heidene gerig nie, maar teen daardie ontroues wat Sy Naam wél geken het, wat hulle Gods volk genoem het, maar desondanks hulle vertroue op afgode gestel het.

2 Maart
Lees Esegiël 11. **Teks:** Esegiël 11-17.

BELOFTE

In die midde van die onheilsprofesieë wat van die gloeiende toorn van God getuig staan plotseling 'n belofte. Nie om die aangekondigde oordeel kragteloos te maak nie, want die oordeel kom oor Jerusalem. Ook die ballinge sal in ballingskap moet bly en hulle bittere lot dra.

Maar hulle het nie opgehou om Gods volk te wees nie. En al is hulle ver van Jerusalem en die tempel — die heilige stad is nie vir altyd vir hulle verlore nie. Die trotse inwoners van Jerusalem moet nie dink dat hulle nou die wettige erfgemane van die land is nie, want God sal juis uit die bannelinge, die verstrooides, die besitloses 'n nuwe volk versamel en aan hulle die land Israel gee.

Hierdie belofte moet die bannelinge laat besef dat Gods strafgerigte nie die volk van Israel met wortel en tak wil uitroei nie en dat die wâre nageslag van Abraham die beloofde land weer in besit sal neem.

Dit kan egter alleen na 'n innerlike vernuwing. En daarom word hierdie belofte deur 'n ander vergesel, nl. van 'n nuwe hart en gees wat God self aan hulle sal skenk.

Vir hulle wat hulle versteende en wederstrewige hart wil behou wag slegs die oordeel, maar hulle wat die nuwe, wat deur God gegee word, aanvaar, sal 'n nuwe volk Gods word en ervaar dat God wat mag het om te vernietig en uit te delg, ook mag het om uit die verstrooide vernederde bannelinge sonder land en tempel weer die land van Israel tot stand te bring.

3 Maart
Lees Esegiël 13:1-16. **Teks:** Esegiël 13:2.

DIE GEPLEISTERDE MUUR

Hulle wat geroep is om vir Christus te getuig, kom dikwels in die versoeking om uit hulle eie hart te spreek, om hulle eie gees

te volg en om te getuig dat hulle dinge gesien het wat hulle nie gesien het nie. Ons is geneig om te sê: „Die Here sê, terwyl die Here dit nooit gesê het nie. Hierdie soort getuienis is altyd daarop uit om skuldige gewetens te sus met die valse versekering dat daar vrede is. 'n Mens kan gou sien wanneer iemand getuig vanuit die ydelheid van sy eie hart: hy bemantel die sonde.

Die Skrif sê, wanneer daar so getuig word, dat die muur met loskalk gepleister word en die gewrigte met bande voorsien word vir 'n paar hande vol gars en vir 'n paar stukke brood. Die pleister gee die muur 'n sterk voorkoms, maar dit kan die muur nie red as die oordeel van God soos 'n oorstromende stortreën kom nie. Die bande mag die vlees beskerm sodat dit nie skaaf nie, maar dit kan nie die aanslae van die gebreekte wet afweer nie. Ons moet daarvoor waak, dat ons nie aan mense 'n permit gee om te sondig deur ons ligsinnige opvatting van sonde en die oordeel van God nie. God wou eerder as om die sonde ongestraf te laat bly, dat dit aan Sy Seun Jesus Christus gestraf word. Dit is geweldig!

Pasop dat die lot van die loskalk nie ook ons lot word nie: „Weg is die muur! En weg is hulle wat dit gepleister het."

4 Maart

Lees Esegiël 14:12-23. **Teks:** Esegiël 14:22b.

ONS VERTROOSTING

Die sonde van Jerusalem was so verfoeilik dat God besluit het om sy „vier kwaai gerigte" gelyktydig oor hulle uit te stort. Elkeen van die gerigte was so vreeslik, dat Noag, Daniel en Job, indien hulle nog sou leef, net daarin sou slaag om hulle eie siele te red. Wat sal dan gebeur indien die Here alvier die gerigte gelyktydig stuur? Maar, sê die Here, hulle sal julle troos, en julle sal weet dat Ek nie tevergeefs alles gedoen het wat Ek daarin gedoen het nie, (vers 23). Julle sal getroos word wanneer julle 'n oorblyfsel van seuns en dogters sien wat uit hierdie gerigte verlos is.

Hierdie woorde van die Here moet deur ons ernstig oordink word. Hulle bevat die werklike wese van God se gedagtes in sy handelinge met ons ook in hierdie tyd. „Julle sal weet dat Ek nie tevergeefs alles gedoen het wat Ek gedoen het nie." Daar is so baie dinge wat ons teen die grond wil slaan waarvan ons die doel nie weet nie. Indien ons egter die doel geken het, so goed as wat ons dit nog eendag sal ken, sal ons geen moeite hê om die Here se handelinge met ons in ooreenstemming te bring met sy wonderbare liefde nie.

Eendag sal ons getroos word! Getroos oor die doel van God in ons smart en beproewing! Getroos oor sy handelinge met hulle wat vir ons dierbaar is! Getroos aangaande die Here se bestuur van die heelal waarvan ons aarde 'n deeltjie is. Ons sal dan weet dat daar 'n rede en doel was in die kastyding. Ons sal dan erken dat die Here in sy grote wysheid reg gedoen het.

Maar watter lot of droefheid ons ookal hier mag tref, ons grootste troos lê daarin, dat daar vir ons heil is in Jesus wonde. As Hy om my so 'n bittere weg moes gaan, wie is ek dan om teen God op te staan?

5 Maart

Lees Esegiël 15:1-8. **Teks:** Esegiël 15:2a.

DIE NUTTELOSE HOUT

Waarvoor is die wingerdstok goed? Kan dit vergelyk word met ander bome van die bos? Maak die mense stoele, tafels en dakke van huise daarvan? Nee — hulle sal nie eers van die wingerdstok 'n pen

maak om „allerhande goed aan op te hang" nie. Ja — nie eers 'n kruis nie. Beter hout moes gebruik word om die „Ware Wynstok" aan op te hang. Die wingerdstok het net een waarde — om vrugte te dra. Indien dit nie daarin slaag nie, kan dit maar net so goed in die vuur gegooi word. Dan is dit nog meer waardeloos; en as ons dan die gebrande stukke bymekaar maak, ontdek ons dat dit skaars die moeite werd is.

So is dit ook met gelowiges! Net soos ou Israel is hulle die wingerd van die Here; in Christus geskep om vrug te dra. Die verlossing en saligheid in Jesus wil dat die gelowiges vrugte sal dra; en indien hulle daarin misluk, nadat hulle gesnoei is en bewerk is, word hulle weggesmyt as waardeloos en van geen nut nie; en hulle sal vergader word en verbrand word. Sout wat smaakloos geword het deug vir niks: vruglose wingerdlote het absoluut geen waarde nie: belydendes wat geen vrug dra nie, is nog nutteloser as waardeloos — hulle maak net die grond onvrugbaar waar hulle staan. Laat ons in Christus, die Ware Wynstok, bly, sodat Hy vrug deur ons kan dra. Laat ons ons gewilliglik onderwerp aan al die snoei en kastyding wat die Here mag behaag om in ons lewens te stuur sodat ons meer vrug kan voortbring. Laat ons egter ook onthou: vrugdra beteken nie altyd aktiwiteit nie, maar dit is die dra van die vrugte van die Gees wat blyk uit ons gemoedsgesteldheid en gesindheid.

Hoe hulpeloos en nutteloos is ons tog nie buite Christus nie! Laat ons voortdurend onthou wanneer ons wil toegee aan ydelheid, verbeelding, selfgenoegsaamheid, selftevredenheid ens., dat ons maar net wingerdlote is met geen eie waarde in ons self nie, en dat ons alleen waarde het wanneer die sap van die Ware Wynstok in ons oorgaan.

„Wat het jy wat jy nie ontvang het nie?" I Kor. 4:7.

6 Maart

Lees Esegiël 16:8-14. **Teks:** Esegiël 16:14b.

VOLMAAKTE SKOONHEID

Hierdie hoofstuk is ryk aan geestelike betekenis vir onsself! Ook ons is van nature gebore in die land van die Kanaäniete — ons is nasate van Adam en Eva. Daar was geen skoonheid in ons natuur nie, maar alles wat verfoeiing by die Heilige God kon opwek. Indien ons dan gewas en geklee word, versier met goud en silwer, beklee met fyn linne, sy en veelkleurige stowwe; indien ons fynmeel en heuning en olie eet; en skoon is en koninklike waardigheid bereik, is dit alles uit genade — uit die oorvloedige en ewige genade van God. In al hierdie dinge is daar niks waarin ons met onsself kan spog nie. Van Godsweë is ons in Christus Jesus, deur Wie ons is wat ons is. Ons is volmaak alleen deur die skoonheid wat Hy oor ons gebring het. Hy is ontklee, sodat ons oorklee mag word. Hy het sonde vir ons geword, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.

Ons mag met alle vrymoedigheid glo dat dit so is. In Christus word ons meer as verdra; Hy het ons lief. Ons is meer as vergewe; ons word beklee met skoon klere en die Koning van alle Konings het behae in ons. In Sy oë, omdat Sy skoonheid op ons rus, is ons volmaak. Die welbehae wat die Vader in die Seun het, het Hy ook in ons wat in Christus is. Ons mag diep bewus wees van ons sondigheid, maar Christus het dit weggedra. As gelowiges hoef ons nie daarvoor terug te deins om onsself onder die heiliges te reken nie, omdat ons aangeneem is in die Geliefde Seun en geklee is met wit klere.

Maar laat ons die dinge nie as vanselfsprekend aanvaar nie. Ons het niks in onsself nie. Wanneer ons begin om in ons eie goedheid te roem, of aan onsself 'n spesiale plek toesê weens ons meerder-

waardigheid, of reken dat ons onafhanklik kan wees van die Een wat ons liefhet — laat ons dan onthou wat ons is!

7 Maart

Lees Esegiël 17:11-24. **Teks:** Esegiël 17:23b.

DIE HEERLIKE SEDER

Die seder is 'n koninklike boom. Dit groei 6,000 voet bokant seespieël. Hierdie bome kan geweldig oud word, tot 3,500 jaar. Wat 'n geweldige kontras is daar dus nie tussen die hoë, breë, diepgewortelde boom en die klein voëltjies wat hulle neste in sy takke maak nie.

Die profesie in ons teks is in Christus vervul en alle soorte mense soek in Hom rus, soos voëls van allerhande vere. Jonk en oud, ryk en arm; mense wat hoog vlieg soos die arend, en kwaai soos die raaf, sagmoedig soos 'n duif. Die jonges wat nog leer om te vlieg; die oues, moeg en afgemat en eensaam; hulle wat al die gebooie onderhou het van hulle jeug af en hulle wat al die gebooie oortree het.

Dit maak nie saak met watter vere ons na Jesus kom nie, solank ons maar net kom. Die ou gesegde lui: Aan die vere word die voël geken. Elke voël het sy eie veredos — elke mens het sy eie geaardheid. Die een is koorsagtig; lusteloos en slaapsugtig is die ander; die een is heftig en die ander stadig; humeurig en gelykmoedig; opstandig en tevrede. Christus ken egter die diepte van ons harte en begryp ons as ons nog van veraf aankom. Hy is nie toornig op die duif wat nie weerstand teen die storm het of die son in die oog het soos die arend nie. Hy verwag nie die stadige vlug van die seemeeu, van die spreeu nie; Hy verwag ook nie dat die mossie soos die kanarie moet sing nie.

Moenie ander mense probeer na-aap nie. Wees jouself! Moenie dink dat jy nutteloos is omdat jy nie kan doen wat ander kan doen nie. Leer om tevrede te wees en dan ook om oorvloedig te wees. Rus in Christus. Op Golgotha het die dorre kruis vir ons 'n boom van lewe geword. Vlieg dan uit die storm en maak 'n woonplek in die takke van hierdie Boom.

8 Maart

Lees Esegiël 21:19-32. **Teks:** Esegiël 21:27b.

PUINHOPE

Hierdie profesie is gerig teen Sedekia en Jerusalem; dit voorspel die aantog van Nebukadnesar. Hy beplan 'n aanval teen hulle en teen Ammon. Die koning van Juda mag enigiets probeer deur sy eie verstand en mag — die Here sal dit in 'n puinhoop omkeer. Daar was niks wat sou standhou nie, hoe sorgvuldig dit ookal tot stand gebring is, totdat die Messias sou kom wat in geregtigheid sal regeer.

Puinhoop, puinhoop, puinhoop! Ons Koning is voortdurend besig met vernietiging, sodat Hy weer van nuuts af kan opbou. Hy maak puinhope van ons stede sodat Hy hulle van marmer kan bou. Hy verwyder die dinge wat omgekeer kan word, sodat die dinge wat van geen omkeer weet nie, kan bly. Hy het die insettinge van die Ou Verbond omgekeer, en in die plek daarvan het Hy die Nuwe gebring. Dit is die eintlike betekenis van die aardskuddings in ons lewe, sodat ons eie hoë torings in duie mag stort.

Daardie rykdom wat jy met soveel sorg vergader het, is tot 'n puinhoop gemaak omdat dit die weg was waarlangs jy ware rykdom kon verkry. Daardie reputasie wat jy opgebou het van integriteit en selfbeheersing is omgekeer, sodat jy aan jouself kon wanhoop en die voorsiening wat daar vir sondaars is in Jesus Christus, kon

verkry. Daardie vriendskap is omgekeer, sodat jy mag kom tot die liefde van God.

En die Here sal aanhou om puinhope te maak totdat elke hoë ding wat hom teen die Here Jesus verhef, tot 'n puinhoop gemaak is en Christus as die Alleen Hoë erken is.

9 Maart

Lees Esegiël 22:14-22. **Teks:** Esegiël 22:15b.

IN DIE SMELTOOND

Ons word gereinig deur vuur! Vuur veroorsaak pyn! Dit is die simbool van alles waarvoor ons natuur terugdeins. So is beproewing. Dit mag bekommernis wees oor geldelike probleme; of die kroniese humeurigheid van 'n lid van die familie; of 'n toevallige woord; of 'n telegram; of 'n gefluisterde geheim; of bekommernis oor jou gesondheid of wat ookal: jou siel is met vuur gevul — sterk, lewend en verbrandend. Moenie daaroor verwonderd wees nie, want jy kan alleen op die wyse verlos word van jou onreinheid.

Dit is die Here wat dit doen! Netsoos wat die proses daar in die smeltoond die teenwoordigheid van die smelter veronderstel, netso is daar in die beproewing van die gelowige die teenwoordigheid en doel van God. Sonder Hom kan hierdie proses nie aanhou nie. Ons mag daarvan oortuig wees dat Hy in elke siekekamer is waar sy kind is; nader as naby; meer teer as die teerste. Miskien kan jy Hom nie nou sien nie, maar eendag as jy terugkyk op hierdie pad van lyding, sal jy verstaan en erken: "Ek sou dit nooit kon deurlewe as Christus nie met my was nie."

Beproewing is 'n teken van kosbaarheid! Jy sal tog nie 'n gewone klip in die smeltkroes gooi nie, jy sal tog nie kaf dors nie, jy sal ook nie 'n turksvybos snoei nie. Wanneer Christus ons dan aan beproewing onderwerp, doen Hy dit omdat Hy ten spyte van ons onreinheid die skepsel raaksien waarvoor Hy aan die kruis gesterf het, sodat ons wat misvormd geword het, mag word voorwerpe van eer in sy heilige tempel.

10 Maart

Lees Esegiël 25:1-7. **Teks:** Esegiël 25:3-4.

GODSPRAAK TEEN DIE AMMONIETE

In hierdie teks word gesinspeel op die rol wat die Ammoniete gespeel het by die ondergang van Jerusalem en die tempel toe Nebukadnesar se magte opgetrek het. Die Ammoniete het meermale die volk van Israel bespot en die ryk in die laaste stadium van sy selfstandige bestaan bedreig.

Daarom bring die profeet hulle valsheid en trouloosheid aan die lig. Hoewel hulle eers bondgenote teen Nebukadnesar was, en medeskuldig aan Sekedia se opstand, was hulle die eerste wat met sataniese skaterlag hul oor Jerusalem se val, die tempel se verwoesting en die wegvoering van die volk in ballingskap verbly het.

Maar Ammon se straf kom, sê die profeet, want hulle het die God van Israel op één lyn met húlle gode gestel. Hulle het gedink dat Israel se ondergang ook die ondergang van die God van Israel beteken. Die Here sal hulle oorgee aan die „kinders van die Ooste".

Leedvermaak word deur die Skrif baie skerp veroordeel. Die profeet Obadja stel dit so: „En tog moes jy nie met genot die dag van jou broer aanskou het nie, die dag van sy onheil, en jou nie verheug het oor die kinders van Juda op die dag van hulle ondergang nie en nie gespog het op die dag van benoudheid nie! Tog moes jy nie in die poort van my volk gekom het op die dag van hulle nood nie, moes jy ook nie met genot aanskou het sy onheil op die dag van sy nood nie en nie die hand uitgesteek het na sy rykdom op die dag van sy nood nie."

In Christus Jesus is ons die volk van die Here. Terwille van ons ongeregtigheid was die smaad op Hom gewees. Om die kruis van Christus het die smaders gestaan. Hulle het uitgeroep: „As u die Seun van God is, kom af van die kruis!"

Mag ons lewe deur Gods genade vry wees van smaad en leedvermaak!

11 Maart

Lees Esegiël 33:1-9. **Teks:** Esegiël 33:7.

DIE BRANDWAG

Aan die einde van die profesieë teen die heidene, en voor die heilsprofesieë vir Israel begin, herhaal die profeet 'n paar hoofgedagtes uit die eerste deel van sy boek — die oordeelsprofesieë teen Israel. God roep Esegiël om onder sy landsliede rond te gaan en tot hulle te spreek van Gods geregtigheid en genade. Dit sal openbaar word dat afbraak nooit die Here se einddoel met sy volk is nie, maar middel tot hernuwing en opbou. God is 'n genadige God.

Esegiël en sy medeballinge moet diep onder die indruk van sy ontsaglike verantwoordelikheid wees. Esegiël moet herinner word aan wat die Here hom aan die begin van sy profetiese werksaamheid gesê het. Net soos die wagter slegs één ding moet doen: oplet en waarsku, moet ook die profeet luister en waarsku.

God het Esegiël gestel as wagter oor Israel. Die woord wat God spreek moet hy aan sy volk verkondig. Wanneer 'n wagter wat aangestel is om te waarsku teen die dreigende gevaar, die basuin blaas en die volk waarsku het hy sy plig gedoen. Indien iemand die waarskuwing verontagsaam, sal hy self die skuld van sy ondergang dra. Maar as 'n wagter die vyand sien nader en sy volk nie waarsku nie, dan is die wagter verantwoordelik vir elke menselewe wat daardeur verlore gaan.

'n Wagter wat sy plig versuim voer sy volk tot ondergang!

Dit is sekerlik ook 'n woord wat op elke herder en leraar en die „wagters op Sionsmure" van toepassing is. Daar moet voortdurend brandwag gestaan word. Die kudde van Christus, vir wie Hy Sy lewe afgelê het, is 'n kosbare kudde. Die tyd moet uitgekoop word, want die dae is boos! Getrouheid en oplettendheid is 'n vereiste en noodsaaklikheid!

God spreek tot vandag toe deur Sy profete en Woord tot ons. Ons moet in die regte verhouding tot God staan. Wie nie ag gee op die waarskuwing nie, sal sekerlik sterwe. Salig is die volk wat luister na Sy Woord!

12 Maart

Lees Esegiël 33:10-16. **Teks:** Esegiël 10:10.

OPROEP TOT BEKERING

Die ballinge voel die las van hulle sonde so swaar dat hulle voel of hulle onder die druk daarvan wegsink in die dood. Aan die gedagte gee hulle uitdrukking op 'n wyse wat aan Levitikus 26 vers 39 herinner, waar ook sprake is van mense wat wegteer en vergaan in hulle ongeregtigheid: „en die wat onder julle oorgebly het, sal oor hulle ongeregtigheid wegteer in die lande van julle vyande, ja, ook oor die ongeregtighede van hulle vaders saam met hulle wegteer."

Die ballinge glo dat die volk sal ondergaan in die land van ballingskap. Só doen hulle afbreuk aan die onwankelbare trou van die Here. Jerusalem se val en die ballingskap sal egter nie die ondergang van die volk beteken nie. God sal self met die „opbou" van die volk begin. Daartoe moet egter die ondergang van stad en tempel meewerk sodat dit duidelik vir almal kan wees dat die besoldiging

van die sonde die dood is en dat wie wil leef die ongeregtigheid moet laat.

Esegiël moet vir die volk sê: „ . . . Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie, maar daarin dat die goddelose hom bekeer van sy weg en lewe."

Wanneer 'n mens op sy eie vroomheid vertrou en nie meer luister na Gods gebod nie, dan sal al sy vroomheid hom niks baat op die dag van sy ongehoorsaamheid nie, en sy sonde word sy ondergang. Maar dit is ewe waar: wanneer 'n sondaar hom van sy sonde bekeer en Gods gebooie volg, dan sal Hy op die dag van sy bekering nie meer aan sy vroeëre sonde dink nie. Hy ervaar dan dat sy vroeëre goddeloosheid hom nie in die dood stort nie.

Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en groot van goedertierenheid. Hy handel met ons nie na ons sondes en vergeld ons nie na ons ongeregtighede nie!

13 Maart

Lees Esegiël 33:21-31. **Teks:** Esegiël 33:31.

GEEN DADERS VAN DIE WOORD NIE

Esegiël moet weer vryuit tot die volk spreek. Met die krag van woorde bring hy weer die vermaninge van die Here tot sy medeballinge. In die skaduwee van die mure wat die voorhof van die huis omgewe, en by die deure van die huise — die deurgang wat toegang tot die voorhof gee — nooi die een die ander om na die profeet te kom luister. In afwagting van die Godswoord sit hulle voor die profeet. Terwyl vroeër net die oudstes na Esegiël kom luister het, wek hulle nou mekaar op om na hom te kom luister. Die teenstand van vroeër en die louheid van weleer skyn verby te wees. Daarin skuil vir die profeet 'n ernstige gevaar. Dit is daarom dat die Here se woord tot hom kom om hom te wys op die spel wat sy medeballinge met hom bedryf. Hulle weet dat dit 'n woord van die Here is, wat hy tot hulle bring. Maar daar is vir hulle geen erns nie. Hulle luister wel, maar hoor nie. Hulle laat hulle wel bekoor deur die wyse waarop Esegiël hom van sy taak kwyt, maar hulle hart bly ongenaakbaar.

Die ballinge se sonde bestaan daarin dat hulle hul uiterlik vroom gedra en dat hulle taal teenoor die profeet uitermate vriendelik is, maar hul hart is op onregverdige wins uit: op die uitbuiting van hulle volksgenote, waartoe nou, by die nuwe toevloei van bannelinge, baie geleentheid was. Maar hulle sal weldra tot die ontdekking kom dat Esegiël in waarheid 'n profeet was, en dat hulle hul eie vonnis gevel het, toe hulle, onder die skyn van hom te prys, die spot met hom gedryf het en geweier het om na sy vermaning te luister.

God bewaar ons dat ons nie net belangstelling vir die welsprekendheid van die boodskapper sal hê nie, maar wel vir die waarheid van die boodskap. Ons moet daders van die woord wees en nie net hoorders nie. Ons moet ons harte ontsluit vir die vrees van die Here. Dit is die lewe.

14 Maart

Lees Esegiël 34:11-22. **Teks:** Esegiël 34:23-25.

DIE GOEIE HERDER

Die Here verwyt by monde van Esegiël die leidsliede dat hulle slegte herders gewees het. Hulle het ten koste van die kudde geleef. Daarom is die skape verstrooi oor die berge en het die prooi van wilde diere geword. God sal self kom om sy volk bymekaar te bring. Hy sal hulle bevry uit die mag van die volke aan wie hulle oorge-

lewer is. Wie verdwaal is, sal Hy opsoek en die gewondes en swakkes sal verpleeg en versterk word. Daar sal m.a.w. 'n einde aan die ballingskap kom en Israel sal weer in die Heilige Land woon. Dit is 'n belofte wat deur die terugkeer uit ballingskap in 538 en die volgende jare vervul is.

God sal self orde onder die kudde bring. God sê dat Hy Herder vir Sy kudde sal wees. Van tevore het die sterkeres die swakkes opsygedruk; die rykes het die armes onderdruk. Maar as die Here weldra die volk versamel, sal dit nie meer so wees nie. Hy sal Een uit Dawid se geslag koning maak. By Hom sal die armes en geringes hulle toevlug vind. Hy sal die Herder wees wat Sy skape laat wei.

As instrument van die Godsregering sal die Here oor Israel een enkele herder — een ewige koning — aanstel. Sy kneg Dawid sal 'n afstammeling uit die Dawidiese geslag wees wat in die gestalte van 'n dienskneg sal kom, maar wat uit naam van God as vors sal heers.

Dit is een van die duidelikste Messiaanse gedeeltes van die boek, want die Seun van Dawid — Jesus Christus — het as die Goeie Herder gekom en ons ook geleer: „Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape."

Wanneer Esegiël dan dié Godswoord meedeel, verseker hy die volk dat die Here dit so sal beskik dat die volk verder ook geen buitelandse vyande meer hoef te vrees nie (vers 25). Vir ons as lede van die Nuwe Verbond, vir wie die goeie Herder sy lewe afgelê het, verkondig dit dat dood en duiwel geen mag meer het oor die kudde van Christus nie.

15 Maart

Lees Esegiël 35:1-10. **Teks:** Esegiël 35:15a.

WRAAK OOR EDOM

Geeneen van die omwonende volke het hulle in 587 so misdra teen Juda as die Edomiete nie. Onmiddellik na die wegvoering en Gedalja se dood het die Edomiete 'n poging aangewend om hulle van die gebied van die volk van die Here meester te maak.

Wat hier deur die profeet aan Edom verwyt word, is dat hulle 'n bepaalde houding daarop nagehou het toe God met Israel „afrekening" gehou het. Verder het die Edomiete hulle daarin misdra dat hulle hul van 'n gedeelte van die land meester gemaak het. Hierdie vyandskap teen Israel het reeds sedert die dae van Esau bestaan en by die val van Jerusalem het hulle hulle teen die Joodse vlugtelinge gekeer. Daarom kan daar van die herstel van Israel nie sprake wees voordat Edom ook die straf aangesê word nie.

Netsoos by die Ammoniete leedvermaak oor die lot van Israel teenwoordig was, so het Edom hom verheug oor die lot wat Israel ondergaan het. Maar die strafgerig oor Edom sal Israel God as die getroue en regverdige leer ken.

Edom wou hom in besit van die grondgebied van Juda en Israel stel. Dit was 'n miskenning van die eiendomsreg wat die Here, wat in Sion getroon het, op die land kon laat geld. Edom het gedink dat hy die gebergte van Israel kon opsluk, maar dit was laster teenoor die regmatige eienaar, die Here. Daardeur het Edom hom nie slegs vergryp teen die volk nie, maar aan die Here Self. En as Edom hom van die land meester maak, verdryf hy nie net die volk van die Here nie, maar ook die Here. Want saam met die Edomiete kom ook Edom se gode. Dit alles het die Here „gesien" en „gehoor" en dit dwing Hom om te handel.

So 'n bron van haat, naywer en toorn moet verdwyn. God laat Hom nie bespot nie. Tussen heiligheid en sonde kan geen verband bestaan nie. Só 'n mens, só 'n volk se naam word uitgeroei.

16 Maart

Lees Esegiël 36:16-26. **Teks:** Esegiël 36:22 en 26.

VERNUWING VAN DIE BINNESTE

Die eer van God, nie die verdienste van Israel nie, vereis dat daar 'n einde aan die ballingskap sal kom. God sal Self Sy eer, wat deur Israel se aanwesigheid onder die heidene aangetas is, handhaaf. Die Here sal Sy Naam heilig. Die Naam van die Here is tog ook die openbaringsdade van God waarin Hy die volheid van Sy wese ontvou. Israel kan dus dié dade verwag waarin die Here aan die volke sal laat sien (bevestig) dat Hy God is.

Die volk sal „sien" dat met die wegvoering en die vernietiging van stad en tempel nie ook Gód ondergegaan het nie. Daar sal weer 'n Godsvolk in die Heilige Land wees. Die volk sal deur die Gees van die Here vernuwing van die binneste ondergaan. Die hart van klip sal in 'n hart van vlees verander. Die gesindheid van die hart wat vroeër verhinder het dat nóg die seëninge nóg die strafgerigte enige indruk gemaak het, sal deur Gods genade plek maak vir wat die Here behaag.

Die volk sal hulle skaam vir hulle weë. Met 'n nuwe hart sal die volk geskik wees om weer in die land te woon. Nie langer heers dan die eie wil van die volk in hul hart nie: die Gees van God regeer dan en gee die vermoë om Sy wil te volbring. So word dan eindelik die doel van God se weg met die volk bereik.

In Christus Jesus is die eer van God herstel. Daar het ook aan ons ballingskap in die sonde 'n einde gekom. Ons sal ook deur Gods genade die Nuwe Jerusalem binnegaan. Jesus sterf en laat die troos ons na: ons sonde is vergeef. As iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel. Die begenadigde sondaar moet egter altyd bewus daarvan wees dat eie verdienste uitgesluit is. Dit is Gods Gees wat ons wederbaar en bekwaam maak tot goeie werke.

17 Maart

Lees Esegiël 37:1-10. **Teks:** Esegiël 37:9.

DOOIES WORD LEWENDIG

In hierdie visioen het die Here sy profeet 'n slagveld vol mensebene laat sien. Deur jarelange blootstelling is hulle uitgedor. En nou wil die Here deur die prediking van Sy Woord mense as Sy medearbeiders gebruik in hierdie skynbaar onmoontlike heilswerk wat Hy wil verrig, om weer lewe aan hierdie doodsbeendere te gee. Die beeld dui op die ganse Israel wat daar in Babel soos dooies lê. Hulle is soos 'n dooie nasie, soos 'n hoop verdorde, verbleekte beendere in 'n massagraf. In hierdie verbysterende visioen wat die Here hom laat sien, kry hy opdrag om oor hierdie doodsbeendere te gaan profeteer. Hy moet met hulle in die dal van die dood gaan praat en in hulle gaan blaas sodat hulle weer lewendig kan word. Daar was 'n geruis, 'n beroering, die vlees en die senings en die vel is herstel en hulle het op hulle voete gaan staan, 'n ontsaglike groot leër.

Die apostel Paulus skryf aan die Efesiërs dat hulle ook so dood was deur die misdade en die sondes, maar Christus het hulle weer lewendig gemaak. Aan die Kolossense skryf hy: En julle wat dood was deur die misdade . . . van julle vlees, het Hy saam met Hom lewendig gemaak deurdat Hy julle al die misdade vergeef het. Om dit te bewerkstellig moes die Christus oorgelewer word terwille van ons misdade. Daarvoor is Hy gebore, het Hy gesterwe en smarte gely sodat deur Sy wonder vir ons genesing kon kom. Hy het vir ons op die regte tyd gesterf toe ons nog sondaars was en nou sal die dood nie meer heers nie. Al is daar nog so baie doodsbeendere op hierdie sterwende wêreld, in ons lewe, in ons huise en selfs in die kerk,

weet ons dat elkeen wat in Hom glo sal lewe al het Hy ook gesterwe. Hy is steeds oor die doodsbeendere bekommerd en bewoë en Hy wil dat daarin weer lewe sal kom. Hierna sal daar geen dood meer wees nie. Kyk, Ek maak alles nuut.

18 Maart

Lees Esegiël 37:15-19. **Teks:** Esegiël 37:19.

EEN IN SY HAND

Israel is deur die heidense koning Nebukadnesar verneder en bevind hulle in ballingskap in die vlakte van die Eufraat. Hier is hulle verdruk en moes in verstrooiing dwangarbeid aan dyke en kanale verrig. Hoewel hulle 'n redelik menslike bestaan kon voer, is dit tog 'n sombere tyd in die geskiedenis van die uitverkore volk. In Tel-Abib het die profeet Esegiël onder die verstrooides op die voorgrond getree om die Godswoord aan hulle oor te bring.

„En hulle sal een word in my hand." Dit is wat die Here vir Sy volk wil sê. Hulle, die verstrooides, sal weer een word, die twee koninkryke van Israel en Juda en al die verskillende stamme. Die Here sal die kinders van Israel gaan haal tussen die nasies uit waarheen hulle getrek het en hulle van alle kante bymekaar laat kom en hulle bring in hul land. Die profeet Jesaja het die verskeurdheid van Israel as 'n ramp bestempel en d eiander profete het die hereniging van Israel as 'n vereiste vir die koms van die Koninkryk van Christus gestel.

Hierdie Ou Testamentiese belofte is bewaarheid toe ons Here Jesus Christus gekom het om sy Nuwe Testamentiese gemeente tot een volk onder sy ewige Koningskap te versamel. So wou Hy die kinders van Israel bymekaarmaak soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, maar hulle wou nie. Dit lyk asof Sy koms tevergeefs is. In die gestalte van 'n dienskneg het Hy na hierdie wêreld gekom om te soek en te red wat verlore was. Hulle sal een word in my hand. Die hand avn God is Jesus Christus wat gekom het, wat gely en gesterf het. Sy hande is eenmaal vasgebind asof dit moordenaarshande was. Toe het hulle Hom met skerp spykers deur die hande aan 'n ruwe kruis vasgenael. Die mag van die Bose wou Sy werk stuit en keer, maar juis daar het Hy sy volk versamel in Sy hand. Ons lees dat groot kragte deur Sy hand plaasgevind het, maar die grootste krag van Sy hand, die verlossing en vergewing van sondes, lê daar in die merke van die spykers in Sy hand. Hier het Hy uit die ganse verdorwe menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, vergader. Deur die eeue heen is Hy besig om haar te beskerm, te onderhou en te versamel, tot wanneer ons altyd by die Here in heerlikheid kan wees.

19 Maart

Lees Esegiël 37:20-23. **Teks:** Esegiël 37:23.

EK SAL HULLE REINIG

Esegiël het voortdurend die eer van God maar die sonde van die volk aan hulle verkondig. God handhaaf Sy eer deur die oordele oor Sy volk wat deur ramp en teëspoed tot openbaring kom. Dit is die sonde wat hulle in verstrooiing en in hierdie ballingskap gebring het. Soos Jeremia vermaan Esegiël die volk om hulle tot die Here te bekeer en dan sal daar geestelike en maatskaplike herstel intree. „Dan sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word; van al julle onreinhede en van al julle drekgode sal Ek julle reing. En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in julle binneste gee." Wanneer die profete oproep tot bekering gebruik hulle graag die woorde om „te was" en „te reinig" daarmee saam. „Ek sal hulle reinig". Reeds in Levitikus lees ons dat reinigmaking deur versoening

geskied en dan word hulle rein voor die aangesig van God van al hulle sondes. Hier beloof die Here dat Hy die volk sal reinig.

In die Evangelies lees ons dat Jesus die melaatse manne gereinig het. Petrus deel mee dat die Here die harte van die heidene gereinig het deur die geloof en in die Hebreërbrief lees ons dat byna alles met bloed gereinig word. Johannes skryf in sy brief: „Die bloed van Jesus Christus, sy Seun reinig ons van al ons sondes." Hiervoor het Christus dan ook gekom, om vir ons sondes te ly en soos 'n Lam na die slagplek gelei te word. Aan die kruis het Sy bloed plaasvervangend vir ons gevloei en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom.

Ons moet dankbaar wees, want Hy wil ons ook reinig. Voortdurend moet ons bid: Was ons diep onrein gemoed, was dit rein in Jesus bloed.

20 Maart

Lees Esegiël 37:24-28. **Teks:** Esegiël 37:24.

HULLE SAL ALMAL EEN HERDER HÊ

Die verstrooides in Babilonië was soos skape sonder 'n herder. Dan kan dit nie goed gaan met die skape nie en loop hulle gevaar om deur die wilde dier verskeur te word. 'n Herder wat die skape lei en beskerm is hulle behoud. Esegiël maak egter bekend dat die ballinge almal een herder sal hê. Hierdie herder stel hy teenoor die herders van Israel wat aan hulleself weiding verskaf en nie die skape laat wei nie.

In die gelykenis van die Goeie Herder bied Jesus Homself as die goeie Herder aan. Die goeie Herder lê Sy lewe af vir die skape. Hierdie een Herder is anders as die diewe en die rowers wat kom om die skape te steel en te slag en te verwoes. Hy sal ook nie vlug en die skape laat staan soos die huurling wat niks vir die skape omgee nie. Nee, die goeie Herder gee soveel vir die skape om, dat Hy sy lewe vir hulle afgelê het. Hy soek ook die een wat afgedwaal het en as Hy dit kry bring Hy dit met blydskap terug. Hy wat van ewigheid tot ewigheid God was, het ons Herder geword en Hom so met Sy skape verbind, dat Hyself ook Lam van God geword en die sonde van die wêreld gedra het. Hy is mishandel hoewel Hy onderworpe was en Hy het sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders — ja, Hy het Sy mond nie oopgemaak nie. Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die Here het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom.

Die gemeente van Christus is Sy kudde waarvoor Hy die prys van Sy bloed betaal het, en dit sal wees eén kudde, eén Herder. Ons is Sy skape en ons het almal een Herder. Ons is ook mekaar se hoeders en wanneer Hy as die Opperherder verskyn, sal ons die onverwelklike kroon van heerlikheid ontvang. Intussen moet ons na Sy stem luister en Hom dankbaar volg waarheen Hy ons ookal mag lei. Sonder Hom sal ons verdwaal en sonder Hom sal ons nie kan bestaan nie.

21 Maart

Lees Esegiël 39:20-29. **Teks:** Esegiël 39:29.

SY AANGESIG NIE MEER VERBERG NIE

Die profeet Jesaja het eenmaal verbaas uitgeroep: Waarlik, U is 'n God wat U verborge hou! Die Psalmdigter het gebid: Verberg U aangesig nie vir my nie. Hier maak Esegiël egter bekend aan die volk wat na Babel weggevoer is, dat die Here sy aangesig nie meer vir hulle sal verberg nie. Hierdie ballingskap is nie 'n gevolg van Sy magteloosheid of afwesigheid nie maar 'n bewys van Sy straffende

geregtigheid. In die nabye toekoms sal Hy hulle weer terugbring na die Beloofde Land. Hy het hulle nie vergeet of aan hulle eie lot oorgelaat soos wat baie van hulle vermoed het nie. As hulle Sy gebooie volbring kan daar nie meer verwydering of vervreemding tussen God en Sy volk wees nie. Dit was ongetwyfeld 'n blye verrassing vir die volk toe die Here sy profeet laat aankondig het dat Hy sy aangesig nie meer vir hulle sal verberg nie. Voortaan sal Hy Hom kenbaar en sigbaar aan hulle openbaar. Die profeet Sagaria het Hom ook sien kom: Verheug jou grootliks, o dogter van Sion! Juig o dogter van Jerusalem! Kyk jou koning kom na jou; regverdig en 'n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op 'n esel.

Eeue lank is Hy as Verlosser-koning verwag, maar toe in die volheid van die tyd het Hy naby gekom. In die gestalte van 'n dienskneg het Hy gekom, nie om gedien te word nie maar om te dien en Sy siel te gee as 'n losprys vir baie. Hy wat God is het vlees geword en onder ons kom woon en in Jesus van Nasaret het Hy tot by ons gekom. Hier het die mense Hom gesien en gehoor en gevolg en Sy verlossingsweldade ontvang. Maar hier het hulle Hom ook in die gesig geslaan en 'n kroon van dorings op Sy hoof gesit. Hier het hulle Hom vasgespyker aan die kruis, maar hier het Hy Hom ook as Verlosser van die wêreld geopenbaar. Hier het hulle Hom ook herken as die opgestane Heer en Heiland wat die mag van die sonde en die dood oorwin het. Die aangesig van die Here is altyd oor ons. Nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. En so sal ons altyd by die Here wees.

22 Maart

Lees Esegiël 46:9-15. **Teks:** Esegiël 46:13.

'N LAM SONDER GEBREK

Met feesgeleenthede moes die volk plegtig en in groot getalle by die tempel bymekaar kom om te aanbid. Maar naas die gebed as uitdrukking van die geloof, is die daaglikse offer van die gemeente ook noodsaaklik. Elke môre moet 'n jaaroud lam sonder gebrek as brandoffer aan die Here berei word. Vir Israel was die offer een van die belangrikste godsdienstige handelinge en iets vanselfsprekends. Immers, met leë hande kan hulle nie na die Here kom om Sy goedheid af te smeek nie. In die offer kom die offeraar tot volkome oorgawe aan die Here en ontvang hy versoening en vergewing van sy sondes en word die weg na die Here vir hom geopen. Die gedagte aan plaasvervanging skemer ook deur sodat die straf vir die sonde op die offerdier geplaas word en hy met sy lewe daarvoor boet. Hier moet nou 'n jaaroud lam, dit is reeds 'n volwasse skaap, sonder gebrek geoffer word. By die instelling van die Paasfees moes 'n soortgelyke jaaroud rammetjie geslag word.

In die Nuwe Testament het Johannes die Doper Jesus as die Lam van God herken en aangewys. In Gesang 12 sing ons van Hom as die Lam van God wat ter slagting gelei is en ons van sondeskuld verlos het. Die skrywer van die Hebreërbrief noem Hom die Hoëpriester van die toekomende weldade wat nie met die bloed van bokke of kalwers nie maar met Sy eie bloed 'n ewige versoening teweeg gebring het. Hy is die Lam sonder gebrek, wat aan God geoffer is om ons te reinig. Sonder Sy bloedvergieting sou daar nie vir ons vergewing van sondes kon wees nie. Petrus skryf in sy brief dat die gelowiges losgekoop is deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n Lam sonder gebrek en vlekkeloos. Om ons ontwil, het die Here vir Homself 'n Offer voorsien. Hy het gesterf sodat ons kan lewe.

23 Maart

Lees Esegiël 47:1-9. **Teks:** Esegiël 47:9.

'N STROOM VAN LEWE

'n Engel het die profeet na die ingang van die tempelgebou gebring en hom onderkant die altaar 'n uitvloeiende waterstroom laat sien. Dit is 'n beeld van die seën wat die teenwoordigheid van God aan die volk gebring het. Suid van die altaar het die onderaardse stroom duidelik sigbaar geword. Dit kom as heil vir die volk wat hulle van voor af toevloei, as uitvloeisel van die versoeningswerk op die altaar. „Alles sal lewe waar die stroom kom." Ons weet almal dat plante en mense en diere sonder water nie kan lewe nie.

Maar Jesus het eenmaal vir die Samaritaanse vrou gesê dat almal wat van die water drink weer dors sal kry. Hy beskik egter oor lewende water wat Hy die gawe van God noem. „Elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van lewende water wat opspring tot in die ewige lewe."

As Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem, moes Hy ly en op die kruisaltaar geslag word om versoening te bring oor al ons sondes. Hier het Sy bloed gevloei en 'n stroom van lewe vir sondaars geword. „Alles sal lewe waar die stroom kom." Sy kruis is dus die lewegewende bron en die herskepping van alle dinge. „U't gestort U bloed en trane in die bang Getsemané." Hy is die bron van alle ware heil en alles sal lewe waar die stroom kom. Op 'n wêreld so vol van die dood, verneem ons dat alles sal lewe waar die stroom ookal mag kom. Alles — niks en niemand is hier uitgesluit nie. Die stroom van heil in Christus, is ons enigste hoop en verwagting.

Dit is volbring; Immanuel het dood en hel oorwin volkome.
Dit is volbring; van Golgatha vloei Gods gena met volle strome.

24 Maart

Lees Amos 3:1-6. **Teks:** Amos 3:6(b).

GOD BESKIKKER VAN ALLES

Te veel is die mens geneig om God slegs te sien en te erken wanneer dit voorspoedig gaan. Die weldade van God sou dan slegs daarin geleë wees wanneer die skure vol word, die lewe sonder rimpels is en voorspoed en vooruitgang bemerk word. Dan word die Here gesien as die God wat bemoeienis met die mens maak.

Hier wil God dit duidelik stel dat Hy die bewerker is van die onheil. Dit is nie die werk van die bose nie, maar God self. Hy gaan die aardbewing oor Israel bring. Hy gaan die volk in ballingskap wegvoer.

So moet ons God sien werk in ons persoonlike lewe, in ons kerklike lewe, in ons volkslewe, hetsy om te beproef, hetsy ter verootmoediging, hetsy ter loutering, hetsy ter oorwinning.

Ongeveer 700 jaar later sou ons sien hoedat God in die lewe van Sy eniggebore seun, Jesus Christus, die bewerker is van die groot onheile, van verraad, van bespotting, van die bede van Christus, „Vader, as dit U wil is, laat hierdie beker by my verbygaan", en uiteindelik „My God, My God, waarom het U my verlaat?"

Maar in die ballingskap het bekering gekom, deur die lyde en sterwe het daar ewige lewe gekom. Uit leed en pyn word vreugde gebore.

25 Maart

Lees Amos 3:7-15. **Teks:** Amos 3:7.

GOD OPENBAAR HOMSELF

Onse Here is 'n God wat nie plotseling handel sonder om vooraf te vermaan, te waarsku en bekend te maak nie.

So het God Sy wil bekend gemaak voor die sondvloed, so het die Here Sy groot profete na die volk Israel gestuur en hulle moes vir die volk sê: „So sê die Here . . .”; daarna het Hy die klein profete gestuur „Want die Here doen niks tensy Hy Sy raadsbesluit aan Sy knegte, die profete, geopenbaar het nie.”

So sou ons later verneem van die engel Gabriel wat gestuur was om aan Maria bekend te maak die geboorte van Jesus.

Maar ook in Sy omwandeling hier op aarde en voordat Hy gevange geneem was, het Christus aan Sy dissipels gesê wat alles sal gebeur. So was hulle gewaarsku dat Hy verraai sou word, deur Petrus verloën sou word, dat die Seun van die mens baie sou moet ly en helse pyne sou moet verduur. Maar netso het die Here ook bekend gemaak dat hulle wat sal volhard tot die einde toe, hulle sal bekroon word met die kroon van die lewe.

26 Maart

Lees Amos 5:1-8. **Teks:** Amos 5:6b.

SOEK EN LEWE

„Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.”

M.a.w., God is daardie ewige soekende na verloregaande sondaars, hoe diep verlore ookal.

Hierteenoor is die mens ook 'n ewigdurende soekende wese na gesondheid terwille van die behoud van die lewe op soek na lewensversekering.

Maar die mens, net soos die volk Israel in die dae van Ussia, die wil die lewenswaters gaan soek by ander oorde: by Gilbal, by Berseba en Bet-el. Nieteenstaande die Here ons baie duidelik waarsku dat dit alles tot niet sal gaan, hou die mens hiermee vol.

God se liefde vir die behoud van die mens het gestalte aangeneem in die diepe vernedering en lyding van Jesus Christus en al wat die soekende God van sondaars vra, is dat ook ons Hom moet opsoek, sou dit wees in die gebed, in die lees van Gods woord, in samekomstes rondom Woord en Sakrament, dan mag ons hierdie enige sekerheid hê dat ons sal lewe want buite Christus om is daar geen lewe nie.

27 Maart

Lees Amos 5:9-17. **Teks:** Amos 5:12.

OMKOOP

Een lewensverskynsel het hom deur die eeue heen en oral onder alle volke geopenbaar, en dit is verraad. Niks en niemand word in hierdie proses gespaar nie.

Wat vir jouself òf vir jou volk òf vir jou Kerk kosbaar en dierbaar is, is in die oë van ander bykans niks werd nie en word verkwansel vir selfs 'n geringe prys.

Die bose het Eva met 'n vrug omgekoop om God ongehoorsaam te wees. So het Jakob die geboortereg van Esau gekoop vir so min as 'n kooksel lensiesop. Dit is hoe ons selfs die verbondsvolk dwarsdeur sy geskiedenis leer ken, en namate die volk van God afvallig word, na die mate het die omkopery en verraad toegeneem sodat ons in ons tekshoofstuk moet hoor dat hulle die reg in wilde-als verander het en die geregtigheid teen die grond gegooi het. So het dit voortgeduur totdat ook Christus verkoop en verraai was vir slegs 30 silwerstukke.

Dit is die mens wat hom tot vandag toe in die Kerk laat ken deur verraad te pleeg en omkoopgeld te neem selfs ten koste van alles, ten koste van die waarheid, en selfs ten koste van Christus.

28 Maart
Lees Amos 5:20-27. **Teks:** Amos 5:21.

FEESDAE

Namate die geskiedenis van 'n volk ouer word, na dié mate neem die getal van die feesdae ook toe. In ons eie volkslewe het daar ook hoe langer hoe meer feesdae gekom. Sommige hiervan het direk betrekking op bepaalde gebeurtenisse in die lewe van Christus en andere uit dankbare herinnering aan bepaalde weldade wat God aan ons as volk betoon het.

Dieselfde feesdae het die volk Israel ook gehad, maar soos wat dit by ons ontaard het, so ook by Israel, dat God so ver gegaan het dat Hy gepraat het van Sy haat in die feeste. Die feesliedere het vir die Here 'n geraas geword.

En een van hierdie feeste was die fees van die Pasga wat die nageslag dankbaar moes laat nadink oor die groot verlossing van die volk uit Egipte. Pas voor die kruisiging van Christus het die volk opgegaan na Jerusalem om weer fees te vier en Christus het ook na Jerusalem gegaan en 'n juigende menigte het Jesus ingewag. Maar ook by hierdie geleentheid toe die volk uitbundig feesgevier het, toe het Christus die stad wenend binnegegaan. En ons feeste? Ons Goeie Vrydag?

29 Maart
Lees Amos 6:1-17. **Teks:** Amos 6:1.

GERUSTHEID

Dit is wel waar dat die mens gedurig soek na rus en vrede. Aaklig is die blote gedagte en belewing van 'n voortdurende onrustigheid. Dit wil God dan ook deur geloof tot stand bring. Tot hierdie rus en vrede wil Gods Woord ons bring, hetsy in lewe of in sterwe.

Daar moet egter 'n duidelike onderskeid gemaak word tussen die gerustheid wat die geloof in Christus se verlossingsdaad meebring, maar dan terselfdertyd 'n voortdurende waaksaamheid teen verleiding en verval in sondes en ongeloof en dan hierteenoor die gerustheid asof daar niks is om voor te vrees nie. Daardie soort van gerustheid dat ek tog gedoop is, dat ek belydenis van die geloof gedoen het, dat ek in die Kerk getroud is, daardie mentaliteit van sorgelose onverantwoordelikheid, want Christus het mos vir ons gesterwe en die predikant sal verder vir my siel sorg.

Dit is hierdie gerustes vir wie Amos hier aanspreek; dit is vir hierdie slapende dissipels, terwyl Christus in die tuin van Getsemane worstel en bid, dat Jesus gesê het, „slaap maar voort en rus". Dit is vir hierdie gerustes vir wie die Here gesê het, „Nie elkeen wat vir my sê: Here Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is."

30 Maart
Lees Amos 7:10-17. **Teks:** Amos 7:12 en 13.

ONWIL OM DIE EVANGELIE TE HOOR

Noudat Amos aan die volk hulle sondes, ongeregtigheid en afdwalinge bekend gemaak het, noudat hy aan hulle die Almag van God, die oordele van God bekend gemaak het, noudat Amos vir Jerobeam bekend gemaak het dat hy deur die swaard sal sterwe, maar ook noudat Amos aan die volk die weg van bekering en behoud bekend gemaak het, noudat Amos aan Israel bekend gemaak het dat 'n deel van die huis van Jakob behoue uit die ballingskap sal terug keer en die verwoeste stede sal heropbou, kom die priester Amasia, en belet Amos om verder in Bet-el te profeteer.

Maar Amos sou nie die laaste persoon wees om so belet te word nie. Ook Christus het mens geword en ons geleer van sonde en on-

geregtheid, maar ook van bekering, van geloof, van behoud en van lewe. Hy het die duiwels uit die besetene van Gadara verdryf en te midde van dit alles, te midde van die prys wat Jesus moes betaal vir ons sondes, het die Gergeseners ook na Hom gekom en Hom gesmeek om uit hulle gebied weg te gaan.

31 Maart

Lees Miga 1:7. **Teks:** Miga 1:3.

UIT SY WONING WONING ONDER ONS

Miga se naam beteken „Wie is soos die Here?" Inderdaad: „. . . vreeslik vir die boos gemoed!
Vir die verslae hart so goed!"

Kondig hierdie profeet, met sy betekenisvolle naam, aan die begin oordeel en straf aan vir die goddelose, teen die einde van sy woorde, wat Gods Woord is, verkondig hy vergifnis en redding vir die verlostes.

Dat God 'n genadige Hemelse Vader is beteken nie dat Hy die sonde oorsien nie. Hy oefen 'n regverdige oordeel uit. Wie straf verdien het sal straf ontvang en wie goed gedoen het, loon.

Dit beteken egter nie dat ons sal begin skuil vir sy straf agter die goeie wat ons doen nie. Ons goeie werke verdien niks! Ons enigste redding bestaan daarin dat ons die verlossing in Jesus Christus gelowig aanneem en skuil agter Sy verdienste.

Die „oorblyfsel", wat volgens Gods belofte gered word, word gespaar in die oordeel omdat Sy Seun vir ons betaal het. Daar is geen god wat verlos soos Hy nie!

Toe Sy Seun uit Sy woonplek uitgegaan het, het Hy die heerlikheid van die hemel verlaat en in die ellende van ons menswees ingekom. Nie dat die wêreld na Hom gevra of verlang het nie! Nee, in die Seun van Sy Liefde het die Vader na ons neergebuig. Die Seun van God het die teenwoordigheid by Sy Vader prysgegee om 'n verlatene in hierdie wêreld te word — so verlate dat Hy aan die Kruis uitgeroep het:

„My God, my God, waarom het U my verlaat?" — „sodat ons tot God geneem en nimmermeer deur Hom verlaat sou word nie."

1 April

Lees Miga 2:1-5, 6:9-16. **Teks:** Miga 2:1.

OORDINK SY WET DAG EN NAG

Om onreg uit te dink kom so spontaan dat ons dit nie altyd bemerk nie. Wat anders kan ook verwag word solank ons 'n sondige hart in ons het! „Uit die hart kom slegte dinge voort!"

Baie kwaad word snags op die bed gesmee en in die môrelig word die bose planne ten uitvoer gebring. Hierdie planne wat met soveel dryfkrag ten uitvoer gebring word, word grotendeels beraam met die oog op die insameling van die skatte van die aarde. Saans gaan ons moeg slaap, want hygend worstel en spook ons deur die dag om te gryp wat daar te gryp is om die skatkis vol te maak. Want in die verblindende lig van aardse weelde lees die oog hierdie waarskuwing van Christus nie meer duidelik nie: „Moenie vir julle skatte bymekaarmaak op die aarde, waar mot en roes verniel en waar diewe inbreek en steel nie; maar maak vir julle skatte bymekaar in die hemel, . . . want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees."

Dit beteken nie dat ons ons hande en hoofde die salige niksdoen moet laat beërwe nie. Nee, ons talente moet gebruik word, want daarvan sal ons rekenskap moet gee. Ons roeping is om getrou te arbei in ons goddelike beroep waarin ons deur die Skepper hier op aarde geplaas is. Die bed en die nag is daar nie om kwaad te smee nie, maar om te rus vir die taak van die volgende dag.

En as ons dan tog in die nag wil dink, laat ons die Wet van die Here oordink. Dan is ons nie dwaas nie maar wys! Dan leef ons gehoorsaam aan die Woord van God in navolging van Jesus wat gehoorsaam was tot in die dood aan die Kruis.

2 April
Lees Miga 2:12-13. **Teks:** Miga 2:13.

DIE KUDDE VOLG HUL HERDER

Die profeet se oog kyk terug en hy sien hoedat God Sy volk van die verste tye af gelei het. God trek vooruit; Hy baan vir Sy kudde die weg. En so sien hy dit in die Eindtyd ook wanneer die omswerwing op aarde verby is en die kudde hul Herder volg deur die poort wat Hy deur Sy bloed geopen het.

Die kudde wat volg loop in die rigting van die Goeie Herder. Ons Herder is die goeie Herder wat nie aandryf nie, maar voor loop en na Hom toe roep. Eers as Hy die weg geopen het roep Hy syne om Hom daarlangs te volg. Hierdie weg lei deur die donkerste dieptes, die diepste smarte, ja deur die dood heen. Hierdie weg het die „Man van Smarte" vir Sy kudde gebaan. Maar hierdie gebaande weg is nie dáárom 'n maklike weg nie. As die Heer van die Kudde roep dan roep Hy op die weg waarop ons moet weet: „As iemand agter My aan wil kom moet hy sy kruis opneem en my volg." Die navolging van Jesus bestaan daarom nie in die maklike gang op gelyke weë nie.

As Hy roep dan roep Hy nie op die weg wat die oog en hart bekoor, wat die vlees aanlok nie. Op hierdie weg moet juis die weerstand van die vlees oorwin word, want hierdie gang is 'n pelgrimsreis wat net in geloof aangedurf en voleindig word.

Die moontlikheid van oorwinning is opgesluit in Sy oorwinning. Die dra van ons klein kruis word moontlik deur die groot kruis wat Hy gedra het.

3 April
Lees Miga 3:9-12. **Teks:** Miga 3:12.

DIE GERUSTES VERONTRUS

Hoe gerus en rustig 'n mens in die roes van die sonde kan word is onrusbarend. Die profeet wil dié wat in die sonde tuis geraak het van hierdie tuiste vervreem.

Deur die bewering dat die Here in hul midde is, wil hulle die onreg heilig. Dit is waar dat die Here in ons midde ons heilig tot 'n gemeenskap van die heiliges. Maar dit is net so waar dat Sy teenwoordigheid in toorn die sonde verskroei.

Nou wil die hoofde en owerstes van die volk die reg verdraai en die saak regstel deur hul op God te beroep. Dan spreek hulle vonnisse uit vir 'n geskenk, die priesters gee regspraak vir loon, die profete word waarsêers vir geld.

Waar dit só gaan sal die tempelberg woes word en die heilige plekke puinhope. Hierdie profetiese woord is 'n harde woord omdat dit die Woord van God oor die sonde is.

Hoe sal ons gerus leef in die sonde wat Hom die bloedige sweet in Getsémane ontpers het! Baie sal só bly voortleef, maar daar is 'n „oorblyfsel" wat diep berou het oor die sonde wat Hom so swaar laat ly het. Hulle vind geen rus in sonde-roes nie, maar rus in Sy bloed wat ons uit die slaap tot nuwe lewe wek.

4 April
Lees Miga 4:1-14. **Teks:** Miga 4:1.

GODS HEERSKAPPY OP DIE NUWE AARDE

Vir die godsvolk is dit troosryk om in donker tye die oog af te

wend van die hede en in die toekoms in te kyk. Want uiteindelik is God ons Toekoms.

Om Sy volk te louter gee God Israel in die hand van vyande. Hy wil dat tydelike teëspoed vir hulle ewige voorspoed bewerk. Want hierdie beskikking is in Sy raadsplan opgesluit en die bedeling van hulle lot is in Sy sterke hand en nie in vyandshand nie. Agter die hand van die vyand moet Gods hand gewaar word, die Hand wat in liefde kasty.

In die geloof ontruk die godsvolk hom dan, ten spyte van die huidige knellende omstandighede, van die greep van die vyandshand en adem reeds die vryheid van die kinders van God. Onder alle omstandighede hoef daar geen vrees te wees vir dié wat die liggaam doodmaak nie. Daar is maar Een wat gevrees moet word.

Die uiteindelike toestand sal tog vrede wees — Gods Vrede. Want die gevolge van die sonde sal ophou. Dan word die vernederde volk verhef, van swaarde sal pikke gesmee word, die hande sal nie meer leer om oorlog te voer nie, almal sal in vrede woon. Die konings van onrus en vyandskap sal finaal plek maak vir die Koning van rus en vrede.

Hierdie ewige vrede word nie vanuit die aarde bewerk nie, het nie as grondslag die vrede wat mense met mekaar sluit nie. Dit is die gevolg van die vrede van God met die mens deur die bloed van die Lam. As ons eers so met God versoen is, raak ons ook met mekaar versoen.

5 April

Lees Miga 5:9-14, 6:1-8. **Teks:** Miga 6:8.

DIEN DIE WARE GOD WAARLIK

Daar is valse en ware godsdiens. Selfgemaakte godsdiens is nie godsdiens nie maar afgodsdiens. Want die god wat die mens vir homself maak, kom voort uit sondige begeertes. Daarom dat die profeet die voorskrif aan die volk gee. Nee, nie gee nie, net deurgee soos God dit gegee het. Wil ons weet wat ware godsdiens is, dan dink ons nie, ons luister. Wie 'n oor het om te hoor verneem dat God Self aan ons bekend gemaak het wat goed en reg is. Vind ons dit moeilik om die goeie te bewoord en die regte te omskryf dan sê ons: Ons moet die liefde betrag — die liefde tot God en die liefde tot die naaste. Hierdie eerste en groot gebod sluit alles in.

Dit is waar dat ons nog nie volmaak geword het in die liefde nie; dat ons nog altyd ongehoorsaam is soos die eerste mense. So gebeur dit dat ons vir ons afgode maak wat aan ons gehoorsaam is. Sulke gode is maklik om te maak en maklik om te dien. Neem maar die afgod van silwer en goud: Voor so 'n glans buig die knie maklik, en al staan hierdie dinge aanvanklik in ons diens, uiteindelik sit ons gevange in hulle mag.

Teenoor die afgode wat blink en die vlees aanlok staan die ware God wat aan ons verskyn het in die Kneg-gestalte van Christus — 'n gestalte sonder heerlikheid. Maar hierin juis ontdek die geloofsoog die Ware, want daar is maar Een Verlosser: Die Seun van God soos geopenbaar in die Skrifte van Ou- en Nuwe Testament. Alleen hulle wat „Hom as Gekruisigde" dien, dien die Ware God waarlik.

6 April

Lees Miga 7:1-20. **Teks:** Miga 7:18.

GENADELIG IS WONDERLIG!

Die profeet kondig 'n verskriklike oordeel aan oor hulle wat skuldig staan voor Gods heilige Aangesig. Die deel van die ou slang word ook hulle deel. Stof sal hulle lek en beskaamd sal hulle staan in die oordeelsdag. So sal ons almal eenmaal beskaamd staan voor die

Heilige, skaam omdat die kroon van Gods Skepping, wat goed geskape is, nie goed gebly het nie.

Dan sal ons ook probeer om te skuil en onsself te bedek. Vol vrees sal ons uitroep dat heuwels ons moet bedek en berge op ons moet val, want dit sal genadig wees in die lig van Sy geweldige oordeel. Maar niks kan Sy oordeel afweer nie, nêrens kan ons skuil nie, want bewende moet ons uit ons vestings tevoorskyn kom.

Wanneer ons omstraal word deur die „Son van Geregtigheid" sal ons ons sonde helder geteken sien staan. Ja, as hierdie Lig ons bose harte verlig sal ons weet dat ons skuldig is — die doodstraf skuldig.

Maar hierdie Lig wat so ons verderf en diepe ellende aan ons toon, word vir die gelowige hart die Lig wat skyn vir die volk wat in duisternis wandel en in die land van die doodskaduwee woon. Want in hierdie hemelse lig sien ons Hom wat skuldig geword het in ons plek. Ja, die Lig wat ons ellende aan ons toon, toon ook aan ons hoe dat ons van hierdie ellende verlos kan word.

Bewend maar ook juigend staan ons in hierdie Wonderlig. „Wie is 'n God Soos U?"

7 April

Lees Markus 14:1-11. **Teks:** Markus 14:1-11.

AANBIDDING

Jesus is op pad na die offer, na die dood en dwars deur die dood heen, na die Koninkryk wat kom. Die maaltyd in Betanië is as 't ware die voorafskaduwing van die laaste Nagmaal. Daar is 'n vrou wie se naam nie genoem word nie. Hierdie onbekende sal onverbreeklik verbonde bly met die „verkondiging van die Evangelie". Sy kom onverwags, mens weet nie waarvandaan nie — maar die doel is om Jesus met kosbare salf te salf. Die salf was so kosbaar, dat die waarde daarvan maklik baie armes kon gehelp het. Sommige wat dit gesien het, was by hulself verontwaardig: watter verkwisting. Maar Jesus beskou dit as 'n onmisbare deel van die verkondiging van die evangelie.

Die vrou self het nie eers gedink aan armes, wat moontlik van die geld van die salf sou kon gehelp word nie. Vir haar was die gedagte aan 'n prys, aan geld 'n bykomstigheid: sy het die kosbaarste wat sy besit, toegewy aan die Een wat betekenis vir haar het; sy is iemand wat waarlik 'n offer bring, en hierdie offer, hierdie aanbidding, word deur die Here aanvaar. Waar mense dié Evangelie ontvang, daar styg ook vandag die aangename reuk van die offer voor die aangesig van God op.

8 April

Lees Markus 14:12-26. **Teks:** Markus 14:24.

DIE NUWE TESTAMENT

Na die verraad van Judas as teenstelling met die totale offer van die onbekende vrou, volg die laaste Pasga, die heilige Nagmaal. Die dissipels vra vir Jesus: „waar wil U hê, moet ons gaan klaarmaak, dat U die Pasga kan eet?" Die „Pasga", onvertaalbare woord met ryke inhoud. Van hierdie punt af kry die verhaal 'n geheimsinnige, verhewe klank en tog is daar droefheid oor die afskeid wat nader kom. Hierdie Pasga, die paasmaal, is 'n teken van die Messiaanse maaltyd. Die gebeurtenisse word beskou en herken in die lig van die verborge raadsbesluit van God.

Op eenvoudige wyse word die insetting van die Nagmaal vertel: „neem, eet, dit is my liggaam". Dit is die nuwe boodskap vir die mensheid. „Dit is my bloed", die bloed van die Verbond, wat God hier sluit met die mense van alle plekke en alle eeue. Want na hierdie eerste stukkie brood, hierdie eerste wyn, gaan dit voort tot

aan vandag toe: elke geslag gee hom rekenskap van hierdie daad van God. Hier maak God self 'n begin met die uitvoering van die daad van versoening van 'n verlore gaande wêreld. Die bloed wat uitgestort word vir baie, dit wil sê: vir almal. Ook vir u en my.

9 April

Lees Markus 14:27-42. **Teks:** Markus 14:38.

WAAKSAAMHEID

Na die laaste maaltyd gaan Jesus en sy dissipels na die plek wat Getsemané genoem word. Die Here voel hom in die greep van die magte wat Hom die doodslyde sal bring. Sy siel het diep bedroef geword tot die dood toe. Die Here besef dat Hy hierdie beker alleen sal moet drink. Nie een van sy dissipels het die swaar gewig van hierdie droefheid verstaan nie. Ook Petrus nie, nieteenstaande sy dappere woorde wat hy gespreek het. Die drie dissipels wat Jesus saam met Hom geneem het, kon selfs hierdie oomblik nie waak nie. Miskien het hulle nie besef hoeseer hulle hul Meester in die steek gelaat het nie.

Dit is die bitter beker wat Jesus moet drink: daar was nie een mens, selfs nie een van Sy vriende nie, wat Jesus ondersteun het toe die oomblik gekom het dat die lyde daad geword het. Van die mens uit is daar niks wat Jesus tot Sy grootste liefdesdaad gebring het nie. Jesus is die Enigste wat sien en hoor wat die hemelse Vader wil. So was selfs die dissipels net maar struikelblokke. Waak en bid. Is hierdie woorde slegs tot die dissipels gerig? Of ook tot ons? Slaap ook ons nie, wanneer die Here ons wakker wil hê? Wakker en waaksaam om van Hom te getuig?

10 April

Lees Markus 14:42-50. **Teks:** Markus 14:50.

WEGGEVLUG

Daar kom Judas en saam met hom 'n „groot menigte met swaarde en stokke". Dit is die antwoord van die wêreld op alle dade van genesing, van wondere, van liefde wat Jesus gedoen het. Swaarde en stokke. En wat het die Here aan Sy kant? Niks, as maar net die besef dat Hy die wil van die Vader moes doen. Jesus was magteloos in dié betekenis van die woord, wat dit by ons het. Sy mag was egter 'n ander as van die mense: dit was die mag van die liefde, wat Hom in gehoorsaamheid aan die wil van die Vader Sy eensame weg laat bewandel. Ons lees: „Daarop slaan hulle hul hande aan Hom en gryp Hom". Die Here is nou letterlik in die hande van die sondare, dit is die begin van die weg wat sal uitloop op die kruiswoord van die godverlatenheid. Maar dan word die dissipels wakker en een van hulle trek die swaard uit en probeer Jesus verdedig. So maak mense wat onder die gebed slaap, wat hulle drang uitleef, en wat hierdeur toon dat hulle van die offer wat die Here bring, niks verstaan nie.

So het God dit nie gewil nie. Jesus is nie 'n oproermaker nie, maar 'n Leidsman wat gevolg moet word. En as dit dan so ver kom dat Hy metterdaad gevolg moet word, dan is daar niemand meer nie want: „toe het almal Hom verlaat en gevlug".

Is dit die prentjie van ons, gelowiges, wat dikwels wegvlug juis wanneer die Here ons nodig het?

11 April

Lees Markus 14:66-75. **Teks:** Markus 14:71.

EK KEN DAARDIE MAN NIE

Petrus het Jesus na Sy gevangeneming stil gevolg. En op die binneplaas van die paleis van die hoëpriester word hy herken deur

een van die diensmeisies. Petrus skrik omdat hy besef dat sy teenwoordigheid nie sonder gevaar is nie. Dan sê die meisie: „Jy was ook by die Nasarener, Jesus". Petrus se galilese aksent het hom verraai. Dit sou nou vir Petrus die oomblik gewees het om van sy Meester te getuig, al was dit dan ook slegs voor hierdie klomp bediendes. Maar hy doen dit nie. Nee, Petrus is so verstrik in die besorgdheid oor homself dat hy nie die moed kan vind om die waarheid te spreek nie. Petrus ontken dat hy Jesus ken. Hy sê: „ek ken daardie man nie." Ons moet tog probeer verstaan die verskriklike verloëning wat Petrus hiermee uitspreek. „Daardie man." In hierdie paar woordjies word die val van Petrus heeltemaal sigbaar; hy waag selfs nie om die naam van die Here uit te spreek nie. En dit is die selfde Petrus wat (skynbaar) so moedig sy swaard uitgetrek het om sy Meester te verdedig. Dan kraai die haan en sien Petrus met ontsetting die afgrond wat hom skei van sy Here. 'n Afgrond so diep dat dit die Here Jesus Sy lewe gekos het om vir Petrus die redding te berei.

Vir Petrus en vir ons. Wie van ons bely onse Here en Meester onverskrokke en onder alle omstandighede? Wie van ons hoor nie baie dikwels die stem van ons gewete, soos die kraai van die haan? Petrus, en ons saam met hom moet so ver kom dat daar niks oorbly as die besef van ons sonde, sodat alles wat daarna kom louter genade en onverdiende liefde van God is. „Niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees." (I Kor. 12:3). Niemand, selfs Petrus nie.

12 April (Goeie Vrydag)

Lees Markus 15:21-41. **Teks:** Markus 15:34.

WAAR IS GOD?

Markus 15 vers 34 is 'n aanhaling van Psalm 22. „Waarom?" Die vraag van 'n mens wat geen antwoord meer verwag nie. Kan mens so iets nog „evangelie" noem? Blye Boodskap? Waarom het U my verlaat? Verlaat, nog eensamer as toe die Here deur die mense verlaat is, deur hulle vir wie Jesus so innig jammer gevoel het. Waar is hulle nou? Maar nog erger: waar is God? Dit is juis die boodskap van Markus: dat Jesus in die dood ingaan, so diep soos nog niemand gegaan het. Sy boodskap: dat Jesus van God verlate is, „oorgelewer in die hande van sondaars." Hier gebeur iets wat nog nooit deur 'n mens gevra is nie . . . nogtans, dit gebeur: dit **moes** geskied.

Hier gebeur wat niemand wat dit saam beleef het, verstaan nie; hier word deur Jesus 'n taak, 'n opdrag volbring waarvan niemand die swaarte besef het nie. Maar Jesus **moes** dit doen: alleen.

Is dit moontlik dat daar nie een mens was nie, wat op daardie oomblik „om drie uur", vir Jesus gesê het: Dankie, Here.

Watter bittere raaisel. Op wie se verantwoording gebeur dit? Pilatus? Die Jode? En tog . . . hierdie dood het die middelpunt geword vir ontelbare geslagte en volke, die middelpunt van hulle hoop, hulle geloof, hulle liefde. Markus kon dit nog nie geweet het nie. Maar ons weet dit, ons leef as Christene van hierdie wonderlike dade van God: hierdie God wat Homself verlaat het, om nader by ons te kom, ons, sondaars. God stel die Heiland daar waar ons is, en dit is waarlik God by ons: Immanuel.

Dit is die waarheid wat in daardie donker uur duidelik geword het: God is in Christus waarlik by ons.

13 April

Lees Markus 15:42-47. **Teks:** Markus 15:46.

GESTORWE EN BEGRAWE

Toe Jesus aan die kruis gesterf het, sou dit nog maar 'n paar ure

duur voordat die Paassabbat sou aanbreek. Dit is die rede waarom die Raadslid Josef so haastig was om die toestemming van Pilatus te kry om die liggaam van die Here te begrawe. Dit was immers ontoelaatbaar dat die sabbat ontheilig sou word deur die lyk van 'n gehangene. Pilatus gee sy toestemming nadat hy eers nog die kaptein ondervra het. Die evangelie vertel dit alles in kort maar duidelike sinne om daarmee te kenne te gee dat Jesus werklik gestorwe en begrawe is. "Gestorwe en begrawe," woorde wat in die geloofsbelydenis van die Christelike Kerk tereg gekom het. Hiermee bely die Kerk die geloof dat Jesus waarlik mens is, die dood gely het en die lot van elke mens gedra het. En omdat Jesus mens was, kon Hy die vloek waaronder elke mens sug, die sonde, deur Sy dood wegdra en versoen. Later toe die vroue die graf van Jesus opsoek om die liggaam te balsem, en hulle die liggaam nie aantref nie, sê die engel: „daar is die plek waar hulle Hom neergelê het. Hy is nie hier nie."

Met ander woorde: die plek deuskant die graf is die plek by ons, die plek van die dood. Daar het eenmaal die liggaam van die Here gelê. Op die Paasmôre was die plek leeg. Toe was dit die dag van die Opstanding.

Later, toe die apostel Paulus in Athene hierdie evangelie bring en vir die Atheners sê dat God hierdie mens van die dode opgewek het, wou hulle daarvan niks weet nie, en sommige het begin spot. (Hand. 17:32). Die wêreld spot nog steeds, want as die oomblik daar is dat God Self te kenne gee dat Hy ons werklikheid vele male te bo gaan, dan is daar meer spot as geloof. Ons as gelowiges weet dat ons mag leef van hierdie waarheid: gestorwe en begrawe, maar op die derde dag opgestaan.

14 April

Lees Markus 16:1-8. **Teks:** Markus 16:6.

PAASFEES

Op die eerste dag van die week gaan daar, baie vroeg, 'n paar vroue na die graf. Hulle neem speserye met hulle saam, waarmee hulle Hom wil gaan salf. Hierdie vroue wil die salwing gaan oordoen want dit was, vanweë die feit dat die Sabbat op hande was, te haastig en onvolledig na hulle sin gedoen. Hulle wil dit ook doen omdat, met die kruisiging en begrafnis van Jesus, alles vir hulle in duie gestort het. Hy is gekruisig en is in die graf neergelê. Wat bly nou vir hulle oor? O, hoe verblind is hulle deur hulle wanhoop! Het hulle dan nie Sy woorde verstaan, toe Hy aan hulle gesê het dat Hy weer sal opstaan nie? As hulle daarop ag gegee het, sou hulle nie nou met speserye Hom so krampagtig wou behou nie maar verstaan het dat Hy sal opstaan uit die dode.

Terwyl die vroue so besig is met hulle herinneringe en planne, bereik hulle die graf. Daar ontdek hulle dat die steen weggerol is, en met 'n skok word hulle uit hulle bepeinsinge geruk. Verward kyk hulle in die graf en sien met skrik die engel daar.

Die engel stel hulle gerus en sê vir hulle dat hulle nie bevreesd hoef te wees nie. Daar is geen rede tot wanhoop nie. Hoe oneindig baie word hier aan hulle gesê! Dit is nie vir hulle nodig om te balsem en so te probeer behou nie. Hulle hoef nie meer wanhopig daar by die graf te staan nie. Kyk daar is die plek waar hulle Hom neergelê het! Hy het opgestaan!

Nou blyk dit hoe misplaas hulle wanhoop was. Alles is nie verlore nie.

Die Ryk van God het in Jesus Christus oor die dood getriomfeer. So kan ons ook in Hom alle wanhoop en twyfel oorwin. Hoe beskaamd staan hulle daar! Hoe kon hulle tog getwyfel het!

Hoeveel wanhoop en twyfel is daar dikwels ook in ons harte. In ons worsteling met talle probleme handel ons so dikwels ook soos mense wat geen hoop vir die toekoms het nie. Gaan ons ook soos daardie vroue na die graf, terwyl ons die blye boodskap dat Hy opgestaan het totaal vergeet. Ons bedink planne wat getuig van ons twyfel en ongeloof. Ja, want dit blyk so dikwels dat ons Sy Woord totaal vergeet het en sê dat daar geen toekoms is nie.

So seker as wat Jesus Christus uit die dode opgestaan het, so seker is alles vir elkeen wat, in geloof dit met Hom wil waag, nie verlore nie.

„Jesus leef dit is gewis
Sal Hy ons nie altyd lei nie!"

15 April

Lees 1 Kor. 15:1-5. **Teks:** 1 Kor. 15:1 en 2.

BLYE BOODSKAP

Daar was in die gemeente van Korinthe sommige mense wat gesê het dat daar geen opstanding van die dode is nie. Dit het meegebring dat die apostel Paulus die aandag van die gemeente weereens moes vestig op die inhoud van die Evangelie-verkondiging. Hoe is dit moontlik dat mense aan wie die blye boodskap dat Jesus Christus uit die dode opgewek is, gebring was, soiets kan sê? Hulle is tog nie onbekend met hierdie Evangelie nie. Het Paulus dan nie self die Evangelie aan hulle verkondig nie!

Hulle het die blye boodskap nie alleen gehoor nie maar ook geglo — in geloof aanvaar — dat hulle ook gered kan word. Hulle het geglo dat Jesus Christus die Verlosser is, wat opgestaan het uit die dode, wat Sy volk van hulle sondes sal verlos.

Dit is tog seker te verwagte dat mense wat tot die geloof in Jesus Christus gekom het, standvastig sal wees. Hulle is tog seker oortuigde Christene, wat nie deur elke windjie heen en weer gewaai sal word nie.

As hulle nie vashou aan die Woord wat aan hulle verkondig is dat Jesus Christus uit die dode opgestaan het nie, dan verloor die feit dat hulle die Evangelie aangeneem het, sy sin en betekenis. Dan lei dit nêrens heen nie.

Die Evangelie van Jesus Christus word nie net te Korinthe verkondig nie, maar oor die hele wêreld. Daar is geleentheid vir elkeen om onder die geklank van Gods Woord te wees. Daar is sovele wat hierdie Woord aangeneem het — belydenis van geloof afgelê het. As ons in die registers van die kerke kyk sien ons dat daar groot getalle lidmate is.

Dit sê egter nog niks nie. Die vraag bly nog staan — is dié almal standvastig in die geloof? Hoeveel word nie deur elke wind heen en weer gewaai nie? Hou dan vas aan die Woord wat aan u verkondig is. Die verlossing is in niemand ánders as in Jesus Christus wat uit die dode opgestaan het nie!

16 April

Lees 1 Kor. 15:3-9. **Teks:** 1 Kor. 15:9.

DIE ONWAARDIGE

Paulus noem hier 'n aantal persone aan wie Jesus, ná Sy opstanding verskyn het. Laaste van almal het Hy aan Paulus, „die ontydig geborene" verskyn. So is hy ook geroep om as getuie van Jesus Christus op te tree. Maar hy is heel laaste geroep, toe daar nie eers meer so 'n roeping verwag is nie. Die ander het oor eerstehandse getuienis van Jesus Christus beskik — hulle het Jesus gesien en nagevolg. Maar Paulus was van hierdie voorreg uitgesluit. Dit was egter geen beswaar nie want Christus het aan hom verskyn.

Paulus wys verder daarop dat hy die geringste van al die apostels is. Hy is geroepe toe hy die apostelnaam reeds volkome onwaardig was. Hy sê hy is nie werd om 'n apostel genoem te word nie. Paulus ag homself nie geskik om apostel te wees nie. Hy sê hiermee dat hy aan die hoë godsdienstige eise, wat aan hom gestel word, nie kon voldoen nie. Hy het so baie wat teen hom tel. Hy was 'n vervolger van die gemeente, wat rondom die Messias — Jesus Christus — vergader. En nou het hy nie net in Jerusalem die gemeente vervolg nie, maar hy was ook op pad na Damaskus, met dieselfde voorneme. Hy voel dit eintlik aan dat hy die teendeel is van die sewe diakens (wat in Hand. 6 genoem word), wat vol van die gees van die wysheid was.

Ondanks alles het die Heer nogtans aan hom verskyn, was hy begenadig om geroepe te wees tot Sy getuie in hierdie wêreld. Die Heer het hom, wat totaal onwaardig was, waardig geag om diensbaar te wees in Sy diens. Alle roem was dus uitgesluit.

Hoe baie is daar wat, so dikwels, hulle onwaardigheid as verskoning aanbied waarom hulle nie in die diens van die Here kan staan nie.

Daar is ook dié wat sal sê dat hulle miskien, soos 'n Saulus van ouds, die gemeente wou aftakel in plaas daarvan om in Sy dienswerk te staan. Dan glo hulle dat daar nou vir hulle geen hoop meer is nie.

Kyk, die Heer wat 'n Saulus — die onwaardige — geken het, het hom nogtans geroep om Sy getuie te wees. So roep Hy ook vir u en my — die onwaardiges — tot Sy getuies.

17 April

Lees 1 Kor. 15:9-16 en 1 Tim. 1:12-16. Teks: 1 Kor. 15:10.

GENADE VERGIFFENIS BEVRYDING

Die apostel Paulus dank Hom, Jesus Christus, wat aan hom die krag gegee het om 'n apostel in Sy diens te wees. Paulus weet dat hy uit homself nie daartoe instaat sou gewees het nie. Want hy was vroeër 'n lasteraar, 'n vervolger en geweldenaar gewees. Hy weet dan ook dat daar vir sy apostel-amp net een grond is: Die genade van God wat hom maak wat hy is.

Die genade van God is oorvloediger as wat die sonde ooit kan wees. Hy is deur God as apostel geroep en na die gemeente, ja, na die hele wêreld gestuur as boodskapdraer van Jesus Christus. Niemand kan dit ongedaan maak nie. Hy, Paulus, is 'n apostel danksy die genade van God.

Gods genade is vergiffenis en só bevryding van die sonde. So is dit moontlik dat 'n sondaar in Sy diens kan staan; Sy apostel kan wees.

As hy terugkyk op wat tot stand gebring is, sien Paulus dat dit alles nie tevergeefs was nie. Die genade wat aan hom geskenk was, was nie tevergeefs nie. Hy weet egter dat dit alles nie aan homself te danke is nie. Dit was alleen deur die genade van God moontlik. Daarom wil Paulus God steeds al die eer gee; Sy Naam loof en prys!

Hoe jammer is dit dat daar so baie is wat Gods genade vergeet en steeds geneigd is om op hulself te roem. Soos 'n Paulus is ons slegs deur Sy genade in staat om te doen wat ons hand vind om te doen. Die vergiffenis en bevryding van al ons sonde is daarom alleen in die Naam van Jesus Christus moontlik. — Alleen op grond van Sy genade kan ons ook Sy getuies wees, in 'n sondige wêreld.

So alleen sal dit vir ons moontlik wees om, soos 'n Paulus, te kan sê: „. . . ek het die goeie stryd gestry, ek het die wedloop voleindig, ek het die geloof behou."

18 April
Lees 1 Kor. 15:12-20. **Teks:** 1 Kor. 15:19 and 20.

HOOP

Paulus vestig hier die aandag daarop dat die Christen se hoop en verwagting nie net vir hierdie lewe op Christus gevestig is nie, maar ook vir die toekomende. Dit is hierdie belofte wat hom krag gee om die lyding te verduur. Daarom sê Jesus ook: „Salig is dié wat treur want hulle sal vertroos word."

Dit is sekerlik so dat die Christen wel vir hierdie lewe ook op Christus moet hoop. So het Paulus ook ervaar dat die hoop nie beskaam nie — hy is dikwels deur God uit talle gevare uitgered.

Maar nou weet Paulus dat die Christen veel moet ly en verduur terwille van die Naam van Jesus Christus. Hoe dikwels is Paulus nie vals beskuldig, geslaan en in gevangenisse gewerp nie?! Die christen kan egter hierdie dinge verduur omdat daar die verwagting — die sekerheid is, dat die gelowige in die opstanding van Jesus Christus deel kan hê aan die ewige heerlikheid, wat eens aan ons geopenbaar sal word.

En dat dit só sal wees staan onwankelbaar vas. Want Christus is opgewek uit die dode! Die opwekking van Christus is nie maar net 'n uitsonderlike gebeurtenis, wat ons nie raak nie. Maar dit is die begin van 'n nuwe lewe, wat almal wat in Hom glo ten deel sal val.

Ons hoop is nie net vir hierdie lewe op Christus gevestig nie maar ons het ook, in Christus, hoop vir die toekomende. En hoe baie is daar wat skynbaar net vir hierdie lewe op Christus hoop. — Daar is dié wat die huis van die Here net dan besoek, wanneer hulle in nood verkeer. Maar as die uitkoms daar is verflou hulle toewyding al gou. Moet ons dan nie volhard in Sy diens nie? Het ons dan vergeet dat Christus uit die dode opgewek is? Het ons dan vergeet dat ons in Jesus Christus deel kan kry aan die ewige heerlikheid wat eens aan ons geopenbaar sal word.

19 April
Lees 1 Kor. 15:22-25 en Efes. 6:10-19. **Teks:** 1 Kor. 15:25.

SY KONINGSHEERSKAPPY

Jesus Christus moet as Koning oor almal regeer! Daar is egter diegene wat nie Sy Koningsheerskappy sonder meer wil aanvaar nie, wat Sy heerskappy in twyfel trek en ook twyfel aan die uitslag van die stryd. Paulus, daarenteen, twyfel vir geen oomblik aan die uitslag nie; want hierdie stryd is in ooreenstemming met die wil van die Vader.

Hierdie verset teen Sy heerskappy loop eintlik daarop uit, dat die mens nie glo nie. Wat is dit anders as 'n poging van die wêreld om sig met alle mag en krag teen Jesus Christus te verset en ook te wil handhaaf. Die wêreld wil Sy gesag nie aanvaar nie!

In sy verset gryp die wêreld na allerlei middele om die stryd teen Sy heerskappy voort te sit. Selfs in die Kerk, wat tog daarna moet verlang dat Christus oor hulle moet regeer, kom daar dikwels nie veel van die heerskappy tereg nie.

Die leër van Christus is ook nie so talryk as die van die vyand nie, en is ook dikwels nie so weerbaar nie. Tog word hulle opgeroep om die volle wapenrusting van God aan te trek. Hulle is wel terdeë bewus van die feit dat sowel die stryd asook die oorwinning afhang van Jesus Christus. Sy stryd is gerig op die oorwinning. Daarom sal dit duur totdat al Sy vyande verslaan is. Sy optrede as Koning, van Sy koms tot Sy wederkoms, het een doel — die vestiging van Gods heerskappy oor die ganse skepping.

Alles wat in Paulus se briewe gesê word t.o.v. die versoening, reg-

verdiging, die vrede en vryheid, kan telkens ook gesien word teen die agtergrond van die veldslag waarin die beslissing reeds gevel is maar wat nog op talle fronte voortgesit word.

Die gemeente van Jesus Christus moet daarom nie moedeloos word nie. Hulle word opgeroep: „... Eindelik my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte ... Trek die volle wapenrusting van God aan ..."

Al is die stryd nog so fèl, al is die stryders nog so min, al lyk dit nog soveel keer of ons niks vorder en niks bereik nie, ons moet nie moedeloos word nie. Die stryd van die leërmag van hierdie Koning is nie verlore nie. Hy voer self die stryd en Hy sal die oorwinning behaal.

20 April

Lees 1 Kor. 15:51-58. **Teks:** 1 Kor. 15:58.

WEES STANDVASTIG

Dit is met diepe dankbaarheid dat die apostel Paulus God dank wat vir ons die oorwinning oor die dood in Jesus Christus, skenk. Hy het oorwin en skenk aan ons ook die genade om te oorwin.

En nou roep Hy almal wat deur die geloof die eiendom van Christus is op tot standvastigheid. En daar is sekerlik alle rede voor omdat die gelowige weet dat die lewe in hierdie eeu nie die enigste is nie. Die verganklike sal met onverganklikheid oorklee word.

Die Korinthiërs, en so ook ons, word tot standvastigheid in die geloof opgeroep. Soos iemand wat vasstaan op albei sy voete, moet hulle ook standvastig wees in die geloof. Dis ook alleen die mens wat so vasstaan in die geloof, wat nie maklik weggetrek sal word nie. Die vaste grond waarop die gelowige staan, is die **hoop** waarop God hom geplaas het. En nou bly dit 'n ope vraag of elke christen so standvastig en onbeweeglik in die geloof staan. Hoe baie onbestendigheid is daar nie! — in 'n tyd waarin hewige aanslae teen die Christen en sy kerk aandryf nie!

Ons moet verder oorvloedig besig wees met die werk van die Here. Dit sluit in alle vorme van liefdes- en diensbetoning. Die werk van die Here moet nie maar net af en toe gedoen word nie, maar altyd, voortdurend, sonder onderbreking. Ons laat dit egter so dikwels na. Daar is ook diegene wat vir 'n tyd lank met groot geesdrif daarmee besig is, om dan maar weer terug te sink in 'n toestand van selftevredenheid. Dan val ons so maklik die vyand ten prooi en word meegesleur deur die breë stroom van ongelowigheid. Daar is geen rede tot moedeloosheid nie. Wie toegewyd is in Sy diens en standvastig in die geloof, sal sekerlik Sy seën en liefde ervaar.

Die liefde en toewyding in Sy diens mag onder geen omstandighede in frustrasie ondergaan nie. Hoe dikwels is dit egter die kenmerk van menslike werksaamhede! Ons arbeid in die Heer is tog nie tevergeefs nie.

„Daarom, my geliefde broeders, wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid nie tevergeefs is in die Here nie."

21 April

Lees Joh. 20:1-10. **Teks:** Joh. 20:1.

DIE BOODSKAP VAN DIE WEGGEROLDE KLIP

Ons as Christenmense roem in die kruis. Dit is nie sonder baie goeie rede nie, want die kruis is die simbool van Jesus Christus se offer ter wille van ons en ons redding. Dit is die teken van ons verlossing en vrymaking. Maar nou is dit so dat die kruis van Golgotha eers sy ware betekenis en draagkrag kry as ons dit sien teen die

perspektief van die graf in die tuin van Josef van Arimathéa. Want hierdie graf — hierdie leë graf — die graf waarvan die klip weggerol is — is die teken van Christus se oorwinning.

Die klip wat voor die opening van daardie spelonkgraf gerol was, was bedoel om vir ewig daar te lê. Dit was bedoel as 'n sluitsteen — 'n skeidsmuur tussen lewe en dood. Aan die sonkant van daardie klip, was die lewe — aan die skadukant, die ewige geheim. Die geheim waarin geen mens kon of kan sien nie, die geheim wat geen sterfling kon of kan oplos nie — en daarom 'n geheim wat bang gemaak het. Die klip moes hierdie geheim verberg en afsluit.

Maar hier het die ongehoorde ding gebeur: Iemand het van die verkeerde kant af verby die klip gestap — vanuit die dood, terug na die lewe. Dít is die boodskap van die weggerolde klip — 'n boodskap wat Maria Magdalena en die dissipels nie verstaan het nie. Christus het oorwin — oorwin oor graf, hel en dood. En só het Hy ook vir óns die graf oopgebreek. Ons roem in die kruis — met reg. Maar met net soveel reg kan ons roem in die weggerolde klip. Jesus het gesterf, maar Jesus het oorwin! Jesus bly nie in die dood nie! Jesus het waarlik opgestaan! Halleluja!

22 April

Lees Joh. 20:11-18. **Teks:** Joh. 20:17.

DIE AFWERENDE CHRISTUS

„Raak my nie aan nie", sê Jesus aan Maria. Ons sou kon wonder hoekom nie. Die feit dat sy blykbaar onmiddellik nadat sy Hom herken het, haar hande uitgesteek het om aan Hom te raak, moet as bewys dien dat sy gewoond was om dit te doen.

Ons moet sien in watter geestestoestand Maria was. Viermaal word aan ons gesê dat sy ween. Sy is ontsettend bedroef. Maar dit is ewe duidelik dat haar droefheid 'n droefheid is wat gaan oor wat vir haar 'n persoonlike verlies is — en daarom 'n droefheid is wat heeltemal na binne gekeer is. Dit is **haar** droefheid. Sy praat van „**my** Heer", „**ek** sal Hom wegneem".

„Raak my nie aan nie," sê Christus vir haar. Hy maak 'n afweerbeweging in afkeer van haar vinnige en sterke toenadering. Haar aardse gesindheid — haar aardse vertedering — was vir Hom 'n steurnis. Sy wou Sy openbaring as die Christus met haar arms vasklem — sy wou Hom vasboei in haar wêreld — toeëien vir haarself. Daarom aan haar, en almal wat soos sy dink, hierdie afwerende woorde.

Dit is 'n algemene verskynsel dat daar mense is wat Christus vir hulleself wil toeëien. Hulle het 'n bepaalde leer oor, of 'n bepaalde siening van die wêreld, en dan wil hulle hulle gedagtes aan Christus toeskryf om sodoende draagkrag daaraan te gee. Miskien het hulle iets van die waarheid beet, maar dit bly tog maar net 'n gedeelte van die volle waarheid. Hulle maak soos Maria — hulle probeer die majesteit van Christus met aardse arms vasgryp. Hulle kan maar net een ding verwag: dit is om ook soos sy afgeweer te word.

23 April

Lees Joh. 20:19-23. **Teks:** Joh. 20:21.

DIE STURENDE CHRISTUS

Een van die grootste wonders waarvan ons weet, is dat God van mense gebruik maak om in Sy wingerd te werk. Dit is 'n wonder, want die mens word skynbaar onmiddellik gediskwalifiseer as arbeider van God, as ons dink aan ons sondige aard. Dit is 'n wonder omdat God, ten spyte van ons onbekwaamheid, ons tog vir hierdie hoë en verhewe werk wil gebruik.

So stuur Jesus dan ook Sy dissipels. Hy stuur hulle soos Sy Vader

Hom gestuur het. Hy stuur hulle, en deur hulle, die ganse kerk. Hy stuur hulle die wêreld in — tussen die wolwe in — na hulle vyande toe. Hy stuur hulle die wingerd in — die oesland in — waar die oes wit is en die arbeiders min. Hy stuur hulle om te gaan werk, om te gaan getuig van Sy liefde en Sy offer — om te vertel van Sy genade en om vir Hom dissipels te maak.

Hy vra of soebat hulle nie om te gaan nie. As die Koning van die kerk beveel Hy dat hulle moet gaan. As Heerser van die kerk beklee Hy hulle ook met die volmag om namens Hom te handel: „As julle die mense hulle sondes vergewe, word dit hulle vergewe, as julle die mense hulle sondes hou, dan is dit gehou."

Wie is in staat om hierdie opdrag uit te voer? Geen mens wat ooit uit 'n vrou gebore is nie. Maar die genade van Christus is groot. Hy laat ons nie in eie krag gaan nie — Hy stuur ons nie om met ons menslike gebreke en sondige gebrokenheid alleen te gaan worstel nie. Hy gee ons die volmaakte toerusting: „Ontvang die Heilige Gees," sê Hy aan die dissipels. „Gaan en wees My getuies. Ek is met julle al die dae."

24 April

Lees Joh. 20:24-31. **Teks:** Joh. 20:29.

SALIG IS DIE WAT GLO

Thomas is 'n goeie voorbeeld van die „moderne mens", die wetenskaplike mens. Hy was 'n man wat van die standpunt uitgegaan het: Sien is glo. Hy het niks aanvaar wat hy nie kon deurdink nie. As sy verstand nie aan hom gesê het dat iets aanvaarbaar is nie, sou hy dit nooit geglo het nie. Vir hom was die weg tot kennis en geloof die volgende: Eers sien, eers ervaar — dán aanvaar, en dan eers glo.

Maar Thomas is besonder begenadig. Christus het aan hom die kans gegee om langs hierdie weg tot geloof te kom. Hy kon sien, hy is toegelaat om te voel en te ervaar. En toe was dit vir hom maklik om te glo — makliker selfs as vir die ander dissipels, want hy wat so·vas geglo het in die mag van sy sintuie en sy denke, het geweet dat dit nie vir hom sou lieg nie.

Ons is minder gelukkig as Thomas. Ons kan nie meer sien nie — ons kan nie meer voel nie — ons kan nie meer ons vingers in spykergate in die hande van Christus steek nie. Ons kan glo.

Daarom dat daar so baie is wat nie glo nie. Hulle kan die misterie van die vleeswording van Jesus en Sy soenoffer en alles wat daarmee saamhang nie met die verstand deurgrond nie. En nou dat dit daarop aankom — wie kan? Goddank, niemand nie. Die menslike rede kan hiervan niks begryp nie. Alleen in geloof kan dit aanvaar word — want geloof is vertroue op God. Inderdaad: „Salig is die wat nie gesien het nie, en tog geglo het."

25 April

Lees Joh. 21:1-8. **Teks:** Joh. 21:6.

CHRISTUS DIE GEWER VAN OORVLOED

Die verhaal van die wonderlike visvangs vertoon velerlei fasette. Die dissipels herken Jesus nie. Hy gee aan hulle skynbaar nuttelose raad — en nogtans gehoorsaam hulle. Teen alle moontlikhede in vang hulle 'n net vol vis en herken Jesus. Die voortvarende Petrus spring in die water om eerste by Jesus te wees.

Maar wat hier baie duidelik na vore kom, is dit: Wanneer Jesus gee, gee Hy in oorvloed. Dit word telkens duidelik as ons die Evangelies lees. Hy maak wyn te Kana. Hy gee kos aan 'n skare en twaalf mandjies word met oorskiet volgemaak. Hier gaan sewe

man visvang en hulle net word op Sy bevel só vol vis dat hulle dit nie meer kan intrek nie.

Hy gee in oorvloed — want so het God Hom nog altyd geopenbaar — as 'n ryke gewer van die goeie. Niks is ooit van ons teruggehou nie. In Psalm 8 dink die psalmdigter dit goed om God te loof omdat Hy die mens 'n weinig minder gemaak het as 'n hemelse wese. Hy het die mens geskape in ware kennis van God, geregtigheid en heiligheid.

En toe die mens misbruik gemaak het van hierdie heerlike gawe en God verlaat het, het Hy ons nie verstoot nie, maar in Christus Homself gegee ter wille van ons redding. Soos Jesus self gesê het: „Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee." (Joh. 15:13). Dit sê eintlik alles vir ons. Hy gee oorvloedig, selfs Homself tot in die dood — en dit omdat Hy ons liefhet. Wat het ons vandag gedoen om dankie te sê vir hierdie liefde?

26 April

Lees Joh. 21:9-18. **Teks:** Joh. 21:12.

'N MAALTYD MET DIE CHRISTUS

„Kom eet." Dit was die uitnodiging wat die dissipels gehoor het toe hulle voet aan wal gesit het. Dit was 'n doodgewone maaltyd — 'n maaltyd van vis en brood. Maar dit was nogtans 'n maaltyd met diepe betekenis. Nie alleen was dit die opgestane Christus wat die uitnodiging gerig het nie — dit was ook die geleentheid van Petrus se herstel.

Eintlik sou ons sê Petrus se sonde was onvergeeflik. Dat hy Jesus verloën het, was immers direk in stryd met die voortvarende belofte wat hy maak: „Al sal almal ook aanstoot neem, tog nie ek nie." (Mark. 14:29). Dit was dieselfde man wat in die aand van die gevangeneming van Jesus sy meester verloën het.

Maar hy is een van die sewe manne vir wie Christus nooi om te kom eet. Die maaltyd was in die antieke wêreld veel meer as net die eet van voedsel. Deur aan iemand plek aan jou tafel te gee, het jy eintlik te kenne gegee dat dit jou begeerte is om met daardie persoon gemeenskap te hou. Dit was meer as die aanbied van kos — dit was die aanbied van vriendskap en toegeneëntheid. Petrus was dus alreeds herstel die oomblik toe Jesus aan hom gesê het: „Kom eet." Want hyself kon hom tog nie vergewe nie — Christus moes en Hy het die inisiatief geneem.

So is dit altyd. Veral ook wanneer ons aan die tafel van die Here gaan sit. Menslik gesproke is ons sonde ook onvergeeflik. Niemand van ons mag eintlik gaan aansit nie, want ons is almal bevlek met allerlei sondes. Maar dit staan nie in Jesus se pad nie. Só groot is Sy genade, dat selfs ons sonde nie ons vergewing kan verhinder nie.

27 April

Lees Joh. 21:19-25. **Teks:** Joh. 21:19(c).

VOLG CHRISTUS

Ons almal staan onder die bevel om Christus te volg. Maar, wat beteken dit presies, wat hou dit in? Petrus het goed genoeg ondervind wat dit presies behels.

Wanneer Christus hom beveel: „Volg My", aarsel hy nog 'n oomblik. Hy sien agter hom die dissipel wat Jesus liefgehad het, Johannes. Sou Jesus dan van hom vergeet het? As hy, Petrus, aangesê word om te volg, hoekom dan nie ook Johannes nie? Hier is iets wat Petrus nie verstaan nie — hy verwag dat Johannes ook aangesê sal word om te volg. Maar blykbaar wil Jesus nie. Daarom vra hy dan ook: „Here, maar wat van hom?" En dan Jesus se antwoord: „Wat traak dit jou? Volg jy My."

Dit is wat dit beteken om Jesus te volg. Ons mag nie eers omraai as Hy geroep het nie — ons mag nie eers 'n oomblik agtertoe kyk nie. Ons mag nie redes vra nie, ons mag nie teenstribbel nie, ons mag nie verwyt en vra: „Nou maar wat van die ander?", nie. As Hy roep, moet ons gaan. As Hy sê „Volg", moet ons volg. Al lei dit ons ook nou deur watter dieptes — soos die geval met Petrus was.

En só sê Hy aan ons almal — dit is Sy opdrag vir elke nuwe dag — ook vir vandag. ‚Volg My." In ons werk, in ons rus en in ons spel. Ons moet dit altyd voor oë hou dat ons Hom moet volg. En môre is dit Sondag. Ons lees in die Skrif dat dit Sy gewoonte was om op die Sabbat na die sinagoge te gaan. Hoe sal ons môre beter gehoor aan Sy opdrag gee as om Hom te volg en kerk toe te gaan? Môre sal Hy weer roep: „Volg My!"

28 April

Lees Galásiërs 1:1-10. **Teks:** Galásiërs 1:1.

DIE GESAG VAN DIE APOSTEL PAULUS

Presies waar hierdie Galásiese gemeentes geleë is aan wie hierdie brief geskryf is, kan nie met sekerheid gesê word nie. Uit Galásiërs 4:13 weet ons dat die Apostel Paulus die Evangelie aan hulle gebring en die gemeentes gestig het. Vermoedelik tydens sy eerste sendingreis.

Die Apostel Paulus het Jesus Christus en Hom as Gekruisigde aan hierdie eertydse heidene voorgehou as die enigste Verlosser en Saligmaker van die sondaar. Hierdie heilswaarheid het hulle met vreugde aangeneem en gelowig geword. Paulus het geleer dat die regverdiging van die sondaar nie rus op wetsvervulling nie, maar dat dit verkry word langs die weg van die geloof in Jesus Christus. Hy het geleer dat dit die enigste weg tot saligheid is.

Later het invloedryke persone, die sogenaamde Judaïste, 'n leer in die gemeentes verkondig wat in stryd is met dié van Paulus. Die Judaïste het geleer dat naas Christus die onderhouding van die Mosaïese wet absoluut noodsaaklik is vir die saligheid. Die Apostel skrywe dus hierdie brief aan die gemeentes om die dwaling van die Judaïste aan die lidmate uit te wys.

Die Judaïste het ook die gesag en waardigheid van Paulus se Apostelskap aangetas. Paulus het nie behoort tot die getal wat Jesus tydens Sy aardse lewe gevolg en geken het nie. Hierdie feit het die Judaïste aangegryp en beweer dat die apostel-waardigheid waarmee Paulus optree, nie van Jesus afkomstig is nie, maar deur mense aan hom toegeken is. Alles wat hy van Jesus weet, sou hy van die ouer apostels geleer het. Hier in ons teksvers verdedig hy sy apostelskap en die gesag daarvan.

Om apostel te kan wees moes 'n persoon aan twee vereistes voldoen: hy moes getuie wees van die opstanding van Christus en ten tweede moes hy deur Jesus Self gestuur wees. Aan hierdie twee vereistes het Paulus sy verdediging geheg. Sy apostelskap sê Paulus het hy nie van mense nie, maar direk van die opgestane en verheerlikte Christus ontvang, en daarom van God die Vader wat Christus opgewek het. Hy grond sy apostelskap op sy Damaskus-ervaring, waar die opgestane en verheerlikte Christus self aan hom verskyn het en hom gestuur het. Op grond van hierdie verskyning kan Paulus ook getuie wees van die opstanding van Christus soos die ander apostels. Met die gesag van 'n apostel kan hy die evangelie van redding in hierdie wêreld verkondig.

Hy is die bode, die gesant van Christus. 'n Gesant spreek nooit sy eie woord nie, maar altyd die woord van sy sender. Daarom moet die Galásiërs, maar ook ons, die woord van die apostels, die evangelie wat aan ons verkondig word aanneem as die woord van God

self. Dit is die evangelie van redding. Dit is 'n krag van God tot saligheid vir elkeen wat glo; en dit is werd om ten volle aangeneem te word.

29 April

Lees Galásiërs 1:6-10. **Teks:** Galásiërs 1:6.

Die brief aan die Galásiërs dra 'n offisiële karakter: Dit is eintlik 'n omsendbrief aan verskillende gemeentes. In geen ander brief van Paulus is die aanhef en slot so koel en kortaf as in sy brief aan die Galásiërs nie. In sy briewe aan die ander gemeentes het Paulus altyd na die opskrif en groet die geadresseerde dankend en in voorbidding by God gedenk. In hierdie brief ontbreek hierdie tere woorde geheel en al. Na die aanhef en groet val hy met die deur in die huis en kom hy onmiddellik by die doel van sy brief. „Ek verwonder my dat julle so gou afvallig word van hom wat julle deur die genade van Christus geroep het, na 'n ander evangelie toe, terwyl daar geen ander is nie."

Deur die evangelie wat Paulus aan die heidene van Galasië verkondig het, het God hulle geroep om deel te hê aan Sy genade wat Hy in Christus betoon het. Deel te hê aan die verlossingswerk van Christus. In ons teksvers verwyt Paulus hulle omdat hulle afkerig geword het van hierdie evangelie, en hulle gekeer het tot 'n ander evangelie wat in werklikheid nie bestaan nie. Hy verwyt hulle omdat hulle die leer van die Judaïste, nl. om deur die wet geregverdig te word, aangeneem het.

Deur die ware evangelie te versaak, het hulle eintlik van hulle roeping afkerig geword; en wie sig van hierdie roeping afkeer, gee die genade prys; dié het weggeval uit die genade en is losgemaak van Christus en Sy verlossingsdaad. Vir Paulus is daar geen ander evangelie behalwe die een en enigste evangelie van die regverdigmaking uit die geloof alleen; die evangelie wat vergifnis van sonde deur die bloed van Christus aankondig. Laat ons ag gee op hierdie waarskuwende woord van Paulus en geen ander leer as dié van die apostel aanneem nie. 'n Leer wat in stryd is met die Bybelse evangelie, mag ons nie na luister nie. Die Bybelse evangelie verkondig Jesus Christus as gekruisigde en opgestane Heer aan ons; en die saligheid is in niemand anders nie, daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie.

30 April

Lees Gal. 3:6-13. **Teks:** Gal. 3:10.

DIE VLOEK VAN DIE WET

God het die mens geskape na Sy beeld en Sy gelykenis, geskape in ware kennis van Gods geregtigheid en heiligheid, geskape om Hom lief te hê, te dien en te gehoorsaam. Die mens, wat baie goed was, het ongehoorsaam aan God geword en in sonde verval. Sy wil om die goeie te doen is ondermyn — hy het verdorwe geraak. En die regverdige straf, die loon van die sonde — is die ewige verdoemenis.

God het die sondige mens nie losgelaat nie. As hy uit homself nie goed en reg kan lewe nie, as hy God nie kan liefhê en gehoorsaam nie, wat na die sondeval 'n onmoontlikheid geword het, dan plaas God van buite af 'n verpligting op die mens. God gee gebooie en wette en as die mens dit alles onderhou, dan sal hy behoue bly. „Jy moet die Here jou God liefhê . . ." Die mens moet, maar hy kan nie, want . . . „ek is van nature geneig om God en my naaste te haat en die gebooie van God . . . te oortree." Aangekla en veroordeel deur die wet staan die mens dus skuldig voor God. Tereg sê Paulus: „Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in

die boek van die wet om dit te doen nie." Die mens wat dus onder die wet staan, is skuldig, is dood. Die wet wat ons nie kan onderhou nie, het vir ons die ondergang, die vloek geword. Elkeen wat selfs die geringste wet of 'n deel daarvan oortree staan onder die vloek en is die dood skuldig.

Daar is in hierdie wêreld niemand wat hierdie, „alles wat geskryf is," kan onderhou nie, en daarom niemand wat dus **nie** onder die vloek staan nie. Daarom sê Paulus aan die Galásiërs dat niemand deur die wet by God geregverdig is nie. En dan wys hy hulle heen op Christus wat deur Sy daad aan die kruis ons losgekoop het van daardie vloek. Aan die kruis van Golgota het Christus die straf, die loon van ons sonde, die dood, in ons plek ontvang. Ons lewe deur Sy dood.

1 Mei

Lees Gal. 3:1-13. **Teks:** Gal. 3:13.

CHRISTUS HET ONS LOSGEKOOP VAN DIE VLOEK VAN DIE WET

Gedring deur Sy neerbuigende sondaarsliefde, het God in Christus Jesus 'n reddende hand uitgesteek na hulle wat dood onder die vloek van die wet was. Hy het Homself verneder en in hierdie sondige wêreld wat gestaan het onder die vloek van die wet, ingetree — en Hy wat sonder sonde was, het self onder die vloek kom staan. Sy werk was om die wil van Sy Vader te doen, en hierin was Hy volkome gehoorsaam tot die dood toe. Wat vir die mens onmoontlik was, het Hy gedoen. Hy het aan God se reg voldoen — wat ons nagelaat het om te doen.

Die kruis is die plek waar God die sonde van en aan die mens wil straf. En nou word Christus, die sondelose, die regverdige, aan die kruis genael. In die Bybel staan daar geskryf: „vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang." Dit is alleen 'n vloekwaardige misdadiger wat aan 'n kruis genael sal word. Christus aan die kruis is vir ons die teken dat Hy terwille van ons sonde gemaak is, terwille van ons 'n vloek geword het.

Deur Hom vrywillig aan die kruishout te laat spyker, het Christus die regverdige oordeel en straf van die Heilige God oor die sonde op hom laat neerkom.

Hy hang op die plek waar vervloekte misdadigers, waar ons moes gehang het, en Hy hang daar omdat ons wetteloos en liefdeloos geword het. Hy ontvang aan die kruis, die vloekhout, die straf wat ons moes ontvang het — en Hy betaal namens ons die skuld by God. So het Hy die vloek van die wet, die loon van die sonde, van ons weggeneem: „Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word". Hy sterwe sodat misdadigers kan lewe. Hy gee die lewe terug waar die sonde die dood gebring het. Die lewe ontvang ons nou deur te glo in die Gekruisigde en Opgestane Heer. Die vloek van die wet rus nou nie meer op ons nie. Almal wat slawe van die wet was het in Hom en deur Hom vrymanne geword.

2 Mei

Lees Gal. 3:13-29. **Teks:** Gal. 3:24.

DIE WET AS TUGMEESTER

Dat die mens nie geregverdig word uit die werke van die wet nie, maar alleen deur die geloof in Jesus Christus — het die Judaïste gesien as 'n nuwigheid van Paulus; en hulle het die onstandvastige Galásiërs beweeg om weer terug te val op die wet as die weg tot saligheid. In hierdie skrifgedeelte weerlê Paulus hierdie dwaalleer. Die wet is wel volmaak, maar die mens, wat die wet moet hou, is

onvolmaak. Die wet het, omdat die mens onvolmaak is, dié onder die ou verbond ook nie salig gemaak nie. Abraham en hulle wat onder die ou verbond gestaan het, is deur die geloof aan die heilsbelofte van God salig gemaak. Hierdie belofte het in Christus in vervulling gegaan.

Die wet het 'n tydelike karakter gehad; dit was 'n tugmeester na Christus toe. Dit het die mens aan Gods belofte laat vashou. Dit het die mens in bewaring gehou totdat die heilsbelofte met die koms van Christus in vervulling gegaan het. Die wet was en is nou nog nodig — en wel as 'n tugmeester na Christus toe, die enigste Saligmaker. Dit kon egter nooit die plek van Christus ingeneem het nie.

Die wet wat vierhonderd-en-dertig jaar later, nadat die belofte aan Abraham gegee is, gekom het — kon „die verbond wat deur God in Christus vantevore bekragtig is, nie kragteloos maak nie."

Daarom mag die Galásiërs, maar ook ons, nie die tugmeester wat tydelik was vashou, en Christus wat die vervulling van die belofte is loslaat nie. Die wet kon nie salig maak nie, maar het ons gelei na Christus toe wat alleen salig kan maak. Die wet, die gebooie en al die voorskrifte van die ou verbond is die skadubeeld, die weerkaatsing van wat in Christus werklikheid geword het. En nou waarsku Paulus die lidmate van die Galásiese gemeentes — maar ook ons — om nie die skadubeeld te hou en die werklikheid, Christus, te verwerp nie.

3 Mei

Lees Gal. 2:15-21. **Teks:** Gal. 2:19a en 20a.

DOOD EN TOG LEWEND

Aan die kruis van Golgota het Christus die vloek van die wet wat óns na die eis van God moes gedra het, op Hom laat neerkom. Hy het die smaad, die toorn en die skande wat die wet ons oplê, vrywillig op Hom geneem en Hy sterwe deur die wet. Deur hierdie daad van God is aan die eise van die wet volkome voldoen, die wet is op wettige wyse oorwin. Dit het alles plaasgevind sonder dat ons iets daartoe bygedra het. Tog staan ons nie daarbuite soos mense wat geen belang daarby het nie. Christus het ons in Homself opgeneem toe Hy ons vlees en bloed aangeneem het, toe Hy ons in alles — uitgenome die sonde — gelyk geword het. Hy was die tweede Adam, en deur die geloof in Hom is ons met Hom verbind en is ons ook met Hom gekruisig. Ons is as 't ware saam met Hom aan die kruishout vasgenael. Christus het vir ons en in ons plek gely en gesterwe. As ons plaasvervanger het Hy onder die las van die wet die dood ingegaan, en so ook ons saam met Hom. Ons is in Christus deur die wet gekruisig.

Christus het deur die wet vir die wet gesterwe, en omdat die gelowige in Christus ingelyf en so saam met Hom gekruisig is, daarom het die gelowige ook vir die wet gesterwe. Die wet het geen vat meer op hom nie, die wet kan hom nie meer veroordeel nie. Deur die genade van Christus is die gelowige onder die las van die wet uitgehaal. „Deur die wet is ek vir die wet dood . . . ek is met Christus gekruisig . . . en ek leef nie meer nie . . ." Tog leef die gelowige. Hy leef omdat Christus opgestaan het, en omdat Hy lewe. Toe Christus uit die dood opgestaan het, toe het die gelowige wat saam met Hom gesterwe het, ook weer saam met Hom opgestaan uit die sondegraf, Christus leef in hom.

Deur die Kruis van Jesus Christus is die ou mens in my gekruisig, my sonde vergewe en deur Sy opstanding mag ek as 'n nuwe mens lewe.

4 Mei

Lees Gal. 5:1-12. Teks: Gal. 5:1.

STAAN VAS IN DIE VRYHEID

Die vryheid waarvan die Apostel Paulus hier praat en waartoe hy die Galásiërs oproep om vas te staan, is nie 'n toelating om maar losbandig te lewe nie. Dit is geen aanmoediging om maar alle wette en reëls en orde in die godsdienstige en maatskaplike lewe oorboord te gooi en te verontagsaam nie. Dit is geen aansporing om wetteloos en ordeloos te lewe nie. Die vryheid waarin die Galásiërs moet vas staan, is die vryheid waarmee Christus ons vry gemaak het. Christus het die wette in die godsdiens en in die maatskappy nie kragteloos en waardeloos gemaak nie. Hy het die wet nie ontbind nie, maar vervul; en so het Hy ons vry gemaak van die vloek van die wet. Hy het ons ook vry gemaak van die slawerny van die sonde.

Die vryheid waarin ons moet vas staan, is 'n vry wees van die juk van diensbaarheid aan die seremoniële wette van die Joodse godsdiens. Dit is 'n vry wees van die gedagte om deur middel van die wet, deur menslike inspanning, salig te word. Vir die Galásiërs en ons is daar hierdie keuse: óf vry van die seremoniële wet, óf sonder Christus. Nie Christus en die wet en/of iets anders nie, maar Christus en Hy alleen, maak salig. Sy sterwe is genoeg, niemand kan nog iets daaraan byvoeg of hoef nog iets by te dra nie. As ons onder die juk van die wet wil bly lewe, dan is die reddingswerk van Christus vir ons van geen nut en waarde nie.

Ons moet egter ook daarop let dat die vryheid waarvan die Apostel hier praat, juis die hoogste gebondenheid is. Dit is 'n gebondenheid aan Hom wat ons vry gekoop het van die slawerny van die sonde, 'n gebondenheid aan Jesus Christus die Here.

Hierdie vryheid is om vry te wees van die magte van die duisternis, dit is om met volharding weerstand te bied teen die bose luste van die vlees, dit is om nie toe te gee aan die menslike begeertes nie. Hy wat vas staan in die vryheid waarmee Christus ons vry gemaak het, leef nie meer vir homself, of vir die wêreld, of vir die sonde nie, maar vir God en vir Jesus Christus.

5 Mei

Lees Fil. 1:19-26. Teks: Fil. 1:21.

WANT VIR MY IS DIE LEWE CHRISTUS EN DIE STERWE WINS

Ons enigste troos in lewe en sterwe is dat ons nie aan onsself nie maar aan ons getroue saligmaker Jesus Christus toebehoort. Hierdie troos verkry ons nie deur ons bekwaamheid nie maar deurdat Hy met Sy bloed vir al ons sondes betaal het.

Ons lewe word dan gevul met die verwagting dat Iemand oor ons heerskappy voer, dat al ons doen en late geskied in gehoorsaamheid aan die God wat nie alleen geskape het nie maar ook wil red en bewaar. 'n Mens se lewe kry alleen dan sin en betekenis as sy beginpunt en middelpunt Jesus Christus die gekruisigde is. Ons lewe kan wel miskien waarde hê as onsself in die middelpunt staan maar dit is twyfelagtige waarde, gebonde aan die verganklikheid van 'n nietige mens. In Jesus Christus kry dit egter nuwe betekenis want selfs die sterwe kry 'n ryke betekenis. In Hom is die lewe voordeel en die sterwe wins. In Hom word die sterwe nie dood of veroordeling nie maar opstanding en lewe.

Geen plesier, geen voordeel, geen wins in die wêreld kan hiermee vergelyk word nie. Al moet Paulus ook in gevangeskap verkeer, dan word sy lewe nog met blydskap vervul omdat hy aan Christus behoort en hy daarom vir Christus vrugbare arbeid in die wêreld kan lewer. Wag die dood op hom, dan vrees hy dit nie. Ja, die sterwe word

vir hom wins want hy „het verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste" (Fil. 1:23). So is daar vreugde en volheid in die lewe van die Christengelowige wat nêrens elders gevind kan word nie.

6 Mei

Lees Fil. 2:9-18. Teks: Fil. 2:16.

DIE WOORD VAN DIE LEWE IS VIR ONS KOSBAAR

Vir Paulus is daar slegs een doel: die dra van die evangelie sodat in die Naam van Jesus elke knie sou buig en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader (Fil. 2: 9, 19). Breek die dag van Christus dan aan, dan is sy hoogste taak voleindig. Hy is soos iemand wat in 'n wedloop hardloop om 'n onverwelklike kroon te ontvang. Sy wedloop en sy arbeid word gedoen sodat almal kan kennis neem van die evangelie.

Deur sy arbeid kon almal die woord van die lewe verneem. Hy bring nie 'n verganklike woord wat vandag daar is en môre nie meer nie. Dit is 'n woord van die lewe wat onwankelbaar is. Die Filippense kon in 'n heerlike voorreg deel: dat die arbeid van Paulus meegebring het dat hulle van die woord van die lewe kon verneem. Verwerp hulle nou hierdie woord, sal Paulus voel dat sy arbeid tevergeefs was. Hulle gesindheid toon egter dat hy nie verniet geloop en gearbei het nie. So word hulle dan vir hom 'n roem teen die dag van Christus.

Jesus se opstanding uit die dode verseker dat die dood nie meer heers nie maar die lewe. Daarom het ons die woord van die lewe ontvang. Saam met die Filippense is ons verheug oor Paulus se onvermoeide arbeid om die woord van die lewe uit te dra. Hy het dit gewis nie verniet gedoen nie. Omdat dit die woord van die lewe is, kan ons nou saam met die Filippense verlangend uitsien na die aanbreek van die dag van Christus.

7 Mei

Lees Fil. 3:1-7. Teks: Fil. 3:7.

ALLEEN CHRISTUS IS VIR ONS WAARLIK WINS

Daar is baie dinge in die lewe waarvan 'n mens glo dat dit jou 'n sekere mate van sekuriteit bied. As daar dinge is wat 'n mens onseker en onveilig maak, dan soek jy iets wat weer vastigheid en sekerheid kan gee. So sorg 'n mens dat vir sover as wat dit vir jou moontlik is, jy dinge aanwend om die toekoms te verseker. Insgelyks soek mense dikwels dinge om vir hulle die saligheid te verseker. So sê Paulus was hy ook as synde gebore uit die geslag van Israel iemand wat die wet stiptelik onderhou het. Gemeet aan die maatstaf van die wet — soos die Fariseërs wil leer — moet hy deur sy vertroue op die vlees die saligheid verkry. Hy kan dus met ander woorde in sy vertroue op hierdie dinge groot wins tot sy krediet verwag.

So 'n gesindheid waarin jy geken en ge-eer word as 'n troue wetsonderhouer op grond waarvan jy die saligheid vir jouself wil opeis, is in werklikheid nie wins nie maar skade. Dan word jy 'n mens wat wel miskien deur mense geroem word maar by wie Jesus Christus buite rekening gelaat word. Ons oogmerk mag nooit wees om vir onsself wins ten koste van Christus te probeer verwerf nie. Dit is beter om liewer aansien en roem, dit wil sê persoonlike wins, skade te ly ten einde te verseker dat Christus verheerlik sal word.

8 Mei

Lees Fil. 3:7-14. **Teks:** Fil. 3:9.

NIE DIE GEREGTIGHEID UIT DIE WET NIE MAAR DIE GEREGTIGHEID WAT UIT GOD IS DEUR DIE GELOOF

Paulus maak hier 'n skerp onderskeid tussen twee maniere waarop die woord geregtigheid gesien kan word. Dit gaan vir hom om óf geregtigheid wat uit die wet is óf geregtigheid wat uit God is deur die geloof. Die geregtigheid wat uit die wet is, word dikwels nogal as van groot betekenis gesien. So verwys Paulus hier na mense wat reken dat die besnydenis onontbeerlik tot saligheid is. Deur die wet stiptelik te onderhou, kan jy vir jouself jou geregtigheid uitwerk. Die ware geregtigheid bestaan egter nie uit werkheiligheid nie. In werkheiligheid word die menslike prestasie in die middelpunt gestel.

Teenoor die geregtigheid wat uit die wet is, staan die wat deur die geloof in Christus is. Ons word daarom nie geregverdig vanweë ons prestasie nie. Daar is geen geregtigheid waarop ons kan aanspraak maak nie. Deur die geloof kyk ons op na God omdat ons weet dat Hy ons die geregtigheid wil toereken deur Sy barmhartigheid in Christus Jesus. Die feit dat ons geregverdig word, vind ons daarom nie in dit wat ons doen nie maar daarin dat Jesus Christus aan die kruis gesterf het en op die derde dag opgewek is tot ons regverdigmaking.

Ons hoop en verwagting van die opstanding tot die ewige lewe berus daarom nie in wat ons gedoen of bereik het nie maar in wat God vir ons gedoen het deurdat Hy ons wat vanweë ons gebreke naak voor Hom gestaan het, nou met die geregtigheid in Christus Jesus oorklee het.

9 Mei

Lees Rom. 6:1-9. **Teks:** Fil. 3:10. 11.

JESUS CHRISTUS ALLEEN IS ONS WAARBORG VAN DIE OPSTANDING TOT DIE EWIGE LEWE

Die mens vir wie slegs hierdie lewe belangrik is sonder om te besin oor die ewigheid, is 'n selfsugtige mens vir wie slegs persoonlike wins van belang is. Maar so 'n mens het ook die ryker en diepere betekenis van die lewe uit die oog verloor. Daarom is vir die gelowige die opstanding uit die dood van wesentlike betekenis.

Daar is egter net een manier waarop die opstanding uit die dood verseker kan word en dit is deur die geloof in Christus Jesus. Deur die geloof ken ek Hom in die krag van Sy opstanding, het ek gemeenskap aan Sy lyde, word ek gelykvormig aan Sy dood. Die lyding en sterwe van Christus staan daarom nie los van ons nie. Ons het daaraan deel. Ons is saam met Hom begrawe in die dood sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel (Rom. 6:4).

Verwag ek dan om die opstanding uit die dode te bereik, dan kyk ek in volle geloofsvertroue op Jesus die Leidsman en Voleinder van die geloof. Sonder om deelgenoot van Christus te wees, bestaan hierdie verwagting nie. In my lyde en sterwe sien ek die lyde en sterwe van Christus. Hierdie twee dinge bring daarom nie vir my vrees en droefheid nie maar vertroosting omdat ek weet dat in Jesus Christus my sterwe verander in opstanding tot die ewig saalge lewe.

10 Mei

Lees 2 Kor. 5:1-10. **Teks:** Fil. 3:20.

ONS VERWAG ONS BURGERSKAP IN DIE HEMELE

Ons leef in die wêreld. Tog is hierdie lewe gelykstaande aan 'n tentwoning wat mettertyd afgebreek moet word. Dit is van tydelike aard. Dit is soos iemand wat as bywoner leef vir wie die eienaar

te enigertyd opdrag kan gee om te vertrek. Ons lewe is daarom tydelik. Ons is bywoners wat weet dat daar 'n plek is waar ons ons burgerskap eenmaal sal verkry. Dan is dit nie tydelik nie. Dan is dit nie iets wat te enigertyd be-eindig kan word nie.

Daarom leef daar by die gelowige die afwagting van die koms van die Heer. Dan maak die aardse tentwoning plek vir 'n huis wat nie met hande gemaak is nie, ewig by God in die hemele. In die wêreld leef ons daarom soos mense wat met vreugde wag op die koms van die Huisheer wat ons weet enige oomblik kan kom. Dit is vreugde omdat ons weet dat ons burgerskap reeds verwerf is, dat die plek reeds berei is. Agter ons lê die aardse dinge, die oue mens, en voor ons lê die hoop, die afwagting, die nuwe mens, die sekerheid van die opstanding, die burgerskap in die hemele.

So kan die gelowige niks anders ken as blydskap in die Heer en angstige uitsien na die dag wanneer die burgerskap in die hemele verwesenlik word nie.

11 Mei

Lees Fil. 4:10-20. **Teks:** 4:13.

DIE GELOOF IN GOD WEERSTAAN ELKE TERUGSLAG

Die lewe van elke mens lê in die hand van God. Alles wat ons het en alles wat met ons gebeur vind deur Sy toedoen plaas. Alleen deur Hom kan die krag gevind word om alle teenslae te oorwin. Hiervan is Paulus 'n goeie voorbeeld.

Mense redeneer soms dat dit met die gelowige goed behoort te gaan. Paulus wat deur Jesus Christus tot 'n besondere diens geroep is, kan egter nie sê dat sy lewe so wonderlik voorspoedig was nie. Hy ken talle geleenthede van vernedering. Hy ken marteling, broodsgebrek, steniging tot byna die dood toe en as hy die brief aan die Filippense skryf, verkeer hy nogeens in die tronk, afwagtend om tot die dood veroordeel te word. Hy bedank in hierdie brief die Filippense dat hulle met hulle gawes sy nood verlig het. Tog kon al sy leed en terugslae nie sy geloof wankel maak nie. Niks kon hom van die oortuiging afbring dat hy die gekruisigde Christus tydig en ontydig moet verkondig nie. Hiertoe was hy nie deur sy eie krag instaat nie maar deur Christus wat hom die krag daartoe verleen het.

Juis ons geloof en ons arbeid vir Christus kan dikwels terugslae en moeite meebring. Maar dit is juis ook die geloof wat in moeilike tye troos en krag gee. Daarom is ons instaat om smart en terugslae te kan verduur want ons kyk verder as die voor- of teenspoed wat in hierdie lewe ondervind kan word. Die gelowige treur nie soos hulle wat geen hoop het nie maar weet in blydskap dat Jesus Christus deur lyde, sterwe en opstanding ook vir ons die lewe verwerf het, ja, die beste en die kosbaarste wat ons ooit kan kry.

12 Mei

Lees Kol. 1:18-23. **Teks:** Kol. 1:18b.

HY IS DIE BEGIN

Jesus Christus word in ons teksvers die Begin genoem. Tereg kan gevra word: Die begin waarvan? Die antwoord word ewe-eens in die teks gevind en breedvoeriger uitgewerk in die res van hierdie Skriftgedeelte wat ons gelees het. Hy word die Eersgeborene uit die dode genoem. Uit die getuienis van die Skrif weet en bely elke gelowige in Jesus Christus dat Hy plaasvervangend, dit wil sê, in ons plek gely het.

Vanweë ons sonde moet ons volgens die regverdige oordeel van God gestraf word, maar die straf wat vir ons bedoel was het Jesus Christus gedra. Die straf vir die sonde is die dood, ook dit het Hy

vir ons verduur. Op die derde dag het Hy opgestaan uit die dood en dit betuig dat God die Vader die offer van Jesus Christus ten behoewe van ons aanvaar het. Hy is dus die begin omdat Hy die Eersgeborene uit die dood is. „Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het." (1 Kor 15:20). Sy opstanding het die wederopstanding moontlik gemaak, Hy herstel dus die lewe vir diegene wat in Hom glo. Ons het as gelowiges dus in Jesus Christus die hoop op die wederopstanding, die vergewing van die sonde en die ewige lewe. Hy is dus die begin waar ons opnuut weer begin in 'n nuwe lewe.

13 Mei

Lees 1 Kor. 12:20-27 en Kol. 1:9-18. **Teks:** Kol. 1:18a.

HY IS DIE HOOF

Dit was nog nooit die bedoeling gewees dat die kerk van Jesus Christus sonder gesag, wet en orde moet wees nie. Inteendeel, Paulus vermaan die Korinthiese gemeente dan ook dat alles daar ordelik moet geskied. Dit is vandag nog noodsaaklik dat daarmee gereken moet word dat die sinvolle bestaan van die kerk ten nouste saamhang met die gesag en orde in die kerk.

As Jesus Christus hier in ons teksvers die Hoof genoem word dan het dit juis ook betrekking op die regering van die kerk. Christus as die Hoof impliseer dat Hy alleen die kerk regeer omdat Hy outoriteit daartoe het. Kerklike gesag is daarom gedelegeerde gesag, gesag wat uitgeoefen word in opdrag van, en ook ter wille van Jesus Christus. Hy is die Hoof, die kerk is die liggaam. Daarom is ons ten nouste aan Hom verbonde. Ons kan sonder Hom nie lewe nie, sonder Hom is ons dood!

Een van die kenmerke van die ware kerk is daarom ook dat die tug positief uitgeoefen word in die kerk. Die tug wat op grond van die kerklike gesag uitgeoefen word het alleen een doel en dit is dat die lede van die liggaam behoue sal bly.

14 Mei

Lees Kol. 1:24; 2:4. **Teks:** Kol. 2:4.

DWAALLEER

Die Kerk het van meet af aan met valse leraars te doene gekry. In die verskillende briewe van Paulus, soos ook hier, is hy genoodsaak om aandag te gee aan hierdie listige groep mense. Ons kry die indruk by Paulus dat die dwaalleraars wel ter tale is, daarom kan hulle met drogredes probeer om die mense van die regte weg af te verlei. Hulle spreek oortuigend, oorredend sodat na hulle geluister moet word. In wese is hulle egter niks anders nie as rowers wat die mense as onkundige buit wegvoer.

Dit blyk ook verder dat dit vir die dwaalleraars veral gaan om die uiterlike dinge. Bygevolg hou hulle allerlei wette aan die mense voor waarvolgens sekere voedselsoorte vir hulle verbode is.

Hierdie mense bly nog steeds aan die uiterlike hang sonder dat hulle hul harte na die hemel verhef, waar Jesus Christus is. So vind ons vandag ook nog die dwaalleer in ons midde. Ons taak is om die Skrifte steeds noukeuriger te ondersoek, dan sal ons weet dat Jesus Christus steeds die middelpunt van ons lewe moet bly, want in Hom alleen is vir ons die redding en verlossing beskore.

15 Mei

Lees Kol. 2:6-15. **Teks:** Kol. 2:6.

STANDVASTIGHEID

Die dwaalleraars het nog geen noemenswaardige sukses in die gemeente van Kolosse behaal nie. In dankbaarheid kan Paulus nog

gewag maak van die geloof van die gemeente. Nietemin moet daarop gelet word dat, al is daar rede om te roem in hulle geloof in Jesus Christus die Here, bly die gevaar van afdwaling altyd 'n wesentlike. 'n Woord van bemoediging is derhalwe van pas in die situasie waarin die gemeente verkeer. Hulle moet wandel in Hom, terwyl hulle in Hom gewortel en opgebou is. Dit klink miskien soos 'n teenspraak om 'n gemeente op te roep om te wandel terwyl hulle gewortel en gegrond is. Hiermee bedoel Paulus egter net dat hulle geloof nie bodemloos is nie. Die geloof moet diep wortels slaan in Jesus Christus en Hy is die Hoeksteen waarop gebou moet word. Dit spreek vanself dat in so 'n geval hulle vas kan staan in die geloof. Meer nog, as hulle gewortel is, sal die groeikrag nie ontbreek nie, en kan hulle vrugte dra wat by die bekering pas.

Paulus wys hulle ook op hulle dankbaarheid. Dit gryp terug na die bron van die geloof: Hulle moet dankbaar wees vir die genade wat in Jesus Christus aan hulle betoon is. Hulle kan oorvloedig wees in dankbaarheid omdat hulle in die doop met Jesus begrawe en opgewek is. Om te wandel in die geloof beteken dus dat hulle vanuit hierdie geloof moet lewe.

16 Mei

Lees Efes. 4:1-7 en Kol. 3:1-13. **Teks:** Kol. 3:13.

VERDRAAGSAAMHEID

Paulus rig hom andermaal tot die gemeente, tot die mense wat in die geloof moet wandel. Ons sal ook kan sê Paulus rig hom tot diegene wat die oue mens afgelê het en voortaan in 'n nuwe godsalige lewe moet wandel.

Vir hierdie mense en vir ons almal geld dit ook, is daar sekere dinge wat van belang is in ons lewe as gelowiges. Dit is eintlik vanselfsprekend dat van die Christen verwag word om bepaalde Christelike deugde te beoefen, waarvan verdraagsaamheid en vergewensgesindheid van die belangrikste is. Die Christen sal uiters onverdraagsaam moet optree teenoor alles en almal wat die eer van God aantas en wat belemmerend inwerk op die voortgang van die Evangelie. So kan bv. die kommunisme en die draers van hierdie ideologie nie aanspraak maak op die Christelike verdraagsaamheid nie en moet elke gelowige in Jesus Christus dit te alle tye beveg. Verdra mekaar en vergewe mekaar, word ons geleer. Dit geld vir ons almal as lede van die een liggaam van Jesus Christus. Paulus weet dat ons in 'n gebroke wêreld lewe waar ons Christene sondaars is, daarom val dit ons moeilik om mekaar te vergewe en te verdra — tog moet ons dit doen. Ons kan ook net dink aan die woorde van Jesus: „O ongelowige en verdraaide geslag, hoe lank sal Ek by julle wees, hoe lank sal Ek julle verdra? (Matt 17:17). Hierdie Jesus het ons ook geleer om te bid: „vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe". Ja, God het ons om Christus ontwil vergewe!

17 Mei

Lees Filip. 4:4-9 en Kol. 3:12-17. **Teks:** Kol. 3:15.

DIE VREDE VAN GOD

Almal hunker na vrede. Dit is ook eienaardig dat ons bereid is om baie op te offer ter wille van vrede. Nasies is selfs bereid om oorlog te maak sodat vrede verkry kan word! Juis hierdie strewe na vrede bring die onrus in die wêreld. Daar is so min vrede omdat ons die vrede van God nie ken nie. Die eerste mensepaar het reeds die vrede met God versteur deur die sondeval en daarom is die mens nog altyd in stryd met God en Sy gebod.

Tog bied God ons hierdie vrede aan! Ja die eerste wat gehoor word in die nag met die geboorte van Jesus die Christus is: Vrede

op aarde! Buite Jesus Christus om is daar net nie vrede met God moontlik nie want alleen in Hom word ons met God versoen. Eers as ons weet van die redding en verlossing in Jesus Christus, wanneer dit bevestig is in ons harte deur die Heilige Gees weet ons van die vrede met God. Nou is dit ook so dat ons alleenlik met onsself vrede kan hê wanneer ons die vrede van God ken. As ons vrede met God en met onsself bereik het, dan is ook die vrede met ons naaste moontlik.

Die aandag moet ook daarop gevestig word dat die resultaat van die geloof in Jesus Christus die mens altyd tot gemeenskap dryf. Dit is net nie reg om geïsoleerd te probeer lewe nie. Ook die vrede wat voortvloei uit die geloof dwing die mense tot een liggaam, en daarvoor moet die mens dankbaar wees.

18 Mei

Lees Efes. 5:10-17 en Kol. 4:2-6. **Teks:** Kol. 4:5.

BUITEKERKLIKES

Dit is vandag nie meer 'n rare verskynsel om iemand teen te kom wat nie kerklik verbonde is nie. Op elke vlak van die lewe word hulle aangetref, daar word met hulle saamgeleef, en gewerk.

Teenoor hulle het elke gelowige in Jesus Christus 'n taak. Paulus noem dit hier: Wandel in wysheid teenoor dié wat buite is. Dit sal verkeerd wees om die mense te ignoreer; ons kan ons aan hulle nie onttrek nie. Ons moet in wysheid met hulle wandel. Paulus bedoel hier nie dat ons skerpsinnige intellektualisme moet openbaar nie, maar dit hang daarmee saam dat ons altyd die regte ding moet doen. Ons moet te alle tye korrek optree.

Paulus skrywe elders dat die mense sy brief is wat in die wêreld gelees word. As ons lewenswandel afstoot dan is dit negatiewe getuienis in die wêreld en kan ons nie diensbaar wees aan die Heilige Gees nie.

Ons het 'n getuienistaak teenoor diegene wat buite is. Dit gaan in hierdie getuienis nie om ons ellendige en sondige lewe nie, maar om die groot dade van God. Feit is dat God die wêreld lief het, so lief het, dat Hy Sy Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore moet gaan nie maar die ewige lewe moet beërwe. Dit moet ons aan die wêreld sê.

19 Mei

Lees 1 Thes. 2:17-20. **Teks:** 1 Thes. 2:19.

'N STOK IN DIE WIEL

Die apostel Paulus se innige begeerte was om 'n besoek aan die gemeente te Thessalonika te bring, maar al sy pogings het misluk. Sy afwesigheid van die gemeente het hom laat voel soos 'n vader wat ver weg van sy kinders is. Al sy planne wat hy gemaak het, is deur die Satan gedwarsboom. Dit was asof die Satan telkens 'n stok in sy wiel gesteek het sodat hy glad nie kon wegkom nie. Die geleentheid om die evangelie te verkondig, het Paulus altyd as die werk van God gesien. Die verhindering daarvan het hy weer altyd gesien as die werk van die Satan wat maar nie wil toesien dat die evangelie ongehinderd moet voortgaan nie.

Maar al kon Paulus nie die gemeente besoek nie kon Timótheüs dit doen en van hom kon Paulus verneem van hulle geloof en liefde. Dit was vir hom tot groot troos. Hy sonder hierdie gemeente uit as die evangeliedienaars se hoop of blydskap of kroon van roem in die teenwoordigheid van die Here Jesus Christus by Sy wederkoms. Alles stuur af op die wederkoms van Jesus Christus aan die einde van die tyd. En met die oog daarop wil die apostel soveel moontlik vir die koninkryk van Christus wen. Daarom is hy besonder dankbaar dat

daar in Thessalonika 'n klompie gelowiges is wat hom nie sal teleur stel nie. Hulle sal hom tot roem wees op die dag van die verskyning van die Here. Hy verbly hom reeds nou al daaroor.

Dit laat ons nadink oor ons eie geloofslewe. Sal ons ook standvastig wees in die geloof in Jesus Christus totdat Hy kom?

20 Mei

Lees 1 Thes. 4:13-18. **Teks:** 1 Thes. 4:13.

DIE HOOP VAN DIE GELOWIGE

Die opstanding uit die dode is die hoop en die troos van elke gelowige, want dit beteken vereniging met die Here Jesus by Sy wederkoms. Maar hierdie selfde hoop en troos het veroorsaak dat die gelowiges in Thessalonika met 'n ernstige probleem geworstel het. Die probleem het te doen gehad met gelowiges wat gesterf het en dié wat nog sal sterf voor die wederkoms van die Here. Hulle het gedink dat die ontslapenes uitgesluit sal wees van die heerlikheid wat met die koms van Jesus Christus gepaard sal gaan. Die vraag het ontstaan of dié wat dan nog in die lewe sal wees die ontslapenes vóór sal wees. Paulus los egter die probleem op deur te verduidelik dat die gelowiges wat reeds gesterf het saam met dié wat op daardie dag nog in die lewe is, deel sal hê aan die heerlikheid en saligheid van Jesus se verskyning en vir altyd by Hom sal wees. Die lewendes sal die dode dus nie vóór wees nie.

Oor die ontslapenes hoef daar dus geen onsekerheid te bestaan nie. Jesus se opstanding uit die dode is die waarborg dat hulle wat in Hom geglo het, ook uit die dood sal opstaan in heerlikheid. Daar is dus hoop op 'n wedersiens in die hemel. Die teksvers belet egter nie 'n Christen om te treur oor die heengaan van 'n dierbare nie. Maar dit word beklemtoon dat ons nie in wanhoop moet treur nie. Dit pas nie by gelowiges wat glo in die opstanding uit die dode nie. Dit pas wel by die ongelowiges wat geen hoop het om ná hierdie lewe as opgestanes vir ewig met Jesus te lewe nie.

Laat ons dan ook in ons diepste smarte uit ons geloof lewe en met die hoof omhoog ons Heiland uit die hemel verwag.

21 Mei

Lees 1 Thes. 5:1-11. **Teks:** 1 Thes. 5:6.

WAAK EN WEES NUGTER

Soos die mense van alle tye wou ook die Christene in Thessalonika graag geweet het wanneer presies die dag van die wederkoms van die Here sou wees. Die woorde „die dag van die Here" sluit aan by die profesië van Amos, Miga en Joël en is 'n heenwysing na die dag waarop God oor Israel gerig sal hou en waarop die beloofde Messias sou verskyn. Paulus gebruik dieselfde uitdrukking wanneer hy praat van die tweede koms van die Seun van die mens, as Hy kom om Sy volgelinge te vergader vir Sy koninkryk en om oor Sy vyande, die ongelowiges, gerig te hou. 'n Vaste datum en tyd kan die apostel natuurlik nie bepaal nie, want niemand weet wanneer dit sal wees nie. Selfs nie eens die engele in die hemel weet dit nie, net die Vader alleen.

Maar terwyl dit so is dat niemand weet presies wanneer die Here weer kom nie, beklemtoon Paulus twee belangrike dinge: (i) die dag van die Here kom soos 'n dief in die nag dws. skielik en onverwags en gevaarlik vir diegene wat nie daarop voorbedag en gereed is nie; en (ii) dié dag beteken 'n skielike verderf wat onafwendbaar is vir die sorgeloses en ongelowiges.

Vir die gelowige is die dag van die wederkoms dus ook onbekend maar omdat hy nie in volgehoue sonde en in valse gerustheid leef nie, hou dié dag vir hom geen verskrikking in nie. Maar vir die

slapendes en vir dié wat dronk is, sal die koms van die Here skielik oorval en hulle sal in die gerig kom. Laat ons nie soos hulle wees nie. Gods Woord roep ons op om nie in die stryd te verslap nie maar om gedurig te waak en altyd nugter te wees.

22 Mei

Lees 1 Thes. 5:12-18. **Teks:** 1 Thes. 5:16.

VOLGEHOUE BLYDSKAP

Voordat die apostel Paulus sy eerste brief aan die Thessalonisense afsluit, bring hy verskillende belangrike voorskrifte na vore. Die verwagting is dat die gelowiges in Christus daarvolgens sal lewe. Een daarvan is om altyd bly te wees. In 'n wêreld met sy son en sy skaduwees en in 'n lewe met sy lief en sy leed, is dit miskien nie so maklik om altyd bly te wees nie. Om bly te wees wanneer dit met 'n mens goed gaan, is seker vir niemand 'n probleem nie. Die blydskap kom dan sommer vanself. Maar om ook bly te wees wanneer dit nie met 'n mens goed gaan nie, dit is nie so maklik nie. Om bly te wees wanneer 'n mens se binneste ontroer is, of wanneer die liggaam met hewige pyne gefolter word, is menslik gesproke nie moontlik nie. Tog het Paulus dit reggekry. Onder sy verdrukkings en ontberings het hy steeds die blymoedige apostel gebly. As hy dit kon regkry dan behoort ons dit ook te kan doen.

Waar blydskap in die lewe van 'n mens ontbreek, ontbreek ook geloof en hoop. Die blydskap van die Christenmens hang nie af van sy voorspoed en geluk nie maar hang ten nouste saam met sy geloofslewe. Dit is nie soseer 'n uiterlike blydskap nie maar 'n innerlike. Dit is diep in die hart en die siel geleë. Die bron van alle ware vreugde is die liefde van God in Christus Jesus en daardie Bron word nie vertroebel deur die rampe of teëspoed van die mens se lewe hier op die aarde nie.

Dit is alleen deur 'n opregte geloof dat 'n mens jou altyd kan verbly, want deur die geloof weet ons verseker dat vir hulle vir wie God liefhet, alles meewerk ten goede. Selfs die kwaad word verander in goed.

23 Mei

Lees 1 Thes. 5:16-28 en Hand. 1:6-11. **Teks:** 1 Thes. 5:23.

DIE HEMELVAART

In sobere en duidelike taal beskrywe Lukas die hemelvaart van Jesus Christus. Die dissipels wat daar op die Olyfberg saam met Jesus was, het nog steeds aardse verwagtings van die Heiland gekoester. Aangesien Hy uit die dode opgestaan het en oor dood en graf getriomfeer het, wou hulle gehad het dat Hy ook Israel se verlore glorie nou moet herstel. En terwyl hulle nog met sulke aardse gedagtes besig was, is Jesus plotseling van hulle weggeneem terwyl hulle dit sien. En toe het 'n wolk Hom voor hulle oë weggeneem. Voor hulle nog van hulle verbystering kon herstel, was 'n engel reeds besig om 'n trooswoord tot hulle te spreek. Hy wat van hulle weggeneem is, sal net so kom soos hulle Hom sien wegvaar het.

Dit is die troos wat die hemelvaart van Jesus vir alle gelowiges inhou — Sy wederkoms. Die kerk hier op aarde wag met verlange en in spanning op die vervulling van daardie belofte, want dit beteken verlossing vir die gelowiges. Op dié dag sal Jesus al die uitverkorenes tot die ewige lewe bymekaar maak en saam met Hom neem na die huis van die Vader in die hemel.

Gedagtig aan hierdie bymekaarmaak van al die gelowiges oor die hele aarde, bid die apostel Paulus vir die gemeente in Thessalonika volgens die teksvers. Hy bid dat God Sy gemeente aldaar volkome

heilig sal maak sodat dit by hulle aan heiligheid op die dag van die wederkoms nie sal ontbreek nie. Hy wil dat hulle na gees, siel en liggaam onberispelik bewaar mag word sodat hulle verseker onder die gemeente van die uitverkorenes in die ewige lewe onbevlek gestel mag word.

Mag hierdie mooi bede ook wat ons betref by die verskyning van die Here Jesus bewaarheid word.

24 Mei

Lees 2 Thes. 2:1-5. **Teks:** 2 Thes. 2:1.

BLY KALM

In die bostaande Skrifgedeelte vind Paulus dit nodig om die gelowiges op te roep tot verstandigheid en kalmte. Hy wil hê dat hulle deur niks en niemand op loop gejaag moet word nie, veral nie wat die wederkoms van die Here betref nie. Valse gerugte en valse briewe mag by die Thessalonisense die indruk skep dat die dag van die Here reeds aangebreek het en hulle paniekbevange maak. Selfs Paulus se eie woorde kan verkeerd vertolk of verdraai word en mense laat skrik. Dit is so maklik om mislei te word. Daarteen wil die apostel die gemeente waarsku. Blykbaar het die Thessalonisense onder 'n verkeerde indruk verkeer as sou Paulus óf deur 'n profetiese mededeling, óf deur 'n mondelinge uitspraak, óf deur sy brief aan hulle beweer het dat die wederkoms al besig is om plaas te vind. Hy het dit egter nooit gesê nie. Hy het wel beklemtoon dat die koms van die Here sal wees soos 'n dief in die nag, skielik en onverwags.

Daar mag 'n lang tyd verloop van hemelvaart tot wederkoms, niemand weet hoe lank nie. Hierdie tussentyd is egter nie 'n tyd van handevou en stilsit vir die Christen nie maar ook nie 'n tyd van paniekerigheid en onsekerheid nie. Dit is 'n tyd om verstandig op te tree en kalm te wees. In hierdie onbepaalde tyd van afwagting, sal baie mislei word en afvallig raak, want die Satan is baie bedrywig. Sy tyd van optrede in die wêreld word elke dag korter, daarom is sy aanvalle ook intenser. Met die wederkoms sal die stryd egter vir altyd verby wees.

Laat ons dit ook in gedagte hou en in alle omstandighede kalm bly. Die skrik en die angs is vir die wat nie glo nie.

25 Mei

Lees 2 Thes. 3:1-5. **Teks:** 2 Thes. 3:1.

DIE VOORTGANG VAN DIE EVANGELIE

Wat is die kerk se belangrikste taak in hierdie tussenperiode wat strek van die hemelvaart van Christus en eindig met Sy wederkoms? Die apostel Paulus beantwoord hierdie vraag as hy die Thessalonisense versoek om voorbidding vir die evangeliedienaars te doen, sodat die woord van die Here sy snelle loop mag hê. Voor Sy hemelvaart het Jesus verskillende opdragte aan Sy dissipels gegee. Onder andere het Hy vir hulle gesê om die hele wêreld in te gaan en dissipels van al die nasies te maak. Dit kan alleen gebeur deur die uitdra van die evangelie. En dit is die taak van die kerk en daarmee mag nie opgehou word nie.

Om hierdie belangrike taak te bevorder, is die voorbidding van al die gelowiges dringend nodig. Maar nie dit alleen nie, die gelowiges moet ook self hierdie taak onderneem. Daar is vandag nog miljoene mense wat die evangelie van Genade en Verlossing nog nooit gehoor het nie. Baie wat dit wel gehoor het, het koud en onaangeraak gebly. Teenoor almal wat nog buite die kerk van die Here leef, het ons 'n taak om te verrig en 'n roeping om te vervul. Elke gelowige in Christus is geroep om getuie van Hom in hierdie

wêreld te wees. Deur ons mond oop te maak en aan alle mense die evangelie te bring, sal die Woord van die Here 'n snelle loop hê ook in ons tyd.

26 Mei

Lees Hebr. 1:1-14. **Teks:** Hebr. 1:4.

UITNEMENDER DAN ENGELE

Die Heer en Heiland het opgevaar na die hemel. Hy het gaan sit aan die regterhand van God. Hy neem die ereplek in die hemel in. As die Seun die verlossingswerk volbring het, neem Hy 'n rusplek, 'n plek op die troon in die hoogste heerlikheid in die hemel, waar God Hom die skitterendste openbaar in Sy majesteit. Die skrywer praat in die besonder van die SEUN. Die naam SEUN word veral na die hemelvaart van Jesus gebruik. Dit moet dien om die verhewendheid van die Middelaar aan te gee. Die Middelaar heet Seun, Seun van God. Sy hoogste titel wat Hy kragtens Sy God-wees is, staan voorop.

Die skrywer stel dit so om aan te dui dat die Seun uitnemender geword het as die engele namate Hy 'n voortrefliker naam geërf het as hulle. As groep heet die engele wel ook seun van God, maar nêrens heet één engel Seun van God nie. Dit word alleen van Jesus gesê.

Hy word met die engele vergelyk om uit te druk hoe Hy by sy troonbestyging was. Volgens vers 14 word die engele benede die mens gestel. In 1 Kor. 6:3 skryf Paulus: „Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie?" Die mens het in sonde geval. Die goeie engele het tot heerlikheid gekom. Hulle staan gedurig voor Gods aangesig. So het hulle die mens iets voor en behoort hulle tot die hoogste wesens wat daar is. Deur die Seun, die Middelaar, bo hulle te stel, word Sy verhewendheid te kenne gegee. Dit gaan nie om Sy wese nie, maar om die amp wat Hy beklee — Sy Middelaarskap.

27 Mei

Lees Hebr. 2:1-18. **Teks:** Hebr. 2:9.

MINDER AS ENGELE

Die Seun het soveel uitnemender geword as die engele namate Hy 'n voortrefliker naam geërf het as hulle. Waarom moes hy 'n kort tydjie minder as die engele gemaak word? Die skrywer verwys terug na Psalm 8 wat dit duidelik aan ons stel: „Wat is die mens, dat U aan hom dink, of die mensekind, dat U hom besoek?" Dawid teken die mens as swakke sterweling. Dawid dink hier nie aan die mens soos hy geskape is nie, maar aan die mens soos hy deur die sonde geword het. In hierdie toestand is hy nie meer werd dat God na hom omsien nie. En tog: „U het hom 'n weinig minder as die engele gemaak: met heerlikheid en eer het U hom gekroon en hom oor die werke van U hande aangestel."

God het alles aan die mens onderwerp. God het niks uitgesonder wat nie aan hom onderworpe is nie. Niks? Nee — ons sien dat alle dinge nog nie aan hom onderwerp is nie: Die DOOD! Jesus moes deur die dood hom tot niet maak wat mag oor die dood het — dit is die duiwel. Jesus moes deur Sy versoenende lyde en sterwe as Hoëpriester van 'n beter en nuwe verbond, die dood smaak om ons almal te bevry wat ons lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was. Daarom is Jesus vir 'n kort tydjie minder as die engele gemaak. Jesus het die dood oorwin.

En nou sien ons Jesus vanweë die lyde van die dood met heerlikheid en eer gekroon. Deur die genade van God het Hy vir elkeen — ook vir u — die dood gesmaak. So bring Hy baie kinders tot heerlikheid — ook u. Hy is die Bewerker van ons ewige saligheid.

Hy bekommer Hom nie oor die engele nie — maar oor die geslag van Abraham, die gelowiges — u! Hy het ons sondes met God versoen. Hy het onder versoeking gely om ons te help wat versoek word.

28 Mei

Lees Hebr. 3:1-19. **Teks:** Hebr. 3:3.

MEER DAN MOSES

Jesus verhoog in heerlikheid is meer as Moses. Moses beklee die besondere posisie in die Ou Testament dat hy die man was wat Israel uit die slawehuis van Egipte gelei het en die grondslag gelê het vir die toekoms van die volk. Hy was boumeester van die huis. God het hom aangestel want dit is God wat alle dinge bou. Meer as wat Moses was en gedoen het, was Jesus en het Hy gedoen. Sy verlossingswerk gaan dié van Moses ver te bowe. Moses was profeet en het heengewys na die Groot Profeet wat nog moes kom: „'n Profeet uit jou midde, uit jou broers, soos ek is, sal die Here jou God vir jou verwek: na Hom moet julle luister!" Jesus word eers met die engele vergelyk. Nou met die grootste mens. Nooit het 'n Godsman so trou gebly aan sy roeping ondanks bittere teleurstellings as Moses nie. Moses is middelaar van die Ou Testament. Die Middelaar van die Nuwe Testament se trou word bo dié van Moses gestel.

Ons mense luister nie graag na die profete nie. Israel het ook so gedoen. Hulle het hul hart verhard, verbitter geword, God versoek. God het hulle beproef, vertoornd geword, gesweer en gesê: „Hulle sal in My rus nie ingaan nie!" Hulle het die vreugde van die beloofde land nie gesmaak nie.

Heerliker as Moses se huis, is die huis wat Jesus bou. Hoogverhewe bo engele en mense is Christus Seun oor Sy huis. Ons is Sy huis. Maar dan moet ons die vrymoedigheid en die roem van die hoop tot die einde toe onwrikbaar vashou. 'n Bose en ongelowige hart kan ons maklik afvallig maak van die lewende God. Ons kan so maklik verbitter raak op die weg waarlangs God ons lei soos Israeliete onder Moses. Dan loop ons die ewige rus en vreugde mis.

29 Mei

Lees Hebr. 4:1-13. **Teks:** Hebr. 4:8.

MEER AS JOSUA

Jesus verhoog in heerlikheid is meer dan Josua. Josua moes na die vermoeide woestyntog die ou verbondsvolk die beloofde land binne lei. Voor die poorte van rus het hulle in opstand gekom. God het hulle nog veertig jaar in die woestyn laat rondswerf. Hulle het die rus nie ingegaan nie. Deur ongeloof het hulle nie ingegaan nie. Josua kon hulle nie rus gee nie.

Wat beteken rus? Dit gaan hier om geestelike rus. Die sabbat was beeld vir Israel van die ewige rus. Dit is om deel te hê aan die rus van God op die sewende dag, 'n rus wat nie 'n niks doen was nie, maar 'n verlustiging in die geskapene. Dit wil nie sê dat dit hier alleen gaan om die hemellewe nie. Dit is om deel te hê aan die rus van God, en hierdie deelhê bestaan in die rus van eie werke. Dan kom ons tot die dien van God. Wat bedoel word, is die waaragtige geestelike rus wat kom as die mens hom van sy sonde tot God bekeer waardeur die Here hom deel gee aan Sy rus. Alleen deur geloof kom mens tot rus.

Jesus het gesê: „Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is en Ek sal vir julle rus gee!" Het ons die geloof daartoe? Let op die Sabbatdag. Hoe traag is ons nie om op te gaan na die Huis van die Here nie! Hoe ywerig om weg te bly nie!

God het op die sewende dag gerus van al Sy werke. God gebied

ons in die vierde gebod om ons reeds nou te oefen om die ewige sabbat saam met Hom te mag vier. As ons dit nie nou reeds doen nie, hoe sal ons die ewige sabbat saam met God vier? Jesus is meer as Josua want Hy skenk ons die ewige rus waarna ons smag. Hy lei ons uit die sondige woestyn die hemelse Kanaän in.

30 Mei

Lees Hebr. 4:14-5:14. **Teks:** Hebr. 5:4.

MEER AS AÄRON

Jesus verhoog in heerlikheid is meer as Aäron. Die vir Israel bekende hoëpriesterskap het in Aäron sy oorsprong. Aäron was die welbekende Hoëpriester onder die Ou Verbond. Hy moes optree ten behoewe van die sondes van die volk. Op die groot Versoendag moes hy die soenoffer vir die sondes van die volk op die altaar van God bring. Hy moes nie alleen vir die sondes van die volk nie, maar ook vir homself vanweë die sonde offer. Hy was een wat kon saamvoel met die onwetendes en dwalendes omdat Hyself ook met swakheid bevange was. God het hom tot hoëpriester geroep. Hy het nie die waardigheid uit Homself geneem nie.

So het God ook die Seun voorgestel as Hoëpriester. As Hoëpriester het Hy gebede en smekinge met sterk geroep en trane aan God geoffer. Hy het Homself as offer gebring. Hy het Homself tot in die dood gegee. Uit alles wat Hy gely het, het Hy gehoorsaamheid geleer. Nadat Hy as Hoëpriester en offer alles volbring het, het Hy gaan sit aan die regterhand van God sodat Hy die Bewerker van ons ewige saligheid kan wees.

Jesus het onder versoeking gely soos ons, maar sonder sonde. Daarom het ons nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie. Ons het vrymoedigheid om na die troon van genade te gaan. Daar verkry ons barmhartigheid en genade om op die regte tyd gehelp te word.

31 Mei

Lees Hebr. 6:1-20. **Teks:** Hebr. 6:1,2.

STAGNASIE

Ons kan so maklik stagnant word in ons godsdiens soos die Jode van ouds. Hulle het alles geweet van die engele, van Moses, van Josua, van Aäron. Maar hulle kon nie insien hoe alles in betrekking tot Christus staan wat nou verhoog is in hoogste heerlikheid bo alle skepsele nie. Hoewel hulle leraars behoort te wees, was dit weer nodig dat hulle die eerste beginsels van Gods Woord moes leer. Hulle het meer behoefte aan melk as aan vaste spyse gehad. Die gevaar dreig dat hulle slegs by die begin van die prediking aangaande Christus bly stilstaan. Die eis van die evangelie is om na die volmaaktheid voort te gaan.

Ons moet waak teen stagnasie. Hierdie dag bring in herinnering ons volksgeskiedenis, sy verlede, hede en toekoms. Ons volk is gebore uit reformatories godsdienstige opvattings en oortuigings. Dit het hom deur die eeue gedra en bewaar. Die vlam van geloof is altyd brandend gehou. Maar is die geloofsvuur nie besig om geblus te raak nie? Bly ons nie vassteek by ou geloofswaarhede wat hulle wesenlike sin en betekenis vir ons lewe verloor het nie? Soek ons nie rusteloos rond na iets anders om dit te vervang nie? Het afvalligheid nie al vir ons 'n aanvaarbare werklikheid geword nie? En tog bly dit seker dat afvalliges nie so maklik tot bekering vernuwe word nie, omdat hulle t.o.v. hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak.

Ons geloof moet lewend en brandend bly. Ons moet nie traag word nie. God het ook ons geroep tot getuie onder die nasies — ook ons kerk en volk.

1 Junie
Lees Hebr. 7:1-28. **Teks:** Hebr. 7:17.

PROFEET-KONING-PRIESTER

Jesus verhoog in heerlikheid is Seun van God. Hy is die Middelaar wat in een persoon waaragtige God en waaragtige regverdige mens is. By Cesaréa-Filippi het Simon-Petrus bely: „U is die Christus, die Seun van die lewende God". Jesus, die Verlosser, is die Middelaar en dan ook die Christus, die Gesalfde, want Hy is met die Heilige Gees gesalf en van God die Vader verordineer tot ons Groot Profeet, tot ons enigste Hoëpriester en tot ons ewige Koning.

Neem ons Moses as profeet, Aäron as hoëpriester en Josua as koning, sien ons dat Jesus meer is as hulle drie. Met wie kan Hy dan in die Ou Testament vergelyk word? Die skrywer van die Hebreërbrief vind net een: Melgisédek, wat ons ontmoet in die geskiedenis van Abraham. Melgisédek was die skadu van Christus. In hom het hy die drie ampte verenig: profeet-koning-priester. Dit is die oorspronklike beeld waartoe die mens geskape is. God het die mens goed en na Sy ewebeeld geskape, in ware kennis (profeet), geregtigheid (koning) en heiligheid (priester). Melgisédek beeld die oorspronklike af. Hiertoe het God hom besonder geroep en bekwaam. In hom leef nog iets van die oorspronklike heerlikheid van die mens wat in die paradys gestaan het as profeet-koning-priester. Deur die sonde het hierdie heerlike beeld verlore gegaan en het dit nodig geword dat God ingryp, wat God ook gedoen het deur onder Sy volk profete, konings en priesters te roep. Melgisédek was die laaste wat nog iets van die oue glans getoon het wat weer in volle glans in Christus sou skitter.

Jesus Christus het gekom om hierdie verlore beeld in ons te herstel en deur die uitstorting van die Heilige Gees het ons deel gekry aan Sy salwing. Daarom noem die Skrif die gelowiges: 'n koninklike priesterdom . . . . om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot Sy wonderbare lig . . .

2 Junie
Lees Hand. 2:1-13. **Teks:** Hand. 2:4.

PINKSTERFEES

Met die uitstorting van die Heilige Gees begin die verkondiging van die evangelie aan alle volke, tale en nasies. Kort vantevore nog het die dissipels uit vrees vir die Jode agter geslote deure vergader. Van eintlike verkondiging aan die massa was daar nog geen sprake nie.

Maar met die koms van die Heilige Gees word alles anders. Die Heilige Gees gee die gawe van onverskrokkenheid, van vrymoedigheid om nou openlik te gaan verkondig, en wel in al die tale. Met Pinkster kom die deurbraak van die verkondiging van Jesus Christus aan die hele wêreld. Miskien is dit die grootste gevolg van die koms van die Heilige Gees.

Die tale waarin gespreek word is dan ook regte tale, die tale wat die Jode uit verskillende dele van die wêreld in Jerusalem gepraat het. Met verbasing hoor hulle dit aan: „Hoe hoor ons hulle, elkeen in ons eie taal waarin ons gebore is?". Nou mag ook die ander volkere die wonder van die Verlossing uit die mag van die sonde aanhoor, mag ook hulle vervul word met die vreugde van die Heilsboodskap.

Die dissipels begin op Pinksterfees om Christus in al die tale te

verkondig. Dit is die blye gevolg van die koms van die Heilige Gees.

Nou het ook ons die voorreg dat Christus in ons eie taal aan ons verkondig mag word. Maar ook ons het die taak om Christus in al die tale aan al die nasies oor die hele wêreld te verkondig — ook die heidenwêreld in ons eie land. Die Heilige Gees het gekom om by ons te bly tot op die jongste dag. En tot op die jongste dag moet die Evangelie van Christus aan die wêreld gebring word. Hiertoe maak die Heilige Gees ons bekwaam.

3 Junie

Lees Joël 2:18-32; Hand. 2:14-21. Teks: Hand. 2:17a.

'N TEKEN VAN DIE LAASTE DAE

Onder die tekens van die laaste dae by die voleinding van die wêreld dink ons dikwels net aan die groot wêreldgebeure soos natuurrampe en katastrofes, oorloë, gerugte van oorloë, aardbewings, hongersnode, ens. Dit is ook heeltemaal reg volgens die Heilige Skrif. Maar selde dink mens daaraan dat met die koms van die Heilige Gees die laaste dae aangebreek het.

Die profeet Joël het nl. ook die uitstorting van die Heilige Gees as 'n gebeure van die eindtyd gesien. En die apostel Petrus het dit net so in sy preek op die Pinksterdag uit Joël 2 aangehaal. Hiermee is dan aangetoon dat die uitstorting van die Heilige Gees die inleiding is van die laaste dae. Die uitstorting van die Heilige Gees is nl. die laaste groot heilsfeit in die handeling van God met die wêreld. Die volgende beslissende gebeurtenis in die geskiedenis is die wederkoms van Christus.

So word ons by Pinkster onmiddellik voor die ontsaglike perspektief van die Laaste Dae gestel. Ons leef in die eindtyd. Die wederkoms van Jesus Christus is naby. Wanneer die dag en die uur sal wees weet ons nie — maar dit kan enige dag wees. Die laaste groot heilsfeit het reeds plaasgevind. Die volgende is die wederkoms.

Die Heilige Gees het gekom om hierdie laaste tyd by ons te bly, om ons te lei in alle waarheid, ons van sonde en oordeel en genade te oortuig.

Waar ons dan in die laaste dae leef, laat ons gereed en wakker wees. Hy kom op 'n dag en 'n uur dat ons dit nie weet nie en nie verwag nie. Maar tot dan moet ons besig wees, moet ons werk en arbei in Sy wingerd. Met die oë gerig op die hemel moet ons ons plig en roeping met blye verwagting vervul.

4 Junie

Lees Hand. 2:37-47. **Teks:** Hand. 2:47b.

DIE GROEI VAN DIE KERK

Wie die Handelinge van die apostels aandagtig deurlees kan nie anders as om van die een verbasing in die ander te val nie. Met verbluffende snelheid het die evangelie oor die destydse bekende wêreld verbrei. Want die uitbreiding en die groei van die kerk was die werk van die Here self. Christus Self het vantevore reeds verklaar: „Op hierdie rots sal **EK** my gemeente bou." Die uitbreiding van die kerk is dus nie te danke aan die ywer en harde werk van mense nie. Dieselfde gedagte lê in ons teksvers opgesluit: „En die **Here** het daagliks by die gemeente gevoeg . . ."

En tog het God van die begin af mense gebruik vir die uitbreiding van Sy kerk. Hy gebruik die mens as instrument in Sy hand om die evangelie te verkondig. Die geloof word in die harte gewerk deur middel van die gepredikte woord. So word ons medewerkers van God en het ons die wonderlike voorreg om onsself as instrumente in Sy hand te stel.

Die geloof word dan in die harte gewerk deur die Heilige Gees,

deur God self. Die gepredikte woord is daarvoor slegs die middel. Maar die toevoeging tot die gemeente, die groei van die kerk, rus in Sy Almagtige Hand. Wat ons moet doen is dit: ons moet met getrouheid ons roeping om die evangelie te verkondig uitvoer. Die res moet ons aan God oorlaat. Hyself skenk die wasdom.

Daarom kan ons gerus wees in die wete: God hou self Sy kerk in stand. Sonder om te veel te kyk na die vrugte, sonder om te vra na die oes, moet ons die saad van die evangelie kwistig uitstrooi. Die Heilige Gees sal, op Sy tyd en Sy wyse, die wasdom skenk. En dit is vir ons genoeg.

5 Junie

Lees I Tim. 1:3-17. **Teks:** I Tim. 1:15.

DIE DOEL VAN CHRISTUS SE KOMS

Die Jode het in die tyd van Christus se koms na die wêreld 'n aardse Messias verwag. Hulle het verwag dat die Messias hulle sou verlos van buitelandse oorheersing, dat Hy hulle sou bevry van die Romeinse juk. Hulle het gemeen dat Hy die vervalle hut van Dawid in die sin sou oprig dat Hy die Koninkryk wat Dawid gehad het weer sou herstel en bevestig. Hulle het dus 'n aardse verlosser met 'n aardse koninkryk verwag.

Dit was hulle fout. Daarom kon hulle in die liefdevolle Heiland geen Messias sien nie. Want in plaas van met wapengeweld op te ruk, het Hy by tollenaars en sondaars tuisgegaan, het Hy met hulle geëet en gedrink. Trouens — Hy het juis uit Sy pad gegaan om die verlore skape op te soek. Vir die een sê Hy: volg My. Vir die ander: Mens, jou sondes is jou vergewe. Dit was die doel van Sy koms: om te soek en te red die wat verlore was.

Hy was dus 'n Verlosser — maar nie die soort verlosser wat hulle verwag het nie. Hy was 'n Verlosser uit die mag van die sonde en die Bose. Goddank. Want dit is die grootste nood van die mens: sy sonde. Hy het gekom om ons hiervan te verlos. Meer het ons nie nodig nie.

Tog wil dit voorkom asof in die jongste tye sommiges hierdie waarheid uit die oog verloor het. Hulle het van Hom 'n Sosiale Hervormer gemaak, Iemand wat gekom het om te stry vir die regte en waardigheid van die mens.

Maar so verloor ons ons Heiland. Daarom moet ons aan die betroubare woord van Paulus aan Timotheus vashou: dat Christus gekom het om sondaars te red van wie ek die vernaamste is. Dan hoor ons die vreugdeklokke van die Blye Boodskap.

6 Junie

Lees I Tim. 2:1-8. **Teks:** I Tim. 2:6a.

DIE LOSPRYS

Deur die sondeval het die mens 'n troostelose wese geword: vervreemd van God, vasgevang in die moeras van die sonde. Die ontsettende vooruitsig op die verdoemenis is al wat oorgebly het. Dit was die prys wat die mens moes betaal vir sy sonde. En die mens was volkome onmagtig om homself te red, homself te verlos of 'n losprys te betaal sodat hy weer vry kon word.

God het egter in Sy Barmhartigheid die mens nie aan sy lot oorgelaat nie. Christus het na die wêreld gekom om te soek en te red die wat verlore was. Hy het gekom om as Middelaar tussen God en mens op te tree. En wat ons nie kon doen nie, het Christus gedoen. Hy het 'n ontsaglike prys betaal om ons saligheid te verkry. Hy het die losprys betaal wat nodig was om ons vry te maak van die sonde, om ons die heerlike vooruitsig op die Vaderhuis met sy baie wonings te gee.

En die losprys wat Hy betaal het — wat was dit? Die losprys was Hyself. Die bittere kruisdood, Sy lewe wat Hy gegee het — dit was die losprys. Daarmee het Hy ons gekoop en betaal. Ons het verdien om te sterwe, om vir ewig verlore te wees. Maar Hy het in ons plek aan die kruis gehang. Hy het die losprys betaal sodat ons Sy eiendom geword het.

Wat 'n groot genadedaad was dit nie gewees nie. Vrywillig het Hy Hom as losprys aangebied vir 'n verlore gaande mensdom. Deur die geloof in Hom kry ons deel aan die verlossing wat Hy verwerf het. Bruisende vreugde moet ons hart en lewe deurtrek.

Sal ons Hom dan nie dank bewys nie
Die God van saligheid nie prys?

7 Junie

Lees I Tim. 4:1-5. **Teks:** I Tim. 4:1.

DIE AFVAL VAN DIE LAASTE DAE

Op meer as een plek in die Heilige Skrif word beklemtoon dat die nabye wederkoms van Christus ook gepaard gaan met 'n ongekende afval van die evangelie. Mense sal liefhebbers van hulleself word, geldgierigheid sal toeneem, ongehoorsaamheid van kinders teenoor hulle ouers sal aan die orde van die dag wees, hulle sal liefhebbers van genot word, verleidende geeste sal aangehang word, en so kan ons voortgaan. Dit sal wees asof die mens opnuut met hernude krag teen God opstaan. Geen wonder nie: die duiwel loop rond soos'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind. Met 'n laaste kramp-agtigheid sal hy verwoes en verlei en verskeur.

Te midde van dit alles moet Timotheus standvastig wees. Paulus waarsku sy vriend en medewerker om die rug op sulke dinge te keer. Hy moet aanhou met voorlesing, vermaning en lering. Hy moet vashou aan die geloof en die goeie leer van Jesus Christus. Dit sal stryd en moeite kos, maar dit is die moeite werd. So sal hy homself red sowel as die wat hom hoor.

Hierdie waarskuwende boodskap kom ook en veral tot u en my. Want is hierdie dinge waarteen die apostel waarsku nie ook vandag in volle vaart aan die gang nie? Die liefde van baie het verkoel, kinders se ongehoorsaamheid neem daagliks toe, die jag na plesier en genot het 'n haas onstuitbare vaart bereik, vreemde leringe en verleidende geeste vier hoogty. Die vyeboom is besig om te bot. Die afval van die laaste dae is 'n lewende werklikheid.

Slaan dan u oë op na bo vanwaar u verlossing is. Hou vas aan die geloof in Christus sodat niemand u kroon van u kan roof nie.

8 Junie

Lees I Tim. 6:1-16. **Teks:** I Tim. 6:12a.

DIE GOEIE STRYD

Christus Self het eenkeer gewaarsku: „Stry hard om in te gaan deur die nou poort, want baie, sê Ek vir julle, sal probeer om in te gaan en sal nie instaat wees nie." (Luk. 13:24). Ook Paulus wys meermale daarop dat die gelowige 'n stryd moet stry. In ons teksvers vermaan hy Timotheus: „Stry die goeie stryd van die geloof".

Die saligheid is dus nie sommer net iets wat heeltemaal vanself-sprekend is nie. Nie elkeen wat roep: Here, Here, sal eenmaal ingaan nie. Nee, dit verg moeite en stryd. Elkeen wat Christus wil volg moet sy kruis opneem en homself verloën. Dit vra opoffering, lydensgehoorsaamheid en stryd. En dit is nie altyd so maklik nie.

Waaruit bestaan hierdie stryd? Teen wie moet gestry word? Hierdie stryd is die stryd van die geloof. Dit bestaan uit die daaglikse lewenslange geveg met die sonde en die Satan. Dit is 'n stryd ten bloede toe. Daagliks moet daar gestry word teen die sondige neiging

in die hart, gedurig moet gestry word teen die influisteringe van die Satan. Dit is die afsterwe van die ou sondige mens en die opstaan tot 'n nuwe skepsel in Christus.

Hierdie stryd is gedug — heeltemal te oorweldigend om dit in eie krag te doen. In onsself kan ons nooit staande bly nie. Maar — en dit is ons troos — Christus het ook hierdie stryd gestry en oorwin. En omdat ons hier aan die kant van Christus stry is dit 'n goeie stryd. In Sy Naam en in Sy krag moet ons die stryd voer. Hy bemoedig ons: „Hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin".

„Ek is tot alles instaat deur Christus wat my krag gee." Met Hom en in Hom sal ons meer as oorwinnaars wees.

9 Junie

Lees 2 Tim. 1. Teks: 2 Tim. 1:5.

GOD VAN WORDENDE GESLAGTE

Hierdie teks vertel van die feit dat Timotheus net soos sy ma en sy ouma geglo het. So vertel dit vir ons iets van die wonder van God se genade.

Die God in wie ons glo is ook die „God van wordende geslagte". Daaraan word ons op 'n besondere manier herinner deur die doop. Ons ouers het ons na die doop gebring, omdat hulle geglo het. En ons, as ons glo in Jesus Christus dan hou ons, ons kinders voor die doop. Maar dis nie al nie.

Juis omdat ons ouers in Christus geglo het en ons laat doop het, het hulle as werktuie van die Heilige Gees vir ons 'n christelike opvoeding gegee. Hulle het nie net vir ons gebid en verder hulle hande gevou nie. Hulle het ons geleer van God en Sy Woord en waar dit ter wille van hierdie God en sy Woord nodig was, ons ook getug. Dit was sekerlik ook die geval met Timotheus. Ook daar is daar sekerlik gebid, geleer en waar nodig getug.

So het die Gees van God deur die eeue heen van gelowige ouers gebruik gemaak om sy kinders in die geloof te hou en uit die geloof „tot sy eer en hulle saligheid" te laat lewe.

En as ons name in verband met die geloof van ons kinders op 'n gunstige wyse soos dié van Timotheus se ma en ouma genoem mag word, dan is dit nie as gevolg van ons wonderlike handewerk nie, maar op grond van die genade van Hom wat Sy Seun so aan ons gegee het, dat dit ons hoogste vreugde kan wees om deur ons opvoeding ons kinders, van geslag tot geslag te kan teruggee in die diens van sy Heilige Naam.

10 Junie

Lees 2 Tim. 2. Teks: 2 Tim. 2:21.

'N VOORWERP TOT EER

Vir die gelowige is daar net een pad om te loop. Hy moet 'n voorwerp tot eer van God wees.

Paulus toon vir Timotheus daardie pad. Die mens in wie die Gees van God woning maak, moet 'n liefhebber wees van die regte leer en 'n navolger van die regte lewe.

Om die regte leer aan te hang, beteken eintlik om God só te ken soos wat Hy deur ons geken wil word, só soos wat Hy Hom in sy Woord aan ons bekend gestel het. In sy Woord het Hy Vader, Seun en Heilige Gees Hom aan ons te kenne gegee as God ons Verlosser uit genade alleen. In Christus is aan ons die saligheid gegee en deur die Gees word ons elkeen elke dag opnuut daarvan verseker dat ons verlos is.

Om die regte lewe na te volg, beteken om God uit dankbaarheid vir sy verlossing te dien soos wat Hy deur ons gedien wil word. Hoe

Hy deur ons gedien wil word het Hy ook nie aan ons goeddunke oorgelaat nie. Ook dit het Hy vir ons in sy Woord geopenbaar.

Die voorwerp tot eer van God is met ander woorde hy wat getrou die Bybel bestudeer om God reg te kan ken en dwarsdeur sy lewe die Wet van God ernstig opneem om daarvolgens te kan wandel. Deur God so te ken soos wat Hy geken wil word en so te dien soos wat Hy gedien wil word, word die eer wat aan God toekom, aan Hom gegee.

Wie wil dan nou ook by die aanskouing van sy groot genade 'n voorwerp tot oneer wees?

11 Junie

Lees 2 Tim. 3. **Teks:** 2 Tim. 3:5.

SKYNHEILIGHEID IS VERAGTELIK

Paulus skryf aan Timotheus dat hy hom moet onttrek aan die mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het". Dit is mense wat blykbaar wel aan die gemeente behoort het en vooraf voorgegee het dat hulle gelowiges is, terwyl hulle agteraf allerhande onhebbelikhede bedryf het. Paulus noem ook die dinge wat hulle gedoen het op die naam.

Daar was te alle tye sulke mense. Daar is ook vandag nog sulke mense. Wat Paulus vir Timotheus vra geld ook vandag vir elke mens: Elkeen moet hom aan sulke mense onttrek.

Nou moet ons baie versigtig wees. Dit is só maklik om deur die onttrekking aan sulke mense voor te gee dat 'n mens beter is as ander, terwyl dit nie die geval is nie. Dit vra Paulus nie. Wat hy wel vra is dat Timotheus en ook alle ander mense, hulle nie aan sulke skynheiligheid moet skuldig maak nie.

Eers as 'n mens homself ken, as hy weet dat hy tot alle onhebbelikhede en sonde instaat is en eers as hy weet dat hy wel by die mense vroomheid kan veins, maar nie by God nie, dan eers weet hy dat elke vorm van vroomdoening en skynheiligheid veragtelik is. Dan eers weet 'n mens dat 'n gelowige nêrens en nooit iets anders as homself mag wees nie.

Paulus vra dus dat wie die waarheid in Christus leer ken het, nooit vrede met die leuen van skynheiligheid en vroomdoenery moet maak nie. Die skynheilige vroomdoener se hele lewe is 'n leuen — 'n leuen waarmee God geen vrede kan hê nie.

12 Junie

Lees 2 Tim. 4. **Teks:** 4:5a.

DIE SKRIF EIS NUGTERHEID

Die nugterheid waartoe Paulus vir Timotheus oproep het eintlik 'n dubbele betekenis.

Die eerste betekenis is om vry te wees van opgewondenheid oor en waaksaam teen nuwighede. Die nuwighede het egter ook 'n spesifieke betekenis. Dit beteken nie nuwe gewoontes nie, maar wel 'n nuwe leer, 'n leer wat anders is as die een wat Paulus aangaande Christus verkondig het (vgl. vers 3). Wanneer Paulus vir Timotheus beveel om in alles nugter te wees, dan vra hy hom om by die regte leer te bly en toe te sien dat wat reg is, geglo moet word.

Die tweede betekenis van die woord „nugter" is dat Timotheus hom nie moet laat bekoor deur verdigsels en fabels nie, maar aan die waarheid moet vashou. Die waarheid is egter ook nie sommer enige waarheid nie, maar die waarheid van die Woord van God.

Die nugterheid wat die Skrif vereis is dus nie soos sommige mense verkeerdelik dink, 'n soort van godsdienstige onverskilligheid nie. Dit is nie die vryheid om maar net kerk toe te gaan as 'n mens daarvoor lus voel of niks anders te doen het nie. Dit is ook

nie die vryheid wat sommige mense vir hulle aanmatig om, as hulle alles gekoop het wat hulle hart begeer, hulle oorskiet as offergawe aan te bied nie.

Nugterheid is presies die teenoorgestelde hiervan. Dit is die groot en verruklike vryheid om met hart en siel aan God te wil behoort en aan sy evangelie doelbewus gehoorsaam te wees.

13 Junie

Lees Titus 1. **Teks:** Titus 1:5.

GOD IS 'N GOD VAN ORDE

Paulus het vir Titus in Kreta agtergelaat met die bevel om die organisasie van die gemeente waarmee Paulus begin het, te voltooi ook deur die aanstelling van ouderlinge.

Hierdie werk was nodig. Daar was mense in Kreta wat tugteloos was, onsin gepraat het, mense verlei het en selfs hele huise omgekeer het. Daarom was daar groot gevaar dat wanorde die oorhand sal kry. As dit sou gebeur, sou die geloof van die gemeente in gevaar verkeer. Die geloof sou nie net siek word nie, maar uiteindelik ook sterf. Omdat die geloof nie siek of dood moet wees nie, moet daar orde wees.

Dit is ook vandag nog waar: Orde is nodig vir 'n gesonde en lewende geloof. God wil so 'n gesonde en lewende geloof, want dit is tot sy eer. Daarom is Hy 'n God van orde.

Daarom word daar van predikante en ouderlinge by hulle bevestiging gevra om die gemeente in goeie tug en orde te hou en van die lidmate by hulle belydenis vereis om hulle aan hierdie tug en orde gewilliglik te onderwerp. Anders gesê: Van ampsdraers en lidmate word gevra om te doen en te bevorder dié dinge waardeur die geloof gesond gehou kan word.

Om ordelik en gedissiplineerd lidmaat van 'n gemeente te wees is nie 'n kruis om te dra nie. Dis 'n voorreg in 'n wêreld wat geen waarde meer heg aan tug en orde nie. Want so eer ons die God van orde wat deur sy orde ook die moontlikheid gee dat ons geloof tot ons enige saligheid en tot eer van sy onvolprese Naam gesond kan bly.

14 Junie

Lees Titus 2. **Teks:** Titus 2:7.

LEER EN LEWE MOET OP MEKAAR PAS

Daar is baie mense wat een ding sê en 'n ander ding doen. Sulke mense is onbetroubaar en lewer baie probleme op. Wanneer so-iets in die alledaagse lewe gebeur is dit erg. Dit word egter baie erger wanneer hierdie dinge ook in die godsdiens gebeur. En daar is helaas ook baie mense wat sê dat hulle in Christus glo, terwyl hulle lewe Hom openlik tot skande maak.

Hierdie hele saak het twee kante. Ons menslike woorde en dade is nie sonder betekenis nie. Ons woorde en dade kan vir 'n ander 'n aansporing wees — of 'n struikelblok. Wanneer ons een ding sê en 'n ander ding wat lynreg teenoor ons woorde staan, doen, dan skep dit verwarring en word ons doen en late 'n struikelblok vir ander. Wanneer woord en daad, leer en lewe op mekaar pas, kan dit 'n groot bemoediging vir ander wees soos bv. wanneer ons onder swaar beproewing of 'n groot blydskap ook in ons optrede getrou bly aan die geloof wat ons met die mond bely.

Nou is ons as mense nog altyd sondaars. Daarom staan ons elke dag bloot aan die gevaar dat ons lewe ons leer sal weerspreek en Christus tot skande sal maak. Wie dus erns wil maak met sy geloof in Christus, sal Paulus se vermaning aan Timotheus ook ter harte moet neem. Voordat hy praat of voordat hy doen, sal hy eers daar-

aan moet dink dat tot eer van God en terwille van sy medemens sy leer en sy lewe, sy woord en sy daad op mekaar moet pas.

15 Junie

Lees Titus 3. **Teks:** Titus 3:4-7.

DIE ENIGSTE GROND VIR ONS BESTAAN

In hierdie teksgedeelte gee Paulus eintlik die saak op grond waarvan hy alles sê, weer. Ons kan dit in een woord saamvat: Genade.

Alleen omdat God met sy vryspraak in Christus na ons toe gekom het en dit nog daagliks deur sy Gees aan ons bevestig, is ons christengelowiges. Slegs daarom is ons geroep om die komende geslagte tot sy eer op te voed en self as voorwerp tot sy eer die skynheiligheid te vermy, nugter en ordelik ons leer te versier met 'n lewe wat daarby pas. Slegs daarom kan ons, terwyl ons hier as Christengelowiges, ondanks ons val en opstaan, probeer om gehoorsaam aan die Woord te lewe, glo dat ons „erfgename kan word, ooreenkomstig die hoop van die ewige lewe".

Sy genade is vir ons genoeg. Dit is die enigste grond vir ons bestaan. Wie geleer het om van genade alleen te lewe, is hy wat geleer het dat God se liefde tot die mense verskyn het". Hy het geleer dat die wat in God glo goeie werke moet voorstaan.

Daarom steek ons elke dag ons hande, al is hulle swak en lomp, uit om die werk wat God ons gegee het te doen. Wie dit om allerhande redes weier, glo nie regtig dat God se genade vir ons genoeg is nie.

16 Junie

Lees Filip. 2:5-11 en Filémon 8-21. **Teks:** Filémon 18.

SELFOPOFFERING

Paulus het aan die Filippense geskryf: „Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was." Ons kan die gesindheid miskien kortliks só weergee: die bereidheid om Homself op te offer, om Sy lewe te gee as 'n losprys vir baie.

Hierdie gesindheid, bedoel Paulus, behoort nou in elkeen se lewe wat aan Christus behoort, te weerkaats en ons sien dit duidelik in die lewe van Paulus wanneer ons sy brief aan Filémon lees.

Paulus wat op daardie oomblik in die gevangenis was en waarskynlik gebrek sou hê, was bereid om die skuld van Onésimus op hom te neem en dit te betaal.

Hierdie bereidheid om borg te staan vir 'n dief en weggeloopte slaaf soos Onésimus wat immers self niks kon terugbetaal nie, het Paulus geleer van sy Here, Jesus Christus, wat op 'n geheel ander wyse vir hom, en ook vir u, borg gestaan het.

Deur die sonde het ook u soos 'n Onésimus u aan die dienste van God onttrek en Hom van Sy regte in u lewe beroof. U staan by Hom in die skuld; u kan nie betaal nie en u is derhalwe die dood skuldig. Die betaling vir die sonde is die dood. Maar Christus was bereid om vir u borg te staan. Hy was bereid om Homself op te offer. Hy het Sy lewe gegee en in u plek aan die kruis gesterf om u skuld by God te betaal en om u met God te versoen.

Paulus stel Christus nou vir u tot voorbeeld sodat u, net soos hy, in die gewone daaglikse lewe dieselfde gesindheid moet openbaar. U moet egter goed onthou dat Christus veel meer is as net 'n voorbeeld, ja, dat u verlore sou wees as Hy net 'n voorbeeld was. Paulus het daarom ook met krag geleer dat Christus die Gekruisigde is deur wie se bloed u vrygekoop is van die sonde en tot Sy eiendom gemaak is. As u dit met u ganse hart glo sal u nie anders kan as om, soos Paulus, die gesindheid wat in Christus Jesus was in u daaglikse lewe te weerkaats nie, want die Gees van Christus sal u daartoe

lei en dryf. Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, die behoort nie aan Hom nie.

17 Junie
Lees Hebr. 1:1-14 en Hebr. 2:1-4. **Teks:** Hebr. 2:1.

GEE AG OP DIE HEIL

Die opvatting bestaan dat God in die ou bedéling, toe Hy Homself en Sy wil aan die mense geopenbaar het deur die wetgewing op Sinaï, Hom laat bedien het deur die engele. Die skrywer van die brief aan die Hebreërs is hierdie mening toegedaan, Stefanus maak daarvan melding in sy redevoering voor die Joodse Raad en Paulus skryf daarvan in sy brief aan die Galásiers. In die volheid van die tyd, in die nuwe bedéling, het God Homself en Sy wil egter geopenbaar deur Sy Seun.

Wanneer die skrywer van die brief aan die Hebreërs die openbaring van God in die ou- en nuwe bedéling naas mekaar stel, is die laaste vir hom 'n veel ryker openbaring omdat Sy Seun soveel uitnemender is as die engele. Dit is asof die mense aan wie God Hom in die ou bedéling geopenbaar het, nog in die skaduwee gewandel het, maar dié in die nuwe bedéling kan wandel in die volle lig.

Waar die Seun soveel uitnemender is as die engele, verdien die openbaring in die Seun ook soveel meer aandag. Vandaar die vermaning om des te meer ag te gee op wat u gehoor het, naamlik die saligheid wat God in Christus Jesus geopenbaar het. As u nie die verdiende aandag aan die geopenbaarde heil in Christus sou skenk nie, is u soos 'n skip wat uit koers geraak het en van die veilige hawe wegdryf. Die gevaar bestaan dan dat u by die heil wat God in Christus geskenk het verbydryf en dit kan rampspoedige gevolge hê. Want die woord deur die engele gegee, het hom nie straffeloos laat verontagsaam nie. Dit blyk uit die geskiedenis van Israel hoe die heilige geregtigheid van God die sondaar gestraf het. Hoeveel te meer sal dit nie straf meebring indien die uitnemender heil in Christus nie ter harte geneem word nie.

Daarom moet u des te meer ag gee op wat u gehoor het, want
God vergeef, die Midd'laar leef!
Daar is vir u skuld en sonde
heil in Jesus wonde.

18 Junie
Lees Matt. 12:31-32 en Hebr. 3:7-19. **Teks:** Hebr. 3:12-13.

VERHARD U NIE!

Dit is 'n algemene waarheid dat 'n sondaar, hoe diep hy ookal gesink het en hoeveel jare hy ookal in ongeregtigheid geleef het, nog vergewing van sy sonde kan ontvang. Elke sonde en lastering sal die mense vergewe word. Dit gebeur egter nie sommer so vanselfsprekend nie. Nee, God vergeef die sonde alleen op grond van die verlossingswerk van Jesus Christus. Omdat Hy vir die sondaar aan die kruis van Golgota geboet het, kan die sonde u vergewe word wanneer u deur die genadige werking van die Heilige Gees tot berou en skuldbelydenis kom en bid om deur die bloed van Christus gereinig te word.

Dit is egter nie alle sonde wat vergewe word nie. Die lastering teen die Heilige Gees sal die mense nie vergewe word nie. Elke sonde kan tot hierdie onvergeeflike sonde lei as u daarin sou volhard sonder om u te bekeer. Wanneer u byvoorbeeld met u ganse wese welbewus en blywend aan 'n boesemsonde begin vaskleef (elkeen kan maar sy lieflingsonde self invul) en teen alle waarskuwinge in op die sondige weg bly voortwandel sonder om deur die genadige

werking van die Heilige Gees tot inkeer te kom en na skuldbedekking in die bloed van Jesus Christus te soek, verhard u langsaam totdat u ganse innerlike wese naderhand so verhard het dat dit onvatbaar geword het vir enige genadige werking van Bo.

So 'n verharding is nie 'n plotselinge gebeurtenis in u lewe nie. Dit neem dikwels jare en jare voordat so 'n algehele verharding intree omdat God lankmoedig is en telkens met Sy opsoekende genade tot die onwillige sondaar terugkom om sy hart, as dit moontlik is, nog te verteder. Want God het geen behae in die dood van die goddelose nie, maar daarin dat die goddelose hom bekeer van sy weg en lewe.

Solank die proses van verharding nog nie geëindig het in 'n algehele verharding nie, is daar nog hoop op redding. Dan is bekering nog moontlik. Dit is daarom dat u in die brief aan die Hebreërs vermaan word om daarvoor te sorg dat daar nie miskien in een van u 'n bose en ongelowige hart is deurdat u van die lewende God afvallig word nie.

Vermaan mekaar elke dag solank as dit vandag genoem word sodat niemand van u deur die verleiding van die sonde verhard word nie.

19 Junie

Lees Hebr. 3:7, 4:11. **Teks:** Hebr. 4:11.

BEYWER U

Verharding deur hulle ongehoorsaamheid en ongeloof het as gevolg gehad dat die Israeliete op hulle tog deur die woestyn die oordeel van God op hulle hals gehaal het en dit het meegebring dat hulle nie in die rus van die beloofde land ingegaan het nie. In die brief aan die Hebreërs word u vermaan om sorg te dra dat dieselfde oordeel u nie ook mag tref ten opsigte van die rus wat u beloof is nie. U word vermaan om u te beywer om in te gaan in dié rus, want daar bly 'n sabbatsrus oor vir die volk van God.

Onder hierdie sabbatsrus word verstaan die ewige rus wat daar is na hierdie lewe van moeite en stryd. Die rus is soortgelyk aan die rus wat God geniet het toe Hy op die sewende dag gerus het van Sy werk na die skeppingsweek. Hierdie rus is nie 'n tyd van salige niksdoen nie. Dit is 'n werksame rus waar die voltooide arbeid met 'n volkome innerlike en uiterlike vrede, met welgevalle, gadegeslaan word om jou daarin te verlustig.

Hierdie rus vind mens nie op hierdie aarde nie. Te dikwels word die klag van die Prediker op die lippe geneem: Watter voordeel het die mens van al sy moeite waarmee hy hom vermoei onder die son?

Die belofte van die Sabbatsrus is egter daar. Laat u u dan beywer om in te gaan in dié rus terwyl u voortdurend die beeld van die ongehoorsame Israeliete in die woestyn voor oë hou om nie in dieselfde ongehoorsaamheid en ongeloof te verhard nie, en terwyl u deur die geloof in die belofte hard stry om in te gaan deur die nou poort en u eie heil uitwerk met vrees en bewing.

Dit is waar — die ewige rus word nie verwerf deur u eie werksaamheid nie. Dit is vir u verwerf deur Jesus Christus met Sy soenoffer aan die kruis. Tog, wanneer u die ewige rus ingaan deur die geloof in Hom wat dit vir u verwerf het, sal u werke u volg. Dan sal dit blyk dat u werke nie sonder voordeel gedoen is nie, maar dat u self ook van u werke sal rus soos God van Syne.

20 Junie

Lees Hebr. 4:14-16. **Teks:** Hebr. 4:16a.

BID MET VRYMOEDIGHEID

Wanneer u hard moet stry om in te gaan deur die nou poort en

u eie heil moet uitwerk met vrees en bewing, het u ongetwyfeld genadekrag nodig om nie moedeloos langs die pad onder die besembos te gaan sit en uit te roep nie: „Dit is genoeg, neem nou my siel weg, Here!" Want die sonde wat lê en loer voor die deur, die wêreld en sy begeerlikheid en die duiwel wat rondloop soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind, is magtige teenstanders waarteen u met u eie swakke krag nie weerstand kan bied nie. Hoe sterk die aanvegting van die teenstanders is, sien u by Petrus wat selfs bereid was om saam met die Here Jesus te sterf, maar Hom enkele ure daarna drie maal verloën het. U sien dit ook by die Here Jesus Self toe Hy in Getsémane geworstel het, só dat Sy sweet geword het soos bloeddruppels wat op die grond val. Nee, u kan nie in die stryd volhard sonder die genadekrag op die regte tyd, elke dag opnuut nie. Sonder die genadekrag sal u selfs teen die geringste versoeking verloor.

U hoef nie te skroom of te huiwer om die genadekrag wat vir u so onmisbaar is, in die gebed te vra nie. U sou miskien huiwer. Ja, wie sou nie huiwer nie, as hy daaraan dink dat hy stof en as is, bevlek, met skuld bedek, misvorm deur sonde op sonde. Maar u hoef nie te huiwer nie. U kan met vrymoedigheid na die troon van genade gaan want ons het 'n Hoëpriester wat met ons swakhede medelye kan hê omdat Hy in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde, dit is Jesus Christus.

By die Vader, hoog en magtig, is Hy immer u gedagtig, ja, uit deernis met u lot tree Hy in vir u by God.

21 Junie

Lees Hebr. 5:1-11. **Teks:** Hebr. 5:1-2.

CHRISTUS ONS WARE HOËPRIESTER

'n Hoëpriester in die ou Verbond het soos 'n middelaar tussen God en die volk opgetree om deur die bring van offers die sonde van die volk voor God te bedek om die volk met God te versoen. 'n Kenmerk van so 'n hoëpriester moes wees dat hy medelye moes hê met die swakhede van die volk; medelye met die sondaars wat in versoekinge geval het, wat deur afdwalinge en onwetenheid oortree het. Daarom moes 'n hoëpriester uit die mense geneem word sodat hy, wanneer hy die offers bring om die sonde van die volk voor God te bedek dit nie sal doen terwyl hy veroordelend op die volk neersien nie, maar dat hy dit sal doen met 'n medelydende hart omdat hy dieselfde swakheid in homself kon waarneem en uit ervaring geweet het wat versoeking beteken.

Ofskoon hy medelye met die swakhede van die volk gehad het, kon die hoëpriester van die ou Verbond nie volkome versoening van die sondes verkry nie omdat hy, voordat hy voor die aangesig van God kon verskyn met die offer vir die sondes van die volk, eers vir sy eie sondes moes offer. Hy kon derhalwe nie as borg vir die volk optree nie, omdat hyself 'n borg nodig gehad het.

In die volheid van die tyd het God egter in Sy Seun die ware Hoëpriester gestuur om 'n volkome versoening vir die sondes van Sy volk te verkry. Hy het homself in u plek geoffer en so aan die eis van geregtigheid voldoen, nl. dat die mens wat die sondaar is, die straf van die sonde moes ondergaan.

Die kenmerk dat Hy medelye moes hê, het ook nie by Hom ontbreek nie. Hy het volkome mens geword en is met al ons menslike swakhede bekend. Daarom kan u sonder vrees met u sonde tot Hom vlug omdat u in Hom nie 'n Hoëpriester het wat nie met u swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos u, maar sonder sonde. En omdat Hy medelye het met u swakheid sien Hy nie veroordelend op u neer nie, maar Hy het

Self die oordeel op Hom geneem toe Hy Homself aan die kruis vir u sonde geoffer het om u volkome met God te versoen.

22 Junie

Lees Hebr. 5:12-14. **Teks:** Hebr. 5:14b.

GEESTELIKE SINTUIE

U het nie alleen 'n liggaam nie, maar ook 'n siel wat voortdurend deur gevare bedreig word. Soos 'n normale mens gewoonlik vyf sintuie het om hom in staat te stel om te onderskei wat goed en wat kwaad is vir die liggaamlike lewe, so het hy ook vermoëns om tussen goed en kwaad te onderskei met betrekking tot sy innerlike lewe. Hierdie geestelike vermoëns het hulle oorspronklike skerpte ongelukkig deur die sonde verloor. Maar deur die genadige inwerking van Gods Gees kan u innerlik weer verander en vernuwe word en kom die onderskeidingsvermoë tussen goed en kwaad weer terug — egter nie dadelik in volle skerpte nie. Daarom moet u dit deur die gewoonte oefen. Ooefening is by alle dinge onmisbaar. 'n Geheue wat nie geoefen word nie, word swak; 'n verstand word stomp; 'n wil word slap en 'n ongeoefende gewete word misleidend.

Vir die oefening van die geestelike sintuie het God Sy geskrewe Woord as hulpmiddel gegee waardeur die Gees aan u sekerheid gee wat goed en wat kwaad is. As u die Bybel nou gereeld met verligte oë sou lees, sal u gaandeweg duideliker kan onderskei tussen wat mag en wat nie mag nie, want dan sal u geestelike sintuie van dag tot dag so in skerpte toeneem dat u betyds gewaarsku sal word vir die kwaad.

As u dan maar in die geloof wou opsien na Hom wat u van die kwaad, van die sonde, verlos het voordat die kwaad u sou oorval, want

> Hy sien vooruit die wank'ling van u trede,
> En voor u val, het Hy u hand gevat.

23 Junie

Lees Hebr. 6:16-20. **Teks:** Hebr. 6:19-20.

JESUS ONS VOORLOPER

In hierdie Skrifgedeelte word opnuut die Christelike hoop omskrywe. Soos in die Kerk van vandag het die Christelike hoop onder die gelowige Hebreërs nie meer gelewe nie. Hulle eie nood, eie belange en vol program het die hoop op Gods beloftes laat vervaag.

Die Hebreërs word vermaan om opnuut uit hierdie Christelike hoop te lewe, want hierdie „hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is." (Rom. 5:5).

Hierdie hoop beteken die anker van die siel. Die funksie van 'n anker is diens in oomblikke van storm of onweer. Die anker moet bestand wees teen uiterlike gevare en innerlike twyfel, onsekerheid en skommeling.

Waar 'n skip sy anker in die diepte van die see het, die anker wat sy veilige tuiskoms in die hawe waarborg, is die anker van die geloof uitgewerp na die hemele. Vir die Jode was die Allerheiligste waar die ark gesetel het, die woonplek van God, maar Jesus het die voorhangsel in twee laat skeur sodat die toegang tot God vir ons moontlik kon word. Hy het gesterwe en opgestaan, opgevaar na die hemel. Sy hemelvaart is daarom die borg en sekerheid van my veilige tuiskoms by Hom. Dat ons die Hoop van hierdie tuiskoms mag koester is te danke aan Sy versoening.

Hy is nie alleen die Voorloper na Sy Vader nie. Sy voorloop beteken dat Sy gemeente sal kom waar Hy nou reeds is. Sy voorloop

na Sy Vader dui nie alleen die koers aan nie maar is self die anker, wat ons hoop op die tuiskoms by Hom wil bou en stimuleer.

As ons hoop op mense, rykdom, besittings, vroomheid en deugde dan is ons hoop ydel. Dan koester ons 'n hoop waarin ons deur 'n verganklike anker vasgehou moet word. 'n Anker wat nie bestand is teen die toorn van God nie. Dan het ons die anker vergeet wat ons uit die tyd verbind aan die ewigheid by God in die hemel — Jesus Christus.

24 Junie

Lees Hebr. 7:14-22. **Teks:** Hebr. 7:22.

JESUS 'N BETER BORG

Daar is geen ander brief in die Nuwe Testament wat 'n beter uiteensetting gee van die priesterskap van Jesus Christus as juis die Hebreërbrief nie. Op treffende wyse word die krag en waardigheid van Sy enige offerande onderstreep.

By die Jode moes sekerlik die vraag bestaan het hoe Jesus priester kon wees van die volk, daar Hy „Seun van Dawid" was uit die stam van Juda. Watter reg het Hy op die priesterskap in Israel as Hy nie uit die geslag van Aäron of Levi was nie?

Nou hoor ons Jesus het die Borg van 'n beter en 'n nuwe Verbond geword. Hy kon dit word volgens die orde van Melgisedek waarvan in die Bybel gespreek word nog voor Abraham.

Die Levitiese priesters het by God ingetree vir die volk. Hulle het vir die volk gebid maar elkeen van hulle het gesterf en daarmee het hulle voorbede vir die volk verstom. Die groot getal van opeenvolgende priesters bewys dat daar geen blywende voorbidder was nie. Alleen Jesus Christus het geen opvolger nodig nie omdat Hy LEEF. Die Levitiese priester offer elke dag, maar geen van sy offers was volkome nie. 'n Offer wat waarlik versoening bewerk het geen herhaling nodig nie, dit bring 'n blywende vrede met God mee. Jesus bewerk 'n ewigblywende versoening.

Die Levitiese priester was self 'n sondaar en Jesus was geen sondaar nie. Omdat die priester van die ou Verbond nie die ewige lewe het nie kan hy ook nie blywende voorbidder wees nie. Dit het God geweet en daarom bevestig Hy die priesterskap van Jesus Christus met 'n onberouvolle eed. Die Levitiese priesterskap was alleen leermeester tot Christus.

Jesus Christus offer Homself, en word daarmee 'n beter Borg van 'n Nuwe Verbond wat aan elke gelowige vergewing van sondes en vrede by God belowe.

25 Junie

Lees Hebr. 7:23-28. **Teks:** Hebr. 7:26.

'N GEPASTE HOËPRIESTER

Ons Hoëpriester was in alle opsigte versoek soos ons maar Hy was sonder sonde. So 'n Hoëpriester is vir ons gepas. As die Hebreërbrief terugkyk na die lewe en werk van Christus, dan val sekere noodsaaklikhede in die oog. Ons Heer was in een persoon waaragtig God en waaragtig, regverdig mens.

Jesus kom na 'n sondige verlore wêreld wat Hy wil red. Omdat die wêreld sondig is en die mens sondaars, is dit gepas dat ons juis so 'n Saligmaker sal hê — waaragtig, regverdig mens.

Die kenmerke wat ons teks onderskei in hierdie Hoëpriester, is dat Hy heilig, onskuldig, onbesmet en afgeskei is van sondaars. Mens kan byna sê dit is 'n noodsaaklikheid dat Hy so is, soos wat dit ook noodsaaklik was dat hierdie Hoëpriester sou ly, sterwe en opstaan tot ons geregtigheid.

Hy het ons gelyk geword in alles behalwe die sonde. In Sy werk

en persoon was Hy heilig en toegewy aan die diens van Sy Vader. Hy was rein en onbevlek met sonde. In hierdie sondeloosheid bring Hy die offer aan die kruis vir sondaars en die kleed van geregtigheid wat om Hom is word aan ons geskenk. Die wonder van hierdie geskenk is dat dit so kosbaar is en dat dit aan my gegee word sonder dat ek dit ooit kan verdien.

Jesus bring die offer, die enigste, die volmaakte en die laaste. Hy is die Lam, sonder gebrek, wat vir ons geslag word. So 'n Hoëpriester is vir ons gepas.

26 Junie

Lees Hebr. 8:1-7. **Teks:** Hebr. 8:1 en 2.

ONS ENIGE BEDIENAAR

Ons het 'n hoëpriester. Hy is deur God die Vader verordineer tot ons enigste hoëpriester wat ons met Sy enige offerhande van Sy liggaam aan die kruis verlos het. Hy het buite die hemelse tempel Sy bloed gestort en op aarde vir ons gesterwe. Ons hoëpriester het weer opgestaan en na die enige tempel teruggekeer. Hy sit nou aan die regterhand van Sy hemelse Vader. Deur Sy dood, opstanding en hemelvaart is God se heilsplan met die mens uitgevoer.

Nou is Hy 'n Hoëpriester wat voor Sy Vader in die hemel diens verrig en hierdie diens verrig Hy nog steeds ter wille van die mens. Die dienswerk wat Hy voor God doen is die bewerking van ons enige heil en die bereiding van 'n tuiste vir ons in die huis van Sy Vader.

Hy is ons enigste Hoëpriester. Dit bring mee dat niemand anders hierdie werk vir ons voor God kan doen nie. Dit wys alle ander saligmakers af en trek 'n streep deur ons eie goeie werke. Dit wys die mens heen op sy enigste Hoop — Jesus ons Hoëpriester.

Sy dienswerk as Hoëpriester het Hy verrig deur Homself aan die kruis vir ons te offer. Sy werk gaan verder want Hy tree nog steeds vir ons in as voorspraak voor die troon van Sy Hemelse Vader. Daar pleit Hy en doen Sy hoëpriesterlike dienswerk as Hy heenwys na Sy offer wat Hy eenmaal vir die mens gebring het.

Bediener van die heilige dinge. Die kerk mag hierdie dienswerk van Christus verkondig en ons mag dit glo — dit is ons enigste troos in lewe en sterwe.

27 Junie

Lees Hebr. 9:11-20. **Teks:** Hebr. 9:16.

DIE TESTAMENT

Israel was die verbondsvolk. God het Abraham 'n belofte gemaak: „Ek sal My verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou tot 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou." Die teken van die verbond was die besnydenis.

Vir die Hebreërbrief is dit asof God hier 'n testament opstel en aan Abraham beloof dat daar aan hom en aan sy nageslag gedink sal word en dat hulle eendag van God sal erf. By hierdie belofte van God sluit ons tekswoord aan as dit beweer dat waar 'n testament is word daar iets belowe. Vir die een aan wie die belofte gemaak word bly dit 'n saak vir die toekoms. Die testamentmaker leef nog.

Hierdie redenasie mag eienaardig klink, maar hierdeur wil ons tekswoord 'n groot heilswaarheid aan ons verkondig. Die testamentmaker het Sy lewe vir ons neergelê — dit is Hy wat die offer aan die kruis gebring het. 'n Testament se bepalings word van krag as die dood intree en nou het dit gebeur. Die belofte aan Abraham gaan heerlik in vervulling en sy nageslag ontvang die enige erfenis.

Die dood van Jesus Christus aan die kruis is die beslissende gebeurtenis. Dit is nie die dood van 'n profeet of van 'n besondere of goeie of selfs hoogstaande mens nie. Dis die dood van God self.

die maker van die testament. Deur Sy dood word ons erfgename van al die heerlikheid wat Hy besit.

Sy dood maak vir ons die weg oop en Sy opstanding maak die graf die poort na die lewe.

28 Junie

Lees Hebr. 10:15-23. **Teks:** Hebr. 10:19.

VRYMOEDIGHEID

In die tempel van Israel was daar 'n voorhangsel. Dit was 'n gordyn wat die Allerheiligste afgesluit het van die res van die tempel. In die ruimte staan die verbondsark onder die vleuels van die gerubs. Dit was die troon van God en die plek mag geen mens deur sy sondige teenwoordigheid verontreinig nie. Israel het nie die vrymoedigheid om daar in te gaan nie.

Christus as ons groot en enigste Hoëpriester bring hierin 'n verandering. Met Sy dood aan die kruis skeur daardie voorhangsel van bo na onder en nou het ons wel die vrymoedigheid om in die heiligdom van God in te gaan. Hier moet ons let op die feit dat daar nou gewys word op die hemelse troon van God. Die troon in die Allerheiligste was die skadu van die hemelse.

Broeders, ons mag nou met vrymoedigheid ingaan in die heiligdom van God, want Jesus het vir ons 'n nuwe, geplaveide en lewende weg geword deur die voorhangsel heen. Dit wat vroeër vir die mens gesluit was het Hy vir ons ontsluit. Deur die persoonlike offer van Christus en deur Sy toewyding en gehoorsaamheid tot die dood toe kan ons nou toetree met volle geloofsversekerheid. Ons harte is deur die besprinkeling met Sy bloed gereinig.

Agter die voorhangsel is Gods verblyf. Dit is die troon van Sy genade wat vir die menslike oog verborge was. As Christus die weg vir ons oopmaak, ontsluit Hy die toegang tot daardie genade.

29 Junie

Lees Hebr. 10:23-31. **Teks:** Hebr. 10:25.

BYEENKOMS

Op die pelgrimstog na die heiligdom van God mag niemand agterbly nie. In haar ewige tuiste in die heiligdom van God sal die kerk waarlik kerk wees. Dan sal hulle nie meer vreemdelinge en bywoners wees nie, maar inwoners van hulle hemelse vaderland. Op reis na die heiligdom moet ons op mekaar ag gee en mekaar opskerp tot liefde en goeie werke. In mekaar sien die gelowiges reeds die dienswerk van Jesus Christus die Verlosser en in die liefde waarmee Hy hulle liefgehad het moet hulle mekaar liefhê.

Hierdie taak kan die mens nie vanuit homself verrig nie. Die mens ken nie die taal en die woord om die Hoëpriesterlike dienswerk van Christus voort te sit nie. Hy gee aan ons Sy Woord wat hierdie heerlike gebeurtenis omskrywe en hierdie Woord mag ons aan mekaar vertel. Mense sal bymekaar kom en luister na die boodskap van die Hoëpriester wat die heiligdom vir ons oopgesluit het. Dit sal Sy Kerk wees en die Woord die evangelie. Hierdie onderlinge byeenkoms mag ons nie verwaarloos nie. Wie dit doen raak los van die lewensverband en sterf.

As die kerk bymekaar kom in sy erediens, dink hy aan baie wat hierdie evangelie nog nie gehoor het of nie weer wil hoor nie. Hierdie byeenkoms beteken vergader en vermeerder. Hier wil God Sy kerk laat groei sodat die evangelie mag uitkring en dat meer en meer se voete gerig mag word op die pelgrimstog na die heiligdom.

30 Junie

Lees Hebreërs 11:1-7. **Teks:** Hebr. 11:1.

DIE GELOOF

„Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop . . ." In hierdie hoofstuk gaan dit oor die betekenis van die geloof. Die geloof word hier gestel as 'n samevatting van alle ander Christelike kenmerke. Dit vorm die grondslag van die Christelike lewe. Eers word daar 'n definisie van die geloof gegee. „Die geloof dan is 'n vaste vertroue." Dit is 'n vasstaande fondamentsteen. Dit is verankerd in Jesus Christus se uitspraak: „Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." (Joh. 3:16).

Maar die geloof word nie somarso uit die lug gegryp nie. Die geloof is 'n noukeurige kennis van God en Sy beloftes soos Hy dit in die Evangelie geopenbaar het en daarby ook 'n hartlike vertroue dat God al my sondes om Christus ontwil vergewe het. Daarom waarsku die Apostel Jakobus teen 'n veralgemening van die geloof: „Jy glo dat God één is. Jy doen goed; die duiwels glo dit ook en hulle sidder." (2:19). Ons glo in God: Vader, Seun en Heilige Gees, tot redding en tot heil, maar die duiwels glo slegs dat God bestaan en daarom sidder hulle vir die dag van afrekening.

Om te glo in God beteken dat jy jou geheel en al aan Hom oorgee, dat jy Hom volkome vertrou en alles van Hom verwag. Om in God te glo beteken terselfdertyd dat jy nie meer in jouself glo nie, maar dat jy altyd en in alles sal vra: „Here, wat wil U hê, moet ek doen?" (Hand. 9:6). Om in God te glo beteken dus dat jy nie meer as 'n mens met 'n eie wil leef om te doen wat jou behaag nie, maar dat jou eie wil aan dié van God ondergeskik gemaak word om te doen wat Hom behaag. „En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag . . ." (Hebr. 1:6).

Waar kom die geloof vandaan? „Die geloof is dus uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God." (Romeine 10:17). Die Woord van God leer ons om in God te glo. „Nog baie ander tekens het Jesus voor Sy dissipels gedoen, wat in hierdie boek nie beskrywe is nie; maar hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in Sy Naam." (Joh. 20:30 en 31).

1 Julie

Lees Hebreërs 11:8-22. **Teks:** Hebr. 11:8(d).

SONDER BESTEMMING

In Abraham het ons 'n persoon wat sy geloof in God prakties uitleef in die alledaagse lewe. Sy geloof is werklik 'n vaste vertroue op die dinge wat hy hoop; 'n bewys van die dinge wat hy nie sien nie. As God Abraham beveel om te trek, dan gehoorsaam hy sonder om eers daaroor navraag te doen. Hy het ook nie eers gaan stil sit en sommetjies maak of dit betalend sal wees of nie. Hy het nie eers geweet waarheen sy trek hom sou voer nie. Gehoorsaam het hy weggetrek sonder om te weet wat sy bestemming is.

Sonder om vooraf te weet en sonder om vooraf te sien het hy die bevel van God gehoorsaam. Hy trek die onbekende en ongetemde streke in slegs met 'n onwrikbare geloof in die Een wat hom beveel het. So word die lewe van Abraham 'n getuienis van 'n opregte geloof. Al moet hy sy geboortestad verlaat trek hy soos een wat 'n stad verwag waarvan God die boumeester is. Al is hy en Sara albei al oud en nog sonder erfgenaam, ontvang hulle op gevorderde leeftyd 'n eie kind, Isak. Al was Isak hul enigste kind, het Abraham nie gehuiwer om hom na die offeraltaar te lei nie. In sy gemoed het hy

sy seun al klaar geoffer toe God hom keer en 'n offerdier voorsien.
Abraham trek uit sonder 'n bestemming — alleen op Gods bevel. En tog was hy nie sonder 'n bestemming nie, want God was sy bestemming. Daarom beskou hy homself as 'n vreemdeling hier op aarde, terwyl hy verlang het na 'n beter vaderland, naamlik 'n hemelse een. Dit is Abraham se bestemming.

2 Julie
Lees Hebreërs 11:23-28. **Teks:** Hebr. 11:26.

GROTER RYKDOM

Ou Egipte het 'n hoogstaande beskawing gehad. Aan die hof van koning Farao groei die Israelitiese vondeling Moses op. Hy kry 'n opvoeding wat slegs vir die seuns van die koning beskore was. Aan die hof van Farao is alles net van die beste. Geld is geen probleem nie. Vir Moses wag daar 'n mooi toekoms.

Maar in hierdie idilliese bestaan haper daar iets. Die spelbreker is Moses. In die eerste plek weier hy om die seun van Farao se dogter genoem te word. Vir hom is dit 'n geloofsdaad. Dit volg op die geloofsdaad van sy ouers wat hom drie maande lank weggesteek het en so die koning se bevel verontagsaam het. In die tweede plek verkies Moses om 'n Israeliet te wees bo die rykdom, roem en glans wat die Egiptiese hof hom as 'n prins aanbied. Die Israeliete verrig slawe-arbeid. Soos diere word hulle aangedryf. 'n Prins van Egipte geniet al die weelde en die genot wat geld en aansien kan vermag. En tog wil Moses liewer sleg behandel word saam met die volk van God as om 'n tyd lank die genot van die sonde te hê.

Al het Christus eers eeue later na die aarde gekom, staan hierdie geloofsdaad van Moses vir die skrywer van Hebreërs gelyk aan die navolging van Christus. Hy maak hieruit die gevolgtrekking dat Moses die smaad van Christus groter rykdom geag het as die skatte van Egipte. Hiervoor verwag Moses 'n ander beloning nl. die hemelse stad en die ewige lewe. Netsoos Abraham leef Moses nie aardsgebonde nie, maar die oog is steeds gerig op die hemel soos een wat die Onsienlike sien. Deur hulleself as vreemdelinge en bywoners op aarde te beskou verklaar hulle dat hulle 'n ander vaderland soek, nl. 'n hemelse.

Wanneer dít jou doel en strewe word tel al die skatte, die roem en die genot van die wêreld niks meer nie. Die smaad van Christus, d.w.s. die kruis opneem agter Hom aan, bring die grootste rykdom.

3 Julie
Lees Hebreërs 11:29-40. **Teks:** Hebr. 11:33 en 34.

DIE OORWINNING VAN DIE GELOOF

„Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie."

Hierdie kernagtige definisie van so 'n uiters belangrike saak word verduidelik deur die optrede van Abraham en Moses. Maar dit is nog lank nie die enigste voorbeelde nie. Daar is Gideon, Barak en Simson en Jefta, Dawid en Samuel asook die profete soos Elia, Elisa, Daniël en Jeremia. Ook ander volkshelde soos die Makkabeërs het hulle oorwinning in die geloof behaal. Dikwels was dit 'n ongelyke stryd: Gideon met 300 manskappe teen 'n ontelbare vyandsmag; Elia alleen teen koning Agab, Isebel en die hele Israel. Maar elke keer 'n skitterende oorwinning want God stry aan hulle kant. So was daar deur die eeue heen die helde wat slegs deur te glo in God die oorwinning behaal het.

Wat vir die wêreld onmoontlik lyk, word deur die geloof tot stand gebring. „. . . want voorwaar Ek sê vir julle, as julle geloof het soos 'n mosterdsaad, sal julle vir hierdie berg sê: Gaan weg hier-

vandaan daarnatoe! en hy sal weggaan, en niks sal vir julle onmoontlik wees nie." (Matth. 17:20). Die geloof behaal oorwinning op oorwinning sodat dit uiteindelik onoorwinlik word. „Behalwe dit alles neem op die skild van die geloof waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus." (Ef. 6:16).

Jesus sluit die gelykenis van die onregverdige regter af met die betekenisvolle vraag: „Maar as die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof op die aarde vind?" (Luk. 18:8).

Hierdie uitsprake oor die geloof en hierdie oorwinnings deur die geloof kan nie anders as om te besiel en te bemoedig nie. Hy wat in die geloof stry, moet die oorwinning behaal. Al loop die pad ook oor Golgata wat na 'n verpletterende neerlaag lyk, kom daarna die uitroep van blydskap: „Die Heer het waarlik opgestaan!" So roep Hy ons dan ook toe: „En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld." (Matth. 28:20).

4 Julie

Lees Hebreërs 12:1-3. **Teks:** Hebr. 12:1.

DIE WEDLOOP VAN DIE GELOWIGE

„Daarom dan, terwyl ons so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê . . ." Die Christen word hier beskou as 'n deelnemer aan 'n wedloop. Die wedloop dui op volharding in die geloof onder al die aanslae van die wêreld en beproewinge. Maar die Christen is nie alleen in hierdie wedloop nie. Rondom hom is daar 'n groot wolk van getuies. Dit is nie toeskouers nie, maar geloofshelde wat reeds die wedloop voltooi het. In 'n digte massa wat soos 'n wolk vertoon, is hulle getuies van die oorwinning van die geloof en moedig hulle die huidige wedlopers aan.

Vir die eerste maal word die geloofshelde getuies genoem. Die woord „martelaar" is direk afkomstig van die Griekse woord wat „getuie" beteken. Geen atleet kan sy beste lewer as hy laste dra wat hom onnodig beswaar nie. Daarom moet die Christen-atleet die las van die sonde aflê wat hom kan verhinder om die wenpaal te bereik.

Die grootste aanmoediging vir hom wat die wedloop in die geloof aanpak is nie die wolk van getuies rondom hom nie, maar wel Jesus Christus. Omdat Hy Self die wedloop van die geloof tot die einde toe geloop het word Hy genoem die Voleinder van die geloof. Hy het die nuwe en lewende wag geopen. (Vgl. Hebr. 10:20). Maar Hy is meer as die Voleinder van die geloof. Hy is ook die Leidsman daarvan. Hy Self het die kruis en die smaad gedra om Sy Goddelike opdrag uit te voer.

Daarom kom die oproep tot elke gelowige om die wedloop met volharding te loop. Soos 'n goeie atleet nie na links of regs kyk nie, maar slegs voortsnel na die wenpaal en die prys, so rig die gelowige sy blik op Jesus Christus.

5 Julie

Lees Hebreërs 12:4-17. **Teks:** Hebr. 12:12.

TUG IS LIEFDE

Tug bring altyd smart en pyn mee. Gewoonlik verstaan die getugtigde nie die rede waarom hy getug word nie. Die ondervinding van elke ouer wat sy kinders tugtig is dat die kinders dit op die oomblik nie kan verstaan of waardeer nie, maar later sê dieselfde kinders: „Ag, het my ouers my maar meer getugtig!" Eie ondervinding is dat die ouer wat die tug uitoefen, net soveel pyn ly as die kind op wie die tug toegepas word.

Die tug van die Here word met liefde toegepas. Die Here tug nie vir Sy eie plesier nie. Hy tug alleen om die mense op die regte pad te hou of om hulle terug te bring daarheen. So moet die tug aanvaar word.

Dit mag wees dat 'n mens onder al die tugtiging en beproewing moedeloos word. Maar aan hulle kom die bemoedigingswoord: „Daarom, rig die slap hande en die verlamde knieë weer op . . ." Dit herinner aan die profesie van Jesaja oor die grootheid en heerlikheid van die regering van die Messias. (Sien Jes. 35). Die tug wys ons heen na Jesus Christus. Weer is hy nie slegs die een wat ons beveel wat om te doen nie, maar wat dit self ook gedoen het. Onder Sy beproewings en lyding het Hy gevra dat die beker by Hom moet verbygaan, maar: „Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied!" (Lukas 22:42).

Die een wat die tugtiging nie kan dra nie word as 'n onegte kind beskou. (Hebr. 12:8). God wil nie hê dat ons in die genade moet veragter nie. So 'n persoon was Esau wat vir die tydelike genot van één spysgereg sy eergeboortereg verkoop het.

Ons eersgeboortereg is dat ons deur Jesus Christus se soenverdienste aangeneem is as die kinders van God en as kinders ook erfgename van Sy hemelse koninkryk. Daarom sal ons elke tugtiging en beproewing blymoedig verdra en die slap hande en verlamde knieë weer oprig om Sy gebooie na te kom en op Sy weg te wandel.

6 Julie

Lees Hebreërs 13:1-9. **Teks:** Hebr. 13:8.

DIE ONVERANDERLIKE JESUS CHRISTUS

Hierdie laaste hoofstuk van die Hebreërbrief adem 'n persoonlike toon. Dit bestaan uit verskillende vermaninge waarvan sommige wys op die toestande binne die gemeente. Daar word ook na allerhande en vreemde leringe verwys wat die mense blykbaar verwar het. Dit het betrekking op voedsel wat mag dui op die Joodse voorskrifte oor voedsel-onthouding en offers.

Maar so tussen die vermanings en voorskrifte staan die belydenis dat Jesus Christus onveranderlik dieselfde bly. Soos Hy gister was, so is Hy ook vandag en so bly Hy tot in ewigheid. „Moenie skrik nie; Ek is die eerste en die laaste, en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid". (Openb. 1:17).

Die onveranderlikheid van Jesus is vir die gemeente 'n aanmoediging om standvastig in die geloof teenoor vreemde leringe te staan. Al kom daar vervolging en verdrukking mag die gemeente nooit moed verloor nie. Al kom daar beproewinge en rampe is dit dikwels die roede waarmee God ons tugtig. „Hoe rampe en kastyding my dreig van alle kant; die beker van my lyding kom van 'n Vaderhand." (Ges. 26:4).

Die onveranderlikheid van Jesus Christus was dieselfde in die dae van die Ou Testament en ook so in die tyd van Sy openbare optrede op aarde en sal net so bly vir Sy gemeente tot in ewigheid. Paulus skryf in 1 Kor. 10:4 dat Christus die geestelike rots was waarvan die Israeliete in die woestyn in die tyd van Moses gedrink het.

„Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid." Dit is die strydkreet van die gelowige wanneer hy stry teen die sonde. Dit is die stukrag van die uitgeputte Christenkrygsman. Dit is die bemoediging aan die gemeentes van alle eeue.

„Ofskoon die nag rondom my daal,
En daar geen ster meer voor my straal,

Met U sal ek nie vrees nie;
Want bly my oog op U gerig,
Sal ek, wat om my val of swig,
Hier nooit onveilig wees nie." (Ges. 53:1).

7 Julie

Lees Lev. 1:1-17 en Hebr. 4:14-16. **Teks:** Lev. 1:2.

DIE OFFER

In die boek Levitikus word oor verskillende offers gespreek. Die woord offer, afgelei van 'n Latynse woord wat beteken om aan te bied, het miskien daartoe aanleiding gegee dat ons die verkeerde inhoud aan die woord toegeken het. Om i.v.m. die offer alleen te dink aan persoonlike oorgawe en toewyding is verkeerd. Die offer is ook nie 'n middel waardeur die guns van God deur die mens gekoop kan word nie. Die Hebreeuse woord vir offer beteken letterlik: die middel tot nadering, die middel om die nadering te bewerkstellig. Die sondige mens wat van God vervreemd is, mag die Heilige God nader deur middel van die offer. Maar nou sê die brief aan die Hebreërs i.v.m. die Ou Testamentiese offer dat dit net 'n skaduwee het van die toekomstige weldade. Dit gaan dus hier om skaduwee en vervulling. In die Ou Testamentiese offers is daar 'n voortgang na dié offer. Die offers van die Ou Testament is deur God ingestel in verband met en met die oog op die offer van Christus. Eers in die offer van Christus vind die Ou Testamentiese offers hul sin en betekenis. Christus sou die grootste, volmaakte algenoegsame offer bring. Die offer van die Ou Testament neem die sonde nie weg nie en bring die versoening nie tot stand nie. Ons sien daar ook 'n voortdurende herhaling van die offer. Maar dan kom Jesus Christus en Hy gee homself as offer. Hy stort Sy eie bloed. Sy offer wat eenmalig, eens en vir altyd volbring is, bewerk 'n ewige verlossing.

8 Julie

Lees Lev. 4:1-12 en Hebr. 9:24-28. **Teks:** Lev. 4:3.

SONDER GEBREK

In al die tekse wat te doen het met diere-offers word die eis gestel dat die offerdier „sonder gebrek" moet wees. Hierdie voorskrif dui op die erns van die offerhandeling. Levitikus 22:10 herhaal hierdie eis met 'n waarskuwing daarby. „Julle mag nie iets bring waar 'n liggaamsgebrek aan is nie; want dit sal julle nie ten goede kom nie". Die Jode het 'n lys van 73 liggaamsgebreke wat 'n dier ongeskik maak as offer, opgestel. Die sin van hierdie vereiste word veral duidelik gestel in verband met die soenoffer. Die soenoffer bestaan daarin, dat 'n skuldige mens met 'n gawe tot God mag kom. En nou is dit nooit 'n volwaardige vergoeding vir wat die mens werklik aan God verskuldig is nie. Daarom moet die gawe ten minste wees wat dit hoogstens kan wees nl. onberispelik en so volkome moontlik. By gebrek aan eie vlekkeloosheid en foutloosheid mag die gelowige in die Ou Testament op sy minste 'n dier sonder gebrek bring. Dit is duidelik dat die offergawe van die mens nooit volkome en absoluut sonder gebrek kan wees nie. Werklik volkome en sonder gebrek is eers die selfoffer van Jesus Christus. Dit word maar eenmaal gebring. Daarna is daar geen soenoffers meer nodig nie. Daarom skeur die voorhangsel van die tempel van bó na onder. Die offeraltaar word koud. Die stem van die offerpriester word stil. Die volkome offer is gebring.

9 Julie

Lees Lev. 4:13-20 en Hebr. 10:1-4. **Teks:** Lev. 4:15.

PLAASVERVANGING

Wanneer die Israeliet sy hand so plegtig op die kop van die

offerdier lê en die dier slag, was die gedagte dat hy so sy skuld en sy misdade op die offerdier laai. Baie van ons sal miskien dink die dinge wat die Israeliete daar gedoen het was absoluut waardeloos en onsinnig. Niemand het tog geglo dat die offerdier die skuldige en die mens die onskuldige was nie. Die oortreders het daarmee tog nie losgekom van die onreg en bedrog wat hulle gepleeg het nie. Al sou hulle ook duisende offerdiere slag, dan is hulle nog nie vry van hulle sondes nie. Maar nou moet ons hierop let: Wanneer die Israeliete hulle skuld en misdade op die offerdier laai, het hulle al die misdade en sondes duidelik voor oë gesien. En wanneer hulle die offerdier slag, het hulle begryp dat dit eintlik met hulle moes gebeur het vanweë hulle sondes. Hierdie gebruik was dus 'n herinnering aan die sondes. En nou het Israel geweet dat God meedoënloos gerig hou oor hulle misdade. Daarom teken hierdie gebruik ook die dodelike gevaarlikheid van die toestand. Die offerdiere kon hierdie toestand nie verander nie. Geen mens, selfs nie die Israelietiese hoëpriester in sy heilige amp kon hier hulp verleen nie. Daarom het God self in Jesus van Nasaret die reddingswerk gaan doen. Jesus Christus, die Lam van God, het self die sondes van die ganse wêreld op Hom geneem en dit weggedra.

10 Julie
Lees Lev. 5:14—6:7 en Hebr. 10:1-18. **Teks:** Lev. 5:19.

DIE KLOOF OORBRUG

Vanweë die sonde bestaan daar 'n kloof tussen God en die mens. Daar is vervreemding tussen God en Sy volk. In die offer gaan dit om 'n ontmoeting tussen God en Sy skuldige volk. Van sy kant kan die mens nie die kloof oorbrug en die tweespalt ophef nie. Daarom is die ontmoetingsmoontlikheid deur die offer 'n verordening van die God van Israel self. In dié realisering van die gemeenskap tussen God en Sy volk word die kloof nie verwyder nie, maar slegs voorlopig oorbrug. Die mens wat behoort tot die volk van die verbond, die volk van God, kan homself nie onttrek van sy skuld en verantwoordelikheid teenoor God nie. En nou moet en mag hierdie mens offers bring. Hierdie offers is slegs plaasvervangende gawes. Dit staan in die plek van wat hierdie mens eintlik teenoor God verplig is om te doen, maar in werklikheid nie doen nie en nooit sal doen nie. Die plaasvervangende gawes is slegs aanduiding van sy bereidwilligheid om te gehoorsaam. 'n Simbool van sy lewe wat hy in werklikheid nie aan God toegewy het nie. Met die offer sê die Israeliet dat hy aan God behoort. Hy erken daarmee sy skuld en verantwoordelikheid teenoor God. Hy bely daarmee dat hy behoort tot die volk wat ondanks alles tog die uitverkore volk van God is. In Jesus Christus word die vervreemding tussen God en mens opgehef. Hy is God met ons. Deur Sy versoeningsdood word die kloof tussen God en mens verwyder. Deur Hom mag ons tot die Vader nader.

11 Julie
Lees Lev. 8:1-13 en Hebr. 5:1-14. **Teks:** Lev. 8:12.

DIE PRIESTERLIKE BEDIENING

In die Ou Testament word gespreek van die Aäronitiese priesterskap. Aäron is deur Moses tot hoëpriester gesalf. Die werk van die hoëpriester het bestaan in die bring van die offers van die volk op die groot versoendag, die voorbede vir die volk en die oplegging van die seën. Alles wat die priester was en alles wat hy gedoen het, was 'n voorafskaduwing van wat Christus sou wees en doen. Daarmee word nie afbreuk gedoen aan die betekenis wat die priester op 'n bepaalde moment in die geskiedenis van Israel gehad het nie. Dit

gaan egter om hierdie meerdere betekenis van die priesterlike bediening. Die Ou Testamentiese priester wys bokant homself uit na die Hoëpriester wat sou kom. Die Ou Testamentiese priester moes eers vir homself offer en kon pas daarna eers vir die volk offer. Hy offer ook nie sy eie bloed nie, maar die van diere. Hy moes ook altyd weer opnuut offer. Christus ons enige Hoëpriester hoef nie vir Homself te offer nie. Hy gee Homself, Sy eie bloed, as offer en bewerk só 'n ewige verlossing. Daarom is Sy offer uitsluitlik vir Sy volk. Die heiligdom waarin Hy binnegaan is die hemel waar Hy vír ons en in ons plek voor die aangesig van God verskyn. Voor die aangesig van God leef Hy altyd om vir ons te pleit.

12 Julie

Lees Lev. 8:14-17 en Hebr. 9:18-23. **Teks:** Lev. 8:15.

REINIGING

Selfs op die plek waar die mens tot God nader en waar God die mens wil ontmoet is die sonde aanwesig. Die ontmoetingsplek moet daarom gereinig en geheilig word, sodat die ontmoeting, wat andersins sou uitloop op die dodelike gerig van God oor die sondige mense, 'n heilsame ontmoeting kan wees. Moses moes van die bloed van die sondofferbul aan die horings van die altaar stryk en die res van die bloed moes hy aan die onderkant van die altaar uitgooi. Vir Israel was dit van besondere betekenis. Die ervaring het hulle geleer dat dit vir 'n sondige mens uiters gevaarlik is om op die plek te wees wat God as Sy woonplek op aarde uitverkies het. God wou met Sy heil en genade onder die mense woon. Alles wat Sy teenwoordigheid met ongeregtighede en sonde oneer kon aandoen moes daarom weggeneem word. Hierdie reinigings- en heiligingsgebruike openbaar 'n verskriklike toestand. Dit openbaar aan ons dat die mag van die bose steeds besig is om ons mensewêreld te oorweldig. Deur die mens se skuld en sonde word ook die gebied van God die bedreigde prooi van die vyand van God. En nou waak God met heilige jaloersheid oor Sy eiendom. Omdat die bloed van die offerdiere die toestand nie kan verander of ophef nie, moes God self die reddingswerk gaan doen. Jesus Christus moes die dood sterwe omdat die skuldiges die teenwoordigheid van die geregtigheid van God nie kon verdra nie. Maar deur Sy dood waarborg Hy ook die lewe van die sondaars. Hy verseker hulle dat hulle nie verwoes sal word deur die mag van die bose nie. Jesus Christus word die offerdier wat ruimte skep vir die heilige teenwoordigheid van God in die wêreld. En ons aarde wat deurdrenk word met Sy onskuldige bloed word geheilig tot 'n plek waar ons sondaars kan lewe as mense aan wie God genade bewys het.

13 Julie

Lees Lev. 10:1-11 en Hebr. 10:5-10. **Teks:** Lev. 10:1 en 2.

EIESINNIGE GODSDIENS

Die vraag wat die sonde van Nadab en Abihu was, word verskillend beantwoord. Uit die eerste vers is dit nie heeltemal duidelik waarom die verskriklike goddelike strafgerig oor hulle gekom het nie. Dit is in elk geval duidelik dat hulle hier op 'n willekeurige wyse opgetree het. Deur vreemde vuur, wat nie van die brandofferaltaar afkomstig was nie, voor die aangesig van die Here te bring het hulle gehandel in stryd met die voorskrifte van die Here. Hulle het dit miskien gedoen uit vreugde of om die dankbaarheid van die volk te betuig. Dit is ook moontlik dat hulle dit gedoen het uit jaloesie, uit eersug of onder bedwelming van sterk drank. Wat hulle motief of die aanleidende oorsake ookal was, hulle het gehandel in stryd met die voorskrifte van die Here. Hulle optrede was 'n daad

van eiesinnige godsdiens wat die dood verdien. Die vraag sou hier gestel kon word of die kultiese bepalings dan werklik so belangrik was. Is die oorbeklemtoning van die uitwendige vorme dan nie gevaarlik nie? Nee, dit gaan ook hier om die eer van God. God wil gedien word op die wyse wat Hyself voorskryf en nie volgens menslike goeddunke nie. God eis in hierdie opsig absolute gehoorsaamheid. En so getuig Christus ook dat Hy gekom het om die wil van God te doen.

14 Julie
Lees Lev. 13:38-46, Luk. 17:11-19. Teks: Lev. 13:46.

ONREIN

Die optrede teenoor melaatsheid word breedvoerig beskryf. Elke moontlike verskyning van die siekte word aangehaal, nl. melaatsheid van persone, klere, leerwerk en selfs 'n huis. So ook die reiniging daarvan. Sodra die siekte opgemerk word moet die sieke hom aan die priester vertoon. Hy besluit dan hoe ernstig dit is. As dit melaatsheid was, dan word die sieke opgesluit vir sewe dae. „Al die tyd dat die plaag op hom is, sal hy onrein wees. Onrein is hy. Alleen moet hy woon: buitekant die laer moet sy woning wees."

Dit was die ergste wat die melaatse kon tref. Hy sal voortaan nie meer mens tussen medemense wees nie. Hy is uitgestoot en belewe die ellendigste lewe. Hy is 'n eensame wat op 'n afstand die gemeenskap binne die laer moet aanskou. Maar dit het ook beteken dat hy geen deel gehad het aan die gemeenskap met God nie. Hy kon nie meedoen saam met die volk om die aanbidding van God te belewe nie. Daarom is die ellende van die melaatse ook gesien as die ellende van die mens gebore as 'n sondaar. Die smet van melaatsheid is gesien as die smet van die sondaar.

Juis daarom lees ons ook dat Christus oor hierdie siekte die mag gehad het. Hy het dit genees om daarmee te toon dat Hy mag oor alle dinge het. Om dit ook vir ons duidelik te stel dat Hy mag het oor die onreinheid van 'n sondaar voor die aangesig van God. Sy daad teenoor ons was om met Sy bloed ons te was. Dit beteken om nie buite die laer te staan nie. Nie op 'n afstand te kyk nie. In Christus Jesus het ons deel tot aanbidding van God die Vader.

15 Julie
Lees Lev. 16:1-16. Teks: Lev. 16:16.

DIE GROOT VERSOENDAG

Die betekenis van hierdie hoofstuk is opmerklik. Daar moet versoening gedoen word. Priester en volk moet op 'n manier met God versoen word. Dit is so dat die sondaar, die ongehoorsame skepsel, nie sommer tot God mag nader nie. Die afstand is te groot vanweë die skuld voor Sy aangesig. God bepaal dan 'n dag een maal in die jaar waarop dit gedoen moet word. Die hoëpriester moet op die tiende dag van die sewende maand —ons maand September — die heiligdom ingaan. Hier staan die verbondsark met die versoendeksel. Hy offer 'n sondofferbul as brandoffer vir hom en sy huis en 'n bok as 'n soenoffer vir die volk. Hy neem die bloed en sprinkel daarvan sewe maal op die versoendeksel. 'n Offer moes gebring word en bloed moes die teken wees dat God weer sou aanhoor.

Daarom sê die Hebreërbrief (Hoofstuk 9:22) „en sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie." Want die offer bedek die sonde voor die aangesig van God. Nou sien God dit aan wat die ongehoorsaamheid toemaak. Die groot versoendag leer dan die heiligheid van God en die sondigheid van die mens. Sonder bedekking kan ons nie voor God staan nie. Juis daarom is die groot versoendag op Golgotha nodig. Daar was ook 'n offer, ook bloed wat

gesprinkel is aan 'n versoendeksel — die kruis van Christus. Nooit word dit weer gedoen nie. Die een offer was genoeg. Die een offer van die Geliefde Seun van God was nodig en genoeg. Daarin het God 'n welbehae. Die bloed van Christus, die Lam van God, bedek ons voor Sy vader en onse God. Een maal is Hy geoffer sodat ons elke dag al die dae van ons lewe voor God mag staan. Juis daarom word ons gedoop in Sy naam en gebruik ons die sakrament van die Nagmaal waardeur God tot ons hierdie genade spreek.

16 Julie

Lees Lev. 17:10-16. **Teks:** Lev. 17:11.

VERBOD OM BLOED TE EET

God bepaal die straf as die bloed van diere geëet word. Hy verklaar ook daarby dat Hy self Sy aangesig sal rig teen die een wat dit doen „en hom uitroei onder sy volk uit." Hy skryf nie net voor hoe daar opgetree moet word nie, maar Hy self behou vir Hom die reg voor om op te tree as een van die volk in die geheim die wet verbreek.

Hierdie wet verbaas ons nie. Dit was 'n wet wat nodig was vanweë die omstandighede van die volk en ten opsigte van die vorige wette. Die volk was nog in die woestyn as 'n trekkende volk. Hierdie wet moes hulle weerhou daarvan om soos barbare in die woestyn te lewe. Buitendien het God 'n ander doel gehad met die bloed van diere. Die bloed bewerk versoening (vs 11). As God dan die eet daarvan verbied moes hulle baie duidelik verstaan dat hulle nie ondankbaar moes wees nie. Hy het dit beskik vir 'n beter doel as net vir voedsel. Dit moes hulle tevrede gestel het.

Ons weet ook by die uittog tydens die tiende plaag, moes die bloed van die paaslam nie gebruik word nie. Dit moes aan die deurkosyne gesmeer word. Dit was die teken dat die engel van die dood by hulle sou verbygaan. Vir ons is Christus die Paaslam wie se bloed vir ons gestort is as teken dat die ewige dood oor ons nie sal heers nie. Daarom gaan dit nie meer om die bloed van die diere nie. Hierdie wet aan Israel in die woestyn het ook in Christus tot vervulling gekom.

17 Julie

Lees Lev. 19:30-37. **Teks:** Lev. 19:35.

EERLIKHEID

Die opdrag om geen onreg te doen in regsake en oneerlik te wees met mate en gewigte nie, is opgeneem in hierdie hoofstuk wat handel oor die wette in verband met die godsdiens. Dit is eintlik 'n verdere uitbouing van die tweede tafel van die tien gebooie „jy moet jou naaste liefhê soos jouself." Want regsake, koop en verkoop, afmeet en afweeg, raak jouself en 'n ander mens saam met wie daar gelewe word.

In die regsaak moet die regter vanweë die geloof in God aan almal reg doen. Hy mag die reg nie onderwerp aan guns of kwade gedagtes nie. In die regsaak moet dit eerlik en opreg geskied. Om te mag reg spreek vereis opregtigheid. En hierin is alle vorme van oneerlikheid te veroordeel. Oneerlikheid besoedel immers die reg van die publiek. So dan is ook die oneerlikheid met mate en gewigte 'n besoedeling van die reg van hom wat ontvang. Om met mate en gewigte oneerlik te wees is net so af te keur as om valse geld te gebruik. Dit is tog waar, want dan koop die geld nie meer met sy regte waarde nie. Daarom word die koper of verkoper wat so optree beskou as 'n oneerlike.

Maar dit wil God nie. Hy wil dit onder geen omstandighede toelaat nie. As iemand eerlik en opreg ook hierin optree, voeg God

daar 'n belofte by. In Deut. 25:15 maak Hy die belofte, sodat jou dae verleng mag word in die land wat die Here jou God aan jou sal gee." Hy wat hom weerhou van diefstal op hierdie manier word 'n lang lewe toegesê. Op hierdie wyse wil God Homself openbaar maak as die Heer wat teen alle oneerlike wins is.

18 Julie
Lees Lev. 22:17-25. **Teks:** Lev. 22:18.

VRYWILLIGE OFFERS

Andermaal het die Here met Moses gespreek en hom opgedra om die wil van God aan die volk bekend te maak. God wou dat die volk offerandes moes bring om Hom te verheerlik. Maar die offerandes moes met die regte gesindheid en in ware geloof gebring word. Sy aangesig moet opgesoek word met al die ywer. En om te voorkom dat dit nie sou gebeur nie vra God dat die offerandes sonder gebrek moet wees. Hulle mag nie blind of lam wees of enige ander gebrek hê nie. Indien dit sou gebeur kon dit beteken dat God nie opreg gedien word nie.

Dit sou die goedkeuring van God nie kon wegdra nie, want eintlik beteken dit dan dat 'n man wat 'n dier met 'n gebrek offer, se gedagtes ook by iets anders is. Dit kan nooit opregte godsdiens wees nie, maar is altyd halfhartig. Christus het ook hierteen gewaarsku dat 'n mens nie God en Mammon kan dien nie. In ons godsdiens gaan dit om God alleen. Hy eis ons heeltemal op en saam met ons ook alles wat ons syne is — die beste moet aan God gewy word.

In die tyd van Maleagi word die volk dan ook beskuldig dat hulle siek en blinde diere offer. Die profeet vra dan aan hulle: „is dit geen kwaad nie!" Hy vra, as hulle hierdie siek en gebrekkige diere aan die goewerneur sal gee sal hy 'n welgevalle aan jou hê en jou goedgesind wees?" (Maleagi 1:7-8). Hoeveel te meer moet ons nie aan die Here dan net die beste gee nie? Dit is waar wat die Spreukedigter sê in Spr. 15:8 dat die offer van die goddelose vir die Here 'n gruwel is (al is dit vet en goed) „maar die gebed van die opregtes is Hom welgevallig."

19 Julie
Lees Lev. 25:23-33. **Teks:** Lev. 25:23.

BELOOFDE LAND

Hoewel die volk nog in die woestyn is, maak die Here sekere beloftes aan die volk. Hier gee Hy aan hulle 'n opdrag hoe hulle die land moet besit. Hy wil dat hulle duidelik moet verstaan dat Hy aan hulle die land belowe het. Hulle is kinders van Abraham aan wie Hy die land toegesê het. Daarom kan hierdie wet eintlik nie op ander volke toegepas word nie, want dit raak alleen die volk Israel en die land Kanaän.

Tydens die intog onder leiding van Josua merk ons ook dat die land onderverdeel word onder die verskillende stamme en families. Hierdie verdeling vind plaas deur die lot, asof God daardeur wou sê dat Hy as 't ware met sy eie hand aan elkeen sy deel toegesê het. Dit gebeur dat hulle kon besef hoe waardevol die land vir hulle moet wees. Maar dit dien ook as 'n spieël vir hulle as volk van God. Hy het hulle uitgekies; Hy het hulle uitgelei uit die slawerny in Egipte en hulle gebring in die beloofde land.

Nou waarsku hy dat die land nie verkoop mag word nie, want dit is Sy land. In hierdie land is hulle eintlik bewoners omdat Hy hulle daar toelaat. Solank as wat hulle daar woon moet hulle die gesag van God erken. Hulle staan onder Sy direkte leiding. Op die wyse openbaar God dan dat diegene wat Hy uitverkies 'n tuiste sal hê. En die tuiste sal Hy onderhou. Oor die tuiste sal Hy regeer.

So wou God dan verseker dat hulle die beloofde land sal behou en dat hulle aan Hom altyd sou dink.

Dit stem ons tot dankbaarheid om te weet dat ook ons op die aarde mag woon wat aan die Here behoort. Op Sy skepping woon Sy skepsele. Ons woonplek is deur Hom gemaak. Ons mag arbei ook hier tot eer van God.

20 Julie

Lees Lev. 26:1-13. **Teks:** Lev. 26:3.

BELOFTE

God het aan die volk baie voorgeskryf. Hy het hulle aangedui wat Hy van hulle verwag. Hy het vir hulle gesê wat Sy wil en Sy insettinge is. En nou gee Hy die belofte dat as hulle daaraan hou Hy hulle sal seën. Die beloofde land sal 'n land deur God geseën wees as hulle Sy Woord gehoorsaam is. Daarom is hier geen sprake van verdienste nie. As hulle wandel in Sy insettinge en Sy gebooie hou, beteken dit nie dat Hy sal vergoed nie. Die mens is te gebrekkig in sy doen dat God iets aan Hom moet terug doen. Maar die Woord openbaar dat God in Sy liefde die mens kan vergewe vir sy foute en onvolkomenheid as hy maar in die geloof luister na God's Woord. Die gehoorsaamheid aan God verdien niks. Dit is net dat God ons besoek met Sy vaderlike guns.

Sou die volk Israel gehoorsaam wees dan sal God in al hulle behoeftes voorsien. Hy sal die land seën met goeie reëns sodat die land die vrugte voortbring. Hy sal die vrede gee sodat hulle rus kan hê; hulle sal die vyande agtervolg. Hy sal hulle vermenigvuldig en sal Sy verbond met hulle bevestig. Sy tabernakel, die plek van samekoms, sal in hulle midde wees. Hy sal vir hulle 'n God wees en hulle sal vir Hom 'n volk wees.

Juis hierdeur leer ons die God van barmhartigheid, want „wat is die mens dat U aan hom dink." (Ps. 8). Vir die gelowige is dit 'n heerlike voorreg om te weet dat al die middele en genietinge in die daaglikse lewe gawe is uit die hand van God die Vader wat deur Maleagi gesê het: „En ek sal met hulle medelyde hê soon 'n man medelyde het met sy seuns wat hom dien (3:17).

21 Julie

Lees Numeri 1:1-4 en Num. 2:32-34. **Teks:** Num. 2:34.

'N GOD VAN ORDE

Moses lei die volk Israel uit Egipteland uit op direkte bevel van God. Op pad handel hy op direkte bevele van die Here. Vir die mense lyk dit asof Moses die leier is wat na sy eie goeddunke handel, maar agter en bo Moses staan God en Hy wil dat Sy volk ook in hulle verloste toestand ordelik sal wees. Om die orde onder so 'n groot leërskare te handhaaf, gee God telkens bevele wat moet meehelp om wanorde te bekamp: Moses moet die volk tel en vir elke stam 'n leier aanwys en die stamme moet in groepe van drie stamme elk laer opslaan. Daar moet 'n vaandel vir elke laer wees en wanneer hulle weer van die staanplek af vertrek, is daar 'n sekere volgorde wat gehandhaaf moet word.

Nou sê die teksvers dat die kinders van Israel gedoen het soos die Here Moses beveel het. Elkeen in sy familie- en stamverband het geluister en so kon hulle ordelik voorttrek na die beloofde land. Op hierdie wyse handel God met die mense. U en ek is ook georden in ons trek na die beloofde land, die hemelse Kanaän. God het ook vir ons 'n Moses verwek; 'n Profeet uit ons broers na wie ons moet luister. Hy is die Een van wie Moses 'n voorafskaduing was. Hy orden ons in 'n Gemeente, 'n gemeente wat getel kan word, wat laer kan opslaan volgens sy vaandel, wat in orde gehou word deur mense

uit hulle midde, wat ordelik sal luister na die Woord van God en in hulle familie- en stamverband aan God gehoorsaam sal wees. In Jesus Christus is ons hierdie Gemeente, hierdie geestelike Israel, wat in sy verskeidenheid onder verskillende vaandels tog die een pad trek, na die beloofde vaderland. In sy Seun lei God ons uit die slaweland na die Vaderhuis.

22 Julie

Lees Numeri 3:11-16 en 39-51. **Teks:** Num. 3:41.

GOD DIE EIENAAR

Moses moet al die Leviete tel. Hy moet ook al die manlike eersgeborenes van Israel van 'n maand oud en daarbo tel. God neem die Leviete in die plek van die eersgeborenes; hulle wat deur die doodsengel in Egipteland gespaar is. Vir die eersgeborenes wat meer is as die Leviete moet loskoopgeld betaal word. Die Leviete as afgesonderdes tot Sy diens sal nou Sy woning, die tabernakel bedien. God hou dus deur Sy eiendom Sy diens instand op aarde. Omdat daardie eersgeborenes vir die Here heilig is en deur hulle die hele volk heilig is, is dit te verstane dat die Here vir homself 'n heilige priesterdom versamel hier op aarde. Soos die bloed van daardie paaslam daardie eersgeborenes vir God in die lewe behou het, so hou die bloed van die Lam van God almal wat in Jesus Christus glo, in die lewe; vir God lewendig. Hulle behoort ook nie meer aan hulleself nie maar aan die Here.

God hou deur hierdie nuwe priestervolk, hulle wat in die plek van die Leviete gekom het, Sy diens instand hier op aarde. U en ek kan net soos die Leviete van ouds toetree tot die diens van God onder die mense. Ja, meer nog, ons het almal vrymoedigheid om in die heiligdom in te gaan, geheilig deur ons groot Hoëpriester wat oor die huis van God gestel is. Alle offerdiens van diere kan ophou omdat Hy, die volmaakte Hoëpriester, homself eens en vir altyd as offer gebring het vir ons sondes en ons nou met God versoen is deur Sy bloed.

Nou kan u in Christus ook getel word as eiendom van God. Nou kan u dankbaar sonder vrees God dien sodat u ook as priester van God geoefen mag word in die diens van Hom aan wie almal wat gered word eenmaal die Ewigheid sal wy.

23 Julie

Lees Numeri 5:1-10. **Teks:** Num. 5:5-10.

DIE BETALING VAN ONS SKULD

Die Here laat 'n weg oop waardeur die mens wat homself teen 'n ander besondig het, kan goedmaak vir sy skuld. Die geroofde eiendom moet teruggegee word met 'n boete van 'n vyfde deel daarby en dan nog 'n versoeningsoffer in die vorm van 'n ram wat deur die priester, ter versoening van die skuld by die Here, geneem moet word. Wanneer die een aan wie die skuld betaal moet word nie meer daar is nie, moet die skuld aan die Here betaal word.

Ons kan ons hieruit voorstel hoe daar gedurig versoeningsoffers gebring is, saam met die skuld en boete. Nogtans het daar by die volk steeds die beangstigende wete bly leef dat die mens nooit seker kon wees of God wel versoen is nie. Die mens is dus nooit werklik heeltemal van sy angs verlos nie. Daarom is dit so bevrydend om te weet dat ons in Christus Jesus werklik met God versoen is. Nou kan ons met vrymoedigheid tot die troon van genade gaan en weet dat Hy waaragtig en getrou is om ons al ons sondeskuld te vergewe as ons dit met ware berou bely. Nou weet ons ook dat elkeen sy broeder kan vergewe as die een teen die ander gesondig het, omdat Hy ons vergewe het.

Nou kan 'n mens in jou beangste gewete getroos wees wanneer jy bewus word van skuld teen een wat nie meer daar is nie. Nou kan jy jou offer van dank vir die vergiffenis aan die Heer bring in die geloof dat Hy klaar betaal het wat ons in ewigheid sou moes skuldig bly. Nou kan ons met 'n goeie en geruste gewete voor God lewe en ons broeder van harte liefhê in die Here Jesus Christus.

24 Julie

Lees Numerie 6:22-27. **Teks:** Num. 6:22-24.

GOD MET ONS

Aäron en sy seuns seën die volk van Israel. Met uitgestrekte hande kondig hulle die boodskap aan van God se bystand en beskerming, Sy bemoeienis in vriendelikheid en genade, Sy liefde in opmerksaamheid en volkome geluksaligheid en heil wat Hy vir hulle berei het. So betoon God die noue band wat Hy met die volk lê en dat Hy met hulle wil gaan om by hulle te bly in voorspoed en in teëspoed, in vreugde en in smart.

So hoor u ook dikwels die seënwense wat God aan Sy gemeente toesê by monde van Sy aardse dienaars. Miskien stel u daar prys op, miskien nie. Tog is dit nodig om weereens te sê: God het sy liefdehande eenmaal op Golgota wyd uitgebrei oor alle lande. In Christus se deurboorde hande het Hy sy seën uitgebrei oor almal wat onder dié hande hulle wil stel; sodat in Hom al die geslagte van die aarde geseënd mag wees. Dit is nodig om te sê dat 'n mens eers reg verstaan wat God se seën beteken wanneer jy in die deurboorde hande van die Heiland aan die Kruis God se verlossingshand herken. Hy het so naby gekom dat Hy ook u soos 'n stuk brandhout uit die vuur kan ruk. Ja, God se nabyheid, Sy beskerming, Sy vriendelikheid en reddende genade, Sy liefde en Sy vrede gaan deur die offer van Sy Seun heen sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

25 Julie

Lees Numeri 9:6-14. **Teks:** Num. 9:6-14.

PASGA

Daar het probleme ontstaan rondom die viering van die pasga. Dit moet vir die ware Israeliet 'n vaste insetting wees, maar as gevolg van die reinigingswette was sommige nog in 'n staat van onreinheid. Moses moet uitsluitsel gee of diesulkes die Pasga mag vier. Die bevel van die Here is duidelik: Daar mag geen verhindering wees vir die viering van die Pasga nie, selfs nie eers afwesigheid van eie tuiste nie. Ja die een wat die fees nalaat moet selfs uitgeroei word uit Sy volk. Vreemdelinge wat by hulle vertoef moet ook deel in die Paasfees.

Hoekom sou hierdie fees so belangrik wees dat dit selfs die gewone sedewette omvergooi? Op hierdie fees moet hulle die uittog uit die slawehuis gedenk asook die behoud van hulle volk. Dit gaan dus hier om 'n saak wat die lewe in sy oorsprong raak. God se groot daad in hulle geskiedenis is die oorkoepelende weldaad wat al die ander dinge gering maak en tegelyk ook waarde gee.

Ons vier nie meer die Pasga nie maar wel Goeie Vrydag. Daarby slag ons nie meer 'n lam nie, maar herdenk ons die dood van Jesus Christus wat as volmaakte Paaslam van God geskenk en geslag is tot ons ewige behoud. Maar nie net met Goeie Vrydag nie, ook deur die jaar gedenk ons hierdie groot daad van God. Elke Nagmaal verkondig ons deur die gebruik van brood en wyn die dood van die Here totdat Hy kom. Daar moet geen verhindering wees om hierdie saak te gedenk nie. Ook die vreemdeling moet daarin deel. Ons mag selfs nie eers 'n reis as rede vir afwesigheid stel nie. God se

groot daad midde in ons wêreldgeskiedenis, die verwerklikte Pasga op Golgotha, gee eers sin en betekenis aan die lewe en gee ons lewe hier ook waarde. Hierdie Pasga, hierdie offer wat voltooi is, verkondig ons vrywording uit die slawehuis van die sonde. Dit sien vooruit na die Dag van die Lam.

26 Julie
Lees Numeri 12:1-16. **Teks:** Num. 12:7, 8.

GOD SE VRIEND

Moses se familie is jaloers op hom. Hulle erger hulle ook aan die feit dat hy 'n Kusitiese vrou het, maar die hoofsaak is dat die Here blykbaar net deur Moses spreek. God roep Aäron en Mirjam tot verantwoording en ons kry die pragtige getuienis wat God omtrent Moses gee, te lese: Moses beklee 'n besondere plek by God. Hy is soos Abraham 'n vriend van God met wie God direk praat. Ook is Moses getrou in sy hele huis.

Hierdie praatjies teen Moses wek God se toorn op teen Mirjam en Aäron en Mirjam word melaats sodat sy buite die laer moet vertoef. Nou sien ons eers hoe 'n man Moses werklik is. Hy tree by die Here in vir Mirjam en op sy bede kon Mirjam na sewe dae weer in die laer opgeneem word. Die laer vertrek ook nie voordat sy nie eers opgeneem is nie.

Ons lees in die Nuwe Testament ook van Een wat soos Moses getrou is in sy hele huis, naamlik Christus. Hy kom van die boesem van die Vader en spreek wat Hy van die Vader gehoor het. Hy verwerp nie die wederstrewige mensekinders nie, maar selfs vir 'n melaatse — melaats van die sonde weens opstand teen God — tree Hy in by God. Hy sal ook Sy laer nie verder laat trek nie, voordat u, berouvolle sondaar, nie weer opgeneem is nie. Dan sal Hy sy gereinigde volk laat intrek in die ewige Kanaän.

27 Julie
Lees Numeri 15:37-41. **Teks:** Num. 15:39.

NOTISIES

Die kinders van Israel het netso maklik vergeet soos ons vandag nog. Hulle moet telkens daaraan herhinner word dat dit hoofsaak is om die Here te dien en Sy gebooie te hou. God gee daarom aan Moses bevel om hulle gedenkklossies te laat maak wat hulle aan die vier hoeke van hulle bokleed moet vaswerk. Hierdie klossies of kwassies moet hulle dan telkens daaraan herinner om die wet te gehoorsaam. So 'n klossie sal 'n mens se aandag seker maklik trek as jy toevallig daaraan raak of as jy dit aan 'n ander se kleed raaksien; en tog het die Israeliete steeds die Wet weerstrewe.

Ook onse Here Jesus het sulke klossies aan Sy kleed gehad. Dit word in Matt. 9:20, 14:6, Mark. 6:56 en Luk. 8:44 die soom van Sy kleed genoem. Hy verwyt die Farisieërs dat hulle hul gedenkseëls breed maak en die soom groot. (Matt. 23:5). Dit is dan tekens van wetsonderhouding. Hierdie klossies moet die man wat dit dra steeds waarsku om nie van die Here weg te vlug nie en om nie die begeerte van die hart en die oë te volg nie. Die vervulling van die wet moet voortvloei uit die wete dat God ons lief het en ons verlos het. Aan die Verbondsgod moet dank betoon word.

Net Jesus het die wet volkome kon vervul en daarom sien ons ook dat die mense wat die klossies van Sy kleed aangeraak het, gesond geword het. Sy volkome geregtigheid word hulle toegereken en geskenk. Niemand van ons kan buiten Hom ooit die wet hou nie al gee God ook die tekens om ons daaraan te herinner. Alleen in Sy vervulde middelaarswerk vind ons genesing van ons dwaalsieke hart en sinne. Hy, Jesus Christus het die Wet ook vir u vol gemaak. Bly

dus in Hom as u voor God behoue wil wees. Dan bid u saam: „Gee ons in Christus nuwe lewe, om dit te doen uit dankbaarheid".

28 Julie

Lees: Num. 20:1-13 en Ps. 73. **Teks:** Num. 20:5.

IN DIE WOESTYN

Die pad waarop die gelowige deur God geplaas word, word nie altyd sonder ongerief en beproewing bewandel nie. Deur 'n daad van God is Israel nou op pad na die beloofde land, maar die pad daarheen gaan deur die woestyn. Hulle gaan na 'n land wat vloei van melk en heuning maar op pad na daardie land trek hulle deur 'n waterlose streek wat nie geskik is vir wingerde en koringlande nie. As gevolg van die ontbering kla en verwyt Israel: Egipte was beter, die dood is verkieslik bo hierdie woestynreis. Hulle vind dit moeilik om op hierdie pad te wees. Die pad sonder God sou beter gewees het.

Dit is egter nie net Israel alleen wat op so 'n pad moes reis nie. Abraham het dit reeds gesmaak. Aan hom is daar 'n land en 'n talryke nageslag belowe en op grond van die belofte het hy getrek en wanneer hy oud is en sy vrou gesterf het, moet hy probeer om 'n lappie grond te koop vir 'n begraafplek in die land wat aan hom beloof is. Van alles wat aan hom belowe is en waarvoor hy op reis gegaan het, het hy slegs een seun gesien.

Ook ons pad waarop ons deur die geloof moet wandel, is nie altyd maklik nie. Die weg van die goddelose lyk meermaal geriefliker. Gods weg gaan dikwels deur die woestyn. Op hierdie pad het Israel gekla en verwyt, en kla ons nie ook nie?

Ons mag nie kla nie. Ons hoef nie te kla nie. God het aan ons sy Seun gegee. En sal Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, nie ook alles vir ons genadiglik byvoeg nie? In Sy Seun het God en sal God elke belofte vervul. Die einde is by Christus.

29 Julie

Lees Num. 22:1-18. **Teks:** Num. 22:6(a).

VYANDE

Beproewing deur ontbering was deel van Israel se reis deur die woestyn. Daar was egter ook meer as honger en dors. Daar was ook gewapende vyande wat met geweld teenoor Israel gestaan het en nie aan die versoek wou voldoen om Israel deur hulle grondgebied te laat trek nie. Die Amoriete en andere het met oorlog die reis deur die woestyn bemoeilik.

Balak egter wou nie oombliklik oorlog maak nie. Hy glo aan 'n ander mag wat hy teen Israel op die proef wil stel. Hy wil Israel tref met die magtige vervloekingswoord. Bileam moet kom om die volk te vervloek. Agter hierdie daad van Balak skuil die bygeloof dat die vervloeking op sigself krag het en dat dit 'n belangrike wapen kan wees. Die vervloeking sal uiteindelik sy uitwerking hê en die vervloekte nadelig tref.

Vir ons lyk die optrede van Balak na dwaasheid. Ons glo nie dat die vloekwoord op sigself krag het nie. Tog gebruik ons die spreekwoord: Die pen is magtiger as die swaard. Ons glo ook dat die woord veel kan verrig. Die woord word dan ook vandag nog as wapen gebruik teen die volk van God, die Kerk.

Skelwoorde, leuens en laster word gerig teen die Kerk en selfs teen God. Selfs die Bybelwoord is deur die Satan gebruik as verleidingswoord om Jesus aan hom gehoorsaam te maak.

Hierteenoor bestaan egter 'n ander Woord. Dit is die Woord waardeur die gemeente deur die Heilige Gees gebou word en gesterk word. Dit is die Evangeliewoord. Daardeur weet ons dat Jesus

Christus, die vleesgeworde Woord, oorwin het en Sy volk laat deel in Sy oorwinning.

30 Julie
Lees Num. 24:1-13. **Teks:** Num. 24:8.

SOOS BUFFELHORINGS

Selfs in die woestyn is die volk nie oorweldig of vernietig nie. In weerwil van watergebrek, gewapende vyande of 'n Balak wat hulle probeer vervloek, het Israel staande gebly. Ook die sterke Egipte was nie in staat om hulle in die steengroewe as slawe te hou nie en die waters van die see kon hulle nie stuit nie. Israel het getriomfeer oor al sy vyande en teëspoede.

Hierdie laaste sin is eintlik nie die waarheid nie. „God wat hom uit Egipte gelei het, is vir hom soos die horings van 'n buffel." Hy het Israel laat triomfeer.

Met buffelhorings moet daar rekening gehou word selfs in ons dag met sy moderne jaggewere. In die ou tyd was buffelhorings iets veel ergers. Daarteen kon 'n mens hom nie effektief verdedig nie. So 'n sterke beskermer is die God van Israel. Hy is magtig soos die horings van 'n buffel en nog veel magtiger. God is almagtig. Daarom kon Hy Sy volk uitred uit Egipte en hulle in die woestyn beskerm teen dors, teen vervloeking en teen oorloë. Selfs die kwade wat deur Balak beplan is, kan Hy ten goede gebruik.

Nou glo ons dat die almagtige God ter wille van Jesus Christus ons God en ons Vader is. In onse Heer, Jesus Christus is Hy vir Sy gemeente soos die horings van 'n buffel om Sy gemeente te beskerm teen elke vyand. Al is die weg van die gemeente meermaal 'n woestynpad, sal geen vyand oor hom triomfeer nie.

Die Satan self moes die stryd teen Jesus in die woestyn gewonne gee. Aan die kruis is die oorwinning finaal bevestig.

Sy oorwinning is 'n oorwinning vir ons.

31 Julie
Lees Deut. 4:1-20. **Teks:** Num. 25:3(a).

AFGODERY

In die woestyn het daar vir die volk **bedreiging en verleiding van buite** gekom, en hier lees ons ook van **verval van binne.** Israel het gaan neerbuig voor Baäl-Peor, 'n god van die Moabiete. Die uitnodiging van die dogters van die Moabiete na die offergeleentheid is deur Israel aanvaar. Hulle het van die offers geëet en in eerbetoon neergebuig voor die god.

Die Bybel sê: „So het Israel hom dan gekoppel aan Baäl-Peor." Soos twee osse aan een juk gebind word om een werk te verrig en om in een rigting te loop, so het Israel homself gekoppel aan Baäl-Peor.

Ook in die tyd van die Ou Testament was dit waar dat niemand twee Here kan dien nie. Die koppeling aan Baäl-Peor beteken ook dat die HERE verag word. Israel verag Hom wat hulle uit die slawehuis verlos het uit vrye guns. Hulle verag Hom wat steeds trou gebly het in weerwil van hul eie ontrou.

Hierdie daad van Israel bly totaal onverstaanbaar. Waarom verag hulle hul verlosser, die enig lewende God? By Baäl-Peor is daar tog niks te soek en niks te vind nie. Met die HERE kan hy tog nooit in een asem genoem word nie.

Netso onverklaarbaar is dit as ons enigiets hoër ag as Hom wat Sy lewe vir ons afgelê het tot ons verlossing. Niemand behoort iets bo Hom lief te hê nie.

Is Hy vir ons werklik meer as vader of moeder of as wat ookal? As iets of iemand vir ons meer werd is as Hy bly ons gedrag on-

verklaarbaar, en is dit 'n veragting van Hom wat in liefde tot ons die kruis aanvaar het.

1 Augustus

Lees Ex. 1:22 — 2:7. **Teks:** Num. 25:1.

EGBREUK

Die verval wat in die woestyn by Israel teenwoordig was, het nie alleen die oortreding van die eerste en tweede gebod ingehou nie. Ook die sewende gebod, die gebod aangaande die huiwelik, is verbreek.

In Egipte het Farao baie huisgesinne in smart gedompel deur sy bepaling dat die jong Israelitiese seuntjies in die Nyl gegooi moes word om te verdrink. Dit was alleen met die uiterste versigtigheid dat 'n gesin homself hierdie smart kon spaar as 'n seuntjie gebore is.

Die uitredding deur God uit Egipte beteken dan ook meteens die ingryping van God in die gesinslewe van Israel. Die donker wolk van die kindermoord het nie meer oor die huisgesin gehang nie. En ook deur die tien gebooie gryp God in die gesinslewe van Israel in deur te bepaal: Jy mag nie egbreek nie. Uit dankbaarheid vir die verlossing moet die huwelik deur almal eerbiedig word.

En nou lees ons in Num. 25 dat Israel die huwelik nie in ere hou nie. Hulle verlaat die bepaling van die sewende gebod en knoop ongeoorloofde verbintenisse aan met die Moabiete. En afgesien van die smart en wantroue wat dit in die huis sou meegebring het, is hierdie daad van Israel ook 'n teken dat hulle die God van die verlossing en sy dade van uitredding vergeet het en die rug op Hom gedraai het.

As dit nou so is dat die oortreding van die huweliksgebod 'n teken is dat die Verlosser vergeet word, moet ons onsself afvra in hoeverre ons Jesus Christus, ons God en ons Verlosser vergeet. Geen eerbied vir die huwelik is onder ons so volop.

Ter wille van Christus moet ons ook heilig en rein lewe. Aan Hom moet al die eer toekom!

2 Augustus

Lees Num. 27:12-23. **Teks:** Num. 27:18.

JOSUA

Uit hierdie teksvers wil ons eintlik net aandag gee aan die woord Josua.

In die ou Ooste was 'n naam dikwels ook 'n beskrywing van 'n persoon. Die naam sê wie, wat en hoe die persoon is wat so genoem word. So beteken die naam Elia „die HERE is my God" en as ons na die lewe, werk en prediking van die profeet Elia kyk, sien ons dat hierdie naam eintlik ook 'n goeie beskrywing van hierdie persoon is.

En nou beteken die naam Josua: die HERE is redding, heil of verlossing, en die draer van die naam is dan ook die een wat die volk moes uitlei uit die woestyn en moes inlei in die beloofde land. Deur hom is die volk gered van die ontbering en die vreemdelingskap van die woestyn.

Nou is dit egter ook so dat die draer van so 'n naam nooit die naam volkome waardig was nie. Was Elia die naam, „die HERE is my God" volkome waardig, of kon Josua sy naam, „die HERE is verlossing" ooit volkome waardig wees? Hulle was tog ook sondare.

Slegs Een was die naam Josua werklik waardig. Van Hom lees ons in die Nuwe Testament baie. Daar lees ons egter die naam in sy vergrieksde vorm en dan lui dit Jesus. In Hom is die HERE verlossing. Hyself is die werklik volkome verlosser. Dit is Hy wat die volk uitlei uit die woestyn en inlei in die beloofde land.

Sonder Hom sterf ons in die Woestyn!

3 Augustus
Lees Num. 30:1-4 en Pred. 5:1-6. **Teks:** Num. 30:2.

GELOFTES

In die tien gebooie is daar twee gebooie gegee in verband met ons woorde en ons spraak. Die derde gebod sê vir ons dat jy die Naam van die HERE jou God nie ydellik mag gebruik nie, en die negende gebod dat jy geen valse getuienis teen jou naaste mag spreek nie.

Nou is Num. 30:2 eintlik 'n aansporing om die derde gebod te hou. As iemand so ver gaan dat hy iets aan die HERE beloof, moet hy die gelofte hou. As hy sy geloftewoord nie hou nie en nie volgens die woord handel nie of vals sweer, is hy besig om die Naam van die HERE ydellik te gebruik. En as dit gebeur, is dit nie net die Naam van God wat geminag word nie. God self word oneerbiedig behandel deur die valse eed en die ydele gelofte. Dit is daarom altyd beter om nie te belowe nie as om te belowe en nie te betaal nie.

So bring hierdie vers dit weereens onder ons aandag dat ons nie ons beloftes moet vergeet nie. Ons het beloftes gemaak toe ons belydenis van die geloof gedoen het, toe ons getroud is, toe ons ons kinders laat doop het en toe ons bevestig is as ampsdraers. Volgens hierdie beloftewoorde van ons moet ons handel.

As ons hierdie ernstige woorde vergeet en anders optree as wat ons belowe het, gebruik ons die Naam van die Een ydellik wat nooit sy Woord teenoor ons breek nie. Sy verbondstrou en beloftes het Hy in Sy Seun gehou. In Jesus Christus is Gods Woord ja en amen.

Durf ons Sy Naam ydellik gebruik? Geen ander naam is soos dié Naam nie. Dit is die enigste Naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word.

4 Augustus
Lees 1 Samuel 9:1-20. **Teks:** 1 Samuel 9:20.

DIE DINGE WAAR DIT OP AANKOM

Die mens in die sonde is 'n onrustige, soekende wese. Ons bekommer ons oor soveel dinge. Angs en spanning omring ons elke dag terwyl ons soek na die vervulling van ons wense en begeertes. Maar die vraag is dit: Soek ons na die dinge waar dit op aankom? Is die versugtinge van ons siel gerig op die wesenlike, belangrike dinge, of soek ons dikwels na die minder-belangrike, nietige, onbenullige dinge?

Saul, die seun van Kis, was ook besig om te soek. Hy het gesoek na sy vader se esels wat weggeraak het. Hy was angstig en baie bekommerd totdat hy die Woord van die Man van God, Samuel, hoor: „Gaan voor my uit op na die hoogte ———," en dan die wonderlike versekering daarby: „En wat die esels betref wat jy vandag al drie dae vermis het — bekommer jou nie daaroor nie, want hulle is gevind. Maar aan wie behoort al wat begerig is in Israel? Is dit nie aan jou en jou hele familie nie?" Samuel sê vir Saul om op te gaan na die hoogte en om tegelyk verseker te wees van die onverdiende liefde en genade van die Heer: Hy ontvang die guns en genade om koning te wees. Hoe kan hy hom dan nog bekommer oor nietige, onbenullige dinge, oor esels wat weggeloop het?

En die Here God roep ons om op te gaan na die hoogte waar die enige soenoffer van Sy Seun gebring is. En deur hierdie offer spreek hy tot ons: „Bekommer julle nie oor die dinge van die wêreld nie. Aan wie behoort alles wat begerig is in Israel? Is dit nie aan jou en jou hele familie nie? Alles is in Hom vir jou vervul. Jy word gesalf tot koning wat in Sy krag die goeie stryd kan stry tot die einde toe.

5 Augustus

Lees 1 Samuel 9:21-27. **Teks:** 1 Samuel 9:27b.

HOOR DIE WOORD VAN DIE HERE

Op verskillende wyses roep die Here die mens tot stilstand op sy pad, spreek die Here tot ons om ons opnuut te wys op ons roeping en taak in die lewe. Hy roep ons dikwels tot stilstand deur nood en beproewinge, smart en ellende wat oor ons kom. Maar in die eerste plek, bo alles, roep Hy ons tot besinning deur Sy ewige Woord wat tot ons kom.

Ons sien die Godsman Samuel en die aangewese koning Saul vroeg in die môre op pad. Saul moet voortgaan op sy weg en Samuel vergesel hom tot buitekant die stad. En terwyl hulle by die einde van die stad afdaal, sê Samuel vir Saul: ‚Beveel die dienaar dat hy voor ons uit verder gaan — en hy het verder gegaan — maar staan jy eers stil, dat ek jou die Woord van God kan laat hoor." En Samuel het die kruik met olie geneem en dit op sy hoof uitgegiet en hom gesoen en gesê: „Het die Here jou nie gesalf as vors oor sy erfdeel nie?" Nou mag Saul nie meer twyfel nie. Hy is die geroepene, die gekroonde, die gesalfde van die Here.

En nou moet ons ook weet: Deur Sy Woord, deur die lewende Woord, Jesus Christus, roep die Here ons tot besinning, tot stilstand. Deur Sy Woord en deur Sy Gees word ook ons gemaak tot geroepenes, gesalfdes, gekroondes van die Here. Ek mag geen oomblik twyfel nie: Dit is **my** taak, dit is **my** roeping, dit is **my** verantwoordelikheid: Om as christenkoning te leef, te werk, te stry in diens van die Koning van alle Konings om ook in die hiernamaals saam met Hom te regeer tot in ewigheid. „——— Maar staan jy eers stil, dat Ek jou die Woord van God kan laat hoor."

6 Augustus

Lees 1 Samuel 10:1-13. **Teks:** 1 Samuel 10:10b.

„IS SAUL OOK ONDER DIE PROFETE?"

In die geskiedenis van die Ou Testament lees ons dat Gods Gees op 'n besondere wyse aktief was in die midde van die volk. Maar dit is opmerklik dat Gods Gees op bepaalde individue gerus het om hulle toe te rus vir hulle roeping. So het Gods Gees ook steeds gerus op Sy profete wat Sy boodskap moes verkondig.

En uit die gelese gedeelte kom die figuur van Saul weer voor ons geestesoog. Die oomblik toe hy van Samuel af weggegaan het, het God sy hart verander. En toe hulle by Gibea gekom het, het hy meteens 'n groep profete ontmoet. En die Gees van die Here het oor hom vaardig geword. Sodat hy onder hulle geprofeteer het.

Baie eeue later is die Heilige Gees uitgestort op die hele gemeente, op die ganse volk van God, ook op ons. Die Heilige Gees het gekom om ons harte te verander en om ons te salf vir ons profetiese roeping en taak as christengelowiges op aarde naamlik om die boodskap van redding en verlossing in Christus Jesus te verkondig met ons ganse lewe, waar ons gaan en wat ons doen. Ons het 'n profetiese taak na binne d.i. teenoor ons huis en familiekring, ook na buite teenoor die wêreld waarin ons staan. As profete kan ons mond nie meer stil wees nie, moet ons spreek, moet ons verkondig, as profete kan ons nie meer kil en passief wees nie, maar moet ons lewe 'n warme, lewende getuienis wees: „Ons is verlos, dit het u dood gekos."

7 Augustus

Lees 1 Samuel 11:1-15. **Teks:** 1 Samuel 11:14.

DIE KONINGSKAP VAN CHRISTUS

Die mens in die sonde is 'n soekende wese. Hy soek na seker-

heid: Waar lê die oorwinning oor my angs en nood, vrees en stryd? Ja, so dikwels is dit twyfel en onsekerheid wat die hart omklem.

En hierdie angs en nood, vrees en stryd het ook eens gelewe in die harte van die inwoners van Jabes in Gilead. Die stad is beleër deur Nahas, die koning van die Ammoniete, 'n woeste woestynvolk. Die stad is teen hierdie woeste mense nie opgewasse nie en Nahas wil hul regteroë uitsteek sodat hulle bespot kon word deur die ganse wêreld. Maar op 'n wonderbaarlike wyse gryp God in in die nood van hierdie mense. Onder leiding van koning Saul word die Ammoniete verslaan en word daar 'n oorwinning vir Israel bewerk. En dan die woorde van Samuel aan die volk: „Kom, laat ons na Gilgal gaan en daar die Koningskap vernuwe."

En wat hou hierdie woorde in vir ons as volk van die Nuwe Verbond? Op Golgota, is die verlossing vir Sy volk bewerk, is die Koningskap van Jesus Christus, vir eens en vir altyd bevestig. Ons kan Hom dus nie koning maak en ons kan nie Sy koningskap vernuwe nie, maar ons word opgeroep om biddend te buig voor Sy koningskap, om Hom opnuut te ken en te eer as die Koning van ons lewe. Laat ons dan in die gees na Golgota gaan, om daar opnuut 'n gelofte aan Hom te doen: nuwe liefde, nuwe toewyding, nuwe trou, nuwe offervaardigheid, nuwe diensbereidheid. En wat 'n wonderlike sekerheid om te mag weet: Jesus Christus het verlossing vir Israel bewerk. Ons is 'n Koningsvolk, Koningskinders wat staan in diens en onder beheer van die Koning van alle konings.

8 Augustus

Lees 1 Samuel 13:1-14. **Teks:** 1 Samuel 13:8 en 9.

„WAG OP DIE HERE"

Die Here God laat die mens dikwels wag. So dikwels wag Hy met Sy antwoord, met Sy verhoring, met Sy voorsiening, wag Hy om ons tegemoet te tree in ons nood. En hoe dikwels word die wag vir die mens te veel, word die mens haastig, ongeduldig, ja selfs onverskillig en verhard en gaan hy oor tot verkeerde dinge. Die Filistyne was besig om die Israeliete te beleër. Samuel het belowe dat hy sou kom om die offer te bring en aan die volk te sê wat hulle moes doen. En Saul het sewe dae lank gewag maar nog het Samuel nie gekom nie. En die manskappe het begin verstrooid raak. En Saul het begin moedeloos, ongeduldig en haastig raak. Ja, Hy het selfs onverskillig en verhard begin raak. Ja, hy het selfs so ver gegaan om hom te vergryp aan die heilige dinge van God en om, teen die Wil van God in, self die brandoffer te offer.

Die Here wag om te kom. En in Sy alwysheid het Hy ook hiermee Sy doel. Hy bly dikwels, soos dit vir ons lyk, lank wag om ons te toets, om ons te beproef, te louter, te staal en te sterk, sodat ons ook sal weet: Gods tyd is nie ons tyd nie, Gods gedagtes is nie ons gedagtes nie, Gods weë is nie ons weë nie. Maar ons leef in die heerlike sekerheid: In Jesus Christus het God reeds tot by ons gekom en ons in ons nood tegemoetgetree. In Hom het ons die vervulling van al ons behoeftes, die voorsiening in ons sorge en ellende. Wag op Hom in biddende gehoorsaamheid. En mag God ons bewaar om soos Saul van ouds moedeloos, oorhaastig, ongeduldig, ja selfs onverskillig en verhard te raak.

„Wag op die Here, wees sterk en laat jou hart sterk wees. Ja wag op die Here."

9 Augustus

Lees 1 Samuel 14:1-17. **Teks:** 1 Samuel 14:13.

IN HOM IS ONS MEER AS OORWINNAARS

Ons menselewe word so dikwels gekenmerk deur probleme en

stryd. Diep klowe wat ons moet deurgaan, steil rotse wat ons moet oorgaan terwyl dreigemente van die vyande rondom ons weerklink en ons die aanvegtinge van die bose in die gesig moet staar.

Jonathan, die seun van Saul, word geroep tot 'n taak wat vir die mens onmoontlik lyk. Terwyl Saul en die volk in angs en bewing verkeer voor die magtige Filistyne, roep Jonathan sy wapendraer om saam met hom oor te gaan na die wagpos van die vyand. Dit was 'n bykans oninneembare vesting: Skerp rotse het bykans loodreg na benede geloop tot in 'n diep kloof en aan die ander kant ook bykans loodreg na bo. En Jonathan en sy dienskneg het gegaan, dankbaar bewus van die feit dat hulle besnedenes was en dat die almag en voorsienigheid van God Sy kinders oor alles heen dra. Daarom het hy ook die blye versekering: „Die Here het hulle in die hand van Israel gegee." En Jonathan en sy wapendraer het die vesting oorweldig en die vyand verdrywe.

En so het Jesus Christus, deur Sy opstanding, die sterk vesting van die bose oorweldig en die vyand verdrywe. En daarom het ons as gelowiges in Christus Jesus, as Sy verbondsvolk, as Sy kinders dié troosryke sekerheid: Al is die klowe hoe diep, al is die rotse hoe steil, al hoor ons hoe die vyande spot en dreig, Sy ontfermende en beskuttende genade sal ons bewaar tot die Lewe. Daarom kan ons leef met die oorwinningslied van die geloof in ons harte: „In al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het."

10 Augustus

Lees 1 Samuel 15:1-28. **Teks:** 1 Samuel 15:22.

GEHOORSAAMHEID IS BETER AS OFFERANDE

Sedert die sondeval tot vandag toe kleef die sonde van ongehoorsaamheid ons aan. By die opdrag van God wil ons so graag ook ons eie insig byvoeg. En hoe probeer die mens hom ook verontskuldig na sy ongehoorsaamheid, hoe soek die mens nie dikwels skuiling agter vyeblare nie? Dikwels probeer die mens bedrieg met allerhande mooi praatjies, dikwels probeer hy sy opdrag verdoesel deur uiterlike pligpleginge.

Koning Saul het opdrag van die Here gekry om die Amalekiete en alles wat hulle gehad het met die banvloek te tref. Maar by die opdrag van die Here het hy ook sy eie insig gevoeg en koning Agag en die beste van die kleinvee en beeste gespaar. En toe Samuel hom hieroor streng aanspreek was sy verduideliking: Dit is tog seker nie so erg nie. En buitendien wil die volk die kleinvee en die beeste aan die Here offer. En dan Samuel se onverbiddelik-strenge woord: „Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme." Ja, Saul moet besef: Ootmoedige, opregte gehoorsaamheid is vir God meer welbehaaglik as enige, uiterlike plegtighede waaragter hy wil skuil. Die innerlike gesindheid is van meer belang as uiterlike pligpleginge.

En dan sien ons ons Here en Verlosser, in gehoorsaamheid tot die dood, Sy kruis dra, smarte ly en aan die vloekhout sterwe. En dan word ons opgeroep om uit dankbaarheid vir die onuitspreeklike seën wat Sy gehoorsaamheid vir ons gebring het, self in kinderlike gehoorsaamheid op Sy voetspoor te volg terwyl die strenge woord van Samuel aan Saul ons steeds bybly: „Om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme."

11 Augustus

Lees 1 Sam. 16:1-13. **Teks:** 1 Sam. 16:2.

DIE BESKERMING VAN GOD

Saul, die koning van Israel, het afvallig geword van God. Hy het

nie Sy bevele uitgevoer nie. Deur die profeet Samuel maak God aan hom bekend dat hy nou verwerp is om koning oor Israel te wees. Voorts kry Samuel ook opdrag van God om 'n nuwe koning te salf.

Hierdie opdrag van God hou vir Samuel lewensgevaar in. Indien hy dit uitvoer en Saul kom dit te hore, sal hy hom om die lewe bring. Die vrees van Samuel kan verklaar word in die lig van die feit dat 'n bose gees reeds van Saul besit geneem het. Die profeet wat oor die algemeen nie gehuiwer het of bang was nie, die openbaar hier vrees. God neem hom egter nie sy vrees kwalik nie en dui hom die weg aan waarop hy Dawid, sonder om aandag te trek, tot koning kan salf. „Neem 'n jong koei met jou saam en sê: Ek kom om aan die Here te offer."

Aan hierdie daad is daar niks leuenagtigs verbonde nie, want Samuel kry van God die opdrag om te offer. Dit bied hom beskerming teen die wraak van die ontroue koning van Israel. Dit was eenvoudig 'n verberging van sy werklike opdrag. God bied hom beskerming onder die voorwendsel van die offer.

Soos God aan die profeet Samuel beskerming gebied het onder die voorwendsel van die offer, so bied God ons ook beskerming in Christus teen die wraakgedagtes van die bose. Die verskil lê egter daarin dat die beskerming in Christus nie 'n voorwendsel is nie, maar werklike, ewige beskerming is.

12 Augustus

Lees 1 Sam. 16:1-13. **Teks:** 1 Sam. 16:4a.

GEHOORSAAMHEID AAN GOD

Die profeet Samuel treur oor die verwerping van Saul, die koning van Israel, deur God. Heimlik het hy seker gehoop dat God hom weer as koning sal aanvaar. Hy kon homself nie versoen met die verborge weë van God nie. Hy was nog steeds bevrees dat Israel sou ly as gevolg van die verwerping van Saul. Daarom treur hy oor sy val en verwerping, nie soseer as gevolg van sy eie aangetrokkenheid tot die gevalle koning nie, maar meer uit besorgdheid oor die welsyn van die volk Israel.

God beveel hom om op te hou treur, hom gereed te maak en na Isai, die Betlehemiet, te vertrek om een van sy seuns as koning van Israel te salf.

Samuel is bevrees. Saul sal hom doodmaak as hy dit te hore kom. God verwyder egter alle besware en redes vir vrees sodat Samuel eintlik nie anders kon as om die Here te gehoorsaam nie.

Die profeet se besorgdheid oor die welstand van sy volk en sy vrees vir die gramskap van Saul, het hom aanvanklik onwillig gemaak om die bevel van die Here te gehoorsaam. Tog het Samuel ondanks sy eie vrees en besorgdheid, gedoen wat die Here hom beveel het. Hy het as profeet van God geweet dat Gods verborge weë nie altyd vir die mens deursigtig en verstaanbaar is nie.

Dikwels gebeur dit dat ons iets in die gemeente van Christus moet doen wat vir ons probleme op die hals gaan haal. Ons laat dit na omdat ons die gevolge vrees. As God vir ons 'n weg in Sy Woord aangetoon het, al lyk dit vir ons hoe gevaarlik en nadelig vir die gemeenskap van die gelowiges, dan doen ons goed indien ons die, vir ons onverstaanbare, bevele van God gehoorsaam. Ten einde laaste geskied dit tog ten beste.

13 Augustus

Lees 1 Sam. 16:1-13. **Teks:** 1 Sam. 16:7b.

DIE KENNER VAN MENSE

As mense is ons geneig om die uiterlike voorkoms en gedrag van mense as maatstaf vir ons beoordeling van die mens te neem. Dit

is ook kennelik die wyse waarop die Profeet Samuel die oudste seun van Isai beoordeel het toe hy voor hom verskyn het as 'n moontlike kandidaat vir die koningskap van Israel. Eliab was soos Saul groot van gestalte.

Die rede waarom hy hom nie op die uiterlike gestalte blind moet staar nie, word deur God aan hom bekend gemaak: „Want nie wat die mens sien, sien God nie; want die mens sien aan wat voor oë is, maar die Here sien die hart aan."

Dit beteken dat God die werklike kenner van harte is. Hy toets die harte en die niere. Hy ken die geheime van die hart. God deurskou die mensehart tot in die diepste skuilhoekies. Vir Hom is die mens soos 'n oop boek. Dit kan ook nie anders nie, want Hy het die mens gemaak. Wie ken die maaksel beter en grondiger as die Maker self?

Ons kan daarop roem dat ons die mens ken deur studie en waarneming. Dit bly egter oppervlakkige kennis indien ons nie die Skepper van die mens self raadpleeg nie. Eers wanneer God die mens aan ons bekendstel, leer ons hom in sy diepste wese ken. Dit kan ook nie anders nie, want dit is alleen God wat die mens se hart aansien, wat die harte toets en wat die geheime van elke hart ken.

Streng gesproke sou Samuel nie die opvolger van Saul kon aanwys as God nie aan hom openbaar het wie dit is nie. Soos Samuel uit homself nie daartoe instaat was om te bepaal wie die opvolger van Saul sal wees nie, so sal ons ook nie onsself en die mens leer ken nie indien ons nie luister na wat God aan ons aangaande die mens is Sy Woord sê nie.

14 Augustus

Lees 1 Sam. 17:41-58. **Teks:** 1 Sam. 17:45.

DIE KRAG VAN DIE GELOWIGE IS IN GOD

Dit moes 'n inrukwekkende gesig gewees het toe die groot magtige en goed gewapende Goliat en die kleine ongewapende Dawid mekaar tussen die leërs van die Israeliete en die Filistyne tegemoet geloop het.

Goliat, net soos die Filistyne, was baie seker van sy oorwinning. Die magtige Goliat voel selfs beledig dat 'n ongewapende seun gestuur word om teen hom te veg. Om sy misnoeë te kenne te gee het hy haarfyn aan Dawid vertel wat hy met hom gaan doen as hy hom in die hande kry. Hy sê: „Kom na my toe, dat ek jou vlees aan die voëls van die hemel en die diere van die veld kan gee." Dawid antwoord hierdie vreesaanjaende dreigement uit die geloof in God: „Jy kom na my met 'n swaard en met 'n spies en met 'n lans, maar ek kom na jou in die Naam van die Here van die leërskare, die God van die slagordes van Israel, wat jy uitgedaag het."

Dit kom daarop neer dat Goliat op sy eie krag en wapens roem, terwyl Dawid die sekerheid van sy oorwinning in dié God vind wat deur Goliat bespot en uitgetart word. Dat die klein ongewapende Dawid die groot gewapende Goliat sou oorwin, het onmoontlik voorgekom. Tog het dit geblyk dat Dawid deur sy geloof in die God van Israel die magtigste was.

In die stryd wat die gelowige op aarde teen die Satan moet voer, staan hy ook weerloos, want die Satan maak van alle middele tot sy beskikking gebruik. Maar teenoor hierdie skynbaar magtige wapens van die Duisternis, het die gelowige die versekering dat sy krag tot oorwinning nie in homself of iets anders geleë is nie, maar in God, wat die magte van die duisternis reeds in Christus oorwin het. Ons kry aan die oorwinning van Christus deel deur die geloof wat God aan ons skenk.

15 Augustus

Lees 1 Sam. 17:41-58. **Teks:** 1 Sam. 17:47b.

DIE STRYD BEHOORT AAN DIE HERE

Die Filistyn Goliat daag die dapperes van Israel uit omdat hy kan staatmaak op sy eie grootheid van gestalte, geweldige liggaamlike kragte en wapens. Dawid daarenteen maak van 'n kinderspeelding as wapen gebruik. Daarmee is dit duidelik dat hy die stryd teen Goliat nie aanknoop deur op menslike krag en voortreflikhede staat te maak nie, maar deur sy geloof in die Here van die leërskare, die God van die slagordes van Israel.

Hy as begenadigde van God het geweet dat die stryd aan die Here behoort, want God laat nooit die werke van Sy hande vaar nie. Ook in hierdie benoude oomblik van Israel se bestaan was dit God wat vir hulle die stryd voer. Uit die verloop van die gebeure het dit duidelik geword. Dawid verslaan Goliat omdat die Here met hom was. As die Filistyne in wanorde uitmekaar spat, is die oorwinning vir Israel reeds beklink. Menslik gesproke was dit 'n onewewigtige stryd met geen hoop op oorwinning vir Israel nie. Hulle het magteloos teenoor die uitdagings van Goliat die Filistyn gestaan. God gryp egter in die gang van sake in en beklink die oorwinning vir Israel op 'n wyse wat alleen as 'n wonderwerk beskryf kan word.

As God die stryd teen die magte van die duisternis deur Sy Seun aanknoop, is die oorwinning reeds behaal, want dié stryd behoort aan die Here. Soos Hy deur Dawid vir Israel veg so beveg God die Bose vir ons deur Christus.

16 Augustus

Lees 1 Sam. 18:14-30. **Teks:** 1 Sam. 18:14.

GOD MET ONS

Inderdaad kan ons soos die Apostel Paulus sê: as God vir ons is, wie kan teen ons wees? Dit het Dawid, die toekomstige koning van Israel, aan die hof van koning Saul ervaar. Koning Saul ervaar op alle terreine van sy regering teenspoed as gevolg van sy ongehoorsaamheid aan die bevel van God. Daarteenoor blyk dat alles wat Dawid doen, met sukses bekroon word. Hy verslaan Goliat. Hy word as held verwelkom. Die vroue van Israel sing hom toe: „Saul het sy duisende verslaan, maar Dawid sy tienduisende." Dit het die wrewel van Saul hom op die hals gehaal. Terwyl Dawid vir Saul op die harp speel om hom te kalmeer, gooi Saul twee-maal met sy spies na Dawid. Dawid ontduik hierdie aanvalle van Saul op sy lewe.

Om Dawid op 'n onopsigtelike manier om die lewe te bring, stel Saul hom aan as owerste oor duisend. Daarmee het Saul gehoop sal Dawid in die oorlog met die Filistyne op die slagveld sneuwel. Hy slaag egter nie in sy heimlike planne om Dawid om die lewe te bring nie.

Ons sou dink as Dawid voorspoedig is in al sy weë omdat die Here met hom is, moes sulke aanslae op sy lewe nie plaasgevind het nie. Nou is dit egter nie so dat sy voorspoed onder die hand van die Here sonder stampe, stote en gevare gegaan het nie. Hy word inderdaad deur God beproef. Dit is deel van sy voorspoed omdat God met hom is en met hom bemoeienis maak.

Ook ons lewens as gelowiges in Christus gaan nie gepaard met 'n egalige voorspoed sonder probleme en gevare nie. Die voorspoed van die gelowige lê daarin dat God in Christus nog met hom bemoeienis maak en hom op die wyse beproef. Soos goud deur vuur heen gesuiwer en gelouter word, so word ook ons geloof gelouter en gesuiwer in die smeltkroes van die aardse lewe.

17 Augustus

Lees 1 Sam. 22:1-5. **Teks:** 1 Sam. 22:3b.

BERUSTING IN DIE WIL VAN GOD

Dawid word deur Samuel as koning van Israel gesalf. Dit bring aan hom egter nie ongekende voorspoed en vreugde nie. Saul, op daardie stadium nog koning van Israel, beny Dawid die voorspoed wat hy ondervind in sy krygstogte. Uit gebeurlikhede na Dawid se oorwinning oor Goliat, is dit duidelik dat God met hom is. Saul bemerk dit en maak die wêreld vir hom moeilik. Dawid vlug van die een plek na die ander vir Saul wat sy lewe soek. Sy familie skaar hulle by hom in sy swerftog. In Moab soek hy veiligheid vir sy ouers, totdat die onsekerheid en onveiligheid onder die koningskap van Saul vir hom en sy volgelinge verby is, of soos Dawid dit self stel: „totdat ek weet wat God met my wil doen."

Tot op daardie stadium was sy voorspoed onder die hand van die Here vir hom twyfelagtig. Aan die een kant beleef hy voorspoed, want deur hom verslaan God die Filistyne. Aan die ander kant is hy voortvlugtig as gevolg van die gramskap van Saul teen hom. Menslik gesproke is sy voorspoed, vreugde en verdriet, veiligheid en gevaar. Dit is voorwaar geen benydenswaardige situasie waarin hy verkeer nie. Hierdie omstandighede aanvaar hy totdat hy weet wat God met hom wil doen.

Dawid is wel deur Samuel tot koning van Israel gesalf, maar sonder dat hy dit aan hom en sy familie bekend gemaak het. Ons moet dus aanvaar dat hy op hierdie stadium nog onbewus daarvan was. In voorspoed en in gevaar het Dawid nie geweet wat God met hom wil doen nie, tog het hy in die wil van God berus. In voorspoed en gevaar weet ons as gelowiges in Christus wat God met ons wil doen. Ons weet deur Christus dat dit Sy wil is dat ons aan die einde van die tyd die ewigheid sal beërwe. Vir ons is daar dus geen onsekerheid nie, daarom kan en moet ons teenspoed en voorspoed as die wil van God oor ons aanvaar.

18 Augustus

Lees I Samuel 23. **Teks:** I Samuel 23:16-17.

MOEDIG EN BEMOEDIG

Dawid, die gesalfde koning, moes sy lewe slyt as rowerhoofman. Sy woonplek was die kalkgrotte in die woestyn van die Judesebergland. Lewensonderhoud het hy en sy manne verdien deur beskerming aan veeboere te verleen teen rowerbendes.

Die inwoners van Kehila is deur Dawid bevry na die inval van die Filistyne, net om later te verneem dat dieselfde mense hom sou uitlewer aan Saul.

Selfs die inwoners van Sif, wat sekerlik gebaat het by Dawid se beskermde teenwoordigheid, het nie geaarsel om hom te verraai aan Saul nie. Ook Saul, aan wie hy geen kwaad gedoen het nie, het onvermoeid sy dood gesoek.

Dawid, 'n vlugteling, 'n vreemdeling, 'n bywoner in sy eie koninkryk. Dit het moed en geloof gekos om trou te bly aan sy roeping. Dit kon alleen omdat hy uitsig na bo na God, gehad het. Hy kon die skouerkleed omhang, God raadpleeg, bid.

Christus, die Gesalfde het na Sy eiendom gekom, maar die Seun van die mens het geen plek gehad om Sy hoof neer te lê nie. Verag was Hy, verstoot en gehoon deur diegene aan wie Hy welgedoen het. Die Gesalfde het as 'n spotkoning aan die kruis gehang, weg van die hemel en die aarde. „om Sy siel te gee as 'n losprys vir baie". om van ons koningskinders te maak.

Luther het gesê dat die Christen die heer is van almal en daarom ook die kneg van almal. „'n Slaaf is nie groter as sy heer nie. As

hulle my vervolg sal hulle julle ook vervolg." Dit verg moed en geloof en gebed om trou te bly aan ons roeping te midde van die aanslae van die bose in al sy verskyningsvorme.

Ons staan dikwels magteloos teenoor ons medegelowiges in hul nood en teenslae. Maar dit kan ons, ja, moet ons doen, om soos Jonathan na Dawid in die veld te gaan — en hom bemoedig het in God (v. 16) en hom aan sy roeping herinner het „maar jy sal koning word oor Israel" (v. 17). Ons moet aan mekaar sê: „Hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin". Ons mag aan mekaar sê dat die onverwelklike kroon wag op elkeen wat die goeie stryd stry, die wedloop voleindig, die geloof behou.

19 Augustus

Lees I Samuel 24:1-8 en I Samuel 26:1-16. **Teks:** I Samuel 26:11.

GROOTMOEDIG

Daar was diegene, tweemaal, wat dit as 'n Godgegewe geleentheid aan Dawid gesien het om Saul dood te maak, reg te laat geskied oor die onreg wat Saul aan Dawid gedoen het. Maar Dawid wou Saul geen leed aandoen nie. Dit het vir hom oneerbiedig gevoel, selfs toe hy die slip van Saul se mantel afgesny het. Hy het Abner verwyt dat hy nie goed genoeg wag gehou het by sy heer Saul nie.

Was Dawid grootmoedig omdat hy edel van inbors was? En ons is nie almal soos Dawid nie. Dis moielik om die minste te wees, onreg te ly terwille van mense wat dit nie verdien nie. Nee! Dawid was nie 'n besondere edel mens nie, maar gehoorsaam aan 'n besondere God, die God van geregtigheid. „Mag die Here my bewaar dat ek my hand aan die gesalfde van die Here sou slaan!"

Saul het sy rug op God gekeer, sy roeping as gesalfde koning geminag en verloën. As Dawid sy hand aan die lewe van Saul geslaan het, sou hy dieselfde sonde as Saul gedoen het.

Die owerheid is dienaresse Gods (Rom. 13), ook die goddelose owerheid. Al sou die owerheid ontrou word aan sy roeping, het die gelowige geen reg om deur revolusie die owerheid omver te werp of te saboteer nie. As die kerk nie die owerheid se roeping as die dienaresse Gods met die daad eerbiedig en met die woord betuig nie, besondig die kerk hom aan dieselfde ongehoorsaamheid as die owerheid. Die kerk kan nooit verwag dat die owerheid sy roeping ernstig sal neem as die kerk self dit nie doen nie. Om 'n medemens wat ons leed en onreg aangedoen het, sy roeping as Christen-gesalfde verloën het, te vergeld na sy dade, is om dieselfde sonde te doen. Ons moet sy roeping ernstig neem met woord en daad en onthou dat Christus Sy lewe vir hom afgelê het.

Is dit nie juis om onreg toe te laat nie? Nee! Dawid het juis reg aan Saul laat geskied, nie na Saul se ongeregtigheid nie, maar na Gods bedoeling met Saul. Tweemaal het hy hom gespaar om aan hom die geleentheid te gee tot bekering na God toe.

Om so die minste te wees is om trou aan jou roeping as Christen te wees, is om die meeste, die grootste in die koninkryk van God te wees.

20 Augustus

Lees I Samuel 25. **Teks:** Ps. 14:1.

HOOGMOEDIG

Soos 'n roman het die verhaal van die „driehoek" Nabal, Abigaïl en Dawid, 'n gelukkige einde. Maar dit gaan hier om 'n ander „driehoek" — die tussen God, mens en medemens.

Nabal was n dwaas, 'n deugniet, 'n afgestompte materialis; dwaas om, nadat sy veewagters die beskerming van Dawid en sy mense geniet het, te weier om hulle te laat deel in die opbrengs van 'n

goeie skeersel. Dwaas, om nadat Dawid in vrede na hom gekom het, hom af te jak, dwaas om die gesalfde koning en sy vegsmanne, smalend te bestempel as 'n klomp wegloper slawe. Maar sy eintlike dwaasheid was soos Ps. 14 dit beskrywe: „Die dwaas sê in sy hart daar is geen God nie, sleg en afskuwelik maak hulle hul dade . . ."

Dawid het rede gehad om in sy eer gekrenk te voel. Die moedige, grootmoedige Dawid het in hoogmoed besluit om wraak te neem en Nabal en wat manlik in sy huis was, uit te delg. Hy het nie soos in die verlede sy regsaak in die hande van die Here gelaat nie. Hy wou self vergeld. Dawid het nie soos in die verlede die efod, die skouerkleed, omgehang en God geraadpleeg nie, maar sy manne sonder meer beveel om te bewapen. In sy hoogmoed en gekrenkte eer vergeet hy van God. Tereg het Abigaïl aan Dawid gesê dat hy nou geword het soos Nabal (v. 26), 'n praktiese ateïs, 'n dwaas.

En Abigaïl, haar wysheid was nie geleë in haar slim plan om Nabal se dwaasheid te verberg of in haar fyn berekende diplomasie om Dawid teen homself te beskerm nie, maar haar wysheid was: „. . . die vrees van die Here is wysheid en om van die kwaad af te wyk is verstand" (Job 28:28).

Skoon en koninklik van gestalte was sy nie van geboorte soos Migal nie, of deur haar huwelik met Dawid nie, maar omdat sy met profetiese insig die koningskap van Dawid gesien en bely het, priesterlik ingetree het vir Nabal en Dawid, en so 'n wegbereidster was vir die komende Godsryk, die koms van die seun van Dawid, Jesus Christus, die krag en wysheid van God — Sodat deur die dwaasheid van die prediking van die vernederde, gehoonde, gekruisigde Gesalfde elkeen wat glo, gered sou word.

21 Augustus

Lees I Samuel 27 en 29. **Teks:** I Samuel 30:6.

KLEINMOEDIG

Dit gaan in die Bybel nie om die geskiedenis van romanhelde nie. Dawid, die man met geloofsmoed en grootmoedigheid, is ook die hoogmoedige, ja, ook die kleinmoedige „Nou sal ek een van die dae omkom deur die hand van Saul . . . tensy ek dadelik ontsnap na die land van die Filistyne". Hy moes dink aan sy veiligheid, sy familie se welsyn. Die rowwe veldlewe, die voortdurende spanning en onrus, die dreigende gevaar van 'n aanval van Saul het vir hom te veel geword.

Hy het weggetrek na 'n vreemde land, 'n vyandsland waar vreemde gode heers, weg van sy God. Hy het die lyfwag van 'n vyandelike vors geword. Hulle sou van hom 'n Filistyn maak. Die gevolg van sy kleingeloof was uiteindelik dat hy saam met die vyand teen sy eie volk, die volk van God, moes optrek.

Dit gaan in die Bybel om die geskiedenis van Gods barmhartigheid oor die sondige mens, ook oor Dawid. God het Dawid nie laat vaar nie. Die Filistynse vorste stuur Dawid terug na Siklag — en Siklag, Dawid se woonplek, was 'n puinhoop, sy familie en sy besittings was weggevoer. Alles wat hy wou behou en verkry het deur weg te trek uit Judea, was verlore. Sy troue volgelinge was verbitterd en wou hom stenig. Dawid was alleen. Hy het benoud geword. Maar dan lees ons die pragtige woorde: „Maar Dawid het homself versterk in die Here sy God". Dawid het weer na bo gekyk. Vir die eerstemaal na so 'n lang tyd die skouerkleed omgehang en God geraadpleeg, gebid.

God moes hom afbreek om hom weer te bou. Dawid se kleingeloof was menslik, sy klag die intens menslike klag van Ps. 73 „Waarlik tevergeefs het ek my hart rein gehou . . . my tugtiging was daar elke môre . . ." Die lewe uit die geloof is 'n lewe van onrus, spanning

en gevaar. Saul is steeds in aantog! Die Satan gaan rond soos 'n brullende leeu . . .! Jesus het gesê: Wie agter my wil aankom moet sy kruis (daagliks) opneem en my volg. Dis genade om uit genade te kan lewe. Die regverdige sal nooit anders as uit die geloof kan lewe nie. Maar net so waar is dit dat alleen die regverdige uit die geloof, sal lewe.

„Maar wat my aangaan, dit is vir my goed om naby God te wees."

22 Augustus

Lees I Samuel 24:8-23 en I Samuel 26:17-25. **Teks:** I Samuel 24:17.

TEVERGEEFSE BEROU

Daar was trane. Hy het erken dat hy gesondig het, sy onreg teenoor Dawid erken, die koningskap van Dawid bely. Ons het geen rede om te twyfel aan die egtigheid van Saul se berou nie. Selfs toe Dawid vir Saul probeer verskoon het dat dit miskien sy knegte kon wees wat hom aanhits, ja, miskien selfs God, het Saul nie uitvlug gesoek nie. Hy het skuld erken.

En Saul het werklik berou gehad — net om môre en oormôre maar weer vir Dawid te vervolg. Die geestesgesteldheid van Saul mag sielkundig interessant gewees het en selfs verklaar kon word. Maar alles verstaan, is nog nie alles vergewe nie. Die tragiek van Saul se berou was juis dat daar geen versoening kom nie, nie tussen hom en Dawid nie — hulle weë loop telkens uitmekaar — en ook veral geen versoening met God nie. Daarom was daar geen bekering weg van sy bose weë nie.

Judas Iskariot het Christus die gesalfde verraai. Hom verkoop. Hy het berou gekry. Hy wou regmaak, die bloedgeld teruggee. Judas was een van die twaalf — Saul 'n gesalfde van die Here. Albei het berou gehad maar Judas hang homself op, Saul val in sy eie swaard. Hulle vernietig hulleself. Albei is sonder verontskuldiging „Die Seun van die mens gaan wel heen volgens wat bepaal is, maar wee daardie man deur wie Hy verraai word. (Luk. 22:22).

Berou op sigself, ewe min as ons sondaarskap of ons eiegeregtigheid kan versoening, vergiffenis bring. Vergiffenis is daar alleen deur die soendood van Jesus Christus. Berou het alleen betekenis as dit ook bekering na Christus is, oorgawe aan hom is. Saulus, die Christen vervolger het op sy pad na Damaskus hierdie Christus ontmoet. En dit is hierdie begenadigde Apostel van die Here wat geweet het dat dit genade is om genade te kan ontvang. "Niemand kan sê dat Jesus Christus die Here is nie behalwe deur die Heilige Gees." (I Kor. 12:3, 4).

23 Augustus

Lees I Samuel 28. **Teks:** I Samuel 28:16.

GELOOF EN BYGELOOF

Dit gaan in hierdie skrifgedeelte nie om die heks van Endor nie, ook nie om die moontlikheid om kontak met die geeste van die onderwêreld te maak nie. Dit gaan om 'n man wat geloof verruil het vir bygeloof, godsdiens vir magie.

Daar was dae toe Saul die waarsêers en dodebesweerders uit die land verwyder het. die dae toe Saul God gedien het, sy lewe in gehoorsaamheid in die diens van die lewende God gegee het.

Maar nou het hy gesoek na dodebesweerders. O ja, Saul het nog geglo dat daar 'n God was. Ewe vroom het hy Sy Naam teenoor Dawid genoem. Verskriklik is dit om te glo dat daar 'n God is en prakties 'n ateïs te wees ..Jy glo dat God een is, jy doen goed, die duiwels glo dit ook en hulle sidder" (Jak. 2:19). O ja, Saul het, toe die nood dreig met God in aanraking probeer kom deur drome, die

urim, die profete. God moet help. Hy wil God gebruik in sy stryd teen die Filistyne, 'n middel tot 'n doel. Hy wou oor God beskik.

God swyg. En toe God swyg het Saul op 'n ander manier probeer om die hoëre magte gunstig te stem. Hy het hom gewend na die dodebesweerders. Geloof het plek gemaak vir bygeloof, godsdiens vir magie. Saul het homself uitgelewer aan die bedrog van die bose geeste.

Saul het die dode geraadpleeg. Die rykman van Lukas 16 het ook gevra dat God Lasarus uit die dode moet stuur om sy broers te waarsku. Maar die antwoord was: „Hulle het Moses en die profete . . ." As Samuel se gees, tot die verskrikking van die heks van Endor, werklik aan Saul verskyn, dan hoor hy niks anders van hom as wat Samuel in sy lewe aan Saul gesê het nie.

Verskriklik, afgryslik is dit om geeste te raadpleeg, nie omdat die omstandighede wat gepaard gaan met die roeping van geeste so grillerig is nie, maar verskriklik is dit omdat dié mens sy rug op die lewende God, Sy Woord en Gees gedraai het.

Daar was net een wat uit die dode opgestaan het: Jesus Christus. Luister na Hom.

24 Augustus

Lees I Samuel 28:1-7. **Teks:** I Samuel 25:1.

BEGRAFNIS

Samuel was dood. 'n „Mooi" begrafnisrede sou gehou kon word. Samuel die Godsman en volksman — en watter plek het Hy nie in die harte van die volk gehad nie! Gans Israel het vergader en rou oor hom bedryf. Blomme op die graf. Aangaande die dooie, niks anders as die goeie nie.

In sy lewe het die volk maar weinig na hom geluister. Toe het die woorde van die rigter en siener beslissings geëis. By die nagedagtenis van iemand kan ons toeskouers bly. Dit verg niks om mee te doen met die skare wat 'n laaste eer aan die dode wil bewys nie. In sy lewe het Samuel gewaarsku. Maar die volk wou 'n koning soos ander nasies hê. En waar was die konings? Dawid was onder die Filistyne. Saul, 'n gebroke man, het sy toevlug tot die dodebesweerders geneem. Burgeroorlog het voor die deur gestaan.

Die dood van Samuel het die tyd van die rigters afgesluit. Met Samuel kan gesê word, het 'n nuwe tydperk aangebreek, die van profete figure, die ore en oë wat kan hoor en sien en spreek teenoor koning en volk: So spreek die Here. Dit was die boodskap van Nathan, Elia, Amos, Jesaja, Jeremia tot op Johannes die Doper, wegbereiders vir die koms van die Gesalfde van God, Jesus Christus, ons enigste Hoëpriester, groot Profeet en ewige Koning.

Hy het dood en graf oorwin. Hy leef.

Die Evangelie is nie maar net 'n nagedagtenis wat ons in ere moet hou nie; ons lidmaatskap van die Kerk, nie net die meeloop in 'n begrafnisstoet ter ere van 'n gestorwe Christus nie.

Die Evangelie is die lewende Woord van die lewende Heer wat van elkeen beslissing vra. Ons lidmaatskap van die kerk beteken die gehoorsaam wees, diensbaar wees as priesters, konings en profete onder die heerskappy van die opgestane Heer wat sal kom om te oordeel die lewende en die dode.

25 Augustus

Lees Gen. 3:1-15. **Teks:** Rom. 15:4.

DIE GESKREWE WOORD

Reeds as boek van kultuur is die Bybel van onskatbare waarde. Hierdie boek is vol van die lewe van groot manne en groot gedagtes en beginsels, en ook om hierdie rede het daar 'n groot invloed uit-

gegaan op die beskawingsgeskiedenis tot op die huidige dag. Soos bv. op die gebied van die skilderkuns, is dit onmoontlik om die fynere punte van 'n groot kunstenaar soos Rembrandt te kan waardeer, tensy jy 'n goeie kennis het van die Bybelse verhale waarom dit gaan. En by die bestudering van die lewensgeskiedenis — ook uit ons eie volk — kom jy telkens weer by die Skrif uit en sien watter groot waarde hierdie boek deur alle tye heen uitgeoefen het.

Hoe belangrik dit ookal mag wees, tog is dit nie die belangrikste en waardevolste van hierdie boek nie. Sy waarde is boweal daarin geleë dat dit vir ons die gedagtes van God gee aangaande ons mense — watter gedagtes daar in Sy hart leef vir ons. God spreek in die Skrif oor ons lewe en deel Sy gedagtes oor goed en kwaad aan ons mee. Hy doen dit ook in duidelik-verstaanbare taal. Want al het die geskiedenisse waarvan die Bybel ons vertel, sig eeue gelede reeds afgespeel, dit gaan tog ook oor aktuele dinge van die huidige dag. Dit gaan in die Ou Testament bv. oor ongehoorsaamheid en ontrou, oor liefdeloosheid en ongeloof ens., met ander woorde, oor al die sondes wat vandag nog uit die menslike hart voortkom, en wat ons eie lewe en die samelewing bederf. God laat ook Sy oordeel daaroor aan ons hoor en sien, maar boweal beskrywe dit aan ons Sy eindelose genade en onwankelbare trou en hoedat Hy deur Sy Woord en Gees — ja ook die Vleesgeworde Woord, Jesus Christus — menselewens van binne uit vernuwe en bruikbaar maak in Sy diens en vir Sy koninkryk.

26 Augustus

Lees Heb. 11:1-10. **Teks:** Rom. 15:4.

DIE GESKREWE WOORD (Vervolg)

Die Heilige Skrif is geskrywe met 'n doel. Ons vind daarin wel baie geskiedenisse — godsdiensgeskiedenis, wêreldgeskiedenis, mensegeskiedenis, kultuurgeskiedenis ens., maar dit word op heel besondere wyse geskrywe. Dit bring ons nie maar net met gebeurtenisse uit die lang-vervloë verlede in aanraking nie, maar dit is vir ons die altyd-lewende, die altyd-jeugdige woord, wat God altyd weer tot ons laat spreek. Dit is die altyd-voortgaande spreke van God met ons. Dit is nie bedoel om vir ons 'n deurlopende historiese verhaal te gee van die geskiedenis van Israel nie, of van stap tot stap die lewe van Jesus of Sy dissipels mee te deel nie. Maar die Bybel is geskryf met 'n spesifieke doel nl.: „Alles wat tevore geskrywe is, is tot ons lering tevore geskrywe, sodat ons deur lydsaamheid en bemoediging van die Skrifte hoop kan hê."

In die Bybel spreek God nog elke dag tot ons en leer ons Hom ken in die volheid van Sy genade en waarheid. Deur Sy Woord werk Hy vandag nog in die mensewêreld die wonders van genade en trou. So bind die Skrif ons dan ook nie aan persone en gebeurtenisse van vergange tye nie, maar dit verbind ons aan die lewende God self. Dit gaan in die Skrif om Gods almag, Sy genade en Sy liefde in Jesus Christus. Agter die gawes en talente van mense bemerk ons Sy hand, agter die geskiedenis bemerk ons Sy leiding en trou, agter die lewens van Bybelpersone as laaste en beslissende vraag hoedat hulle verhouding is tot God.

27 Augustus

Lees Num. 20:1-12. **Teks:** Rom. 15:4.

DIE GESKREWE WOORD (Vervolg)

Ja, die Bybel spreek met absolute gesag, maar ook met absolute eerlikheid. In gewone lewensbeskrywings word die goeie hoedanighede dik onderstreep en die slegte hoedanighede meestal verswyg — dit gebeur ook baie keer in begrafnisredes. Maar die Bybel skryf

anders. Kyk maar na die sogenaamde groot figure uit die Skrif. Moses, die sterke, voortreflike Moses — maar tog ook 'n vlugteling, bang en onwillig om na Farao terug te gaan. Uit ongeduld slaan hy op die rots en verbeur so sy eie intog in Kanaän. Kyk na Dawid, die man na Gods hart — owerspel, moord, sy hande te veel met bloed bevlek en daarom kon hy die tempel nie bou nie. Abraham, die vader van al die gelowiges, in gehoorsaamheid uit Ur van die Galdeërs getrek na die land wat God hom aangewys het. Tog vlug hy daar weg vir die hongersnood na Egipte.

Dieselfde vind ons in die Nuwe Testament, wanneer daar gespreek word oor die dissipels, die grondleggers van die Christelike Kerk. Hoe eerlik word hulle nie geskilder ook in al hulle swakhede en gebreke nie. Thomas, die twyfelaar, Petrus die verloënaar en Judas die verraaier.

Op grond van die Skrif is dit onteenseglik waar dat die mens van nature sondig is en daarom 'n diepgaande behoefte het aan die genade van God — 'n genade wat in Jesus Christus vir ons aangebied word.

28 Augustus

Lees Gen. 1:1-13.

DIE GESKREWE WOORD (Vervolg)

Die Bybel spreek met absolute gesag. Op die eerste bladsy merk u dit al: „In die begin het God die hemel en die aarde geskape". Wie is Hy? — daaroor word nie met u geredeneer nie. Van alle ander boeke kan verwag word dat hulle eers hulle stellings bewys. Baie begin dan ook om in 'n voorwoord hulle verskyning te regverdig. Die Bybel stel dit eenvoudig aan u: God is daar. Hy werk, Hy spreek, Hy is die lewende. En so is dit oral in die boek. Neem nou maar die gebod: „Jy moet God liefhê bo alles en jou naaste soos jouself." Waarom? Ook daaroor word nie met u geredeneer nie. God eis eenvoudig, Hy gee Sy gebod om te gehoorsaam. Ons voel hier is 'n almagtige hand wat sig op ons lê, 'n gesag wat geheel ons lewe in beslag neem en opeis, maar dan ook as ons ons aan Hom oorgee, wil Hy heel ons lewe onder Sy beskutting neem, want die Bewaarder van Israel, wat ook u en my Bewaarder is, sluimer of slaap nooit.

Daarom kon Jesus sê: „My skape luister na My stem, en Ek ken hulle en hulle volg My. ——— en niemand sal hulle uit my hand ruk nie."

29 Augustus

Lees 2 Sam. 12:1-9. **Teks:** Rom. 15:4.

DIE GESKREWE WOORD (Vervolg)

Nog 'n kenmerk van die Heilige Skrif is dat dit ons persoonlik wil aanspreek. Ons mag dit nie aanhoor soos Dawid Nathan se verhaal aangehoor het nie. U is bekend daarmee. Dawid het owerspel gepleeg met die vrou van sy troue offisier Uria. Hy laat op listige manier vir Uria uit die weg ruim en neem sy weduwee tot vrou. Vir 'n jaar het hy gemaak asof daar niks gebeur het nie. Dan stuur God die profeet Nathan na hom. En Nathan vertel 'n verhaal aan die koning waarin reg gespreek moet word. As die koning dit aangehoor het dan ontbrand sy toorn en hy sê vir Nathan: „So waar as die Here leef, daardie man is die dood skuldig." En Nathan antwoord: „U is die man!"

„U is die man!" — so wil die Bybel gelees word, want u en ek — net soos Dawid, al is dit in ander opsigte — het ook gesondig, maar ons dink nie daaraan om 'n oordeel oor onsself te fel nie, ons oordeel graag andere. En ons oordeel, — net soos Dawid — veel harder as

wat God oordeel. God, wat vir 'n skaapdiefstal nie die doodstraf oplê nie, maar vol is van genade en barmhartigheid.

30 Augustus
Lees Joh. 3:14-21.
DIE GESKREWE WOORD (Vervolg)

„U is die man!" Al die geskiedenisse spreek ons toe, en as ons só lees, dan oordeel ons nie meer ander nie, maar ons lees met 'n geboë hoof en 'n kloppende gewete en bely: „Só sleg is die mens, só sleg is onsself, só gemeen en listig van hart. Die Bybel wil 'n spieël wees waarin ons onsself sien in ons ware kleure. Ja, die Skrif sê aan ons die waarheid oor onsself. Meer nog, Gods oordeel oor onsself. In Sy lig sien ons die vuile vlekke van ons hart en lewe. Die waarheid oor ons, ja, maar waar word die waarheid ooit aan iemand vertel met soveel mededoë en ontferming? Waar is in die waarheid soveel barmhartigheid as juis in die Skrif? Kain is gewaarsku maar ook bemoedig: „Is daar nie verheffing as jy goed doen nie?" Die fariseërs is telkens met striemende woorde geslaan maar voortdurend ook weer saam met almal uitgenodig en geroep. Dit is duidelik aan hulle gestel dat Jesus Christus nie in die wêreld gekom het om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered sou word. Hy is die Lig wat gekom het, sodat elkeen wat in Hom glo, die ewige lewe kan hê.

31 Augustus
Lees Luk. 15:11-32.
DIE GESKREWE WOORD (Vervolg)

Ja, die Bybel is Evangelie, Goeie Boodskap. Blye Boodskap van verlossing — daaroor gaan dit bowe-al van die eerste bladsy tot die laaste toe. Dit spreek wel van ons sondes, en van Gods oordeel oor ons sondes, maar verkondig aan ons tewens die verlossende tyding dat Christus gekom het om die skuld en straf vir ons sondes te dra. „Die Bybel is die getroue Woord en aller aanneming waardig, dat Jesus Christus in die wêreld gekom het om sondaars salig te maak."

Hy beskrywe vir ons wel die verlore seun, ver van die vader se huis in ellende — en ons eie hoof sink omlaag in skuldbesef — maar Jesus spreek verder en die geboë hoofde word weer opgerig, as Hy sê: „... toe hy nog ver was, het die vader hom gesien en met grote ontferming bewoë hom tegemoet gesnel en hartelik verwelkom" ... en as ons dit lees, weet ons Wie die Vader is, onse Hemelse Vader, wat in Jesus Christus vir ons na ons ewige tuiste roep.

Want alles wat tevore geskrywe is, is tot ons lering tevore geskrywe, om onsself te ken, om Gods Vaderliefde te ken, om vir Jesus Christus in Sy ontfermende genade te ken en om so deur bemoediging van die Skrifte hoop te kan hê.

1 September
Lees II Samuel 6:1-11. **Teks:** II Samuel 6:6 en 7.
DIE HEILIGHEID VAN GOD

Dawid verenig en bevestig weer die ryk van Israel en grondves die koningskap. Omdat God die middelpunt was in die lewe van Dawid, die man na Gods hart, maak hy dadelik werk daarvan om die ark, die sigbare simbool van God se teenwoordigheid, na Jerusalem te bring.

Dawid wil 'n groot plegtigheid maak van die terugbring van die ark. Dertigduisend krysmanne neem aan die optog deel. Die groot vreugde wat die harte van die koning en die volk vervul, kom tot uiting in die godsdienstige dans onder begeleiding van talryke musiekinstrumente.

Dan gebeur daar iets wat almal skok. Toe die osse struikel wat die nuwe wa trek, waarop die ark vervoer word, steek Ussa sy hand uit om te keer dat die ark nie van die wa afval nie, en sterf onmiddellik. Die verbod van God om die ark aan te raak (Ex. 25:14), het Ussa oortree.

Dawid het bevrees on ontroerd geword — hy durf nie die ark verder laat gaan nie. Die feesstoet word ontbind en die ark word na die huis van Obed-Edom geneem.

Die heilige teenwoordigheid van God vervul Dawid en die hele menigte met ontsag.

Hoe duidelik het God hier aan Sy volk getoon dat gehoorsaamheid beter is as offerhande.

„. . . en die Here het Obed-Edom en sy hele huis geseën." Die teenwoordigheid van die Troon van God — mits dit met eerbied behandel word — is heilbrengend.

God wil nie verderf nie, maar red, soos in Jesus Christus die liefde van God gestalte gekry het. Dan is die uitdrukking „gevaarlik" nie op sy plek nie — dit is alleen daar gevaarlik waar die mens nie sy plek ken nie.

Nou kan Dawid die ark na Jerusalem bring nadat hy die voorskrifte van die Goddelike Wet volkome in ag geneem het.

2 September

Lees II Samuel 7:1-17. **Teks:** II Samuel 7:16.

EWIGE KONINGSKAP

Een na die ander volk het Dawid aan hom onderwerp. Selfs die groot ryke van die tyd erken die ryk van Dawid as gelykwaardig met hulle eie ryke. Die volk het 'n politieke sentrum gekry in die stad van Dawid, Jerusalem. Nog één ding ontbreek — dit is 'n godsdienstige middelpunt. Nadat Dawid die verbondsark na Jerusalem gebring het, wil hy nou ook 'n huis vir die naam van die Here bou. Dit word hom nie toegelaat nie, want daar is te veel bloed aan sy hande. In plaas van toestemming om 'n tempel te bou, gee die Here aan Dawid 'n tweeledige belofte. 'n Nakomeling van Dawid, wat na hom koning sal word, „Hy sal vir my Naam 'n huis bou." Die tweede belofte lui: „En jou huis en jou koningskap sal bestendig wees tot in ewigheid." Hierdie belofte het 'n onmiskenbare Messiaanse betekenis.

Want eers as hierdie woorde op die Messias en Sy ryk betrek word, kry hulle hul volle trefkrag en waarheid. Hier word immers gepraat van 'n koningskap met 'n ewige bestemming, en daarom kan die roeping net vervul word deur één wat groter is as Dawid en Salomo. Dat die koningskap van Dawid en sy geslag deur die ballingskap onderbreek word, maak nie die belofte kragteloos nie, want in Lukas 1:32 hoor ons die engel Gabriël sê: „en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee." Die belofte van die Here dat Hy 'n ewige koningskap uit die huis van Dawid sal vestig, het waar geword in die koms van Jesus Christus. Deur Hom word ons burgers van hierdie Koninkryk waarvan Christus die ewige Koning is.

3 September

Lees II Samuel 8:1-18. **Teks:** II Samuel 8:15.

DAWID VESTIG 'N GROOT RYK

Hier kry ons nie 'n breedvoerige beskrywing van al Dawid se krygsverrigtinge nie, maar eerder net 'n opsomming daarvan. Dit gaan in die gedeelte meer om die resultaat, naamlik dat Dawid die een oorwinning na die ander behaal en so Israel maak tot 'n waarlik groot en magtige ryk. Dit word tot tweemaal toe aan die hulp van

die Here toegeskryf. Daarom het Dawid die geskenke en die buitgemaakte kosbare voorwerpe en wapens in Jerusalem aan die Here geheilig. Dit word dus in of by die heiligdom bewaar, as teken van Gods grote mag. Ons sien dat die belofte aan Dawid nie net onbeperk na die toekoms verskuif word nie, maar dat die belofte van 'n groot en magtige koningshuis reeds aan Dawid waar gemaak word. Hierom beskou Dawid homself as dienaar van die Here en handhaaf hy die reg na binne en buite in die naam van die Here. „En Dawid het oor die hele Israel geregeer, en Dawid het aan sy hele volk reg en geregtigheid gedoen". Die gee van regsbeslissinge in die naam van die Here, wat Moses en die rigters ook moes doen, was een van die belangrikste koninklike funksies. Deur geregtigheid word Dawid se regering gekenmerk. Sy taak en sy strewe was om die Goddelike reg in al sy dade te verwerklik. Dawid word hier vir ons voorgestel as die koning wat sy koningskap van God ontvang het en vashou aan die wet van die Here. Alle heersers en owerhede regeer omdat hulle deur God daartoe geroep is. Daarom het hulle die opdrag om reg en geregtigheid in stand te hou, en moet al die onderdane aan hulle regering gehoorsaam wees.

4 September
Lees II Samuel 11:1-13. **Teks:** II Samuel 11:4.

DAWID PLEEG OWERSPEL

Die stryd teen die Ammoniete duur drie jaar en dit is te verstaan dat Dawid die oorlog in die hande van sy bekwame generaal Joab laat, terwyl hy hom in Jerusalem bevind. Daar, terwyl Dawid een laat namiddag op die plat dak van sy paleis rondstap, sien hy 'n vrou wat besig is om te bad, „en die vrou was baie mooi van aansien." Dadelik ontbrand die begeerte na die vrou en laat hy sy diensknegte navraag doen oor wie die vrou is. Hulle berig aan hom dat dit Bátseba, die vrou van Uria die Hetiet is. Uria is nie tuis nie, hy veg teen die Ammoniete. Vir Dawid is dit 'n gunstige omstandigheid — die weg is vry. Tenminste vry vir 'n mens wat kan neem wat hy wil en op die oomblik nie vra na die wil van God nie. Dus laat Dawid Bátseba by hom inkom en pleeg owerspel met haar. Die gevolge bly ook nie uit nie, want kort daarna laat die vrou Dawid weet dat sy 'n kind verwag. Met 'n slim plan probeer Dawid nog om die verantwoordelikheid van sy daad van hom af te skuif. Hy laat Uria kom, maar die plan misluk want Uria gaan nie na sy vrou nie. Met groot openhartigheid vertel die Bybel ons hier van die donker drange en sondes van die mens. Met 'n realiteit en niks verbergende eerlikheid toon die Bybel aan ons die mens soos hy in sy wese is — sondaar. Dan moet ons onthou dat dit ook nooit gaan om óf die voortreflike óf alleen die sondaarmens nie, maar om die genade van God.

5 September
Lees II Samuel 11:14-27. **Teks:** II Samuel 11:27.

MOORD OP URIA

Nadat die eerste plan van Dawid misluk om sy sonde te verberg, beraam hy 'n veel slinkser en moorddadiger plan. Uria moet uit die weg geruim word, maar dan so dat geen vinger na Dawid kan wys nie. Uria is 'n soldaat wat besig is om te veg, en 'n soldaat kan maklik in 'n geveg sneuwel. Wat Dawid in 'n brief aan Joab vra, gebeur dan ook die volgende dag — Uria word in die veldslag gedood. Dawid word spoedig hieromtrent ingelig. 'n Moord, nee nog veel erger, 'n sluipmoord word nou begaan, sodat die sonde van Dawid nie openbaar sou word nie. Dawid wag net so lank as wat die wet hom verplig en dan neem hy Bátseba as sy vrou by hom in die

huis. Aan die einde van hierdie gedeelte lees ons die ontsettende woorde: „Maar die ding wat Dawid gedoen het, was verkeerd in die oë van die Here". Voor die oë van die mense is die skyn wel gered, maar vir dié God wat die hart en niere van 'n mens ken, is niks verborge nie. Uit die sonde van Dawid, owerspel en moord, en die feit dat dit verkeerd was in die oë van die Here, leer ons twee dinge. Eerstens in die Bybel word nooit oor die sonde gespekuleer en geteoretiseer nie, maar word altyd vertel van die mens wat daadwerklik sonde doen. Tweedens dat dit in sonde altyd gaan om die oortreding van die wil en woord van God. Ons is nie net teoreties sondaar nie, maar daadkerklik, en, as sondaar staan ons skuldig voor God.

6 September

Lees II Samuel 12:1-10. **Teks:** II Samuel 12:7.

„U IS DIE MAN"

Wat Dawid gedoen het, was verkeerd, daarom stuur die Here die profeet Natan na hom. Natan moet aan die koning 'n verhaal vertel. Hy vertel van die suinige ryk man wat die ooilammetjie van die arm man wat hy baie erg oor was, van hom afneem en slag om dit vir 'n besoeker voor te sit. Dawid het baie geïntereseerd geluister: so 'n skurk, hy moet dadelik dood gemaak word! Een oomblik is dit stil, dan slaan die bliksemstraal van die profetiese woord in, en tref Dawid in sy hart: "U is die man!" Die sonde wat u in die verborge gedoen het, sal God voor die hele Israel in die volle lig van die son vergeld. Wanneer die sondige mens te staan kom voor die Woord van God, dan is daar geen kans om te ontkom of te verontskuldig nie. Met 'n sekere trefkrag slaan die Woord altyd daar in waar die sonde is. Sonder om doekies om te draai, word die vinger direk op die wond gelê. „As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie." (I Joh. 1:8). Die Woord het vlees geword en spreek ons nou aan in die Persoon van Jesus Christus. In Christus, Sy lyding en sterwe, word alle sondaarmense onontkombaar aangespreek: „U is die man!" Vir ons sondeskuld en dood moes Jesus Christus die helse pyn en lyding dra totdat Hy daaronder gesterf het — die dood aan die kruis. Dit is wat plaasbekleding beteken: Jesus Christus kyk van die kruis af op ons neer en nou kom die stem tot Hom: „U is die Man!" Hy dra die straf op die sonde waaraan ons skuldig is.

7 September

Lees II Samuel 12:11-23. **Teks:** II Samuel 12:13.

BELYDENIS EN VERGEWING

Aan die beskudigende vinger van die profeet kan Dawid nie ontkom nie — hy is die skuldige. Hy slaan sy oë neer en bely vol berou en skaamte: „Ek het gesondig teen die Here!" Die skuldbelydenis van Dawid is kort en sonder voorbehoud. Maar dan te midde van die duisternis, breek die lig helder en duidelik deur — die lig van die Woord van God. „So het die Here dan ook u sonde vergewe: u sal nie sterf nie." Dié God, wat Sy profeet stuur om vir die koning die oordeel aan te kondig, is 'n genadige God. As Dawid buig onder die oordeel, dan ontdek hy dat die oordeel genade is. Oordeel en genade is één. Wat Dawid hier ontdek het, kan ons elke dag uit die Woord van God met oorstelpende vreugde herontdek. „As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig." (I Joh. 1:9). In die sonde gaan dit altyd om wat ons konkreet en daadwerklik gedoen het. So gaan dit ook in die vergewing van sondes, nie om teorie of spekulasie nie, om die daad van die vergewing van ons sondes en om die konkrete versoening van ons skuld aan die kruis

op Golgota. Konkreet en daadwerklik kom God in Christus die sondaarmens tegemoet. Dit is wat in die kerk elke Sondag gebeur — God bied ons Sy genade. Wat gebeur dan in die hart en lewe van die sondaar? As enigste lewenswerklikheid en lewensmoontlikheid moet hy die genade van vergewing konkreet en daadwerklik aanneem, daarvan en daaruit lewe!

8 September
Lees 2 Sam. 14:25-33. Teks: 2 Sam. 14:25.

ABSALOM

Ons oordenkings vir hierdie week handel oor Absalom, die mooi en talentvolle seun van koning Dawid. In ons teks lees ons: „In die hele Israel was daar geen man so mooi soos Absalom, so geprys nie: van sy voetsool af tot sy hoofskedel toe was daar geen gebrek aan hom nie."

As gevolg van sy uiterlike skoonheid en sy begaafdheid het Absalom die liefling van die volk Israel geword. Sy vader was trots op hom. Die volk Israel was trots op hom. 'n Wonderlike toekoms het vir hom gewag.

En tog het hierdie mooi prins, hierdie begaafde jongman, 'n mislukking van sy lewe gemaak. As ons vra wat die oorsaak van sy mislukte lewe was, is daar net een antwoord: SONDE! Absalom het die sonde gedien, en die sonde laat voortwoeker in sy hart. Die einde was dat hy in die bloei van sy lewe as 'n verlore seun gesterwe het.

As ons aan Absalom dink, gaan ons gedagtes ook uit na ons eie mooi seuns en mooi dogters op wie ons so trots is. Hulle is talentvol, ons koester die hoogste verwagtings van hulle. Sal hulle 'n sukses van die lewe maak? Dit hang af van die vraag wie hulle gaan dien: die Here Jesus of die sonde. Om albei te dien is onmoontlik. „Niemand kan twee here dien nie." (Matt. 6:24). „Wie 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God." (Jak. 4:4).

9 September
Lees 2 Sam. 13:22-29. Teks: 2 Sam. 13:22.

HAAT

Absalom, die talentvolle en begaafde seun van koning Dawid het 'n mislukking van sy lewe gemaak omdat hy die sonde in sy lewe laat voortwoeker het. Vandag wil ons veral dink aan die sonde van **haat** waarmee sy hart gevul was. Ons teks sê: „Absalom het Amnon gehaat."

Amnon was Absalom se halfbroer. In die jeugjare van Absalom het Dawid minstens sewe vroue gehad wat elkeen 'n huishouding van hul eie gehad het. Dat daar in so 'n huis voortdurend twis en rusie en afguns was, is vanselfsprekend. Maar daar het nog erger dinge plaasvind. Amnon het by 'n geleentheid Absalom se suster Tamar onteer. Toe het daar in Absalom se hart 'n gevoel van haat teenoor Amnon ontstaan. Die haat in Absalom se siel het altyd sterker geword. Hy het planne begin beraam om wraak te neem. Die einde was dat Absalom sy halfbroer vermoor het. Daarna vlug hy uit die land om sy lewe te red.

Haat is 'n vreeslike sonde. Haat is die begin, die eerste stadium, van moord. In die oë van God is elkeen wie se hart met haat gevul is' 'n moordenaar. Daarom waarsku die apostel Johannes: „Elkeen wat sy broeder haat, is 'n moordenaar." (1 Joh. 3:15).

Die Here Jesus leer ons om mekaar lief te hê in plek van mekaar te haat. Sy voorskrif is: „Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en vervolg; sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is.' (Matt. 5:44-45).

10 September

Lees 2 Sam. 15:1-6. **Teks:** 2 Sam. 15:6.

EERSUG

As gevolg van die sonde van haat wat in moord geëindig het, moes Absalom drie jaar lank as 'n vlugteling in 'n vreemde land deurbring. Daarna word hy toegelaat om na Jerusalem terug te keer. Volle eerherstel kry hy egter eers nadat nog twee jaar verloop het.

Nadat hy die vonnis van vyf jaar straf uitgedien het, sou 'n mens dink: Nou het Absalom sy les geleer. Hy sal hom nie opnuut deur die sonde laat verlei nie. Net die teenoorgestelde is egter die geval. Vir die tweede maal maak hierdie mooi en begaafde man 'n mislukking van sy lewe as gevolg van sonde. Hierdie keer laat hy hom verlei deur die sonde van **eersug en hoogmoed.** Hy wil koning van Israel wees en sien nie kans om te wag tot die tyd dat sy vader tot sterwe kom nie. Hy wil **nou** koning wees! Daarom begin hy om die gesag van sy vader te ondermyn en die mense teen sy vader op te sweep.

Hy doen alles in sy vermoë om populêr te word. En om die vertroue van die volk te win doen hy hom voor as die groot hervormer van alles wat verkeerd was in Israel. Op hierdie wyse het Absalom — soos ons teks sê — „die hart van die manne van Israel gesteel."

Hierdie geskiedenis leer ons dat die sonde van eersug en hoogmoed geen middel te laag of te gemeen ag om sy doel te bereik nie. Die Here Jesus waarsku ons teen hierdie sonde en roep ons toe: „Leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele." (Matt. 11:29).

11 September

Lees 2 Sam. 15:7-14. **Teks:** 2 Sam. 15:10.

OORLOG

Nadat Absalom vier jaar lank die gesag van sy vader ondermyn het en alles in sy vermoë gedoen het om populêr te word, beskou hy die tyd ryp om na die koningskroon te gryp. Dan blyk opnuut dat die sonde van eersug en hoogmoed van enige middel gebruik maak om sy doel te bereik. Absalom speel hierdie keer op die **godsdienssin** van sy vader. Hy maak asof hy na Hebron wil gaan om die Here te dien en hom volkome aan die diens van die Here te wy. Intussen reël hy met spioene om hom in Hebron te laat uitroep as koning. Die geblaas van die ramshoring sou die teken wees dat die opstand begin het. Van alle kante moet die geroep dan opklink: „Absalom is koning."

'n Seun verklaar oorlog teen sy vader. Dit is sonde teen die vyfde gebod in die ergste graad. Ook vandag tref ons nog hierdie sonde aan. Hoeveel seuns en dogters is daar nie wat oorlog teen hul vader en moeder verklaar nie! Hulle beskou hul ouers as eng, bekrompe, outyds. Hulle spot met die ouers se goedbedoelde waarskuwings en vermanings. Hulle weier om hulle te onderwerp aan die gesag van die ouers. Elke dag is daar 'n oorlogsatmosfeer in die huis. Hoeveel jongmense is daar nie wat hul koffers pak en die huis verlaat omdat die ouers weier om hul hooggeroemde moderne lewenswyse goed te keur! Hulle sondig teen die vyfde gebod wat sê: „Eer jou vader en jou moeder."

Seuns en dogters, moenie oorlog teen u ouers verklaar nie. Volg die voorbeeld van die Here Jesus van Wie ons leer: „en Hy was sy ouers onderdanig." (Luk. 2:51).

12 September

Lees 2 Sam. 18:1-18. **Teks:** 2 Sam. 18:17.

'N TRAGIESE EINDE

„Saggies met die jongman, met Absalom," is die bevel wat koning Dawid aan sy drie generaals gee toe hulle na die oorlogsveld vertrek en hom kom groet. Hy staan daar, 'n geboë en gebroke grysaard. Hy bewe soos hy nooit tevore gebewe het voor enige slag nie. Hy vrees nie vir homself nie, maar vir Absalom. Want as Absalom in sy sonde sterwe, is hy vir ewig verlore!

In die bos van Efraim het die geveg plaasgevind. Die opstandelinge word geheel en al verslaan en vlug sonder om hulle oor Absalom te bekommer. Vreesbevange slaan ook Absalom op die vlug om sy lewe te red. Absalom ry op 'n muil en spoor die dier aan om vinnig weg te jaag. Onverwags gaan hulle onder 'n groot terpentynboom met laaghangende takke deur. Daar haak Absalom se hoof in die boom vas. Die muil hardloop onder hom uit, en . . . Absalom hang aan die takke van die boom.

Toe Joab dit hoor, het hy dadelik gegaan na die plek waar Absalom hang, hom met drie spiese deurboor, en deur sy wapendraers laat doodslaan. Sy liggaam is afgehaal, in 'n diep kuil gegooi en met 'n grooot hoop klippe toegegooi.

Dit was die einde van 'n mooi en begaafde jongman. Absalom het gesterwe as gevolg van sy sonde! Hoeveel belowende jongmense wat teen hul ouers in verset gekom het, wat die pad van sonde gekies het, het nie ook 'n tragiese einde gehad nie!

Salig is die afgedwaalde seuns en dogters wat tot besinning kom terwyl die genadetyd nog daar is en besluit soos die verlore seun in die gelykenis: „Ek sal opstaan en na my vader gaan, en ek sal vir hom sê: Vader, ek het gesondig." (Luk. 15:18). Hulle word gered!

13 September

Lees 2 Sam. 18:19-33. **Teks:** 2 Sam. 18:33.

'N BEDROEFDE VADER

„My seun Absalom, my seun, my seun Absalom! Ag, as ek self maar in jou plek gesterf het! Absalom, my seun, my seun!"

Hierdie smartroep van Dawid oor sy seun wat dood is getuig nie net van hartverskeurende smart nie, maar ook van selfverwyt. Na sy sonde met Bátseba het die profeet Natan na hom gekom en hom meegedeel wat die straf op die sonde sal wees. „Die swaard sal vir ewig van jou huis nie wyk nie" (2 Sam. 12:10). Absalom se opstand en Absalom se dood staan in die nouste verband met Dawid se eie sonde. Dawid besef: as ek 'n beter mens en 'n beter vader sou gewees het, sou my kind vandag nie dood wees nie. Vir Dawid is dit duidelik dat hyself eintlik die moordenaar van sy kind is. „Die misdade van die vaders word besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag."

Daarom is hierdie smartroep so diep, so skrynend, maar ook so getrou na die lewe dat dit sal voortklink tot die jongste dag. Want die geslag van die Dawids en die Absaloms sterwe nooit uit nie. Hoeveel vaders en moeders is daar nie vandag wat in dieselfde sonde as Dawid geval het nie! Hoeveel ouers is daar nie wat 'n verderflike voorbeeld aan hul kinders stel! Ook vandag word „die misdade van die vaders nog besoek aan die kinders, aan die derde en vierde geslag." Hul kinders maai wat deur hulself, maar ook deur hul ouers gesaai is.

Here, ontferm u oor alle ouers wat so oor hul gestorwe seuns en dogters moet treur! Help alle vaders en moeders wat nog hul kinders om hulle het om wysheid te leer uit die geskiedenis van Dawid en Absalom!

14 September

Lees 2 Sam. 23:1-7. **Teks:** 2 Sam. 23:2.

DAWID SE NALATENSKAP

Dawid was 'n groot sondaar, een van die grootste wat ooit gelewe het. Maar hy het sy sondes geken en bely en berou daaroor gehad soos duidelik blyk uit psalm 51, 'n boetelied, waar hy pleit: „Wees my genadig, o God, na u goedertierenheid; delg my oortredinge uit na die grootheid van u barmhartigheid. . . . Ek ken my oortredinge, en my sonde is altyddeur voor my."

Deur lyding is Dawid geheilig en het hy geleer om die Here aan te roep in benoudheid, Sy gemeenskap te soek onder alle omstandighede van die lewe en Hom te loof en te prys met sang en musiek. So is die wonderskone, dikwels ontroerende psalms gebore wat deur koning Dawid as digter gemaak is.

In ons teks sê hy: „die Gees van die Here spreek in my, en Sy woord is op my tong." As hy 'n psalm dig weet hy dat hy deur die Gees van die Here geïnspireer word. Die woorde is nie sy eie nie. Dit is woorde van die Here wat die Heilige Gees hom in die mond lê.

Omdat die psalms woorde van die Here is, lewe hulle voort deur al die eeue, word hulle ook in ons tyd nog deur miljoene gelees en gesing en bly hulle die hoogste uiting van die vroom gemoed in sy aanbidding, smeking en danksegging tot God. Sy psalms is koning Dawid se nalatenskap aan die hele mensdom tot op die jongste dag.

Ook die Here Jesus het die psalms gelees en geken toe Hy op die aarde was. Sy noodroep aan die kruis: „My God, my God, waarom het U My verlaat," is 'n aanhaling uit Psalm 22:2. Mag ons ook krag en besieling vind in die woorde wat die Gees van die Here tot David gespreek het.

15 September

Lees I Konings 1:1-40. **Teks:** I Konings 1:36 en 37.

GOD, DIE HEER VAN KONINKRYKE

Die eens magtige koning Dawid is moeg, oud en koud. Tog is sy woord nog wet. Veel belangstelling in staatsake het hy egter nie — selfs nie eers vir wie hom gaan opvolg nie. Adonia, sy oudste seun, probeer om die koningskap wat weldra vakant gaan wees, vir hom op te eis. Dit misluk egter — al het Adonia Joab aan sy kant, want lank gelede het Dawid aan Batseba beloof dat Salomo eendag sy opvolger sal word. Met behulp van die profeet Natan gaan Batseba na Dawid sodat hy sy belofte gestand kan doen. Kort en kragtig reël Dawid: Salomo moet na hom koning wees. Hy bevestig dit selfs met 'n eed by die lewende God van wie hy kan getuig dat dié God hom telkens in sy veelbewoë lewe te hulp gekom en hom uitgered het. Salomo moet op die koning se muil ry, Sadok moet hom as koning oor Israel salf, daarna moet Salomo op Dawid se troon gaan sit. Dan vat Benaja die eintlike in hierdie gebeure rondom die troonsopvolging raak met die woorde „Amen! Mag die Here, die God van my heer die koning, ook so sê. Soos die Here met my heer die koning was, mag Hy so met Salomo wees; en mag hy sy troon groter maak as die troon van my heer die koning Dawid." Benaja spreek die wens uit dat die verloop van die gebeure volgens die wil van God mag wees; dat die woord van die koning in der waarheid die woord van die Here mag wees. In hierdie gebeure handel mense en hulle handel geheel en al volgens hulle menslikheid, maar deur hulle is dit tog God Self wat handel. So blyk dit dan vir ons dat dit nie die handelende mens is wat heer van die geskiedenis is nie, maar die God van Israel. Dit is wat die Koninkryk Gods beteken: mense wik, weeg en doen, maar dit is die Here God wat beskik.

16 September
Lees I Konings 2:1-11. **Teks:** I Konings 2:10.

DOOD VAN 'N KONING

Toe Dawid sy sterwensuur voel naderkom, laat hy Salomo roep om vir laas aan hom enkele aanwysings te gee. Eers gee hy aan Salomo algemene raadgewinge, dan druk hy dit vir hom op die hart om in Gods weë te wandel en Gods insettinge te hou, want daarvan sal die standvastigheid van sy koningskap afhang. Trouens, hiervan hang nie net die bestendigheid van konings af nie, maar van elke mens. Daarna gee hy aan Salomo enige besondere opdragte wat vreemd en by 'n sterfbed selfs weersinwekkend mag klink. Wat Dawid gedurende sy eie lewe versuim het, moet Salomo nou na sy dood regstel. Sonder enige drama en sensasie word die dood van die eens magtige en gevreesde koning Dawid beskryf: „Toe het Dawid ontslaap met sy vaders, en hy is begrawe in die stad van Dawid." Anders as wat die gewoonte was, word hy nie begrawe in die graf van sy vaders nie, maar in 'n praalgraf te Jerusalem. As ons die lewe van Dawid wil saamvat, kan ons drie dinge noem: psalmdigter, sondaar en Dawid die man na Gods hart. Vir ons as Christene is Dawid om nog 'n ander rede van die grootste belang, soos hy dit self in sy laaste woorde uitgedruk het: „'n Heerser oor mense, 'n regverdige, 'n heerser in die vrees van God, is soos die môrelig by sonsopgang" (II Samuel 23:3). Hier word niemand anders bedoel as die Messias wat ook bekend gestaan het as die Seun van Dawid nie. Die Seun van Dawid, 'n regverdige Heerser oor mense, wie se Koningskap nie deur die dood begrens word nie, maar wat oor die dood en selfs deur die dood heen regeer. Hy, Heer van die lewe, regeer oor almal wat in Sy Naam glo, ook deur en in hulle eie dood.

17 September
Lees I Konings 3:1-15. **Teks:** I Konings 3:5

SALOMO SE KEUSE

Aan die begin van sy regering ontbreek dit Salomo nie aan ywer om die Here te dien nie, hy gaan op na die belangrikste offerhoogte in Gibeon met talryke offers aan die Here. Daar verskyn die Here in 'n droom aan hom: „Begeer wat Ek jou moet gee." Met géén beperking nie kan Salomo begeer net wat hy wil. Die aanbod is baie gevaarlik. Salomo vra wat vir hom die belangrikste is, en met sy keuse bewys Salomo homself as 'n vrome en godvresende koning. Hy begeer die regte toerusting; 'n opmerksame hart om reg te spreek en te onderskei tussen goed en kwaad, en om oor die uitverkore volk te kan regeer. Nie mag en eer, rykdom en aansien, is die onontbeerlike eienskappe vir 'n koning na die hart van die Here nie, maar die regte innerlike toerusting. Dit is wysheid! Sulke wysheid kan in die laaste instansie net ontvang word — van God ontvang word. Salomo het geweet dat hy hierdie wysheid meer as enigiets anders sal nodig kry. Omdat hy gevra het wat goed was in die oë van die Here, kry Salomo nog veel meer: rykdom en eer. Nie net vir Salomo nie, maar vir alle heersers en owerhede van alle tye is hierdie wysheid onontbeerlik. Alleen waar regeer word vanuit hierdie wysheid van God, alleen daar kan vrede wees. Laat ons daarom bid vir al die heersers en owerhede vir 'n opmerksame hart en die onderskeiding tussen goed en kwaad. In kort: vir die wysheid van God.

18 September
Lees I Konings 3:16-28. **Teks:** I Konings 3:27.

'N WYSE BESLISSING

Vroeg in sy regering word 'n baie delikate saak voor Salomo

gebring. 'n Saak wat sy wysheid terdeë op die proef gestel het. Twee vroue, wat iewers saamgewoon het, het binne 'n paar dae na mekaar elkeen 'n seun in die wêreld gebring. Een van die vroue lê haar seuntjie in die nag dood en sy ruil die lykie om vir die lewende seuntjie van die ander vrou. Al stryende kom hulle voor die koning, sodat hy uitspraak moet gee. Salomo tree hier op buite die gewone wyse van regspraak, maar hy handel vanuit die wysheid wat hy van God verkry het. Die bevel van Salomo klink seldsaam en selfs barbaars: hulle moet die lewende seuntjie middeldeur kap en aan elke vrou 'n deel gee. Die een wat die kind gesteel het, vind dit heel koelbloedig 'n uitstekende oplossing. Liefde vir haar kind dwing die ander vrou om liewer in te gee en haar kind te verloor, eerder as om toe te sien dat hy gedood word. Daarmee het die beslissing geval, en die regte moeder kan weer haar kind aan haar hart druk. Die hele Israel hoor van die uitspraak van Salomo, en hoogs beïndruk erken hulle die wysheid wat van God kom. God openbaar Sy wysheid aan alle mense, tenspyte daarvan dat dit deur die mense as dwaasheid aangesien word. „Want wat dwaas is by God, is wyser as die mense." In die stryd tussen God en mens, die stryd oor sonde, skuld en dood, openbaar God Sy wysheid in die vergewing van sonde deur Jesus Christus. Hy is die Wysheid van God vir ons.

19 September

Lees I Konings 6. **Teks:** I Konings 6.12 en 13.

'N NUWE TEMPEL

Salomo begin in die vierde jaar van sy regering met die bou van die tempel wat hy sewe jaar later voltooi. Vir die geweldige bouwerk het Salomo materiaal en hulp nodig. Hiram, koning van Tirus, voorsien hom van sederhout van die Libanon, asook van klip en mannekrag. Die tempel wat Salomo gebou het, is na ons maatstawwe nie so geweldig groot nie, maar in sierlikheid en rykdom is dit feitlik onoortrefbaar. Te midde van al die prag ontbreek daar egter 'n beeld van die God van Israel. Die lewende God troon op die lofsange van Sy volk, en woon by die verbryseldes en die nederiges van hart. Hierdie tempel van Salomo was vir die godsdienstige lewe van Israel van die grootste belang. Die tempel word vir die volk Israel 'n teken van die teenwoordigheid en verbond wat die Here met die volk opgerig het. Die volk en hulle koning moet egter wandel in die insettinge en die verordeninge van die Here en dit nie verlaat nie. Alleen so kan hierdie huis van die Here werklik beantwoord aan sy doel om vir die volk waarborg te wees van die genadige bemoeienis en nabyheid van die Here. So staan die kerke tussen alle ander geboue, telkens daar as teken van die genadige toewending van God na 'n sondige wêreld. Wanneer ons 'n kerk sien, sien ons te midde van al die wêreldse, 'n sigbare teken van die Koninkryk Gods. Altyd moet egter onthou word, teken en nie meer as teken nie. In die teken gaan dit om dit waarna die teken verwys: Jesus Christus wat vir Hom 'n volk uit die wêreld saamroep om burgers van die Koninkryk Gods te wees.

20 September

Lees I Konings 8:1-11. **Teks:** I Konings 8:11.

BETREKKING VAN DIE TEMPEL

Wanneer die tempel klaar is, word die verbondsark en ander heilige voorwerpe daarheen gebring. Dit word 'n hele optog van priesters en leviete. Voor die ingang van die tempel word die ark neergesit en 'n groot menigte offers word daar gebring. Dan volg die eintlike plegtigheid: in die Allerheiligste word die verbondsark onder die vleuels van die gerubs neergesit. In die ark was net die twee

kliptafels deur Moses by Sinaï daarin geplaas, toe die Here daar met die kinders van Israel 'n verbond gesluit het. Die verbond beteken dat die Here vir die volk 'n God sal wees, en hulle vir Hom 'n volk! Die Here sal die Herder van Israel wees wat nie sluimer of slaap nie; terwyl die volk Hom alléén sal gehoorsaam en vertrou. Dat die ark met die twee kliptafels van die verbond, die ereplek kry in die nuwe tempel, beteken dat Salomo en die hele volk as 't ware die ou verbond opnuut weer wil herken en bevestig. Hulle wil met hierdie handeling betuig dat hierdie nuutgeboude tempel 'n huis van diens en aanbidding tot dié God sal wees. As erkenning daarvan lees ons: „want die heerlikheid van die Here het die huis van die Here vervul". Die Here neem so besit van Sy tempel. Wanneer en waar 'n volk Sý volk wil wees in diens en aanbidding, daar wil Hy vir hulle God wees met Sy trou en liefde.

21 September

Lees I Konings 8:22-53. **Teks:** I Konings 8:29 en 30.

INWYDINGSGEBED VAN SALOMO

In hierdie wydingspreuk sê Salomo duidelik dat die God van Israel geen natuurgod was nie — Hy was nie die son nie, want Hy het die son sy plek aan die hemel gegee. Hy is die ongenaakbare, die heilige, daarom word gesê dat Hy in die donkerheid woon. Salomo prys egter die Here vir Sy verbondstrou en barmhartigheid, en spreek die verbasende belydenis uit dat al kan selfs die hoogste hemel en die aarde God nie bevat nie, die tempel tog vir Hom 'n huis mag wees. Dan klink die eintlike tema van die gebed: „sodat u oë oop mag wees nag en dag oor hierdie huis, oor die plek waarvan U gesê het: My Naam sal daar wees! sodat U mag luister na die gebed wat u kneg na hierdie plek toe sal bid". Die bede is dat God die gebed van Sy kneg, die koning, en van Sy volk sal verhoor, en, wanneer God dit in die hemel hoor, genadig sal wees en sal vergewe. Merkwaardig is in die verse die skynbare teenstrydigheid dat God in die Hemel woon, maar dat Sy Naam in die tempel sal wees. Die feit dat hierdie twee gedagtes langs mekaar staan, beteken dat 'n onlosmaakbare binding van die Here aan die tempel afgewys word en daarmee die moontlikheid om God deur gebed en offer tot verhoring te dwing. God kom nie onder die mag van Sy volk wanneer Hy Sy Naam in die tempel laat woon nie; God bly Heer van die hemel en die aarde. As Vrymagtige en Almagtige God van alles wat bestaan verhoor Hy die gebede van en betoon Hy genade aan Sy volk. Soos vir Salomo en sy volk, so is vir alle mense die gebed om verhoring en vergewing die belangrikste in die lewe. Ons gebede is egter nie aan 'n plek gebind nie maar aan: om Christus Jesus ontwil.

22 September

Lees I Kon. 9:1-9. **Teks:** I Kon. 9:3b.

GOD HEILIG

Nadat Salomo die tempel ingewy het, verskyn God aan hom, net soos weleer op Gibeon, met daardie blye boodskap aan Salomo: „Ek het hierdie huis wat jy gebou het, geheilig deur my Naam daar te vestig tot in ewigheid." Hierdie tempel wat deur mensehande gebou is, behoort nou aan God, want God se naam is daar gevestig. Alles waarin God se Naam gevestig is, daar is tempel van God, en orals waar tempel van God is, daar is Sy Naam gevestig. Dit behoort aan God. Dit is Sy eiendom. Dit is vrygemaak van die sonde.

Onwillekeurig dink ons hier aan die brief van Paulus aan die Korinthiërs waar die liggaam van die mens die tempel van God genoem word. As ons dan die tempel van God is, dan is God se Naam in ons gevestig, dan woon God in ons, dan behoort ons aan

Hom, dan is ons geheiligdes, vrygemaaktes van die sonde. En dit is juis die boodskap wat Sondag na Sondag in ons mens-vervaardigde Godshuise weerklink. Daar waar Gods Woord reg gepredik word en daar waar die Sakramente bedien word volgens die instelling van Jesus Christus, daar word verkondig, en daar word gesien en geproe dat God in Sy liefde vir sondaars, 'n Seun aan die mens gegee het om te ly en te sterwe, en op te staan uit die graf uit sodat die skuldbelaaide mens geheilig kon word in Sy bloed, en aan God kan behoort.

Waar God Sy Naam vestig, daar heilig Hy; waar Hy heilig, daar heilig Hy vir altyd.

23 September

Lees I Kon. 10.14-29. **Teks:** I Kon. 10.24.

GOD PLANT DIE WYSHEID

In die tyd dat koning Salomo geleef het in die oorvloed van sy skatte, het daar gedurig mense van oor die wêreld besoeke by hom afgelê. Hulle het na die ryk koning gekom en geskenke vir hom gebring. Elkeen wou die voortdurende goeie vriendskap met hom bevestig. Maar tog kom hulle nie soseer omdat hulle hom vrees nie, ook nie omdat hy so 'n geweldige ryk en vermoënde man was nie. Hulle kom met 'n ander doel. Hulle kom om sy wysheid te hoor wat God in sy hart gelê het. Ja, in daardie tyd het wysheid die wêreld bekoor. Ons tyd soek voortdurend na kennis. Daarop is die hele wetenskap ingestel: die vermeerdering van kennis. Maar die oorsprong van die wysheid is in God. Ook in Salomo is die wysheid deur God geplant. Wysheid is iets anders as kennis en wetenskap.

Ag, as selfs Salomo maar kon voldoen aan sy eie omskrywing van „wysheid"! Ja, die vrese van die Heer, is die beginsel van die wysheid. Al het hy die wysheid gehad sodat hy aan 'n moeder haar kind kon teruggee, al kon hy selfs die koningin van Skeba na haar asem laat snak met die wysheid uit sy mond, het hy tog die beginsel van alle wysheid verloor. Die vrees van die Here het uit sy hart padgegee en plek gemaak vir die liefde vir die afgode.

Mag God dit so beskik dat in ons tyd, ons gejaag nie alleen na wetenskaplike kennis sal wees nie, maar mag ons in ons tyd jaag na die beginsel van alle wysheid, nl. die vrese van die Here. Mag God wat die wysheid in die hart van Salomo gelê het, daardie beginsel in ons hart plant.

24 September

Lees I Kon. 11:1-13. **Teks:** I Kon. 11-4.

DAWID EN SALOMO

Helaas! Die groot koning, die vermoënde koning, die wyse koning kom tot 'n val. Salomo val nie omdat hy so 'n astronomies groot getal vrouens gehad het nie. Inteendeel, dit was ook net 'n teken van sy stand en sy rykdom. Maar hy val omdat in die tyd van sy ouderdom sy vroue sy hart verlei het agter ander gode aan. Sy hart was nie volkome met die Here sy God soos die hart van sy vader Dawid nie.

Om sy heidenvroue te behaag, en vir hulle gerief, laat Salomo 'n afgodstempel in Jerusalem bou. Jerusalem word tot 'n verdeelde stad. Aan die een kant die Tempel met die ark van God binne-in. Aan die ander kant die tempel van Astarte en Milkom, „die verfoeisel van die kinders van Ammon", lees ons. Uit die Tempel van God weerklink die deurlopende prediking: „Heilig, heilig, heilig is die Here van die leërskare." In die ander tempel brand die offervure tot eer van die afgode.

Watter groot verskil is daar nie tussen die lewens van Salomo en

sy vader Dawid nie! Wat uiterlike lewensbegaafdheid betref, oortref Salomo sy vader Dawid. Maar tog word Dawid die man na Gods hart genoem. Hoe kom dit? Dawid het geval, tot heel diep in die modder van die sonde. Maar hy het in sy val wakker geskrik en sy gebrokenheid en berou was opreg. Salomo het nie eensklaps geval nie. Hy het afgesak, langsamerhand, byna onopgemerk, jaar na jaar, met al sy rykdom en al sy heerlikheid en al sy wysheid. In die tyd van sy ouderdom het hy in die modder van die afgodsdiens beland. Sy vroue het sy hart agter ander gode aan verlei.

God bewaar ons van die diepe val van Dawid! Maar liewer val, gebreek word en deur God se genade opgerig word, as om in glans en heerlikheid ongemerk te sak en God te verloor.

25 September
Lees I Kon. 11:14-25. **Teks:** I Kon. 11:22b.

„KOM, HERE JESUS".

Joab, Dawid se leërowerste, het in Edom al wat manlik was, gedood. Tog het enkeles vrygekom. Onder hulle was daar Hadad, 'n jong seun van koninklike bloed. Hy word na Egipte na veiligheid geneem. Daar ontferm Farao hom oor hierdie banneling. Hy sorg vir hom en gee selfs sy skoonsuster vir hom as vrou. Daar in die vrede gaan dit goed met Hadad. Niks ontbreek hom nie. Ons kan eintlik verwag dat hy bly sal wees oor die feit dat hy nie in die verwoeste Edom is nie, maar hier in die voorspoedige Egipte.

Maar tog, toe hy daar in Egipte hoor dat Dawid en Joab albei oorlede is, kom hy met die verrassende versoek by Farao: „Laat my gaan dat ek na my land kan trek." Tenspyte daarvan dat hy hier in Egipte geen gebrek ly nie, dat hy deel het aan alles wat 'n mens se hart begeer, tenspyte van 'n aangename lewe in die huis van Farao, wil hy terug, terug na sy vaderland. Ja, die heimwee het selfs vir Hadad te veel geword. Niks ontbreek hom nie, maar tog: „laat my tog maar gaan". Dit gaan die verstand te bowe. In Hadad is daar alleen maar die verlange om op te staan, en te trek, gehoorsaam aan die veraf roep van die vaderland.

Hadad se lewe is 'n beeld van die lewe van die gelowige. Die gelowige weet dat hierdie wêreld alleen maar 'n land van vreemdelingskap is. Hier is die mens alleen maar bywoner. Daar ginds, anderkant die graf, daar is die ewige tuiste, daar is die ewige Vaderland, daar is die eindbestemming van die mens. Al ontbreek ons niks op hierdie aarde nie, moet ons weg. Daarom is die opstaan van die gelowige om na die Vaderland te gaan, niks meer nie as om te bid: „Kom, Here Jesus, ja, kom haastig, Here!"

26 September
Lees I Kon. 13:1-10. **Teks:** I Kon: 13:4.

GOD SPREEK OM TE RED

Nadat Jerobeam twee goue kalwers laat oprig het as voorwerpe van aanbidding vir sy deel van die ryk, het hy self die inwydingsfees behartig. Daar op die altaar staan hy, daar gaan hy offer, vandaar gaan hy sy wydingsrede hou. Maar God het geen lus in die dood van die sondaar nie, maar wel daarin dat hy hom sal bekeer en sal lewe. 'n Onbekende profeet kom om Jerobeam te waarsku sodat hy nie verder in die afgodsdiens verval nie. Voordat daar geoffer word, weerklink daar uit die mond van die profeet: „So spreek die Here." Jerobeam in sy verset, lig sy hand op om die profeet aan te wys as een wat met die dood gestraf moet word. Wat 'n treurige gevolg! Sy hand bly styf voor hom staan.

Jerobeam se verset was nie 'n verset teen die onbekende profeet nie. Inteendeel, hy het gevrees vir die „so spreek die Here". Die

Woord van God wat hom tot inkeer wou bring was vir hom te hard. Want nie alleen het daardie woord die afbreek van sy altare aangekondig nie, maar ook die einde van sy koningskap.

Die Here het inderdaad gespreek. Agter die altaar staan 'n verskrikte koning met 'n hand wat verstyf het. En dit het gebeur omdat daar 'n verskil is tussen rein en onrein, heilig en onheilig. Al sal daar maar een eensame ongenoemde man oorbly om dit te sê, die wêreld sal dit hoor en bly hoor tot op die laaste van die dae: „So spreek die Here". Daarteen kan ons ons nie verset nie. Daarteen mag ons ons nie verset nie. Alles sal vergaan, ook die afgodsdiens sal vergaan, maar die woord van die Here sal stand hou tot in ewigheid. As ons hoor: „So spreek die Here", dan moet ons liewer antwoord: „Spreek Here, u dienskneg, u diensmaagd, hoor", voordat ons ons verset en in dieselfde oordeel as Jerobeam val.

27 September

Lees I Kon. 13:11-34. **Teks:** I Kon. 13:18.

VALSE PROFETE

Die onbekende man van God het eerlik gehandel toe hy die uitnodiging van die koning vir ete, op grond van 'n Gods bevel, van die hand gewys het. Net so eerlik het hy gehandel toe hy die uitnodiging van die ou profeet vir 'n eetmaal aangeneem het, al was die uitnodiging 'n bedrieëry. Vir hierdie onbekende profeet het dit alleen daarom gegaan dat hy die wil van God wil doen. Ons kan eintlik nie anders as om hierdie ou profeet van Bet-el 'n slegte man en 'n valse profeet te noem nie. Maar al was hy 'n slegte profeet, al was hy 'n bedrieër, is dit nog nie 'n verskoning vir die ongehoorsaamheid van die onbekende profeet nie. Sy loon het hy ontvang. 'n Leeu het hom aangeval en gedood. Ons het genoeg rede om te glo dat as God wel vir hierdie ou profeet gesê het dat hierdie onbekende man by hom aan tafel moes gaan, dat God dit ook vir die onbekende sou gesê het.

Geagte lesers, ons moet nie geskok wees oor hierdie bedrog nie. Ons moet eerder vermaan wees om waaksaam te wees. Ook in ons tyd is die valse profete daar. Hulle wat kom en sê: Ek is ook 'n profeet net soos jy. Ek is ook 'n man van God. Jesus Christus het self die wêreld gewaarsku dat daar valse profete sal opstaan, wat selfs sal sê: Ek is die Christus. Voor ons ons blind staar teen hierdie geskiedenis, moet ons eerder die geeste beproef, moet ons eerder met 'n fyn oor luister of ons in elke woord wat in die Naam van die Here verkondig word, die verkondiging van Jesus Christus, die gekruisigde Heer, hoor. Laat ons wakker wees, en nie aan die slaap gesus word nie.

28 September

Lees I Kon. 14:1-20. **Teks:** I Kon. 14:5b en 6.

AS SONDAAR ONTMASKER

Terwyl Jerobeam in angs verkeer oor die siekte van sy seun Abia, wend hy hom tot die Godsprofeet Ahia wat eenkeer aan hom bekend gemaak het dat hy koning sou word. Omdat Ahia blind is, stuur Jerobeam sy vrou om as vermomde na Ahia toe te gaan. Maar in sy ywer het hy nie rekening gehou met God nie. Voordat sy vrou nog by Ahia kon kom, het God reeds die woorde wat hy moet spreek, harde woorde, in die mond van Ahia gelê.

God wil nie dat ons ons anders moet voordoen as wat ons is nie. Die mens moet na Hom kom, net soos hy is, as sondaar. Die sondaar kan nie met 'n masker voor God verskyn nie. God ontmasker hom dadelik en hy word in die beskuldigdebank geplaas. Ons kan die mens, ons mede sondaars met 'n masker bedrieg, maar God kan

ons nie bedrieg nie. By God kom ons nie met ons maskers van vroomheid en skynheiligheid verby nie. Voor God val ons kleed van goeie werke waarop ons so staatmaak, weg. Daar staan ons slegs in ons kleed van sonde — voor God staan ons in ons kleed van sonde en skuld. Maar tog, die sondaar word nie weggestuur nie. Hy word ingenooi om die oordeel van God oor die sonde aan te hoor.

Die Here ontmasker egter nie om die sondaar te vernietig nie, want Hy ontmasker die sonde om die sondaar te red. Die oordeel van God oor die sonde is aan die kruis op Golgotha volbring. Die oordeel wat oor elke sondaar moes kom, het Jesus Christus gedra en daardeur het Hy die weg berei na die Vader toe. Die volk van die Nuwe Verbond vind troos in die woorde wat tot die vrou van Jerobeam gespreek is. Maar dan moet ons kom soos ons werklik is. Ons moet met berou oor ons sonde kom. Al wat ons kan doen is om te bid dat God ons genadig moet wees om ons sondes om Christus wil te vergewe.

29 September

Lees I Kon. 17:1-16. **Teks:** I Kon. 17:11.

DIE BROOD VAN DIE LEWE

Die naam Elia beteken: die Here is my God. Naas Moses is hy een van die grootste profete van die Ou Testament, 'n man van die daad wat onbevrees stry vir die eer van sy God. Elia begin sy openbare optrede toe Agab, die koning van Israel, die Baäl gaan dien het. Hy kondig 'n groot droogte oor Israel aan. Met hierdie aankondiging begin die stryd tussen Elia en Agab. Na die aankondiging ag God dit nodig dat Elia daarvandaan weggaan. Elia kruip weg by die spruit Krit. Hy het uit die spruit gedrink en die kraaie het smôrens en saans vir hom brood en vleis gebring.

Dit reën egter nie en die spruit droog op. Daarom moet Elia die spruit verlaat. God gee bevel aan 'n weduwee om hom te onderhou. Die vrou ken Elia aan sy kleding en voorkoms as 'n profeet uit Israel. Elia vra die vrou om 'n bietjie water. In die diep putte in Fenicië was daar wel nog water, maar voedsel was skaars. Daarom het sy nie beswaar om aan Elia water te gee nie, maar voedsel het sy nie vir hom nie. Elia verseker haar egter dat sy maar vir hom brood kan bak, daar sal wel nog meel oor wees vir haar en haar seun.

God wat alles gee, vra ook alles. Hier is 'n vrou wat gehoorsaam is en wat glo. Israel wou nie glo nie. Hulle het ander aanbid. Daarom was daar hongersnood. Die vrou het geglo wat die profeet sê — en sy het brood.

Jesus Christus is die brood van die lewe vir die gelowiges. Wie na Hom toe kom sal nooit honger kry nie; en wie in Hom glo, sal nooit dors kry nie.

30 September

Lees I Kon. 18:31-39 en Jak. 4:16-20. **Teks:** I Kon. 18:36.

DIE KRAG VAN GEBED

Elia kom te staan teen die profete van Baäl. God beveel Elia om na Agab te gaan. Toe Agab hom sien beskuldig hy hom dat hy Israel in beroering gebring het. Agab bedoel hiermee dat die onheil, die droogte en die hongersnood aan Elia te danke is. Elia weerspreek die bewering dadelik. Agab en sy familie het Israel in beroering gebring omdat hulle die gebooie van die Here verlaat en agter die Baäls aangeloop het. Hierin het die koningshuis die volk voorgegaan.

Elia wil egter dadelik aan die volk toon wie God en wie afgod is. Hy daag Agab en die profete van Baäl uit tot 'n tweestryd. Die god wat sy eie offer met vuur uit die hemel aan die brand steek is die ware God. Die profete van Baäl roep hulle god aan. Daar is egter

geen reaksie nie. Uiteindelik kom Elia aan die woord: „Here, God van Abraham, Isak en Israel, laat vandag bekend word dat U God in Israel is." Elia bid met geloofsvertroue en sy gebed word verhoor. Vuur daal uit die hemel neer en verteer alles op die altaar. Dan val die volk neer op hulle aangesigte en roep uit: „Die Here, Hy is God."

Weer eens bid Elia. Ook hierdie gebed word verhoor en milde reën stort op Israel neer. Dit was die triomf van geloof en gebed. Geloof en gebed kan nie geskei word nie. Jakobus stel dit duidelik dat 'n mens in die geloof moet bid, sonder om te twyfel.

Die Christen moet bid omdat dit die vernaamste deel van ons dankbaarheid is en omdat God sy genade en die Heilige Gees alleen aan diegene wil gee wat sonder ophou daarom bid en daarvoor dank.

1 Oktober

Lees I Kon. 19:1-8. **Teks:** I Kon. 19:7.

ALLES NIE TEVERGEEFS NIE

Die mens soek na resultate. Hy wil graag die vrugte op sy arbeid sien. Elia het seker ook verwag dat die beroeringe in Israel tot bedaring sou kom. Die volk het immers duidelik gesien dat die Here God is. Dit het gelyk of Agab net God en nie meer Baäl sou dien nie. Isébel bly egter meedoënloos. Sy dreig Elia met die dood.

Teleurgesteld besluit Elia om te vlug. In die woestyn soek hy skuiling onder 'n besembos. Hy is liggaamlik en geestelik uitgeput, so uitgeput dat hy wens om te sterwe. Alles was tevergeefs. Skynbaar het Baäl tog geseëvier. Die dood kom egter nie, net die slaap. As hy wakker word is daar 'n engel van die Here by hom. „Staan op, eet, anders is die pad vir jou te veel." Elia se taak is nog nie afgehandel nie. 'n Lang pad lê nog voor.

In diens van die Here moet ons nie altyd vra na resultate nie. Ons moet nie agtertoe kyk en vra wat ons tot dusver bereik het nie. Ons doelwit is voor ons. Niemand wat sy hand aan die ploeg slaan en agtertoe kyk, is geskik vir die koninkryk van God nie. Met volharding moet ons loop die wedloop wat voor ons lê, die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof. Dan is alles nie tevergeefs nie.

2 Oktober

Lees I Kon. 19:9-18 en Rom. 11:1-5. **Teks:** I Kon. 19:18.

NOG STEEDS 'N OORBLYFSEL

Die rus van die slaap het Elia weer 'n bietjie lewensmoed gegee. Gesterk deur die voedsel en water swerf hy veertig dae in die woestyn rond. Hy is 'n eensame in die eensaamheid. Hy soek op die berg Horeb. Hier het God ook eenmaal tot Moses gespreek. Hier wil hy by God kla. Sy klag is dat sy volk die verbond van God verlaat het. Nou kla hy by die God van daardie verbond. Hy stort sy hart voor God uit.

God antwoord Elia met 'n opdrag. Elia se lewe word nie weggeneem nie. Daar is nog iets vir hom om te doen. Met die dreigemente van Isébel is Elia se taak nie afgehandel nie. Al is hy vermoeid en teleurgesteld — God gaan voort. Elia moet ander salf wat die werk moet voortsit. Die aanbidders van die afgode sal deur die swaard getref word. God is egter nie net 'n God van wraak nie. Hy is ook die barmhartige God. Hy sal sewe duisend in Israel laat oorbly wat die knieë nie voor Baäl gebuig het nie.

Vandag lyk dit ook of die verbond van God verbreek is. God het egter 'n nuwe verbond met sy volk gesluit. Daarom is daar vandag nog 'n oorblyfsel — hulle wat gesalf is met die bloed van die Lam.

3 Oktober
Lees I Kon. 19:19-21 en Lukas 9:57-62. **Teks:** I Kon. 19:20.

BEREIDHEID

Geen mens is onmisbaar nie. As die een sterf vul die ander sy plek. As die een oud word is daar altyd jong kragte wat in sy voetspore volg. Elia se einde het aangebreek. Maar die werk van God moet voortgaan. Daarom kry Elia die opdrag om Elisa as profeet in sy plek te salf.

Elia tref Elisa aan waar hy besig is om te ploeg. Skynbaar kom Elisa uit 'n gegoede familie want hy ploeg met twaalf paar osse. Dit beteken dat daar met twaalf ploeë geploeg is. Elisa self ploeg met een ploeg en hou as seun van die boer toesig oor die elf ploegknegte.

As Elia by Elisa verbygaan werp hy sy mantel op hom. Dit beteken dat hy aangestel word as profeet. Hoewel Elisa vra om eers sy vader en moeder te groet, is hy dadelik bereid om die nuwe amp te aanvaar. Heel waarskynlik het dit vir Elisa finansieël geen voordeel ingehou om profeet te word nie.

As God ons roep moet ons gehoorsaam. Gewoonlik is dit 'n moeiliker weg as die een wat ons gewoond was om te bewandel. Elisa het toesig gehou oor die elf knegte. Maar nou word hy 'n dienskneg van die Here. Hier geld egter weer eens die versekering. Niemand wat sy hand aan die ploeg slaan en agtertoe kyk, is geskik vir die koninkryk van God nie. Maar ons het ook die troos: Christus die groot profeet het die moeilike weg gegaan om ons weg maklik te maak.

4 Oktober
Lees I Kon. 21:1-4 en Rom. 7:7-12. **Teks:** I Kon. 21:4.

JY MAG NIE BEGEER NIE

God het in sy wet bepaal dat die mens nie mag begeer nie. As gevolg van die begeertes van die mens is daar al baie sonde gedoen. Ook Agab het in sonde geval vanweë die begeerte om sy buurman se grond te besit. Nabot se wingerd was geleë langs die somerverblyf van koning Agab. Dit was 'n erfdeel wat reeds lank in die familie se besit was.

Terwyl Agab eenkeer rondom sy somerpaleis wandel val sy oog op die wingerd van Nabot. Hy kom tot die besef dat hy 'n pragtige groentetuin kan aanlê op die plek waar die wingerd staan. Ongelukkig behoort dit aan Nabot. Hy maak 'n vriendelike aanbod aan Nabot om dit te ruil of te koop. Nabot sien egter nie sy weg oop om die erfdeel van sy vadere af te staan nie. Hieroor voel die koning verbitterd en toornig. Hy kan nie berusting vind nie. Hy brand van begeerte.

Dit lyk soms vir 'n mens asof iemand wat net begeer en niks verder doen nie, nie sondig nie. So 'n begeerte beklemtoon egter net weer die feit dat ons nie net sonde doen nie maar dat ons sondaars is. As ons besef dat ons gedagtes en begeertes sondig is, dan weet ons ook dat ons nie geregverdig word uit die werke van die wet nie, maar alleen deur die geloof in Jesus Christus.

5 Oktober
Lees I Kon. 21:5-20. **Teks:** I Kon. 21:20.

WARE BEROU

Isébel berus nie by die feit dat Nabot se wingerd nie te koop is nie. Sy beraam listige planne om Nabot om die lewe te bring. Nabot word valslik beskuldig dat hy God en die koning gevloek het. Daarom word hy gestenig en sy seuns saam met hom sodat daar geen erfgenaam oorbly nie. Agab kan dus die wingerd in besit neem. Deurdat hy die wingerd in besit neem, neem hy tegelykertyd die moord op Nabot vir sy rekening.

Agab en Isébel het in hul doel geslaag. Dit is egter nie die einde van die saak nie. God stuur Elia na Agab om die straf aan te kondig. Net toe Agab Elia sien sê hy vir hom: „Het jy my gekry, my vyand?"

Agab het in Elia 'n vyand gesien. Tog het Elia alles in sy vermoë gedoen om sy koning na God te bring. Elia is sy vyand, Isébel sy vriend. Die profeet van die duiwel is sy vriend, die profeet van God is sy vyand.

Ons tref hierdie houding vandag nog by sommige mense aan. As 'n sondaar deur 'n ampsdraer van die kerk vermaan word dan sien hy in daardie persoon sy vyand. Hy weier om te aanvaar dat daardie persoon gekom het om hom te help.

Dawid dien hier vir ons as voorbeeld. Hy het gruwelik gesondig en Natan is deur God gestuur om hom te bestraf. Dan erken Dawid sy sonde en hy het berou daaroor. Hy smeek God om vergiffenis, om hom te was, dat hy witter kan wees as sneeu.

Iemand wat so 'n ware berou betoon het die sekerheid: die bloed van Jesus Christus reinig ons van alle sonde.

6 Oktober

Lees II Kon. 1. Teks: II Kon. 1:3.

AFVAL

Ahásia se naam beteken: „Die Here hou vas". Die ironie van die saak was dat Ahásia nie aan die Here vasgehou het nie. Inteendeel, hy is vervreemd van die God van Israel opgevoed. As volslae heiden het hy vir slegs twee jaar op die troon van Israel gesit. Op 'n dag het hy 'n ongeluk gehad. Hy val deur die traliewerk in sy bokamer en word ernstig beseer.

In sy nood wend hy hom nie na die Here van die Leërskare nie. Hy stuur sy diensknegte na Ekron. Daar is 'n beroemde godheid Baäl-Sebub (heer van die vlieë). Dit is mos hy wat die vlieëswerms uitstuur om die mense te teister, hy kan ook die vlieë terugroep as hy wil. Hy is 'n magtige afgod; hy weet ook wat die toekoms inhou. Daarom moet hy geraadpleeg word. Ahásia, blinde heiden, is daar dan geen God meer in Israel nie? Was al sy wonders, sy goot dade in die verlede tevergeefs gewees? Is die God van jou vaders dan dood?

Nee, Hy leef! En die engel van die Here leef! En Alia die profeet in die harige mantel, leef nog. Elia is dieselfde man vir wie Ahásia se vader, Agab, genoem het: die beroerder van Israel. Elia het 'n boodskap vir Ahásia: jy sal sekerlik sterf.

Die tyd van afgodsdiens is nog nie verby nie. Ons het vandag nog net soveel afgode waaraan ons verslaaf is: Die sterre voorspel; fortuinvertellers word blindelings gevolg; spiritisme word beoefen en aangehang; Mammon, die geldsug, speel 'n allesoorheersende rol. Hierdie skattejag eis al ons tyd op, ons het nie meer tyd vir die saak van die Here nie. Hierdie afgodsdiens is verfoeilik in die oë van die Almagtige God.

Ons sal verseker ook sterwe — omdat ons sondaars is. Die groot vraag bly: sal ons sterwe as **verlore** sondaars soos 'n Ahásia wat in sy laaste nood hulp by 'n afgod gaan soek, óf sal ons sterf as **verloste** sondaars met die Naam van Jesus op ons lippe?

7 Oktober

Lees II Kon. 2:1-14. Teks: II Kon. 2:12.

'N VURIGE WA EN PERDE

Elia se einde was naby. Elia en Elisa stap vir oulaas saam. By die Jordaanrivier rol Elia sy profetemantel op en slaan op die water. Die water skei. Net soos Moses eenmaal gedoen het toe Israel voor

die Rooi See gestaan het. Moses het die wonder gedoen met sy herderstaf, Moses was immers die herder van sy volk. Elia doen dit met sy mantel wat die simbool was van sy profete-amp. Dan maak Elia sy testament: „Wat begeer jy Elisa?" „'n Dubbele deel van u gees." „God alleen kan dit gee, as jy my sien vertrek, sal jy dit ontvang."

Dan kom die skeiding: 'n wa en perde van vuur voer Elia ten hemel. Elia se profetemantel val op Elisa!

Van min profete in die Ou Testament lees ons hoe hulle van hierdie aardse lewe geskei het. Elia se einde word vir ons beskryf en onwillekeurig dink ons aan Moses wat in hierdie selfde landstreek op die berg Nebo gesterf het en deur God begrawe is. Sy graf het niemand gekry nie, ook nie die van Elia nie.

En eenmaal baie, baie jare later het Moses en Elia weer op 'n berg verskyn saam met Jesus om Hom te bemoedig vir sy moeilikste taak toe Hy sy lewe moes aflê sodat sondaars kan lewe in ewigheid.

Elia het sy taak op aarde volbring. Ook hy het die hoogtepunte van die gees geken, maar as mens het hy ook die dieptes van neerslagtigheid geken. Ons dank ons hemelse vader dat hy vir ons 'n beskrywing van Elia se vertrek uit hierdie lewe gegee het. So sal Hy ons ook eenmaal roep wanneer die Seun van die Mens kom op die wolke in heerlikheid om te oordeel die lewende en die dode.

8 Oktober

Lees II Kon. 4:8-37 en 8:1-6. **Teks:** II Kon. 4:16.

JY SAL 'N SEUN BAAR . . .

Elisa se naam beteken: „My God is heil, my God is redding." Elisa het al hierdie geluk nie vir homself gehou nie maar dit ook aan sy volk oorgedra. En God gee 'n oorvloeiende beker aan dié wat op Hom vertrou. By onse God is oorvloed en Hy ken geen gebrek nie.

Geluk het Elisa gebring waar mense in geloof op God hom genader het. Dit het ook sy vriende ondervind: die ryk boervrou uit Sunem by Jisreël. Dikwels het die profeet by hulle aan huis geëet. Maar hierdie vrou wil meer doen, sy laat spesiaal 'n bo-kamer bou waar Elisa alleen kan tuisgaan. En juis dit word vir haar tot 'n groot seën. Want „vir sover julle dit aan een van My dissipels gedoen het, het julle dit aan My gedoen." So vergoed die Here: "Sulke tyd oor 'n jaar sal jy 'n seun omhels." Op die genoemde tyd het die oue ouerpaar 'n seun ontvang: Elisa: „My God is heil, my God is geluk!"

Die gee van 'n seun aan oues van dae wat lank kinderloos was, was vanouds 'n voorbeeld gewees van die Goddelike mag en guns. So vind ons dit ook in die geval van Abraham, Isak, Manoag en Elkana.

Die Nuwe Testament begin ook met so 'n heerlike belofte. En die engel het gesê: „ . . . en sy (Maria) sal 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos." My God is redding! God gryp in die lewe van die mens in. Hy wil nie dat ons vir ewig verlore sal gaan nie. Daarom stuur Hy Sy Seun. Immanuel: God met ons! My God is heil! My God is redding!

9 Oktober

Lees II Kon. 5. **Teks:** II Kon. 5:13.

AL WAS JOU SONDES SOOS SKARLAKEN . . .

Naäman het daardie siekte gehad wat destyds bekend gestaan het as die eersgeborene van die dood. Hierdie siekte was nie alleen 'n gevreesde siekte nie, maar diegene wat dit gehad het, was ook as onreines bestempel. Die melaatses het eintlik reeds tot die ryk van die dode behoort. Daarom het hulle in rougewaad geklee in grotte in die berge gewoon.

Telkens wanneer ons die Ou Testament lees, sien ons teen die

hemelhorison die blitse van die Nuwe Testament. Net soos Naäman hom mos gaan was om van sy liggaamlike melaatsheid genees te kan word, net so mag ons gewas word in die bloed van die Lam en gereinig word van ons sondes. Naäman self kon hom nie van sy doodsiekte verlos nie, maar hy kon alleen deur die genade van God genees word. So is ook ons magteloos om onsself te verlos sonder die genade van God Almagtig.

Naäman het verbaas gestaan dat die weg tot genesing so eenvoudig en maklik was. Net so lyk die weg tot saligheid vir ons te maklik. As ons hoor daar is vergewing moontlik, as ons maar net glo, dan klink dit vir ons te maklik. Ons glo eerder die sektes wat vir ons vertel dat dit 'n baie lang en moeilike proses is. Hulle dink dit klink darem te eenvoudig om net die uitnodiging tot die soekende mens te rig: „Glo in die Here Jesus en jy sal gered word." So „maklik" is die weg tot saligheid. Maar wat vir ons die maklike weg lyk was in werklikheid die moeilikste weg. Die Seun van God self moes die weg van smarte bewandel ter wille van ons ongeregtighede.

Naäman moes nie gaan **werk** nie, maar hy moes gaan **rus** in God se werk: hy moes gaan lê sodat die water van Gods genade oor hom kon stroom. As ons ons voor Jesus neerwerp, dan hoor ons ook die blye nuus: „Al was jou sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu . . ."

10 Oktober

Lees II Kon. 6:8-23. Teks: II Kon. 6:16.

HELDEDAG: AS DIE HERE STRY . . .

Telkens as Bénhadad, koning van Aram, in sy krygsraad 'n besluit geneem het om Israel te oorval, deel Elisa dit aan koning Aram mee. Daarom moes Elisa gevang word. 'n Groot leër van perde en waens word gestuur vir nog 'n verrassingsaanval. In die nag omsingel hulle die stad.

Elisa weet dit, maar hy vrees nie. By hom is Jahwè met Sy leërskare van engele. Elisa se kneg is bekommerd: wat gaan ons doen, vlug? Dan spreek Elisa daardie woorde wat 'n trooswoord geword het vir alle kinders van God deur alle eeue heen: „Vrees nie; want die wat by ons is, is meer as die wat by hulle is." Op Elisa se gebed word die leër met blindheid geslaan. God laat geen bidder staan. Die gebede van sy kinders sal Hy nie wegwys nie.

Vandag vier ons volk heldedag. Ook ons volk was al in groot vrees en bewing. Maar God het ook vir ons leiers gegee om ons te waarsku, te rig en te lei. Daardie leiers was in die eerste plek kerkleiers wat met die Woord in die hand ons volk geïnspireer het om te glo in God en sy voorsienigheid. So het Hy ons gelei tot waar ons vandag staan: 'n vrye land, 'n vrye volk.

As ons as volk 'n toekoms wil hê, dan sal ons in diepe afhanklikheid van God moet lewe, in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het.

In Christus Jesus voor die hele wêreld vry, maar knegte van die Allerhoogste sal ons bly! In diepe dankbaarheid ook vir die begenadigde wagters op Sion's mure.

11 Oktober

Lees II Kon. 6:24-33 en 7. Teks: II Kon. 7:2.

VENSTERS VAN DIE HEMEL

Dit is 'n paar jaar later. Nogmaals wend Bénhadad 'n poging aan om Israel te oorrompel. Die inwoners van Samaria was omsingel en hulpeloos. En al was Elisa in die stad, het Israel se koning, Joram nie na hom gevra nie. Die nood word groter, by die dag groter . . . selfs onreine diere, die esel, word geëet . . . vroue eet hul kinders.

As die koning dit hoor, skeur hy sy klere as uiterlike teken van berou. In sy hart is egter geen berou: hy roep selfs God in as getuie dat hy Elisa sal onthoof.

God het egter geen behae in die dood van 'n sondaar nie, maar daarin dat hy hom sal bekeer. Nieteenstaande die sonde van Israel het God weer eens sy afvallige volk verlos. Skielik is daar so 'n oorvloed van kos asof God die vensters van die hemel geopen het.

Die mens het deur die eeue niks verander nie. Afvallig en opstandig, hard van hart en wederstrewig. Altyd seker van homself, seker van sy eie vermoëns en moontlikhede. Maar as eindelose terugslae ons begin kwel, as ontydige siekte ons lamlê, dan bal ons die vuis teen God en Sy gemeente en Sy dienaars. As sondaars rebelleer ons gedurig teen God deur Sy gebooie te oortree deur gedagtes, woorde en werke.

Vergeld God ons na wat ons verdien? Nee, wonderlik om te sê, instede van ons voor sy aangesig weg te vee, open Hy die vensters van die hemel en hoor ons: „Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en groot van goedertierenheid. Hy handel met ons nie na ons sondes en vergeld ons nie na ons ongeregtighede nie."

Sou ek die God dan nie vereer nie,
Sou ek Sy goedheid nie verstaan?
Sou Hy my raadgee, ek nie leer nie.
Die weg wat Hy my wys, nie gaan? (Ges. 12:4)

12 Oktober
Lees II Kon. 8:16-24. **Teks:** II Kon. 8:19.

'N LAMP VIR DAWID

Ons het hier 'n kort lewensbeskrywing van Joram, een van die slegste konings van Juda, terwyl sy ontslape vader, Josafat, een van die godvresendstes was. Joram het verkies om die huis van die goddelose Agab as voorbeeld te neem eerder as die huis van sy vader — dit het sy verderf beteken. Gewetenloos het hy sy broers en baie van die owerstes van Israel vermoor. Ook het hy die volk Juda geleer om aan die afgode te offer. Dit was 'n gruwel in die oë van die Here.

God sou Juda gemaklik en met reg kon uitwis. Maar Hy wou Juda nie vernietig nie ter wille van sy kneg Dawid. God se belofte aan Dawid was immers „. . . Ek sal sy koninklike troon bevestig tot in ewigheid." Ook het die Here gesê dat „ . . . Hy hom altyd 'n lamp vir sy seuns sou gee."

Dit het beteken dat daar 'n opeenvolging van konings van geslag tot geslag sou wees, waardeur Dawid se naam in ere sou bly skitter soos 'n brandende lamp totdat dit eindig in die Messias, die seun van Dawid, aan wie alle heerlikheid toekom. Ja, in Jesus Christus se ewige koninkryk is hierdie belofte aan Dawid vervul wat sê: „ . . . Ek het vir my gesalfde 'n lamp toeberei."

So is in Christus die belofte vervul van dié Een wat op die troon van Dawid sou sit, tot koning gesalf oor Sion, om in ewigheid te regeer. Reeds in die stal van Bethlehem kom die Oosterse wyses om die gebore koning te aanbid.

Dit is vir die strydende Kerk op aarde 'n groot troos om te weet dat die Hoof en Heer van ons Kerk, Jesus Christus, tot in ewigheid die koninklike heerskappy sal voer en ons as Sy diensknegte rondom Hom sal skaar.

13 Oktober
Lees II Kon. 9:1-6. **Teks:** II Kon. 9:6.

SALWING

Slegs een opdrag, wat die Here reeds aan die profeet Elia gegee

het, was nog nie volvoer nie; die salwing van Jehu as koning van Israel.

Daarom het Elisa een van die profeteseuns na Ramot in Gilead gestuur om hierdie opdrag te gaan uitvoer. Hy moes dit kort en saaklik doen en daarna dadelik terugkeer.

Terwyl Jehu saam met die ander offisiere vergader het om die verloop van die oorlog van die volk Israel te bespreek het die profeet daar aangekom. Hy het hom toe na 'n binnekamer geneem, waar hy hom tot koning gesalf het. Dit word baie duidelik aan ons gesê dat die salwing in die Naam van die Here geskied het. Dit is die Here Self wat hom as koning aangewys het oor Sy volk.

Die salwing in die Naam van die Here wil eintlik dit sê, dat hy nou onder sy volk afgesonder word, ingetrek word in die kring van die diens van God. Israel was die eiendom en die besitting van die Here. En oor hierdie volk mag Jehu nou koning wees. So het hy as gesalfde nou 'n bepaalde roeping ontvang, wat hy in die Naam van die Here moet uitvoer.

Elke salwing in die Ou Testament was alleen maar 'n heenwysing na die groot Gesalfde. Hy wat eenmaal in die volheid van die Tyd, by die Jordaan, met die Heilige Gees gesalf is, en deur God self geroep is om vir 'n verlore wêreld 'n groot Profeet, 'n enigste Hoëpriester en 'n ewige Koning te wees. Hierdie roeping van Hom het die Here Jesus Christus dan ook verrig met 'n verterende liefde en 'n onvermoeide ywer totdat Hy aan die kruis uitgeroep het: „Dit is volbring!"

En omdat Hy ons deur Sy bloed, tot Sy eiendom gemaak het, daarom het ons dan ook nou deel aan Sy salwing: om die Naam van die Here op aarde te bely, om onsself as lewende dankoffer aan Hom te wy, en om moedig teen die duiwel en die sonde te stry tot die einde toe.

14 Oktober

Lees II Kon. 13:14-19. Teks: II Kon. 13:17.

SIMBOLE VAN OORWINNING

Die profeet Elisa was 'n man van sy volk, iemand wat nie koud of hoogmoedig of ver verhewe bo sy volk gestaan het nie, maar wat een van hulle was.

Toe koning Joas dan ook hoor dat hierdie gryse ou profeet siek is, het hy hom gaan besoek. En toe hy hom sien het hy oor hom geween en gesê: „My vader, my vader, wa van Israel en sy ruiters." Woorde waarmee hy sy hoë waardering uitgespreek het vir die hoogbejaarde profeet wat die einde van sy lewe bereik het.

In die oorloë van die volk Israel het Elisa dikwels as helper van Godsweë opgetree. Sodat ook sy laaste woorde nou aan die belange van sy volk gewy is.

Ten spyte van die sonde van sy volk het hy vir laas aan hulle 'n voorsegging van verlossing uit die mag van die Arameërs gedoen. En hierdie voorsegging het hy gedoen deur middel van 'n sinnebeeldige handeling. Hy het die koning van Israel beveel om sy hand aan sy boog te sit. Toe het hy sy hande op die hande van die koning gelê, en hom beveel om 'n pyl deur die oop venster na die Ooste te skiet. Dit sou 'n pyl van oorwinning oor die Arameërs wees.

Daarna moes die koning met sy pylebundel op die grond slaan. En soveel keer as wat die koning op die grond geslaan het, soveel keer sou die Arameërs verslaan word. Die laaste teken het die koning halfhartig gedoen, sodat die oorwinning van die volk Israel maar net ten dele sou wees.

Aan die nuwe Israel, wat deur Sy Woord uit elke volk en taal en nasie vergader sou word, het die Here Self nuwe tekens van

verlossing gegee. Tekens wat hulle kon sien en wat aan hulle moes betuig, nie dat hulle eenmaal verlos sal word nie, maar dat hulle reeds verlos is. Hierdie teken maak nie die Verlossing moontlik nie, dit bly net tekens wat heenwys na Hom wat daardie verlossing moontlik gemaak het: Jesus Christus.

Watter ondankbare, halfhartige, vreugdelose verlostes is ons nie, ondanks die blye tekens van Doop en Avondmaal?

15 Oktober

Lees II Kon. 13:20-25. **Teks:** II Kon. 13:21.

OORWINNING OOR DIE DOOD

Elisa, die man van God, het gekom aan die einde van sy lewenspad, aan die end van sy profetiese arbeid. En na die besoek van koning Joas het hy dan ook gesterwe.

Hy is ter ruste gelê in een van die graftes van sy familie. Dit was onder die gelowiges van daardie dae, net soos vandag ook nog, die gewoonte dat hulle wat bymekaar behoort het toe hulle gelewe het, ook bymekaar hoort wanneer hulle gesterf het.

Ons moet ons egter hierdie graf voorstel as 'n uitholling in 'n rotswand, toegemaak met 'n klip, wat maklik deur 'n paar mense weggeskuif kon word.

'n Kort of 'n lang tyd daarna was daar egter weer 'n begrafnis naby die graf van Elisa. Die normale voortgang van hierdie begrafnis is versteur deur 'n bende Moabiete wat 'n onverwagte inval in die omgewing gemaak het. In paniek het die begrafnisstoet toe op vlug geslaan en die man wat hulle besig was om te begrawe, in die eerste die beste graf gegooi wat hulle kon kry. Die graf van die profeet Elisa. En toe die dooie met die gebeente van Elisa in aanraking kom, het hy lewend geword en opgestaan.

Hierdie gebeure was 'n profesie dat graf en dood nie die laaste woord het nie, nie onbeperk sal heers nie. Want die graf van Elisa was 'n heenwysing na die graf van Hom wat nie deur die graf gehou kon word nie, en wat op die derde dag triomfantlik deur graf en dood heen gebreek het, Jesus Christus.

En deur die krag van Sy opstanding het Hy ook aan elkeen wat aan Hom behoort deur die geloof, die heerlike belofte gegee van 'n ewige deurbraak deur graf en dood heen. Wanneer eenmaal op Sy bevel, siel en liggaam wat deur die dood wreed uitmekaar geskeur is, weer verenig sal word in 'n verheerlikte liggaam, om dan vir ewig, onbegrens en onbeperk saam met Hom te mag lewe.

16 Oktober

Lees II Kon. 14:23-29.

BARMHARTIGHEID

Die volk Israel het weer 'n bloeityd beleef. Onder koning Jerobeam het dit hulle geluk om gebiede wat deur Sirië beset was, weer te herower, sodat in hierdie tyd vir Israel weer iets teruggekeer het van die glorie uit die dae van Dawid en Salomo. Na al die moeilike jare kon hulle nou weer leef, onbesorgd hulle gang gaan.

Maar in hierdie tyd van welvaart het daar weer misstande plaasgevind. Nie dat hulle die Here vergeet het nie, want daar is onder hierdie koning groot feeste gevier ter ere van die God van Israel. Die behoeftiges het hulle egter vertrap en nie omgesien na die armes of die weduwees nie.

In Sy groot barmhartigheid het die Here toe onder Sy volk iemand geroep om teen hierdie misstande te protesteer. Amos. Hy was nie 'n profeet nie, maar 'n skaapboer uit Tekoa. Die Here het hom van agter sy vee geroep en hom opdrag gegee, om die Woord van die Here in Israel te verkondig. Hy het hom al die onreg wat onder Sy

volk gedoen word laat sien, sodat hy nie langer kon swyg nie, maar moes spreek. So het die Here omgesien na die vertraptes, die armes en nooddruftiges onder Sy volk.

Hierdie barmhartigheid van God, hierdie medelye van Hom, met die mens in sy nood, het eenmaal in sy volheid deurgeskemer, toe Hy Sy eniggebore Seun na die wêreld gestuur het, nie net om deur Hom die sondes van die wêreld te vergeef nie, maar ook om deur Hom al die lyding in hierdie wêreld te verlig. So het Hy siekes genees, melaatses gereinig. Dowes kon weer hoor en kreupeles kon weer loop.

En na die hemelvaart van Christus was dit ook Sy wil dat hierdie barmhartigheidsdiens voortgang sal hê. Dat Sy kerk sal voortsit wat Jesus Christus op aarde begin het. Maar 'n diens wat gegrondves is op die groot barmhartigheid wat Hy in Jesus Christus aan 'n wêreld in nood gedoen het. Daarom moet al die barmhartigheid wat ons bewys daaruit voortvloei en daarheen heenwys.

17 Oktober

Lees II Kon. 14:23-29. **Teks:** II Kon. 14:27.

DIE NUWE ISRAEL

Deur 'n vrye verkiesingsdaad het die Here vir Hom Israel as volk uitverkies. En toe Israel nog klein was, het die Here hom reeds liefgehad met 'n besondere liefde. Hy het hom gelei. Hy het Sy weë aan hom bekend gemaak. Maar Israel was 'n volk hard van aangesig en verstok van hart. Hy het afgewyk van die gebooie en die insettinge van God. In Kanaän het die volk Israel op die hoogtes rook laat opgaan, en die knie gebuig voor die Baäls en die nietige afgode.

En nog wou die Here Israel nie verwerp nie. Sodat die oordeel in die dae van Joahas donker oor hulle gehang het en die druk van Aram op Israel swaar was. En tog het die Here Hom weer eens tot hulle gewend, terwille van Sy verbond met Abraham en Isak en Jakob. Sonder enige inkeer van Israel.

Hier in ons teksvers verneem ons dat die Here weer eens Sy genade aan hulle bewys het, deur hulle te verlos uit hulle nood deur Jerobeam II. Want Hy het gesien dat die ellende van Sy volk bitter was, dat dit met hulle feitlik gedaan was, en dat hulle geen helper gehad het nie.

Hy het nog nie gespreek dat Hy die naam van Israel onder die hemel sal uitwerp nie. So het Hy pal vir Sy ontroue volk ingetree. Sy liefde het dan ook sy hoogtepunt bereik toe Hy Sy eie Seun na hulle gestuur het, nie net as hulle helper nie, maar as hulle Verlosser.

Maar hulle het Hom gehou vir een wat geplaag, geslaan en deur God verdruk was. Toe het hulle Hom, die enigste ware Israel, uit hulle midde verban en Hom aan 'n kruis vasgespyker. Toe het die Here vir altyd die Naam Israel onder die hemel uitgedelg. En het Hy begin om in die Naam van Jesus Christus uit elke volk en taal en nasie vir hom 'n nuwe Israel te vergader.

18 Oktober

Lees II Kon. 15:32-38. **Teks:** II Kon. 15:34.

Toe Ussia gesterf het, het sy seun Jotam in sy plek koning geword en oor Juda regeer. Hy het gedoen wat reg was in die oë van die Here. Hy het hom nie skuldig gemaak om af te wyk van die regte lewenskoers nie.

Hy het Jerusalem die stad van God met forte omring. Hy het oorlog gevoer teen die Ammoniete en hulle oorwin sodat hulle 'n groot oorlogskuld aan hom moes betaal. En tog klink daar reeds oor alles wat hy gedoen het die onheilspellende „te laat".

Die ontrou en die afval van sy volk het by die dag nog groter

geword. Die profete het bestraf en vermaan, geoordeel en gedreig sonder dat dit eintlik die hart van die volk geraak het, en hulle tot inkeer gekom het.

Ten spyte van alles wat Jotam gedoen het, klink die weemoedige klag weer eens soos 'n eentonige refrein: „die volk het nog op die hoogtes geoffer en rook laat opgaan". Hulle het nie die hoogtes van die Kanaänitiese smette bevry nie. So het die oordeel van die Here oor Sy ontroue volk nou onafwendbaar geword en het die kongingstyd ten einde gespoed.

Wat egter in hierdie Skrifgedeeltes opvallend is, is dat koning Dawid nog steeds die middelpunt is en bly. Die Rigterstyd het op hom uitgeloop en die koningstydvak het steeds na hom teruggewys. Hy het self sonde gehad, maar hy het die teken en die seël gebly van die Godskneg wat Israel sou verlos.

Want die huis van Dawid is bestem om Israel terug te voer tot die ware Godsregering; die ryk van God op aarde waar die Here alleen koning sal wees.

Die Nuwe Testament getuig dan ook van Hom, Jesus Christus, die Seun van Dawid, maar wat ook meer is as die Seun van Dawid. Hy wat die oue vervul het en die nuwe bring.

19 Oktober

Lees II Kon. 16:1-7 en Jes. 7:1-16. **Teks:** Jes. 7:14.

DIE IMMANUEL-TEKEN

Peka die koning van Israel en Resin die koning van Aram wou Juda as 'n bondgenoot betrek in hulle stryd teen Asirië. En omdat Juda hom nie vrywillig by die bondgenootskap wou skaar nie, moes hy daartoe gedwing word.

So het dit gebeur dat die leërs van Israel en Aram om Jerusalem getrek het. En die hart van Agas en die hart van sy volk het gebewe, soos die bome van die bosse bewe voor die wind. Daarop het die Here die profeet Jesaja gestuur, om Agas in die uur van benoudheid gerus te stel. Hy het Resin en Peka rokende stukke brandhout genoem, hulle lyk miskien gevaarlik maar hulle is nie. Koning Agas was goddeloos, hy het gedoen wat verkeerd was in die oë van die Here, maar nogtans het die Here aan hom uitkoms beloof in sy nood. En as bewys dat Hy 'n waarmaker van Sy Woord is, mag Agas selfs 'n teken vra.

Maar omdat Agas geen geloof in God gehad het nie, het hy in ongeloof geweier om 'n teken te vra. Hy het ander planne gehad, planne waarin God geen rol gespeel het nie, maar die koning van Assirië. Toe het die Here Self 'n teken gegee. Die Immanuel-teken.

„Kyk die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immanuel noem."

Hierdie teken het in die eerste plek betrekking gehad op 'n kindjie wat binne afsienbare tyd onder die volk gebore sou word en wat die naam: „God met ons" moes dra.

En deur hom moes die boodskap wat al so dikwels tot hulle gekom het, tussen die volk rondgaan, sodat hulle deur hom elke dag daaraan herinner sal word, dat die Here hulle hulp en bystand is en nie Assur nie.

Maar hierdie kindjie sou ook nog meer doen. Hy sou vertel van Hom wat eenmaal sou kom, in wie God werklik onder Sy volk sou kom woon. 'n Kindjie wat hulle in alle nood sou troos; en hierdie troos het vir ons gekom deur die geboorte van Jesus Christus uit die maagd Maria.

20 Oktober

Lees II Konings 17.

HOSÉA, DIE KONING WAT 'N DIENAAR WAS

Twee eeue nadat die koninkryk van Salomo in twee geskeur het, word 'n man uit 'n onbekende familie koning oor die goddelose en geteisterde Tienstammeryk. In sy dae verduister Salmaneser, koning van Assirië, die vryheidson van Israel soos 'n dreigende onweerswolk. Wanneer die Assiriërs die eerste keer teen Samaria opruk, onderwerp Hoséa homself en onderneem om belasting te betaal. Maar die volk is armoedig en Hoséa wend hom tot Egipte vir hulp. Salmaneser kom egter van die sameswering te hore en beleër die stad. Na drie jaar word Samaria ingeneem „en Israel is in ballingskap uit sy land weggevoer na Assirië". In hulle plek het hy afgodsdienaars gestuur om die land te bevolk en van die Here te vervreem. 'n Bitter einde vir 'n volk.

Dit is wel waar dat die koninkryk van Juda onder die septer van die nakomelinge van Dawid nog bestaan . . . maar die profesieë dat die dag van afrekening oor Israel sou aanbreek, is vervul. Mens is nie verbaas oor die wrede einde nie, maar dat God so lank die sonde van sy afvallige volk geduldig verdra het. Met hierdie selfde lankmoedigheid het God vir eeue die sonde van die ganse mensdom geduld totdat sy toorn op 'n sekere dag ontvlam het. Maar vir sy verbondsvolk was dit nie 'n bitter einde nie: slegs Eén is in smarte weggevoer sodat die lig van Sy heerlikheid oor elke gelowige kan skyn.

21 Oktober

Lees II Konings 18:1-16 en 19:14-37.

HISKÍA, DIE KONING WAT 'N WONDERWERK AANSKOU HET

Langs die verwoeste koninkryk van Israel duur die Ryk van Juda voort. Hiskía was ses jaar aan bewind toe Samaria deur die Assiriërs ingeneem is. Agt jaar later dreig dieselfde lot oor sy land want hy was ook in opstand teen die Assiriërs. Hy slaag daarin om die onmiddellike gevaar af te weer deur die tempel van die Here te stroop van sy kosbaarhede en die belasting aan Sanherib te betaal. Weer stuur die koning van Assirië gesante na Jerusalem met 'n ou streek: hulle probeer Hiskía en die God van Israel onder verdenking bring by sy volk. Sanherib weet dat as die volk begin twyfel in hulle God en hulle leier, hy die stad sonder slag of stoot sal inneem. Dog Hiskía het krag in gebed gevind. „En in dieselfde nag het die engel van die Here uitgetrek en in die laer van die Assiriërs honderd-vyf-en-tagtig-duisend verslaan . . ."

Die geskiedenis herhaal sigself. In ons tyd lê die groot laer van die Antichris vlak agter die rantjies in gereedheid terwyl sy gesante besig is om ons weerstand af te takel en ons geloof in ons God te kwes. Hiskía se behoud was sy geloof in die God van sy vaders; dieselfde God wat vandag nog vir sy volk in die bresse tree. Daar is egter reeds een groot slag gelewer en dit het in 'n oorwinning vir Christus oor die Dood geëindig. Vir elke gelowige is dit nou beskore om aan gindse oewer in die vreugde van die oorwinning van God te deel.

22 Oktober

Lees II Konings 20.

WEER EENS HISKÍA, DIE KONING WAT GEBID HET

Wanneer mens die geskiedenisse van die konings van Israel en Juda lees, is dit opvallend hoeveel van hulle gedoen het wat verkeerd was in die oë van die Here. Hiskía was een van die uitsonderings. Hy het probeer om die Here in alles gehoorsaam te wees.

Op 'n sekere dag het hy siek geword. Die profeet Jesaja het hom kom verwittig dat sy einde naby is. Toe doen hy wat elke sieke al gedoen het: hy draai sy gesig weg van die wêreld, soek die stilte van die muur op en stort sy nood in bitter trane voor God uit. Binne drie dae is hy gesond. Intussen het 'n prins, uit die verafgeleë en opkomende koninkryk van Babilon gekom om meegevoel te betuig en geskenke te bring. Hiskía is verheug en wys hulle al sy skatte en sy hele koninkryk. Dan bring Jesaja weer eens 'n hartroerende tyding: alles wat in sy huis is, sal weggevoer word na Babel en van sy seuns sal hulle meeneem as slawe. Hiskía antwoord: „Die woord van die Here is goed . . . Waarom dan nie, as daar maar vrede en bestendigheid in my dae sal wees!"

Die woord van die Here is goed, altyd goed. Maar kan dit waar wees dat 'n vader so opreg bid vir sy eie gesondheid terwyl die lotgevalle van sy kinders hom so weinig ontstel?

Jare van tevore het Dawid gebid: „Here, God van ons vaders, gee aan my seun Salomo 'n volkome hart om u gebooie, u getuienisse en u insettinge te hou . . ."

Hoe bid ons oor óns nageslag, soos Dawid of soos Hiskía?

23 Oktober

Lees II Konings 21.

MANASSE EN AMON, DIE KONINGS WAT GODDELOOS GEHANDEL HET

Manasse was twaalf jaar oud toe hy die troon bestyg het. Hy was 'n goddelose koning. As mens 'n oorsaak vir sy sonde sou soek, sou mens dit, menslik gesproke, miskien by 'n leemte in sy opvoeding kon vind; of moontlik by onverstandige raadgewers en ministers. Miskien het sy onervare jeug hom tot onverskilligheid gelei en het sy onverskilligheid hom tot goddeloosheid gevoer. Hoe dit ook al sy, Manasse en ook sy seun Amon het geen steen onaangeroer laat bly om Juda terug tot afgodery te verlei nie. In hulle dae het Juda meer kwaad gedoen as al die ander volke wat die Here reeds as gevolg van hulle afgodery verdelg het. „Daarom, so sê die Here, die God van Israel: Kyk, Ek sal 'n onheil oor Jerusalem bring, waarvan elkeen wat dit hoor, se twee ore sal tuit."

Vreeslike oordele oor verskriklike dade.

Tog mag geen mens oor Manasse en Amon oordeel nie. Lees ons dan nie in die Leerboek dat élke mens van nature geneig is om God en sy naaste te haat nie? As dit nie vir die genade van God was nie, sou dieselfde onheil op elke mens gewag het. Dit beteken nou nie dat die ongeregtigheid waaraan elke mens deel het sedert Adam, oor die hoof gesien word nie: dit word net nie aan ons gestraf nie maar in Christus ten laste gelê. Wat oor Juda sou losbars, sou ook ons deel gewees het as Christus dit nie in nog groter mate op Golgota in ons plek deurworstel het nie.

24 Oktober

Lees II Konings 22:1-13 en II Konings 23:1-3 en 15-30.

JOSÍA, DIE KONING WAT GEDOEN HET WAT REG WAS

Die geskiedenis laat nie volle reg geskied aan Josía nie. Daar was wel groter konings as hy op die troon van Juda en Israel dog min van hulle het die skrale kanse gehad wat hy moes benut. Sy vader is deur samesweerders vermoor toe hy net agt jaar oud was. Die koningskap wat hy erf, is oor 'n afvallige volk wat deur sy vader en grootvader vir amper sestig jaar op dwaalweë gelei is. Daarby hou ons in gedagte dat sy oorgrootvader Hiskía, die vorige goeie koning, deur die gryse, godvresende profeet Jesaja bygestaan is terwyl Josía al dertien jaar regeer het en talle hervormings aan-

gevoor het voordat die profeet Jeremia op die toneel verskyn as sy bondgenoot in diens van God.

So begin die jongman Josía — sy naam beteken „die Here onderskraag" — om die land van hoek tot kant te suiwer. Selfs die aanbiddingsplek wat Jerobeam driehonderd jaar gelede by Bet-el opgerig het as teëvoeter vir die tempel in Jerusalem, word nie gespaar nie. In die skoonmaakproses kom die hoëpriester af op 'n Wetboek. Waarskynlik was dit op 'n rol gebreide velletjies in 'n kleipot gebêre. Hulle begin weer om die Woord van die Here te lees. Josía hernu die verbond met God. As die volksaltaar in ere herstel is, lyk dit asof dit weer goed gaan met Juda.

So gaan dit met elke volk en elke mens: daar duur vrede en vreugde so lank as die volksaltaar en huisaltaar in ere gehou word. En dit is nie altyd die aansienlikes en geleerdes wat daarvoor sorg nie, dit is ook mense soos Josía: jonk en onervare maar begeesterd en vervul met 'n opregte liefde vir hulle God en hulle geestelike tuiste. Soos God aan Paulus geantwoord het: „ . . . My krag word in swakheid volbring . . ."

25 Oktober

Lees II Konings 23:31 tot 24:16.

JOAHAS, JOJAKIM EN JOJAGIN, DIE KORTSTONDIGE KONINGS

Wanneer Josía op die slagveld teen Farao Nego sneuwel, oorleef sy hervormings hom ook nie. Sy seun Joahas het net drie maande verkeerd gedoen voordat hy as gevangene na Egipte weggevoer is. Die skrif is aan die muur vir Juda. Uit die ooste dreig weer 'n onheilswolk en in die dae van Jojakim bars die stofstorms los uit alle rigtings as die kleiner volkere om Juda hulle kans waarneem om die eens so magtige koninkryk van die Hebreërs te plunder. Jojakim was drie maande begrawe toe die laaste oordeel gevel word: Nebukadneser se leër maak hulle opwagting by Jerusalem en voer koning Jojagin — deur Jeremia ook Jegonja genoem — met sy huishouding, raadsliede en sewe duisend uitsoekwerkkragte na Babilon weg. So eindig die koningskap van die geslag van Dawid. Daar is nog 'n koning, Mattanja wat Sedekia hernoem is, wat deur die oorheersers op die troon geplaas word maar nie as volksgekroonde koning beskou word nie.

'n Treurige einde vir 'n treurige geskiedenis.

Maar die volk durf nie onskuldig pleit nie. Húlle het vir Samuel gesê hulle wil 'n koning hê en húlle het die raad van Dawid, die stamvader van al hul goddelose konings, in die wind geslaan toe hy gesê het: „Vertrou nie op prinse, op die mensekind, by wie geen heil is nie . . ." Mag God dit beskik dat ons en óns owerheid altyd sal besef dat Hý die Here en Ewige Koning is.

26 Oktober

Lees II Konings 25.

SEDEKIA, DIE LAASTE KONING

Jeremia skryf dat Sedekia, seun van Josía en jonger broer van Joahas en halfbroer van Jojakim, in die begin van sy loopbaan 'n boodskap na hom, Jeremia, gestuur het om vir hom voorbidding te doen. Moontlik het Sedekia 'n voorneme gehad om opreg te wandel maar toe die krisisse in sy lewe opduik, het hy na verkeerde raad geluister en word hy ongehoorsaam. Die gevolg is dat die onheil wat so dikwels oor hom en sy volk aangekondig is en net soveel keer uitgestel is, voltrek word: sy seuns word voor sy oë geslag, hyself verblind en alles wat nog van die huis van die Here oorgebly het, verwyder. Daarna is die stad afgebrand en die inwoners weggevoer.

Hier word die gordyn getrek oor die koninkryke van Juda en Israel. Soos 'n boom wat afgekap en verbrand word. Dat die aardse vorste van Israel bitterlik gefaal het om aan God getrou te bly, wek nie verbasing nie, nog minder leedvermaak, slegs 'n diepe besinning oor die feit dat die mens 'n betreurenswaardige skepsel is. Of liewer: *was*. Want Jesaja skryf: „ . . . daar sal 'n takkie uitspruit uit die stomp van Isai . . . om die oorblyfsel van sy volk los te koop . . ." Oor die tydlose swartverbrande puin van sonde-verskroeide menselewens het die Lig van God opgegaan om vir die mense van alle tye die weg uit die doolhoof van dwalinge, sonde en verkeerdhede aan te wys. Vir die wat op hulleself vertrou, soos die konings van Israel, bly die weg ewig duister. Maar soos God dit bedoel het, is die weg eenvoudig: alleen 'n opregte geloof in Hom wat gesê het: „Ek is die Weg en die Waarheid en die Lewe . . ."

27 Oktober

Lees Job 1:1-12. **Teks:** Job 1:5.

HUISGODSDIENS

Job was 'n regverdige man wat die diens in die Naam van die Here nooit laat vaar het oor die huise van sy kinders nie.

Job het hulle nie weerhou van die vreugde en die genietinge van die lewe nie. Hy het nie aan sy kinders voorgeskryf om nie te smaak nie en nie te raak nie, maar Job het hulle, selfs toe hulle al op hulle eie bene in die samelewing gestaan het, ook nie aan die wêreldse genietinge oorgegee nie — Hy het sorg gedra dat sy verantwoordelikheid oor sy kinders, in die Naam van die Here uitgevoer word.

Ook by buitengewone geleenthede het hy nie sy godsvrug laat verflou nie, maar het hy juis by sulke geleenthede, waar 'n mens so maklik teen God kan sondig in jou aardse genietinge, besef dat 'n mens se berou en geloof dikwels vernu moet word omdat ons dikwels opnuut oortree en in sonde kan val.

In vandag se taal kan ons dit uitdruk dat Job te alle tye, maar in besonder in tye van groot versoekinge oor die huisgodsdiens bekommerd was. Selfs toe sy kinders al op hulle eie in die samelewing gestaan het was hy bekommerd of hulle in die weë van God bly wandel het.

Elke ouer het hierdie plig om sorg te hou oor sy kind, dat die kind nie net by geleenthede nie, maar van dag tot dag, ook in sy eie huis met die godsdiens te doen het en ook daaraan deel te neem. Daarby kom ook die plig om gedurig te vermaan dat die kinders nie te veel sal inneem van die genot van die lewe en in hierdie genietinge dalk teen God sondig en God in hulle hart seën nie — en met hierdie seën word op 'n sagte manier dit gestel dat hulle nie dalk in hulle hart God vloek nie.

28 Oktober

Lees Job 1:13-22. **Teks:** Job 1:21.

DIE SOEWEREINE GOD

Die Satan het voorgegee dat Job God alleen dien ter wille van die materiële voordeel wat hy daaruit kon verkry. As sy eiendom aangetas word dan sou hy God teegaan en om die geloof van Job dan te toets kom hierdie skielike smart oor hom.

Maar juis te midde van al hierdie smart, in besonder die verlies van sy geliefdes, kom die wese van Job se godsdiens aan die lig. Job erken, te midde van die smart, nog die almag, die soewereinittit van die God van die Bybel.

Job het nie in die eerste instansie na redes vir die verlies gaan

soek nie. Hy het dadelik in verootmoediging voor God gegaan, tot God gebid en in hierdie gebed erken hy God as die Beskikker oor alles. God is die een wat gee en ook mag neem want alles behoort aan Hom — die Almagtige Beskikker.

Hierby sluit die godsdienssin van Paulus in Romeine 14:7 en 8 ook aan: „Want niemand van ons leef vir homself nie, en niemand sterf vir homself nie, want as ons lewe, leef ons tot eer van die Here, en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here; of ons dan lewe en of ons sterwe ons behoort aan die Here."

Beide Job en Paulus se geloofsbesef staan dan ook in die lig van die „Onse Vader": „Want aan U behoort die koninkryk en die Krag en die heerlikheid tot in ewigheid."

29 Oktober

Lees Job 4:1-11. **Teks:** Job 4:3, 4 en 5.

GELOOF IN NOOD

Volgens Job se vriende wil dit voorkom of Job begin om te twyfel. Elifas herinner Job dan aan sy geloofsvertroue terwyl dit met hom vreugdevol en geseënd gegaan het, toe hy in 'n posisie was om met die nood van ander te simpatiseer, hulle te bemoedig en te help — maar hyself nie in die nood persoonlik gemoeid was of gedeel het nie.

Toe het hy mense met „slap hande", wat 'n kenmerk van moedeloosheid is, versterk.

Toe het hy woorde gehad om die nood van andere in die lig van Godswerk op te som en hulle te troos. Maar nou dat die situasie so is dat hy daardie bemoediging en geloof op homself kan toepas moet hy nie verslae wees nie.

Hierdie gesprek tussen Elifas en Job beklemtoon die geloofsfeit, dat 'n mens jou sterkte wat jy in voorspoed vertoon en het, moet behou en oordra as teespoed jou omklem. *Ware geregtigheid* word nie deur teespoed oorweldig nie, dit bly onwankelbaar.

'n Gelowige vrees nie net as dit met hom goed gaan, dat hy kan struikel en God sal loën nie, maar moet ook as dit nie goed gaan nie daardie vrees behou en God nie versoek nie. Daarom moet hy, soos toe dit goed gegaan het (1:4 en 5), die brandoffers wat hom en sy kinders toe gesterk het nie nou vergeet nie.

Hierdie vraag aan Job, ook aan ons gevra, as ons dit opreg beantwoord, toon vir ons, in besonder ons geloofshouding in nood, of ons dit met ons geloof opreg bedoel — m.a.w. of ons daadgelowiges of naam en voorspoed gelowiges is.

30 Oktober

Lees Job 7:11-21. **Teks:** Job 7:21.

GEBED OP GEBED

Op hierdie stadium is Job al vir 'n groot deel deur sy vriende berispe oor sy opstandigheid teen God. Hy kan maar net nie aanvaar dat die God, wat hom tevore met soveel seëninge bedeel het, hom nou so swaar beproef nie. Hy kan nie verstaan waarom hy gestraf word nie „Onderrig my en ek sal swyg; en maak my duidelik waarin ek my misgaan het." Die lewe het vir hom te swaar geword en hy kla — Job wil vra om vergifnis, maar hy weet nie waarin hy gesondig het nie.

Te midde van sy wanhoop kom dit dan soos 'n gebed op 'n gebed om vergifnis „Waarom vergeef U nie my oortredinge en neem my ongeregtighede weg nie?" Want as daar nie vir hom vergifnis is voordat hy in die stof lê nie, dan is dit te laat.

As Job en sy vriende maar geweet het dat Job se beproewinge sou strek tot verheerliking van God en tot verwerping van die satan

— Job weet dit in hierdie stadium nie, maar deur hierdie leerboek, wat die boek Job inderdaad is, word ons geleer dat beproewinge tot Gods eer en tot ons saligheid oor ons kan kom — dat Hy die kwaad van ons wil weer of ons ten beste wil leer.

As ons die nood van Job besef en die noodkreet, wat feitlik gebed op gebed om vergifnis is, deurgrond dan sal ons ook weer kan deurgrond wat dit beteken om tot God te kan bid „Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose."

31 Oktober

Lees Job 17:1-9, Ps. 119:122, Jes. 38:14, Hebr. 7:22. **Teks:** Job 17:3.

HERVORMINGSDAG

Hervormingsdag is 'n dag van groot feesviering onder die protesterende Christendom. 'n Dag ter herinnering daaraan dat God weer aan die gelowige geopenbaar het dat mense, heiliges (selfs nie Engele nie) ons borg by God nie kan wees nie.

Dit is 'n geseënde dag wat herdenk word, 'n dag toe die Ware Weg en Waarheid weer aan ons getoon is, 'n seëning wat ons geniet en waarna Job in sy nood en benoudheid geroep het dat God vir hom 'n pand moet gee en hierby kan die gedagte kom as pand vir die vrylating uit die gevangeneskap. Job soek verlossing uit sy smart wat hom in gevangeneskap hou — dit gaan om 'n waarborg vir Job om uit sy lyding verlos te word.

By sy vriende vind Job geen borg vir verlossing nie. Alleen God, die soewereine God kan dit vir hom gee, niemand anders kan dit gee nie. Job se getuie is in die hemel (Job 16:19) en so vra die psalmdigter van Ps. 119:122 ook „Wees borg vir u kneg ten goede."

Job het sy hele lewe geregtig probeer lewe en dit waarvoor hy nou in smart en straf is kan alleen God die rede van gee en kan alleen God dit regmaak en hom dit vergewe, daarom vra hy: „staan borg vir my by U".

Dit hou ook die profetiese gedagte in dat God 'n borg gee aan die gelowige om by homself borg vir daardie iemand te verskaf.

1 November

Lees Job 13:13-28. **Teks:** Job 13:23.

HOE GROOT IS MY SONDE EN ELLENDE

Job staan onder die veroordeling van sy vriende dog hy aanvaar nie hulle veroordeling nie, maar soos Jakob worstel hy met God (Gen. 32:28) en soek sy seëninge by God.

Soos die Heidelbergse Kategismus (Sondagsafdeling I Vrg. 1 en 2) dit ook verstaan soek Job sy enigste troos sowel in lewe as in sterwe in en by God.

Maar Job soek ook, soos die kategismus eerstens ook soek, na hoe groot sy sondes en ellendes is. Soek Job ook: „Hoeveel is my ongeregtighede en sondes; maak my my oortredinge en sondes bekend."

Job soek antwoord hierop by God, want alleen God kan oordeel. 'n Ware berouvolle mens wil sy hand in sy eie boesem steek, sodat hy sy sondes voor God kan bely en smeek om vergiffenis.

Op hierdie vraag moet Job, trouens ook ons, antwoord kry, want dit is die eerste stuk wat nodig is om te weet om welgetroos salig te lewe en te sterwe.

2 November

Lees Job 19:13-29. **Teks:** Job 19:25-27.

GELOOFSBELYDENIS

Van al die samesprekinge tussen Job en sy vriende, van al sy bede en klaagliedere tot God, van al sy geloofsvertroue in die

soewereine God kom hier seker een van die gewigtigste geloofsuitinge van Job na vore.

Dit is ook 'n belydenis wat hy uitspreek en hy spreek dit uit met groot sekerheid en vertroue. In hierdie geval praat Job ook nie van hoop nie, hy sê: „Ek weet my Verlosser leef; en Hy sal laaste oor die stof opstaan."

En ten spyte van al die smart van sy vlees sal hy daardie Verlosser sien, daardie genade sal hy ontvang, want sy Verlosser is die Ewig Lewende. Job geloof die heerlikheid van die Verlosser en dat hy in Hom leef, dat Hy bestaan, dat sy eie lewe daarin deel het en Hy ten laaste oor alles heen sal bly lewe as sy Verlosser tot op die laaste toe.

Job kom ook hier tot berusting in die werke van God — dat hy God ten goede sal aanskou, dat ten spyte van sy smart hy Hom ten goede sal aanskou en na daardie oomblik versmag hy van verlange.

Hier kan egter ook 'n profetiese siening na vore kom; dat Job smag en uitsien na 'n opstanding van die vlees waar heerlikheid sal heers saam met die lewende Verlosser, wat lewend bly en dat dit vir hom goed sal wees en dat dit ook dan met hom goed sal gaan.

3 November

Lees Job 22:21-30, Ef. 2:14-22.

MAAK VRIENDE MET HOM, SODAT JY VREDE KAN HÊ

Job kon geen vrede kry by en deur sy „mooiweersvriende" nie. Hulle het sy wonde en vernedering gesien, maar nie wat in sy hart is nie. Uiterlike beoordeling en aansien wat voor oë is, bly twyfelagtige raadgewers. Agter die rooi gesig van 'n eenvoudige skaapwagter het die man na Gods hart geskuil. Die sigbare timmermanseun was die Seun van God. Die veragte profeet van Nazaret was die Redder van die dood.

Job op die ashoop was nie 'n godsvervreemde en -veragte nie.

Vir alle oppervlakkige mense beteken vriende die besit van vrede in die hart. Wêreldse vriendskap is nog lank nie 'n waarborg tot die regte vrede vir die mens nie. Mens kan omring wees deur vriende en tog 'n wenende hart in hom omdra. Die armoedige hut van die weduwee kan blymoedige inwoners huisves. Die vormlose grond en klip kan diamant en goud verberg. Vrede in die hart kom van binne deur die Gees van God.

Die ware vrede is die onlosmaaklike vrug van versoening met God. Vriende maak is mensewerk, deur menslike middels, wankel soos die mens. God het met die mens kom vriende maak, Sy vriendskap aangebied, toe ons nog sondaars was. Die mens soek vriende onder die uitnemendstes.

Die ware vriend bly vriend as dit die dag nie meer goed met jou gaan nie, as jy verag en verstote en arm is en vir hom niks kan gee nie.

Dit het Jesus Christus gedoen. Hy het kom vriende maak met tollenaars en sondaars. Uit hulle, die veragtes, het Hy sy dissipels gekies. Hy het die mens met God versoen. Hy het Vader en kind weer bymekaar gebring. Die straf het Hy gedra en dit bring ons vrede, dat ons as sondaars tog deur Hom erfgename van God is, nl. die wat in Sy Naam glo.

Só alleen kan 'n mens vrede in sy hart hê al sit hy verlate op 'n ashoop, want God het kom vriende maak deur Jesus, wat die beste vriend is, ja, tot in die dood, die dood aan die Kruis.

4 November

Lees Job 23, Mat. 7:7-11.

AS EK MAAR WIS WAAR EK HOM KON VIND

Job kon in die donkerheid van sy beproewing by mense g'n raad vind nie. Maar sy siel beur uit die diepte op tot God, want Hy is nog daar, al het alles hom ontval en almal hom verlaat.

Job wil tot by God kom en glo dat die ontmoetingsplek die woning van God is. Waar God woon sal Hy luister na 'n ellendige wat kom roep.

Hierdie versugting vertolk die taal van menige beproefde hart. Lyding vereensaam 'n mens. Dit sny van die volle lewe af. Blydskap en voorspoed kan gedeel word. Hartesmart dwing tot alleen-staan. Niemand ken dan ook sy alleenheid behalwe in die uur van sielenood nie.

Tog het God Hom nie onbetuig gelaat nie. Vanaf die onsalige uur toe die mens die Paradys verloor het, is die troos van die nabyheid van God en die bemoeienisse van God hom op sy soektog na rus verseker. Die „moederbelofte" van die Verlosser, wat eendag sou kom, is as 'n staf in die hand gegee op die swerwelingspad. Dit het 'n vaste toekoms ingehou. Maar nie dat die mens God sou vind nie, maar dat God hom sou vind. Daarom het God na die gevalle mens gekom en gevra: „Waar is jy?" Onder die Ou Verbond het God vir Hom 'n Huis laat bou. Eers die tabernakel op die tydelike swerftog, toe die Tempel. God het dit duidelik gestel dat dit sou dien as bewys dat God onder die Volk woon, en dat Hy onder die mense wil bly. Hy kom dus na hulle toe.

In die geloof en verwagting om God dáár te ontmoet, het die Volk dan ook „opgegaan" na die Tent van samekoms — God en Volk. Daartoe is die Tempel later gebou. Die „opgaan" bly 'n geloofsdaad, maar ook 'n heilige pligsvervulling . . . om die Woord van genade te hoor.

Christus het die hele antwoord gegee. In Hom het God vleeslik en sigbaar onder ons kom woon. Deur die Versoening vind die mens Hom by die aanroeping in gees en waarheid. Hy het ons leer bid: „Onse Vader".

5 November

Lees Job 30:26-28, Rom. 5:1-5.

. . . EK HET OP DIE GOEIE GEHOOP . . .

Die hoop is die reikhalsing van die menslike hart die toekoms in. In teenstelling met die dier het net die mens toekomsgedagtes, omdat die lewe nie stilstaan nie. God het dit in die mens gelê om vorentoe te kan kyk. Dit hou verband met sy eiendbestemming.

Die paradys is verloor en daarmee die ware gelukstaat. In die verskiet van die toekomstige lê die verwagting van die betere.

Die hoop gaan dan uit van die hede, van wat die mens het, maar wat nie volkome is nie. Daarom vrees die mens die dood, wat die toekoms afsny.

Vir iemand soos Job, wat alles gehad het soos die hart kon begeer, was daar ook 'n verwagting. Nie om meer te ontvang nie, maar om die geluk te behou. Hy het op die goeie gehoop . . . en onheil het gekom.

Die volheid van die lewe het verander in eensaamheid, verlatenheid. Maar toe alles hom onverklaarbaar ontval het, was die hoop op die Verlosser die enigste toekomsverwagting. Die goeie is onlosmaaklik van God.

Dan is dit ook goed as God eers gee, en dan weer neem.

Die goeie is ook die kastyding, wat die mens losmaak van die verganklike en hom bind aan die onvernietigbare, waar God meer

is as aardse besittings. Dan kry die genade, wat die mens dra, eers ware betekenis.

Die gelowige is 'n toekomsmens, omdat Christus aan die Kruis dit moes uitroep: „My God . . . waarom het U my verlaat?" . . . sodat ons tot God geneem en nimmer verlaat sou word deur Hom nie. Die uitgangspunt van die hoop op die goeie word dan so verskuif van wat die mens versamel het, na wat God deur die verlossing in Christus genadiglik skenk. Dié hoop beskaam nie.

„Dat U my verdruk het, Here, dit was enkel goed vir my, want daardeur het U my dieper in u kennis ingelei" . . . Dan roem mens in die verdrukking en smaak die goeie, dat die liefde van God in die hart uitgestort is, deur die Heilige Gees, wat Christus, die Verlosser openbaar . . . die ewige Lewe.

6 November

Lees Job 31: 33-40; 1 Joh. 1:8-10.

AS EK, SOOS ADAM, MY OORTREDINGE BEDEK.

Die eerste daad van die mens ná die sondeval was om sy naaktheid met vyeblare te bedek. Die bewustheid van sonde laat die mens dinge begin wegsteek. Die vrees van openbaarheid teenoor die mens is eintlik dat daar iets is, wat die mens nie deur God wil laat sien nie.

De sonde is vindingryk en stel baie en velerlei middels tot bedekking die mens ter hand. Uit die aard van ongehoorsaamheid wil die mens nie erken dat hy oortree het nie en poog hy om self die verkeerde onsigbaar te maak. Sonde skei van God en eie bedekking misken Sy kennis.

Job het niks gehad om weg te steek nie, want hy was vroom, regverdig en het van die kwaad gewyk. Tog het hy sy afhanklikheid van God nie uit die oog verloor nie. Hy het die feilbaarheid van die mens erken. Daarom het hy die altaar en gebed onderhou en vir sy kinders geoffer as hulle miskien gesondig het. Daar is uit die aard van die sondeval 'n onheilige drang van die sonde na die mens, wat van nature daarvoor vatbaar is. Selfs die allerheiligste het maar 'n klein begin van gehoorsaamheid.

Belydenis van sonde is die hartgrondige erkenning dat die mens verkeerd is en God altyd reg. Bedekking van sonde beroof God van Sy Eer, want dit tas Sy heilige regspraak aan en steier teen Sy wil op om alleen te kan red. Vyeblare wis sonde nie uit, bring nie genesing van die kwaad en keer die blik van die Alwetende nie af nie.

Ons dra klere om ons naaktheid, beeld van sonde te bedek. Maar God maak vir die gevalle mens klere van dierevelle. Dáár straal die versoeningsgedagte heerlik deur van die Offerlam van God, Jesus Christus. Die dier word geskeer om vir ons klere te voorsien. Jesus was soos 'n skaap kaal geskeer en ontdaan van Sy heerlikheid om ons met Sy seëning te vervul. Só kry ons . . . die gewaad van lof vir 'n benoude gees. Nie bedekking nie, maar belydenis erken die weldaad.

7 November

Lees Job 33:14-18; Hebr. 1.

GOD SPREEK.

Spreek is die duidelike klank, waarneembare geluid wat uitgaan van die mond van die een na die oor van die ander. So kom mens met mekaar in kontak en verstaan mekaar. Spreek dra 'n gedagte oor van die een na die ander. Die spreek van God dra Sy gedagtes aan die mens oor, anders sou die mens nie met Hom in verbinding kon kom en bly en verstaan dat God na hom toe kom om hom te

verlos nie. Die spreek van God tot die mens gaan om sy verlossing, want dis die hoogste en nodigste, wat die mens behoef. Vóór die Sondeval was dit genoeg dat die mens God gehoor het in die aandwind. Maar deurdat die sonde by die poort van die oor ingekom het, is die gehoor verduister en stomp geword. God laat Sy handewerk nie vaar nie en kom klop by dieselfde toegangspoort aan, sodat die mens die waarheid van die Genade tot verlossing kan hoor teenoor die lokstem van die sonde.

Onder die Ou Verbond het God hard gespreek deur Sy Wet. Die mens moes dit hoor, gepaard met die donder van Sinai, waar die berg gerook en gebeef het. Daarna het Hy gespreek deur Sy profete wat die verlossing in Christus aangekondig het. Persoonlik het God ook gespreek deur drome en gesigte, sodat die mens oortuig kon word dat God nie vér van hom staan nie en dat die verlossing sekerlik naderkom.

In die volheid van die tyd het die Woord Vlees geword. Christus het gekom en die spreek van God deur die profete en gesigte en drome het plek gemaak vir die spreek deur die Seun in die Evangelieverkondiging. Dis die uitwendige roeping, die hoorbare getuienis van die verlossing tot die lewe. By die verkondigde woord spreek God deur die Heilige Gees, wat die oor open en die hart vatbaar maak. Dis die inwendige roeping.

God spreek: Luister en jou siel sal lewe.

8 November

Lees Job 42:1-6; 1 Joh. 1:5-7.

VAN HOORSÊ HET EK VAN U GEHOOR — NOU HET EK U GESIEN.

Job as vroom mens, voorspoedig en geseën, het van God gehoor. Toe was daar nog g'n Evangelieverkondiging nie; vermoedelik het hy kennis gedra van profete se woorde of ander oorkondes.

Hy het gehoor van die goedheid van God, wat seën die wat in Sy weë wandel na Sy Verbondsgenade. Hy het gehoor van die Almagtige, wat kan skep en ook verbrysel, maar in Sy verlossingsgenade die verbroke riefstaf nie verbreek en die rokende lamppit nie uitblus nie.

'n God wat slaan, maar ook weer vertroos . . . en genees.

Nou het hy proefondervindelik dit alles aan eie lyf gevoel.

Die meeste mense se godsdiens bestaan uit „hoorsê". Hulle weet in meerdere of mindere mate van God. Selfs die Heidene ken God, omdat Hy dit aan hulle geopenbaar het, sê Paulus in die brief aan die Romeine.

Vir die gelowige is die Heilige Skrif die kenbron aangaande God. Die Heilige Skrif vertel van die Almagtige, wat hemel en aarde gemaak het en na die Sondeval die Verlossing reeds in die Paradys aangekondig het. Die profete het die koms van die Verlosser duidelike omlyning gegee. Christus het die „hoorsê" verander in aanskoue. Deur Hom is aanskou die mag van die Liefde, maar ook die onafwendbaarheid van die heilige geregtigheid van God. Die Kruis is nie meer 'n saak van „hoorsê" nie, maar staan daar duidelik as bewys dat duiwel en engel en mens sal sien dat God die waarheid praat — die siel wat sondig sal sterwe, maar wie in die versoening deur Jesus glo, het die ewige lewe.

Deur die Evangelie hoor die mens dat die Christus moes sterwe om die reg van God te volbring. Deur die Opstanding sien die mens dat die dood oorwin is. Deur die Heilige Gees weet die mens dat die Skepper sy Vader is wat hom aanneem tot kind om Christus ontwil en hom alle dinge ten goede laat meewerk en hom deur kastyding louter, maar nie loslaat nie.

9 November

Lees Job 42:10-17; Rom. 14:7-12.

DIE HERE VERANDER DIE LOT.

Onder die woord „lot" verstaan ons die opsomming van lewenservaring. Vir Job was dit die diepste smart wat ooit oor 'n mens kan kom en wat juis so seer gemaak het, omdat hy eens beter dae geken het. Op een enkele dag is al sy kinders en aardse besittings hom ontneem. Sy vrou spot met sy godsdiens, verlaat hom en sy vriende, wat sy gasvryheid gul en onbekrompe geniet het, kom sit eers drie dae hom en bekyk, asof hulle al sy wonde tel en beskuldig hom dan dat agter die uiterlike vroomheid tog 'n sondige hart verborge was, en God nou met hom afreken. Hy kon per slot van rekening niks anders teëwerp nie as net: ek weet my verlosser leef. Pleks van verwyt, het Job vir hulle gebid.

Elke mense kom vroeër of later op die ashoop. Kortstondige genietings, gerustheid oor besittings, roem op baie vriende, trots op ideale huislike lewe en selftevredenheid dat hy nie soos ander sondaars is nie . . . en dan meteens 'n dwarrelwind wat alles in duie laat stort. Deur die verkondigde Woord word hy aan homself ontdek as sondaar; arm, naak, blind, afgesny uit die lewe hulpeloos, troosteloos, alleen, met net die brand van die sonde, waar g'n mens kan help nie. Dis die ashoop.

Mooiweersvriende bly dan stom. Die wêreld skud die hoof en vra: Waar is jou God nou? Salig dié mense wat dan kan antwoord: God het gegee, God het geneem, want alles was Syne en ek loof nog Sy Naam.

Maar God verander die lot. Hy het Sy Seun gestuur in die vlees. Christus het vir die gevalle mens die lydensweg opgegaan. Deur Sy dood het daar versoening gekom. Ons oortreding was op Hom. Deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Ons oortreding was op Hom. Deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Hy was geag as die onwaardigste onder die mense. Hy was stom soos 'n skaap voor sy skeerders. Hy het g'n ander graf gehad as by die goddelose nie . . . Maar Hy het vir die oortreders gebid. Só verander God ons lot as sondaars tot kinders van God. As ons vir beskuldigers kan bid, het die Here ons lot verander.

10 November

Lees Deuteronomium 1:1-8. Teks: Deuteronomium 1:6b.

DIE VERVULLING.

Die boek Deuteronomium is tot 'n groot mate 'n herhaling of 'n oorvertelling maar dan op so 'n wyse dat dit steeds nuut bly. Die geskiedenis word oorvertel, die Wet word herhaal.

Vers vyf van hierdie hoofstuk sê dat hierdie oorvertelling eintlik is om die wet uit te lê. Die betekenis van die wet moet verduidelik word maar dan nie terwille van die wet as wet nie maar terwillle van die heenwysing na die Vervuller van die wet.

Die Here het besluit dat die volk lank genoeg by hierdie berg Horeb gebly het. Hulle moet nou verder sodat hierdie belofte vervul kan word.

Horeb sal die volk steeds herinner aan die woestyn. Die woestyn moet nou verder deurgetrek word sodat hulle die beloofde land kan intrek.

Die eintlike vervulling van die belofte vind in Jesus Christus plaas want Israel sal 'n seën wees vir alle volke en die seën is in Jesus Christus. Die mensegeslag ontvang die opdrag om weg te trek van Horeb in die woestyn. Die woestyn van sonde en ellende moet verlaat word. Die wet moet vervul word in Jesus Christus. — vir ons is hy vervul. Die inhoud van die wet is die wet van liefde.

Die mens word in sonde ontvang en gebore. Hy is geneig om God en sy naaste te haat terwyl God wil dat die mens lief sal hê.

Geen morele wet kan die mens so hervorm dat hy sal verander uit homself nie. Deur Jesus Christus word daar 'n nuwe mens gebore wat God en naaste lief kan hê.

God roep op sy tyd mense weg van Horeb — weg uit die woestyn na Hom. Hy roep deur sy Woord en Gees. Deur Jesus Christus gee ons antwoord. Wie Hom volg trek na die land van belofte waar ons 'n nuwe burgerskap sal hê.

11 November

Lees Deuteronomium 1:21-29. **Teks:** Deuteronomium 1:29.

KRAG NA DIE VERVULLING

As Israel die opdrag kry om weg te trek van Horeb sien hulle voor hulle 'n geweldige taak om te vervul. Die beloofde land moet in besit geneem word. Vyandige volke, groot en sterk staan in hul weg. Hulle hoor van die reuse — die Enakiete en hulle word benoud. Hulle deins terug en dink Horeb en die woestyn is veiliger, ja selfs Egipteland met sy slawerny is miskien beter.

Dan word hulle versterk. Hul vleeslike oog sien die kinders van Enak, maar God wys hulle meer en verder as wat hul vleeslike oog kan sien. Vir Hom is die oorwinning reeds daar. Hy het reeds die reusagtige Enakskinders oorwin. In Sy Hande is hulle ook soos die klei in die hande van die pottebakker. Hulle moet ook staan of wyk op Sy bevele.

Uit Israel wat beef voor aardse reuse is die Verlosser Jesus Christus gebore. As Hy mense roep — weg van Horeb, uit die woestyn staan die laaste vyand voor hulle in die pad na die beloofde land. Die mag van die duisternis is groot en sterk en laat mens verskrik staan. Ons vleeslike oog sien hulle en ons hou vas aan skynbare veiligheid in onsself of wat hierdie wêreld bied.

Deur die geloof wat die bewys is van die dinge wat ons nie sien nie kan elke geroepene rustig voortstap want die vyand is reeds oorwin. Deur die kruis van Golgotha is die laaste vyand, die dood, oorwin.

12 November

Lees Deuteronomium 1:30-40. **Teks:** Deuteronomium 1:36 en 40.

ONVERVUL

Selfs op hierdie laaste reis bly Israel 'n weerstrewige volk. Ten spyte van al die wonders wat hulle op die woestynweg gesien het, glo hul nog nie en tenspyte van sovele tugtiging bly hul weerstrewig en ongehoorsaam. Vir 'n oomblik gehoorsaam hulle en dan volg hul weer die raad van hul eie wil. God het vir hulle gestry in Egipteland; in die woestyn het Hy hulle gedra, soos 'n man sy seun dra; Hy het voor hulle uit getrek in 'n wolk- en vuurkolom. Maar hulle het nie geglo nie en dit het Gods toorn gewek. Ons sien vir Israel terug in die woestyn en Moses saam met hulle. Hy en hulle sal die beloofde land nie intrek nie.

Alleen hulle wat volhard het om die Here te volg — Josua en Kaleb sal die beloofde land saam met die nageslag van hierdie weerstrewige volk intrek.

Jesus het gesê: Ek is die weg, die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. Soos Israel is daar hulle wat steeds hul eie weg of eie wil gehoorsaam en nie Jesus Christus wil volg nie. Vir hulle is daar geen tuiskoms nie. Geen mens, hoe vroom in eie oë of braaf in die oë van ander, kan voortgaan op hierdie weg nie. Wie nie wil volg nie, sal nooit daar aankom

nie. Daarom sien ons soveel wat eenmaal weggetrek het van Horeb, terug in die woestyn.

Dis 'n vreeslike woord om te verneem: Julle sal nie ingaan nie.

Dis 'n wonderwoord om te verneem: Hulle sal ingaan omdat hulle volhard het om die Here te volg.

13 November

Lees Deuteronomium 1:41-46. **Teks:** Deuteronomium 1:41.

DWASE EIE POGINGS

As die ongehoorsaamheid van Israel hul pad toegeslaan het, probeer hulle om vir hulle 'n eie pad oop te kap. Hulle dink dat hul eie krag en eie brawe pogings die toorn van God kan stil. Hul wil eintlik aan God toon dat hul darem nie so sleg is as wat Hy dink nie.

Teen Gods bevel trek hul teen die Amoriete op om hulle te verslaan en om sodoende die guns van God te wen. Israel word verpletterend verslaan. Toe kom Israel in trane terug om hul nood voor die Here uit te stort maar dan die weemoedige ondervinding dat die Here na hulle stem nie luister en hulle geen gehoor gee nie.

Hierdie gebeure laat ons dink aan Herodes wat na vele waarskuwings nie geluister het nie en toe Jesus eenmaal voor hom staan en Herodes Hom met baie vrae nader, het Jesus hom geen woord geantwoord nie. Vernederd en verleë moes Herodes omdraai. Jesus Christus het klaar met hom gespreek. Hy het niks meer vir hom te sê gehad nie. Alles wat hy nodig gehad het, het hy gehoor maar daarna wou hy nie luister nie. Vir die rykman van die gelykenis is ook gesê dat as sy broers na die gewone Woord van God nie luister nie, sal 'n wonder van iemand wat uit die dood opstaan hul ook nie laat glo nie. Dit moet ontsettend wees as die Here 'n mens met geen woord antwoord gee nie.

14 November

Lees Deuteronomium 3:23-29. **Teks:** Deuteronomium 3:26b.

GEDWARSBOOM

Moses wat saam met Israel gesondig het word ook saam met hulle gestraf. Dit moes seker vir hom 'n verpletterende berig gewees het, toe hy verneem dat hy die beloofde land nie sal ingaan nie. Hy swerf nou reeds lank saam met die volk in die woestyn. Sy verantwoordelikhede is baie groot en daarom is die gevolg van sy afdwaling soveel groter.

Elke leier is verantwoordelik nie net vir hom of haarself nie maar ook vir die wat volg en elkeen van ons gee in meer om minder mate leiding aan volgelinge.

Ons verstaan die vurige wens van Moses om ingelaat te word en daarom versoek hy so dringend of vir hom tog nie maar 'n uitsondering gemaak kan word nie. Soos 'n ouer wat 'n onverstandige kind stilmaak sê God ook aan Moses: Dit is nou genoeg! Moenie nog verder met my oor hierdie saak spreek nie. Verleë draai Moses om. Dit was inderdaad genoeg wat hy ontvang het.

God bepaal ons weg. Hy bestuur ons lewens maar ons dink dikwels dat dit darem veel beter kan of dat dit darem nie regverdig is nie. Dan vra ons. Dan neul ons.

Wat ons in Jesus Christus ontvang, is inderdaad genoeg. Dit is alles. Wat wil ons meer?

Die vervulling van ons eie begeertes?

Wat is dit in vergelyking met die Wil van God met ons!

15 November
Lees Deuteronomium 6:1-9. **Teks:** Deuteronomium 6:7.

ONS EN ONS KINDERS

Die Wet van die Here was 'n dringende móét vir Israel. Op allerlei wyses word dit vir hulle op die hart gedruk. Die Here is 'n enige Here. Julle moet Hom liefhê met jul hele hart, jul hele siel en al jul krag. Dit is die inhoud van die Wet.

Dit geld nie net vir julle nie maar ook vir julle kinders. Daarom moet julle dit vir julle kinders inskerp.

Om ouer te wees, is 'n wonder voorreg. Om ouer te wees, is 'n baie groot verantwoordelikheid. Kinders word deur God in die hande van ouers gelê om Sy Wil met hulle te vervul. En Sy Wil is dat sondaars nie verlore sal gaan nie maar hulle sal bekeer en lewe. In sonde word ons kinders ontvang en in ongeregtigheid word hulle gebore.

In Jesus Christus is die Wet vervul. Daarom ontvang ons nie net kinders in sonde deur die eerste Adam nie. Die doopformulier stel dit baie treffend: „. . . die belofte is vir julle en vir julle kinders en vir almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom toe sal roep". Weer vind ons die vervulling van 'n belofte. Die belofte aan Israel is ook aan ons en ons kinders in Jesus Christus vervul.

Waaroor praat u met u kinders — oor hulle skoolwerk, hul toekoms, hul maats? Dit is goed en nodig. Praat u egter ook oor die belofte wat u by die doop afgelê het om hulle te vertel van die vervulling van die belofte van die God wat hulle na Hom geroep het?

16 November
Lees Deuteronomium 8:11-20. **Teks:** Deuteronomium 8:18.

DIE KRAGBRON

Al die beloftes aan Israel gemaak, al die wonders aan hulle gedoen, kan maklik daartoe meewerk dat hulle sal dink dat hulle inderdaad groot en sterk is onder die volke. Hulle mag ydel raak en dink dat dit hulleself is waarin die krag geleë is of dat dit die gevolg van hul eie braafheid is.

Die ander gevaar is dat Israel mag dink dat hul in 'n posisie van gerief en gemak geplaas is. Dan kan hulle vergeet dat dit die Here hulle God is, wat hulle gelei het en dat Hy die belofte vervul en niemand anders nie. Daarom hierdie ernstige waarskuwing: Dink aan die Here. Onthou Hom steeds. Vergeet Hom nooit nie.

God ken die mens en weet hoe gou hy vergeet. Hy weet ook hoe ondankbaar die mens is en hoe gou hy vergeet wat God hom in guns en genade skenk.

God ken ook die Kerk, die geestelike Israel en sy ondankbaarheid. Die Kerk dink ook soms dat hy sterk is, dat hy sy program kan ontwikkel in sy eie krag en in sy eie beplanning. Dan ruk God ons tot stilstand en dwing ons om te dink en roep ons om te onthou.

Daar is net een kragbron vir die Kerk en vir elke lid van die Kerk. Jesus Chhristus en Sy Woord is die kragbron. Hy versterk ons geloof deur Woord en sakrament. Woord en sakrament roep ons telkens om te onthou — onthou dat dit die Here is wat julle uitgelei het.

Woord en sakrament versterk ons telkens vir die pad wat voorlê — die gewisse kragbron van die gelowige.

17 November 1968
Lees Deut. 12. **Teks:** Deut. 12:4 en 5.

OP DIE PLEK WAT GOD GEKIES HET.

Deut. 12 wil op twee maniere duidelik maak hoe dit in Sy diens

daaraan toe sal wees. Eerstens wil Hy Sy diens afbaken teen dié van die Kanaaniete. Laasgenoemde se godsdiens was 'n natuurgodsdiens wat dienooreenkomstig baie plekke, (bv. op die hoë berge, op die heuwels en onder elke groen boom) en simbole (bv. altare, klippilare, heilige boomstamme en gesnede beelde) nodig gehad het om die selfopenbaring van die natuur-god na vore te bring.

Teenoor die velerlei natuurgode met hul baie openbarings, is die Here 'n Enige Here wat Een Openbaring het, nl. Sy Naam.

Op een plek sal Hy Sy Naam vestig en daar moet Sy diens geskied. Nie vanweë 'n natuurverskynsel nie, maar in ooreenstemming met die Openbaring van Sy Naam.

Baie lidmate wil vandag nog 'n natuurgodsdiens voorstaan. Hulle dink dat God Hom net openbaar waar daar 'n natuur krisis ontstaan: By 'n siekbed of begrafnis, by 'n troue of doop, (soos deur diesulkes verstaan). Dit is hulle wat Sondag na Sondag die openbaring van God in die erediens minag en in die gewone gang van die lewe geen sent omgee vir die gemeente nie. Raak so 'n lidmaat egter betrokke by 'n siekbed, troue of begrafnis dan verwag hy dat alle kerklike werksaamheid tot stilstand sal ruk en die kerk vir hom onmiddellik tot diens sal wees.

Maar God wil Sy diens nie net teenoor die Kanaanietiese afgodediens afgrens nie, maar ook teen die mens-gemaakte godsdiens wat die erediens laat vervaag het tot 'n doen van „elkeen net maar wat reg is in sy eie oë". Dit is ons waneer ons ons van die gemeente sou losmaak met 'n houding van „ek lees my eie Bybel in my eie huis en doen my eie gebed en het vrede met die res". Nee, die inrigting van God se diens mag nie volgens ons willekeur of behoefte wees nie, maar volgens God se Wil. So tree ook die vervulling van die belofte van Jesus Christus, nl. die uitstorting van die Heilige Gees, nie anders in vervulling nie as daar waar die gemeente eendragtig volgens Sy opdrag bymekaar is nie (Hand. 2:1).

18 November

Lees Deut 13. **Teks:** Deut. 13:1.

DROOM OF OPENBARING?

Tussen 'n droom en die Openbaring van God lê 'n verskil wat as dit nie raakgesien word nie, vrae veroorsaak wat verwarring te weeg bring en uitloop op bygeloof en ongeloof.

Daar heers verwarring as 'n mens dink dat die Evangelie 'n droom is: Mooi maar onwerklik; 'n seepblasie wat skitter en verdamp tot niks. Nog erger as 'n mens verwag dat die profeet 'n dromer moet wees: Mooi woorde sonder dat die inhoud iets hoef te wees wat my aanspreek, dat sy woorde my moet streel maar nie ontnugter nie. Dit is bygeloof as die dromer vir 'n profeet aangesien word: die „geloofs"-geneesheer, die opsweper, die dweper, die sekte, die waarsêer, die sterrewiggelaar, die kommunis, die liberalis, die internasionale organisasies met hul hoop op 'n eenvormige, gelykskakelende wêreld, sonder vrees en sonder God.

Die dromer is vry. Hy is een wat opstaan op sy eie en 'n teken of wonder aankondig (13:1).

Sy motief is sy eie besluit tot opstaan.

Sy taak is sy eie aankondiging.

Sy inhoud is sy eie teken of wonder.

Die Profeet is gebonde: Geroep deur God, dikwels teen sy eie wil en insigte in. (Moses). Hy staan onder die dwang. (Paulus).

Nie om sy eie nuwe rigting aan te kondig nie, maar om dit wat van die begin van die Skepping vasstaan, omdat dit die wil van God is, te verkondig.

As inhoud van sy verkondiging het hy slegs Jesus Christus en Hom die gekruisigde. Vir sommiges nog steeds tot aanstoot en struikeling.

So is die dromer „vry" sonder God en sy Openbaring, maar die Profeet is dienskneg van God wat nie anders waag as in die ligkol van Sy Woord nie.

19 November

Lees Deut. 18:1-14. **Teks:** Deut. 18:7.

DIEN IN DIE NAAM VAN DIE HERE

Alle gesag en waardigheid wat deur die Skrif aan priesters, profete, apostels of opvolgers van die apostels toegeken word, is nie aan die persoon self gegee nie, maar aan die diens waarvoor hy gestel is; aan die bediening van die Woord wat aan hom toevertrou is. Niemand mag uit die hoogskatting van sy eie persoon meer leer as wat die Woord self leer nie. Wat die persoon betref, roep Jesaja (6:5) uit dat hy onrein van lippe is; Jeremia (1:6) erken dat hy nie kan spreek nie, omdat hy 'n kind is. As hulle op grond van eie ervaring of eie denke moes spreek, was hul woorde onrein en onervare.

Maar hulle lippe was Heilig en met kennis beklee toe hulle opgetree het as instrumente van die Heilige Gees. Wanneer die dienaar gebonde bly aan hierdie verpligting, dat hy niks anders spreek as wat hy ontvang het nie, dan word sy amp deur die Skrif met geweldige mag en uitnemende titels versier. Dan word die gesag daarvan, sodat dit nie geminag sou word nie, bevestig deur die swaarste strawwe . . . So spreek die Here dat Hy hulle gestel het oor volke en koninkryke om uit te ruk en af te breek, te verderf en te versteur, om op te bou en te plant. Maar dan noem hy eers die grond en voorwaardes vir hulle gesag: Hiermee lê Ek my Woorde in jou mond.

Maar dit is ook alles opeisend. Die Leviete het geen erfdeel, geen ander belang gehad nie, as net hierdie dienswerk. Daarom was die volk verplig om hulle wat só dien van sy ganse lewenstog te voorsien.

Maar hy wat uit die arbeid uittree na 'n ander lewensstaat, verbeur ook die gesag en voorregte wat aan die amp verbonde is.

20 November

Lees Deut. 18:15-22. **Teks:** Deut. 18:15.

'N PROFEET UIT JOU MIDDE.

Die vergelyking „soos ek is" het nie betrekking op ‚profeet' nie maar op „uit jou midde!" M.a.w. die profeet Wie se koms hier aangekondig word, sal nie maar net nog 'n profeet wees, of soos Moses nie. Maar soos Moses en al die ander profete sal Hy uit jou midde, uit jou broers kom.

Soos Moses sal Hy nie uit Homself spreek nie maar net wat die Vader Hom beveel het, dit sal Hy spreek (Joh. 12:49). Tog is Hy veel meer as 'n profeet soos Moses omdat Hy nie net die Woord spreek nie, maar self die vleesgeworde Woord is. Hy verkondig nie net die koninkryk van God nie, maar Hy spreek nie net vanuit die Openbaring nie, maar Hy is die Openbaring.

Met die profete van die O.T. het die verwagte profeet dit in gemeen dat Hy gebore sou word uit 'n mens, soos 'n mens sou leef te midde van al die gebrokenheid van hierdie wêreld: siekte, rou, droefheid, vyandskap, haat, woede, trane, vrees, vermoeidheid. Maar Hy was terselfdertyd meer as die profete van die O.T. deurdat Hyself, alhoewel Hy aan die oorsaak van die gebrokenheid, nl. die sonde, geen deel gehad het nie, nogtans verbreek is sodat 'n gebroke wêreld geheel kon word. Sodat die trane gedroog, die

vrees verdryf, vyandskap en woede afgelê sou word en die Liefde sal heers.

Soos Moses en die profete van die O.T. profeteer Hy; maar meer as almal is Hy deurdat Hy Sy profesie uitlê met Sy eie lewe en strewe.

21 November

Lees Deut. 21:18-23. **Teks:** Deut. 21:22.

SOOS EEN WAT DIE DOODSTRAF VERDIEN.

Die kruisdood is die dood van 'n misdadiger. Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang! Hy wat aan die skandhout hang, is geen wonderdoener, geen redenaar, geen godsdienstige held nie. Selfs sy klere word uitgetrek. In sy naaktheid is hy deur mense verwerp en verag. Maar ook is hy deur God vervloek en verlate. Dit is die wreedste gevolg van die ergste misdaad.

By hierdie misdadigers is Jesus Christus gereken. Dit is aanstootlik! Ons het nie 'n held. 'n kultuurmens, 'n groot geestelike vennoot in Hom nie. Nee, die droomheld van die verheerlikte mens, in sigself goed en tot alles instaat, versier met die rykdom van beskawing en kultuur, vernugter by die aanskoue van hierdie beeld van die mens tot die belewenis van die werklike duisternis wat die dromer omring. Deur die kruis kan ek nie meer die misleidende droom van die verheerlikte mens droom nie. Nou sien ek eers in watter naakte verarming en in watter diepte van verderf ek leef. My sonde is 'n sonde wat die doodstraf verdien.

Maar as ek uit die droom vernugter wanneer ek aan die kruis die Mens sien, dan straal daar ook 'n wonderlig: Die mens moes ek wees, ek met my sonde wat die doodstraf verdien. Maar Godsgenade! Hy hang daar in my plek. Hy het soos ek geword, een wat die doodstraf verdien, sodat Hy my straf op Hom kan neem en ek soos Hy kan word, regverdig voor God.

Daarom sien ek in die kruis nie meer die vloek van Godsverlatenheid nie, maar die seën van aanneming tot kind van God. Die kruis is nie meer simbool van my verarmde naaktheid nie maar van Sy Nuwe Testament waardeur ek 'n erfgenaam van 'n koninkryk word: Die koninkryk van God.

22 November

Lees Deut. 24:17-22. **Teks:** Deut. 24:18.

BARMHARTIGHEID UIT DANKBAARHEID.

Die Here God het in Sy Woord baie duidelik geopenbaar dat daar teenoor die sosiaal swakkeres hulp bewys sal word. Maar net so duidelik spreek Sy Woord dat hierdie barmhartigheid, nie van die bron waaruit dit moet geskied, losgemaak mag word nie.

Jy moet daaraan dink dat jy 'n slaaf was in Egipte en die Here jou God jou daaruit verlos het, daarom beveel ek jou om hierdie saak te doen. Hierdie grond en rede onderskei die barmhartigheidsdiens van die kerk van alle ander barmhartigheidsdienste. As dit uit enige ander dryfveer gedoen word, soos om 'n bepaalde politieke struktuur om ver te werp of om teen 'n bestande leefwyse 'n rewolusie te veroorsaak, dan mag die kerk daar niks mee te doen hê nie. Dan word dit 'n geval waar „ek" die Messias is wat uit my groot liefde alles prysgee t.w.v. ander. Dan word dit soos in die dae van die bou van die Toring van Babel, toe die mens gesê het: Laat ons vir ons vir ons 'n naam maak! (Gen.: 11:4).

Nee, die barmhartigheidsdiens van die kerk word gedoen omdat ons slawe was en die Here onse God ons daaruit verlos het. Omdat ons dié was wat die doodstraf aan die vloekhout verdien het, maar Hy soos een van ons geword het en die Dood oorwin het vir ons, daarom sal ons uit dankbaarheid doen wat Hy sê. Daarom bewys

die kerk barmhartigheid nie uit ons groot Liefde vir mense of uit ons welwillendheid teenoor mense nie maar uit ons dankbaarheid teenoor God. Wie hierdie grond loslaat, verval in 'n sosiale evangelie wat wel die weldoener streel, maar wat niks te doen het met die Evangelie aan slawe wat verlos is deur die Here onse God nie. Hierdie verloste slawe (Die Kerk) moet bly by die barmhartigheidsdiens vanuit die opdrag van hul Verlosser. Eers moet die kerk verkondig: Jy moet die Here jou God liefhê . . . . en jou naaste soos jouself. In hierdie volgorde. Nooit andersom nie.

23 November

Lees Deut. 26. **Teks:** Deut. 26:9.

GOD HET ONS HIERDIE LAND GEGEE.

Aan wie behoort 'n land? Aan sy oorspronklike inwoners? Aan die meerderheidsgroep? Die Bybel verkondig: Die aarde behoort aan die Here. Hy is die Skepper daarvan. Daarom kan Hy dit gee aan wie Hy wil. Hy gee dit as 'n erfenis. Hy laat 'n volk toe om dit in besit te neem en daarin te woon (26:1). Dit is dus nie so dat die besit van 'n land bepaal word deur die aantal jare wat 'n volk daar woon of deur die groot getalle van 'n bevolkingsdeel nie. Dit is nie so dat die inboorling 'n natuurlike reg op 'n land het nie. Net die Here het reg op 'n land. Dit bring onrus mee: Die Here kan 'n land van sy bewoners (ook van ons) vervreem en dit aan 'n ander gee (Ook aan ons vyande) as die bewoners van 'n land met Hom nie rekening hou nie. Nooit kan 'n volk sê: Omdat ons die land bewoon, daarom sal God ons altyd hier laat bly nie. Hy kan dit, ook met oorlog en verwoesting aan 'n ander gee.

Maar benewens onrus, bring die wete ook 'n vaste geloof mee wat 'n volk in gerustheid kan laat woon. 'n Geloof wat hom toelaat om met 'n vaste hand te werk en vrolik te wees oor al die dinge wat die Here aan hom en aan sy huis gegee het. Want solank ons na die stem van die Here ons God luister en doen soos Hy ons beveel het, dan kan ons in vaste geloof bid: Kyk tog uit u Heilige Woning, uit die Hemel, neer en seën u volk en die land wat U ons gegee het, soos u aan ons vaders met 'n eed beloof het, 'n land wat oorloop van melk en heuning (26:15).

24 November

Lees Deut. 27:1-10. **Teks:** Deut. 27:5.

TE VEEL GEVRA?

Dis opvallend dat die gedenkteken wat hier opgerig moet word, met kalk (gips) geverf moet word en dat die wet dan daarop geskryf moet word. Iets wat so geskryf word, kan nie lank hou nie.

Die doel van hierdie gedenkteken is dan ook nie bedoel om vir die nageslag bewaar te word nie, maar dis vir daardie geslag. Dit is om daardie geslag te herinner aan die verbond van God met hul voorvaders: dat aan hulle hierdie beloofde land gegee sal word.

'n Verbond word gesluit deur twee groepe met voorwaardes van elke groep. Die voorwaarde wat God stel, is: gehoorsaamheid: As Ek julle in die land ingebring het, moet julle My wette gehoorsaam wees. Gehoorsaamheid uit diepe dankbaarheid vir die uitvoering van die belofte.

Die eerste wat God hier verwag, is verering: 'n altaar vir offerhandes moet gebou word met klippe.

Het God hierdie verering onnodig moeilik gemaak vir die volk? Nee. God hou Hom by die wet wat Hy vroeër gemaak het: dat geen yster oor die klippe geswaai mag word nie; dit mag nie gekap word nie.

Die gekap van yster aan die klip sou die klip ontheilig (Ex. 20:25), maar dit bring ook mee 'n besparing aan tyd en krag by die volk:

God vra nie **te veel** van hulle nie; Hy maak dit nie moeilik vir hulle nie.

En vandag? Verwag God **te veel** van ons, as Hy verering, aanbidding vra in ons **huisgodsdiens,** twee **eredienste** per week en ons **kragte** wanneer ons hulp nodig is in die gemeente (om te bou aan die altaar van God)? Is dit te veel gevra as ons ten volle besef dat ons dit doen uit dankbetuiging teenoor God vir die allesoortreffende Gawe wat Hy eerste aan ons gegee het: die vergifnis van al ons sonde en die ewige lewe deur Jesus Christus?

25 November

Lees Deut. 31:9-13 en 24-29. **Teks:** Deut. 31:12 en 13.

TELKENS HOOR EN LEER.

Moses gee hier vóór sy dood die wetboek oor aan die Leviete (kerklike owerheid) en die oudstes (burgerlike owerheid). Die Hebreeuse woord wat in vers 24 met „boek" vertaal word, dui daarop dat dit 'n boekrol was, waarskynlik 'n papirusrol, omdat die „perkament" (behandelde velle) toe reeds lankal deur die papirus vervang is.

Hierdie boekrol met die wet daarop geskryf, is dan ook bedoel om langer te hou as die wet wat op die klippe geskryf is soos dit in Deut. 27:1-10 geskryf word.

Die wet, geskryf op gekalkte klippe, soos in Deut. 27 genoem, was bedoel vir dáárdie geslag. Die wetboek wat Moses aan die owerhede oorhandig, moes langer hou: dis nie net bedoel vir daardie geslag nie, maar vir alle geslagte. Dis bedoel vir die volk in sy geheel: manne, vroue, kinders en vreemdelinge in jou poorte.

Wat moet met hierdie wet gemaak word?

Die volk moet dit **hoor** en daaruit **leer** om God te dien.

Beteken dit dan dat die volk, daardie geslag, net nodig het om dit een keer te hoor?

Nee. Dit moet herhaaldelik **gehoor** en **geleer** word.

Hulle wet was hulle burgerlike riglyn, maar ook hulle godsdienstige riglyn.

Die Kerk van vandag het ook sy riglyn: sy belydenisskrifte. Om hierdie belydenisskrifte net een keer te hoor en te leer (tydens katkisasie), is nie genoeg nie. Die mens vergeet te maklik. Daarom: hou huisgodsdiens **gereeld,** gaan **gereeld** kerk toe, lees **gereeld** ons belydenisskrifte.

Só **leer** ons God in Christus dien tot ons sal oortrek om die ewige land in besit te neem om God ewig te dien.

26 November

Lees Deut. 28:1-14. **Teks:** Deut. 28:2.

AS JY LUISTER

In die vorige twee gedeeltes het ons gelees wat God die volk beveel het, nl. om *Hom te dien* en om dit *gereeld te doen.*

Hiér lees ons dat God 'n God is wat groot liefde vir Sy eie, Sy kinders het. Hulle wat *goed luister na die stem van die Here,* d.w.s. hulle wat God goed dien, hulle wat God lief het, het God ook lief. En soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor die wat Hom vrees. Hy is genadig oor Sy kinders. En hierdie genade stort Hy uit in seëninge.

Dit mag nou lyk of die volk eintlik hierdie seëninge moet verdien, deur *eers* die Here te dien.

So bedoel God dit nie, want dan sou die volk *niks* verdien nie, omdat hulle *niks kan* verdien nie.

Die verering van God is *verering uit dankbaarheid* vir wat God vir die volk gedoen *het,* beteken *het.* Die verering is 'n gevolg ná die goedheid van God.

Die seëninge is hierdie seëninge *tydens* die verering van God. Maar seëninge nie uit verdienste nie, maar uit die liefde van God vir hulle wat Sy eie is, vir hulle wat Hom dien.

Soos in die geval van Israel, was ons volk ook geseënd dwarsdeur ons geskiedenis, omdat die verering van God meestal daar was. Hoe vereer ons God vandag? Toe die nood gedruk het met die droogte, toe het ons geweet waar ons hulp is! Toe ons hulp ontvang het, het *elkeen* wat gevra het, ook dankie gaan sê?

Nie net dán nie, maar *elke dag* moet ons vra, *elke dag* dankie sê vir al die seëninge. Veral vir die grootste van al die seëninge: *Jesus Christus.*

27 November

Lees Deut. 29:9-19. **Teks**: Deut. 29:13.

VERNUWING VAN DIE VERBOND

God het 'n verbond gemaak met die aartsvader, Abraham (Gen. 17:7). Die kerngedagte van die verbond was: „ . . . om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou." *Om vir jou 'n God te wees!* So kort gestel, maar so kragtig!

Waar Moses aan die einde van sy lewe staan, omtrent sewehonderd jaar ná die verbondsluiting van God met Abraham, kan hy en die volk terugkyk op sewehonderd jaar agter hulle. Uit hierdie geskiedenis kon hulle duidelik sien wat die verbond van God beteken het, wat God bedoel het, toe Hy gesê het: „ . . . om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou." Want God *was met hulle,* veral gedurende die trek van Egipte na Kanaän.

En nou staan hulle op die punt om Kanaän binne te trek. Sal God nou ook met hulle wees?

Miskien om te verseker dat God met hulle sal wees, vernuwe Hy die verbond. Vernuwing beteken hier nie dat 'n nuwe verbond gemaak word nie, maar die ou verbond word net *bevestig* (vers 13): Hy *was* vir hulle 'n God; Hy *sal* dit ook in die toekoms *wees.*

In die Nuwe Testament word hierdie selfde verbond weer hernu. Maar nou eers word die res van die verbond, van God se kant, nagekom: Soos Hy belowe het aan Abraham, word 'n *menigte nasies* nou gereken as *Sy volk.* Deur Jesus Christus word die heidene, wat gelowig word, ook ingesluit in die nageslag van Abraham, in die volk van God: om ook vir hulle 'n God te wees (Gen. 17:4).

Hierin het ons reeds die voorsmaak van die ewigheid van die verbond wat met die wederkoms van Christus vervolmaak sal word: *„'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees."* (Gen. 17:7).

28 November

Lees Deut. 32:15-27. **Teks:** Deut. 32:17.

AFVALLIG VAN GOD

Hier staan Moses as profeet. Hy, beter as enigiemand anders, ken sy volk, hulle *goed* en hulle *kwaad.* Hy ken ook die volke in die beloofde land, Kanaän. Hy ken hulle afgodediens.

God maak dit aan Moses bekend dat Israel agter hierdie afgode sal aanloop en hulle sal dien. Op bevel van God dra Moses hierdie lied aan Israel voor (Deut. 32:1-43). Hierin vertel Hy hoe goed God was, maar hierin kondig hy ook die toekomstige afvalligheid van Israel aan: hoe hulle sal offer aan dit wat „nie-God" is, aan onbekende afgode. En dit terwyl die dade van God aan hulle baie goed bekend is. Agter die onbekende, die nuwe dinge hardloop hulle aan.

So het dit met Israel gebeur. So het dit ook met baie Christen-gelowiges gebeur. So vind dit vandag al meer en meer plaas. Die wêreld het Jesus Christus nou lank genoeg geken, lank genoeg

geweet wat Hy vir ons beteken het. Nuwe dinge, nuwe gedagtes, nuwe afgode het in die wêreld ingekom. Vir baie het Christus 'n legende geword. Vir baie het die gebeure rondom Christus en die betekenis daarvan onverstaanbaar en daarom onmoontlik geword. Wat nie verstaan kan word nie, kan nie geglo word nie, sê hulle. En daarom verwerp so baie Christus vandag as onwaar, as 'n versinsel.

Gelukkig is daar nog húlle wat aan die waarheid van Christus bly vashou en glo, en *gelukkig* sal hulle ook wees wanneer die einde aangebreek het, wanneer die afvalliges vir ewig sal huil met 'n gekners van tande in plaas daarvan om saam te jubel met blydskap en vreugde tot eer van God.

29 November

Lees Deut. 30:1-14. **Teks:** Deut. 32:43.

BEROU EN VERLOSSING

God is God van liefde. Daarom laat Hy — soos die gelese gedeelte dit noem — die moontlikheid oop van berou by die volk ná hulle afvalligheid: As hulle berou sou hê, sou Hy hulle weer terugneem en Hom ontferm oor die volk.

Híér word dit so gestel: *As* daar berou sou wees . . . Met ander woorde dit is nog nie verseker dat daar wel berou sal wees nie.

In die lied van Moses egter kondig Moses, ná die afvalligheid van die volk, ook die verlossing aan (Deut. 32:28-43). 'n Profesie vir die toekoms: Daar *sal* berou en verlossing vir die volk wees.

So is die verhouding tussen God en Sy volk vandag nog. Ons as gelowige mense is maar al te geneig om van God afvallig te raak: deur die oortreding van een of ander van Sy gebooie en bevele as gevolg van ons menslike natuurlike ingebore sondigheid; deur liggelowig, kleingelowig, of selfs ongelowig te word.

Dit weet God, maar Hy bring ons telkens weer terug na Hom. Deur Sy Woord en Gees bring Hy ons tot berou, tot bekering. 'n Berou of bekering wat elke dag van ons lewe daar moet wees. So sal ons voortdurend deel hê aan die versoening tussen God en mens.

Hierdie afvalligheid van God, berou en verlossing laat mens onwillekeurig dink aan die hoofgedagte in die Bybel: die sondeval van die mensdom in die paradys en die ewige straf as gevolg daarvan; die verlossing uit hierdie ewige straf deur die versoening van Jesus Christus vir almal wat hulle sonde besef (= berou het), wat hulle verlossing besef (deur Jesus Christus) en wat 'n waaragtige voorneme het om hulle dankbaarheid vir hierdie verlossing elke dag uit te leef in hulle *gedagtes, woorde* en *werke.*

30 November

Lees Deut. 34:1-12. **Teks:** Deut. 34:5.

DIE DOOD

Vandag kom ons aan die einde van die kerklike jaar. Môre begin die nuwe kerklike jaar met die eerste Adventsweek: dié weke waarin die koms van Christus herdenk word: die vier Sondae voor Kersfees.

Aan die einde van die kerklike jaar is dit gebruiklik om oor die dood na te dink. Soms word dan ook teruggedink aan die gestorwenes.

Moses kom aan die einde van sy Lewe. Voor hom lê die beloofde land. Sy oë gaan stadig oor die hele land, hy aanskou die belofteland. Slegs aanskou, want hy sal nie die voorreg hê om die land in te trek nie.

As mens, met menslike begeertes en verlange, het hy seker ook bitter teleurgesteld gevoel omdat hy nie die land kon intrek nie. God het dit egter anders beskik.

Dit gebeur dikwels in ons lewe dat dinge anders gebeur as wat ons verwag. Ons voel teleurgesteld. Veral wanneer die dood in ons groep ingetree het.

So het Moses ook gevoel. So het 'n groot deel van Israel seker ook gevoel toe hulle in die woestyn moes swerf om daar te sterf: ons sal die beloofde land nie ingaan nie.

Maar God het hiermee aan hulle getoon dat die dinge van hierdie lewe van minder belang is; selfs 'n beloofde land.

Ons begeertes en verlangens en genietinge, ook *ons* teëspoed, rampe, siekte in hierdie lewe is eintlik van minder belang.

Wat van groot belang is, is die dood. Want die dood is die einde van 'n kort tydjie hier op aarde. Die dood is die begin van 'n lang tyd hierna. Die dood is die ingang in die ewige beloofde land: 'n ewige en waaragtige belofte van Jesus Christus; die vervulling van ons grootste verlange.

1 Desember

Lees Sag. 1:1-6. **Teks:** Sag. 1:1.

DIE JAARTELLING VAN DARIUS

Danksy hierdie noukeurige datering wat vir ons gegee word in ons teksvers kan ons presies vasstel wanneer die profeet Sagaria begin spreek het. In die agtste maand, in die twee jaar van Darius het die Woord van die Here gekom tot Sagaria. Volgens ons jaartelling ongeveer in November 520 v.C.

Die ballingskap is vir 'n deel van die volk Israel verby. Verby die tyd wat Israel weggevoer was van hulle moederstad Jerusalem. Verby die tyd dat hulle God moes dien in die vreemde weg van Sy tempel. Tog het alle verdriet en smart nog nie vir hulle opgehou nie. 'n Deel van hulle is wel terug in die moederstad Jerusalem maar nog is volle onafhanklikheid nie aan hulle gegee nie. Hulle staan nog onder die juk van 'n vreemde volk. 'n Heidense koning, Darius van Persië, heers oor hulle. Die wêreldheerser Darius gee die toon aan. Die volk Israel, die volk van die Here, is slegs maar 'n klein onderdeel van 'n heidense staat. Selfs die profete van die Here moet sig aansluit by die skema van 'n heidense jaartelling soos blyk uit ons teksvers.

Voorwaar nog steeds 'n periode van duisternis vir die volk van die Here. Darius heers oor hulle. Tog is die periode nie so duister as wat dit lyk nie. Die Here het Sy volk nie vergeet nie. Soos deur die eeue heen kom Sy Woord nog tot Sy volk. „Die Woord van die Here het tot Sagaria gekom." Deur dié profeet wil Hy Sy volk opnuut roep tot geloof en bewaar in die geloof. Die volk het Hom soms verwerp en vergeet, maar Hy het hulle nie verwerp nie en hulle nie vergeet nie. In die lyn van die geslagte Iddo, Berégja en Sagaria gaan Hy voort om die verbond wat Hy eenmaal met Abraham gemaak het te bevestig van kind tot kind.

In die tyd waarin ons leef lyk dit ook soms of die heidense magte heersend is. Of hulle die oorhand oor die gemeente van Jesus Christus gaan kry. Lyk dit soms vir ons of die Here Sy volk vergeet het. In werklikheid is dit nie so nie. Die Here gaan voort om tot ons te spreek. Deur Sy Woord roep Hy ons nog steeds tot geloof. Word aan ons verkondig dat daar vir ons heil en lewe in Jesus Christus is.

2 Desember

Lees Sag. 1:7-17. **Teks:** Sag. 1:17.

RUS EN VREDE

Ongeveer in Februarie 519 v.C. ontvang die profeet Sagaria 'n reeks naggesigte. In die eerste naggesig sien die profeet 'n ruiter

op 'n bruin perd ry tussen die mirtebome wat in die diepte staan. Agter hierdie ruiter was daar 'n kommando van bruin, vos en wit perde. Al hierdie dinge is vreemd vir die profeet Sagaria. Hy verstaan dit nie.

Die tolk-engel wat al dié naggesigte uitgelê het vir die profeet begin om hierdie gesig aan hom te verklaar. Hy stel die man op die bruin perd wat uit die verband blyk die Engel van die Here te wees, aan die woord. Laasgenoemde deel aan die profeet mee: „Ons het die aarde deurkruis, en kyk, die ganse aarde is stil en rustig." Oppervlakkig beskou lyk dit of dit 'n goeie boodskap is wat hierdie ruiters bring. Alles op die ganse aarde is stil en rustig. Wat beters kan op hierdie aarde begeer word as rus en vrede?

Tog sien ons dat hierdie nie 'n goeie boodskap is nie. Die Engel van die Here hef nadat die boodskap van die ruiters oorgedra is 'n klaagtoon aan. „Here van die leërskare, hoelank nog bly U sonder ontferming oor Jerusalem en oor die stede van Juda?" Rus en stilte is teken daarvan dat die ware tyd van rus en vrede nog ver is. Die profeet Haggai het aangekondig dat die heilstyd eers sou aanbreek na 'n tyd van oorloë en gerugte van oorloë. Volgens die ruiters is daarvan nog geen teken nie. Die heilstyd is nog vér.

Die Here antwoord die Engel self met troosvolle woorde. Woorde wat die Engel daarvan verseker dat die heilstyd nog sal aanbreek. Die Here sal Hom nog ontferm oor Sy volk: „My stede sal weer oorstroom wees van goeie dinge, en die Here sal Sion weer vertroos en Hy sal Jerusalem weer verkies." Hierdie heilstyd wat sou kom, is die tyd van seën en voorspoed. Seën en voorspoed vir die volk van die Here nie op materiële en politieke vlak nie. Maar sien en voorspoed in Jesus Christus, die Messias, die Koning van die wêreld. Hemelse seëninge. Vergewing van sondes en ewige lewe.

3 Desember

Lees Sag. 1:18-21. **Teks:** Sag: 1:20.

MAG EN ALMAG

Hierdie tweede naggesig wat die profeet Sagaria ontvang het staan bekend as die visioen van die horings en die smede. Die horings sien die profeet Sagaria terwyl hy die smede eers bemerk nadat die Here hom dit laat sien het.

In die eerste plek word hier melding gemaak van die vier horings wat die profeet Sagaria gesien het. Op die vraag van Sagaria wat die vier horings beteken antwoord die engel: „Dit is die horings wat Juda, Israel en Jerusalem verstrooi het." In die Bybel wil die horings altyd teken wees van brutale krag. Voorstelling van die vyandige magte wat alles in hulle vermoë doen om die volk van God, die gemeente van Jesus Christus te verwoes en te vernietig. Hierdie horings is vier in getal. Die getal vier het hier simboliese betekenis. Dit dui die ganse vyandige mag aan wat van alle kante, van Oos en Wes en Noord en Suid trag om die ondergang van die volk van God te bewerkstellig. Die vyandige mag van alle kante, alle plekke en alle tye. Dié vyandige mag teen die volk word met die getal vier aangedui maar is in werklikheid net een mag. Die mag van Satan.

So aangegryp is Sagaria deur die beeld van die horings dat hy die verdere deel van die naggesig nie bemerk nie. Dan toon die Here aan hom vier smede. Hierdie vier smede stel die ganse beskerming van God oor Sy eiendom voor, op alle plekke en ten alle tye. Die smede, die mag van God is sterker as die horings, die mag van Satan. Die smede sal die horings neerwerp so is dit aan Sagaria hier bekend gemaak. So is dit vir ons op Golgotha geopenbaar. Daarom kan ons ook seker glo dat die vyandige magte wat vandag nog op die volk van die Here toesak nie sal seëvier nie.

4 Desember
Lees Sag. 2:1-13. **Teks:** Sag: 2:4.

DIE GODSTAD

Sagaria sien in hierdie visioen 'n man met 'n meetsnoer. Die profeet spreek hierdie man aan en vra hom: „Waar gaan u heen?" Die antwoord kom dan ook dadelik: „Om Jerusalem te meet, om te sien wat sy breedte en wat sy lengte is." Nouliks het hierdie man vir Sagaria gesê wat sy bedoeling met die meetsnoer is of daar verskyn die tolk-engel weer. Saam met die tolk-engel is daar nog 'n engel wat 'n opdrag van eersgenoemde moet uitvoer: „Loop gou, spreek met hierdie jongman en sê: Jerusalem sal lê soos 'n oop land weens die menigte van mense en vee daar binne-in."

Jerusalem sal 'n oop stad wees. Voorheen was dit 'n geslote ruimte. 'n Ruimte omring deur vier mure waarbinne die volk Israel gewoon het. Die volk van die Here. Hulle, Israel, is Sy uitverkore volk. Hulle woon in die Godstad Jerusalem. Die grense van hierdie stad sal wyer word. Dit sal 'n oop stad wees. 'n Stad wat geen grense het nie. 'n Stad wat sig uitstrek van Oos tot Wes van Noord tot Suid. Hulle wat voorheen nie deel was van die volk van God nie, sal nou ook Sy volk wees.

Dit is 'n ryk en heerlike beeld wat in vervulling begin gaan het toe Jesus Christus in die stad van Bethlehem gebore is. Verder is dit vervul toe Jesus Christus rondgegaan het om die Koninkryk van die hemele bekend te maak, die Ryk waarvan Hy kon sê: „dit is binne-in julle". Deur Jesus Christus se koms na die wêreld en alles wat Hy hier gedoen het, het Jerusalem 'n oop stad geword. Die hemelse stad waarin ons ook woning gekry het deur dit wat Hy op Golgotha vir ons gedoen het.

5 Desember
Lees Sag. 3:1-10. **Teks:** Sag. 3:4.

GENADE ALLEEN

In hierdie visioen gaan dit om die herstelling van Josua as Hoëpriester en tegelyk om die herstelling van die volk Israel as die volk van die Here. Die profeet Sagaria sien in 'n naggesig Josua die Hoëpriester voor die Engel van die Here staan. Voor die Engel staan ook die Satan om vir Josua aan te kla. Die klag teen hom volgens vers 3 is die feit dat sy klere vuil is. Volgens die oorspronklike teks het Josua besoedelde klere aangehad. Besoedelde klere wat teken is van sy sondeskuld. Die Hoëpriester is die verteenwoordiger van die ganse volk by God. Sy sondeskuld is verteenwoordigend van die sonde van die hele volk. Soos hy daar staan vol van sonde so is die toestand van die hele volk, die volk wat die volk van die Here is. Die volk, soos verwag word, wat nie vol van die ongeregtighede behoort te wees nie. Die Satan wil hierdie sonde van Josua en die sonde van die volk gebruik as klag waarom hulle nie weer in ere herstel kan word na die ballingskap nie.

Die Here self kom en spreek Sy oordeel oor Satan uit vanweë hierdie klag. Hy self kom en ontferm Hom oor Josua en die volk Israel. Uit hulle self het hulle niks gedoen om deur die Here in genade aangesien te word nie. Eerder het hulle Sy oordele verdien. Die vuil klere, die sondeskuld word van Josua weggeneem en daarmee ook van die volk Israel. Die Hoëpriester en die volk word weer in ere herstel. Die noue verbondenheid tussen God en mens is weer daar. Die gebroke band is weer geheel. Die sondeskuld is weggeneem. Nie deur die mens nie maar deur God die Vader self wat Sy Seun Jesus Christus na hierdie wêreld gestuur het deur wie hierdie naggesig aan Sagaria in vervulling gegaan het.

6 Desember

Lees Sag. 4:1-14. **Teks:** Sag. 4:2 en 3.

KANDELAAR EN BOME

In die vierde naggesig sien die profeet Sagaria 'n kandelaar van goud met sy oliekan bo-oor hom. Die kandelaar het sewe lampe. Na die lampe loop daar elkeen sewe aanvoerpype. Langs die kandelaar staan daar twee olyfbome. Een aan die linkerkant en een aan die regterkant.

Besonder moeilik is hierdie visioen. Dit sou seker nie verklaar kan word indien ons nie van ander skrifgedeeltes gebruik maak nie. In Openbaringe lees ons dat die kandelaar die beeld van die gemeente is. En as dit geld van die Nieu-Testamentiese gemeente dan geld dit seker ook van die volk van die Ou Testament, Israel.

Uit al dié volke is Israel bestem om die lig van God se genade te laat uitstraal in die duisternis van die heidendom van daardie tyd. In hierdie opsig het hulle tekort geskiet. In plaas van om God se genade aan die heidense volke bekend te maak, het hulle self saam met die heidene die afgode gaan dien. Ja die volk was in werklikheid onwaardig gewees om kandelaar te wees. Hulle is uitgedryf en weggevoer na Babel. In die visioen met die kandelaar word aan Sagaria geopenbaar dat die Here Israel weer wil gebruik in Sy diens. Die lampe sal weer brand. Israel moet weer getuienis lewer van die almagtige God wat Sy verbond bevestig van geslag tot geslag.

Die lampe brand nie self nie. Israel kan op eie krag nie sy lig versprei onder die nasies nie. Die lampe moet die olie kry van die olyfbome. Israel moet die geestelike leiding kry van hulle koning en priester Serubbabel en Josua wat die twee bome voorstel. Die profeet en die koning wat heenwys na die groot Profeet en Koning Jesus Christus. Hy wat aan die gemeente „olie" verskaf, wat Sy genade oor ons uitgestort het, die enigste bron op grond waarvan Sy gemeente ligdraers in die duistere wêreld kan wees.

7 Desember

Lees Sag. 5:5-11. **Teks:** Sag. 5:8.

OPRUIMING

In die sewende naggesig sien die profeet Sagaria 'n efa, 'n Joodse inhoudsmaat. Binne in die efa is 'n vrou. Hierdie beeld so sê ons teksvers stel die goddeloosheid voor. Volgens vers 6 kom hierdie goddeloosheid nog voor onder die volk van die Here. Nieteenstaande al hulle ywer in Sy diens, al hulle opofferings om Sy tempel te voltooi heers die sonde nog in hulle midde.

Die vrou in die efa probeer uitkom. Sy word teruggewerp en deur twee vroue weggevoer na die land Sinear. Dit is die land waarvan Babel die hoofstad is. By uitstek die beeld van die plek waar die sonde heers. Daarheen sal die vrou in die efa, die goddeloosheid weggevoer word. Deur hierdie visioen word dit duidelik aan die profeet Sagaria dat die Here God self die ongeregtigheid onder Sy volk sal verwyder. 'n Heerlike voorspelling moes dit vir die profeet gewees het. Hy weet hoe menigmaal God die volk al opgeroep het om hulle sonde af te lê en dat hulle nie daartoe instaat was nie. Dit wat die volk nie kan doen nie sal die Here nou self doen vir hulle. Die oorwinning wat hulle self nie kon behaal nie, sal Hy vir hulle behaal. Hulle was bestem vir die ewige dood vanweë hulle sonde, maar omdat God self die goddeloosheid onder hulle sal wegneem nou bestem tot die ewige lewe. 'n Belofte wat heenwys na Jesus Christus. Deur Hom word die sonde verban uit die midde van die volk van die Here tot in Sinear. Deur Hom word die mens vry

van ongeregtighede. Kry die mens deel aan die vergewing van sondes en die ewige lewe.

8 Desember
Lees Sag. 9:1-8, Ps. 34. **Teks:** Sag. 9:8.

DIE WARE EN EWIGE BESKERMING

Beskerming. Daarna smag elke mens, stam, taal, volk en nasie. Hierdie ideaal het die mens vanaf die vroegste dae nagestreef. Na die val in die paradys en die gevolglike verbanning daaruit, het die mens hom ten doel gestel om homself en sy eiendom te beskerm en beveilig teen alles en almal wat 'n moontlike bedreiging bied. Deurdat hy stede en skanse gebou het, het hy gedink dat hy daarin geslaag het. Maar dit is inderwaarheid verreweg daarvan! Die eintlike bedreiging wat daar is, die sonde en die dood is deur hierdie skanse nie afgeweer en beëindig nie. Die waarheid is dat die duiwel en sy magte juis binne die vestings wat die mens opgerig het kom saamwoon het en sy vernietigingswerk kom voortsit het.

Hierop wys die profeet. Hy toon die tekortkoming aan. Want die Here God trek op teen die verskillende magte. Hy doen besoeking by die verskillende volke, hulle stede en die afgodsdienaars. Die een vesting na die ander val. Hulle word almal in hulle verwaandheid gekrenk. Hulle vestings het ook teen God nie die nodige beskerming gebied nie.

Na hierdie aanslag deur God op die magte van die duisternis trek God 'n laer om hulle wat Hy as syne uitverkies het. Hy maak hulle deur die gawe van Sy Seun vry uit hulle vorige gebondenheid. Deurdat hulle gekoop is en tot Sy eiendom gemaak is word hulle die inhoud van sy laer. Aan die mense wat deur 'n opregte geloof in Jesus Christus ingelyf is en aan Hom verbind is, bied Hy Sy beskerming; geniet hulle, dit is die gelowiges, die ware beskerming. Het u wat glo deelgenootskap verkry aan die ewige vrede en beskerming van God? Sy liefde vir die berouvolle skuldbelydende sondaar vorm 'n laer om die kring van gelowiges.

Geen vreemde mag sal daardeur kan breek en toegang daartoe verkry nie. Geen aanslag sal ooit met welslae op daardie laer en sy inhoud gemaak word nie. „'n Vaste burg is onse God, Sy volk sê veil'ge hoede; Sy albestuur waak oor ons lot, Hy stuit die vyands woede. Al ruk die Satan aan met wapperende vaan; Al is sy pantser sterk, Bedrog en lis sy werk — God word nooit strydensmoede."

9 Desember
Lees Sag. 9:9-17, Matt. 21:1-11. **Teks:** Sag. 9:9.

DIE VERLOSSER KOM!

Waarin sal die dogter van Sion, die kind van geloof, haar verbly? In die feit dat sy 'n tyding ontvang het. Haar verlosser kom. Hy kom as Koning. Hy kom om te dien. Maar nog meer, nie om as oorwonne vors te dien nie, maar om as oorwinnaar sy volk te bedien met die gawes wat Hy tot hulle heil aanwend.

Wie is hierdie Koning? Dit is Hy wat nederig op 'n esel ry. Hy, die vors van vrede, wat die vrede met God bring kom op 'n pakdier die Heilige stad binne. Dit is deel van Sy koms in die wêreld, deel van die vernedering wat uiteindelik sou uitloop op die ewige en volkome oorwinning.

Jesus Christus onse Heer het dit nie roof geag om aan God gelyk te wees nie. Hy het die feit dat Hy die eniggeborene is, nie as buit beskou wat Hy gewen of verdien het en nou ten alle koste moes verdedig en behou nie. Daarom het Hy homself om ons ontwil, om ons redding en saligheid, ontledig en 'n mens geword. Om u en my ontwil het Hy Hom verneder en die diepste dieptes van menswees

betree. So het Hy Hom met ons sondes en ongeregtighede besondig en bevlek. En Hy kom op 'n esel. Wat 'n aantog; Maar dit loop uit op die oorwinning aan die kruis. Daar het Hy kon uitroep: „Dit is volbring!"

In hierdie gebeure lê die rede vir blydskap en vreugde opgesluit. Want net so diep soos die dieptes van Sy vernedering was, net so hoog het geword die hoogtes van Sy verheerliking. En saam met Hom, Sy gemeente. Sy kosbare skat wat Hy vir Hom in die wêreld losgekoop het met Sy kosbare bloed.

Daarom, verheug jou o dogter van Sion. Juig, o dogter van Jerusalem. Kyk jou koning kom na jou. Eens as die vernederde uitgeworpe en verstote „koning van die Jode". Nou die verhewe, seëvierende, regerende vors van die Lewe. Ewig koning in die hemele. Hy is regverdig. Hy is die oorwinnaar. En nog meer: Hy kom! Met die wederkoms kom Hy as die oorwinnaar op die wolke. Hy kom om Sy koninkryk te vestig, om Sy ewige beloftewoord te bevestig. Juig daarom, o gelowige, jou Koning kom. Hy kom om jou te neem tot Hom!

10 Desember

Lees Sag. 10:1-11:3 en I Petrus 2:1-10. **Teks:** Sag. 10:2.

DIE GEMEENTE, DIE KUDDE VAN DIE HERDER

„Bid tot die Here," sê die profeet. Dit is Hy wat Sy skepping in stand hou en onderhou. Keer terug na die tyd voordat julle julle na towery, waarsêery en voorspellinge van mense gewend het en teleurgesteld en bedroë daarvan afgekom het. Omdat hulle geen herder gehad het nie, het hulle hulle op dwaalweë begewe wat op selfvernietiging uitloop. 'n Kudde wat geen herder het nie of wil hê nie maak op eie krag staat, wil hulleself lei en beskerm. Dit kan net nooit slaag nie. Die stem van die vreemdeling sal alleen maar struikeling en rampspoed bring. Hy het geen belang by die herderlose kudde nie behalwe dat hy hulle tot sy eie voordeel misbruik.

Die mens wat op sy eie wysheid en kennis vertrou, die volk wat hom nie op die Here verlaat nie, maar sy eie woord hoër ag as die Woord van God, sal verseker ten gronde gaan.

Die profeet wys in sy woord aan die volk op hierdie onomstootlike waarheid. Daarom rig hy hulle oog en oor terug na die Here en verwerp hy die tydelike mensgemaakte middele waaraan die mens hom so maklik verbind. Omdat die mense sonder herder wil wees het hulle weggeswerwe en het hulle hulle in 'n groot verdrukking bevind. Daarom moet die oë weer na Hom gewend word, die Opperherder van die gehoorsame en gelowige volk.

Die mens wat sy swakheid besef wend hom na die goeie Herder wat juis gekom het om die kudde te spaar. Jesus Christus die gestuurde van God het gekom om die kudde wat sonder herder was byeen te vergader en as Sy kudde te bewaar tot op die dag van Sy wederkoms. Want dan kom die Opperherder om Sy kudde vir ewig te verseël as Sy eiendom. Hierna sien die kudde, ja ons as gemeente gesamentlik en as lidmate afsonderlik met verlange uit. Want dan sal die woord volkome vervul wees: „Ek is die goeie herder, en Ek ken my eie en word deur my eie geken."

11 Desember

Lees Sag. 11:4-11:17. **Teks:** Sag. 11:17.

OORDEEL EN VRYSPRAAK

In hierdie gedeelte word die oordeel aangekondig oor die volke van die wêreld asook oor Israel. Die herder van wie hier gepraat word is nie die goeie herder wat die kudde bewaar nie. Hy kan

dit nie wees nie, want hy is Herder van die slagskape. Hiermee wil die profeet uitdruk dat die oordeel aan die kom is. Daarby is daar egter 'n ander vasstaande feit: die oordeel is voorganger van die heilstyd wat sal aanbreek.

Die hele volk, sy heersers, sy herders stuur af op 'n geweldige ramp vanweë die gerig wat as gevolg van die sonde uitgeoefen sal word. Die kudde sal in dié tyd deur die herders uitgebuit en uitgelewer word.

Maar dan kom daar 'n ommekeer. Die dwase en nikswerd herders wat die kudde gekwel en uitgeroei het sal self ook getref word. Die mees onmisbare organe, die regterarm en regteroog sal getref word. Hulle mag word vernietig. Hulleself word geoordeel. Hulle sal die kudde, solank getreiter en geteister, nie langer kan kwel nie. Met hierdie gebeure word die onheil oor die uitverkore volk afgewend en die toorn van God word nou genade Gods. Deur die versoening wat daar in Jesus Christus teweeg gebring is word Gods Woord van Gerig nou Woord van Genade. Die toorn van God wat weens die menigvuldige oortredinge van die mens, sy aangebore sowel as sy daadsondes, geheers het word deur dié daad van Christus weggedra en in die plek daarvan kom Gods genade. Die toorn wat ontvlam het teen die ganse menslike geslag, ja ook teen my wat in sonde ontvang en gebore is en daarom alleen tot alle kwaad geneig is, word deur die offer van die goeie Herder gestil. So is die oordeel wat vir die slagskape bestem was deur die Lam van God weggeneem en uitgedien. Daarom kan die kudde eens sonder herder en gekwel deur listige en slegte herders nou in vrede wei tot op die dag van wederkoms wanneer hulle deur die Goeie Herder na waters van ewige rus geneem sal word.

12 Desember

Lees Sag. 12:1-14 en Matt. 1:18-25. **Teks:** Sag. 12:10.

VERLOSSING UIT GENADE

Aangesien ons dan na die regverdige oordeel van God tydelike en ewiglike straf verdien, is daar enige middel waardeur ons van hierdie straf kan vrykom en weer tot genade kom? Ja, daar is 'n middel. Maar dan net die een! Deur so 'n Middelaar wat tegelyk waaragtige God en waaragtige mens is. Wie hierdie Middelaar is leer ons uit die Heilige Skrif: „Ons Here Jesus Christus wat deur God aan ons geskenk is. Ons Heiland wat in die gestalte van 'n Kneg in die wêreld gekom het om God in alle gehoorsaamheid te dien en ons daardeur vry te pleit."

'n Wonderbare verlossing uit genade alleen. Wonderbaar inderdaad! Ons het geen deel daarin gehad of iets daarvan verdien nie. Daarom kan ons alleen maar sing; Genade bo genade. Want Hy skenk die verlossing aan elkeen wat Hom in opregte geloof en vertroue as verlosser aanneem.

Die volk van die ou verbond het met verlange na die Messias uitgesien. Hulle verwagting was op Hom gerig wat belowe is en eenmaal sou kom. En toe Hy kom? Toe die profesië vervul is? Nee, toe het hulle in ongehoorsaamheid en ongeloof getwyfel en Hom as Messias verwerp. Christus die Messias het gekom om sondaars te red wat andersins verlore sou gaan. Maar so 'n mens het hulle nie nodig gehad nie. Hulle kon immers die geregtigheid deur die nakoming van die wet voor God verdien. Wat hulle eintlik verlang het was 'n man wat die oorheersers sou verdrywe en die koninkryk van Israel sou herstel. Daarom het hulle Hom verwerp en Hom gekruisig.

Maar nou het dit geblyk dat al hierdie dinge in die raad van God bestem was om te gebeur. Want in dieselfde stad waarin Hy

veroordeel is en buite wie se mure Hy gekruisig is, het Sy eerste gemeente ontstaan, gegroei en gebloei. In dieselfde stad is die Heilige Gees, die ander Trooster op hulle uitgestort en is hulle wat tot Sy diens geroep is bekwaam gemaak vir hulle taak om die evangelie in Jerusalem en die hele wêreld te verkondig. En dit het hulle ook gedoen. Maar dan nie uit eie krag vertrouend op hulle eie mag nie. Met die oog na bowe het hulle gewerk en gearbei. Dit is die gesindheid waarin daar gewag en gewerk word: met die oog na bowe gerig op Hom wat eenmaal as Messias verwag is maar deur die mens verwerp is. Hy wat Hom as die goeie herder betoon het en hulle wat in Hom glo nou versamel, beskerm en bewaar. Hy, die Christus, wat deur ons, die volk van die Nuwe verbond weer verwag word om ons met Hom weg te neem na die woning wat Hy in die tyd tussen Hemelvaart en Wederkoms vir ons berei.

13 Desember

Lees Sag. 13:1-9 en Openb. 7:9-7. **Teks:** Sag. 13:9b

ONS SY EIENDOM

Hierdie woorde van ons teksvers is onderdeel van die bekende profetiese prediking aangaande die res, d.i. die wat sal oorbly aan die einde van die dae, wat die oordeel sal ontkom, maar wat deur die oordeel heen sal moet gaan. Deur hierdie loutering wat hulle ondergaan word hulle gereinig en geheilig soos goud en silwer deur vuur heen. So vorm die res die kern van die nuwe volk wat in alle waarheid en volkomenheid aan God behoort.

Deurdat die sonde vernietig word, word 'n nuwe volk gebore. 'n Volk uitverkies in Jesus Christus tot die ewige lewe. Daarom sê Christus dat Hy in die wêreld gekom het om te red wat verlore was. Hy het gekom om sondaars te red wat andersins verlore sou gaan. Hy het gekom om hulle wat geen volk was nie tot Sy volk te maak. Sy volk — die volk van die nuwe verbond.

Sal almal aan hierdie volk behoort? Nee, nie almal nie, maar alleen hulle wat deur 'n opregte geloof in Hom ingelyf is en Hom met opregte vertroue as hulle Saligmaker aanneem en bely. Want so staan geskrywe. So lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore sou gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Hulle sal die gerigte nie vryspring nie. Nee, hulle sal ook daardeur getref word, daardeur gelouter en beproef word. Maar hulle sal nie ondergaan nie. Hulle sal nie vanweë die gerigte verlore gaan nie. Want hulle behoort aan Christus en Christus aan God. Hulle is Sy kosbare besitting, losgekoop met Sy bloed. Daarom sê die Here: Hulle is my volk, en hulle bely: U is ons God.

Met die koms van die Here Jesus Christus in hierdie wêreld het die beloftes van die ou verbond in vervulling gekom. Het hulle werklikheid geword. Met Sy wederkoms waarna ons met verlange uitsien sal dit weereens bevestig word.

14 Desember

Lees Sag. 14:1-2 en Psalm 47:1-10. **Teks:** Sag. 14:9.

ONS ENIGSTE KONING.

Die voorafgelese gedeelte spreek van geweldige uitwendige veranderinge. Maar van oneindige groter betekenis is die geestelike veranderinge waarvan ons teksvers spreek.

Wat 'n geweldige ommekeer is dit nie in vergelyking met die opvattinge en begeertes van die mens nie. Ja selfs die volk Israel, hulle aan wie God Hom deur Sy profete geopenbaar het, wou soos die omringende onkundige volke 'n koning hê om oor hulle te heers.

Maar nou spreek ons teksvers van 'n ander toestand. 'n Toestand soos God dit begeer. Dat die hele land een groot Koninkryk van die Here sal wees en dat elke mens Hom as Koning sal erken en bely. Dat Sy grote Naam die enigste sal wees wat geldend sal wees. En dit was dan ook die hele doel en betekenis met die mens van die skepping af. Dat God die mens se Koning en Heer sou wees en dat die mens Hom sou ken, lief hê en ewig met Hom sou lewe en regeer. Daarom het God die mens so goed en reg geskape. Ja, na Sy beeld het God die mens geskape. Deur die sondeval het alles tot niet gegaan. Die mens het uit ongehoorsaamheid in jammerlike ellende verval. Hy het 'n huurling van die sonde en die ongeregtigheid geword.

Met die koms van Jesus Christus en die totstandkoming van Sy gemeente hier op aarde deur Sy bloed en verdienste word die dinge in Hom weer volkome herstel. Hy, die Christus, is die enigste Koning, die Heer van Sy Kerk. Na Hom sien die hele volk, die gemeente van die Nuwe Testament, met dankbaarheid en liefde op. Hulle leef vir Hom om Hom te dien en te verheerlik. Dit is die enigste rede vir hulle bestaan. Dit is die vreugde van Christen wees.

Maar dit is nie al nie. Hierdie volk leef nie met die oog op hierdie lewe alleen nie. Hulle het 'n toekomsverwagting. Hulle het 'n wonderlike vooruitsig as gevolg van die heerlike toesegging wat hulle ontvang het. Hulle verwag uit die hemele hulle Heer en Heiland aan die einde van die dae. En met Hom die ewige stad uit die hemele, 'n stad nie met hande gemaak nie. Hulle stad waarin hulle ewig met Hom gaan woon. Met die dag sal alles volkome wees. En God sal alles wees in almal.

15 Desember

Lees Jes. 57:14-21. **Teks:** Jes. 57:19.

'N LOFLIED VAN DIE TREURIGES.

As ons hierdie teksvers wil verstaan, sal ons eers moet vasstel wat dit beteken om „die vrug van die lippe" te skep. Verklaarders van die Skrif stem saam dat ons hier met 'n uitdrukking te doen het wat beteken: om lofliedere voort te bring, lofliedere in die mond te lê. Dit dan is die verrassende boodskap wat die profeet aan Israel verkondig: Ek, julle God, sal lofliedere op julle lippe lê. Israel sal weer blydskap ken sodat hy kan sing tot eer van die Here. Dit lyk byna onmoontlik. Dink aan al die vernedering, al die smart, al die lyding wat die ballingskap oor hierdie mense gebring het. Dink aan Sion wat in puin lê, aan Jerusalem wat 'n wildernis geword het. Sal hierdie volk weer kan sing nadat die lofsang so lank verstom het en die harp aan die treurwilgers gehang het? Natuurlik het hulle alles dubbel en dwars verdien. God het Hom in toorn verberg, maar dit het Israel nie nader aan Hom gebring nie. Hulle het afkerig voortgegaan op hulle eie weg. God bly egter getrou en vergeet nie Sy verbond nie. Hy kom tot Sy volk se redding. Hy bied vertroosting aan die treuriges en beloof dat Hy weer 'n loflied sal skep. Dis 'n belofte vir die wat ver en die wat naby is, die wat nog in die verstrooiing is, en die wat in en rondom Jerusalem woon. Aan hulle almal word vrede beloof: omvattende heil wat uiterlike voorspoed en innerlike vrede omvat.

Die apostel Paulus praat later van die evangelie van vrede wat verkondig is aan die wat ver was, n.l. die heidene, en aan die wat naby is, n.l. die Jode. In Christus, ons Vrede, is die belofte van ons teks volkome vervul. Ook ons was ver, en het vrede, heil, verlossing in Hom gevind. Daarom kan ons ook met die vrug van die lippe Kersfees tegemoet gaan en sing van die vrede wat alle verstand te bowe gaan.

16 Desember

Lees Jes. 58:13 — 59:2. Teks: Jes. 58:13, 14.

SOOS 'N SABBAT

Al die heilsdade van God in Christus Jesus gewerk, is vir die kerk feesdae. In hierdie tyd berei ons ons voor vir die eerste groot feesdag van die kerk, n.l. Kersfees. Maar hier kort voor Kersfees vier ons ook 'n groot volksfees, n.l. Geloftedag. In die lewe van ons volk is dit 'n baie betekenisvolle dag. Die Trekkers wat hierdie gelofte gemaak het, het ons, hulle nageslag, vir al die jare na 16 Desember 1838, gebind om hierdie gelofte gestand te doen. Geloftefees is nie 'n fees vir dartelende vrolikheid nie, maar vir gewyde erns, want dis 'n feesdag wat die gees en karakter van 'n Sondag dra. Die vadere se wens was immers dat die oorwinning by Bloedrivier gedenk sal word soos 'n sabbat. Dis dus 'n godsdienstige volksfees. 'n Dag vir Gods Woord. Die Sabbat of Sondag is voor alles 'n feesdag en dis veral 'n feesdag omdat 'n mens jou eie werk kan neerlê as nie die belangrikste wat in die wêreld gedoen moet word nie, en jou kan verheug en verlustig in die eintlike werk wat gedoen moes word, die werk van God in Christus, eens, vir altyd en vir almal. Die Sondag is 'n blye feesdag van rus en onbekommerdheid, omdat 'n mens met vertroue kan rus en berus in die werk van God. En nou is daar ook betekenis in dat ons geloftefees kort voor Kersfees vier. Die glans van Kersfees, die kerkfees, kan ook op ons volksfees val. En as die heerliker glans van Kersfees oor die volksfees val kan hy nog groter en betekenisvoller word as hy deur Gods genade vir ons 'n heenwysing is, nie alleen van die ingrype van God in die tydelike bestaan van 'n volk nie, maar in die ewige bestemming van die wêreld. As ons hierdie dag soos 'n sabbat vier, op God vertrou en afsien van ons eie belang en die versekering daarvan deur eie kraginspanning, sal ons met vertroue die toekoms tegemoet kan gaan en ondervind dat die hand van die Here nie te kort is om te help nie, en Sy oor nie te swaar is om te hoor nie.

17 Desember

Lees Jes. 60:17-22. Teks: Jes. 60:20.

EWIGE LIG.

In die wêreld, in die lewe van 'n volk, in die lewe van 'n mens, kan dit soms baie donker word, kan dit op verskillende maniere donker wees. Daar is in die wêreld ook lig en ligte van allerlei aard wat probeer om die duisternis te verdrywe, skitterligte, betowerende ligte, veelkleurige ligte. Daar is in die wêreld veral baie dwaalligte. Die digste duisternis en die oorsaak van alle donkerheid, is die sonde, want sonde is ongeloof, ongehoorsaamheid, afkeer van God wat lig en die bron van alle lig is. Die profeet kom in ons tekswoorde met 'n beloftewoord van God na sy volk wat as gevolg van hulle sonde in duisternis sit. Hy sê: die Here sal vir jou wees 'n ewige lig. Hierdie woord het vir Israel uitsig op die toekoms gebring, en daarom het daar vir hom lig gekom, al was dit nog duister.

Die Ou Testament en die Nuwe Testament staan tot mekaar in die verhouding van belofte tot vervulling, ook wat hierdie belofte van lig betref. Die waaragtige lig wat elke mens verlig het in Jesus Christus in die wêreld gekom, in die wêreld van sondeduisternis. Dit was 'n heerlike lig, want dit was vol van genade en waarheid. Christus sê: Ek is die lig van die wêreld. Waar Hy is, wyk die duisternis, Hy vergewe die sonde. In Sy lig sien ons dat die belofte wat aan Israel gemaak is veel verder as die eertydse Godsvolk strek, dit geld ook ons wat deur die doop in Christus ingelyf is. Soos vir die ou Godsvolk is hierdie woord ook vir ons in

ons duisternis van velerlei aard 'n woord wat lig bring, wat uitsig bring op die toekoms, want ons verwag 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde, die nuwe Jerusalem wat deur die heerlikheid van God verlig word, en die Lam is sy lamp.

18 Desember
Lees Jes. 61:1-11. **Teks:** Jes. 61:1.

GOEIE BOODSKAP.

Die profeet wie se prediking vir ons in die laaste hoofstukke van die boek Jesaja bewaar gebly het, word soms die evangelis van die Ou Testament genoem, 'n Evangelis is die draer van 'n goeie boodskap. Hierdie profeet bring vir sy volk 'n goeie boodskap in 'n baie donker oomblik van sy lewe. Dit is inderdaad 'n goeie boodskap om in 'n tyd van smart en verdrukking te verneem dat gebrokenes van hart verbind, dat gevangenes en geboeides vrygelaat sal word. Dit was Martin Luther wat een keer gesê het dat die Skrif die krip is waarin Christus lê. Daarmee het hy bedoel dat Jesus Christus die inhoud van die Bybel is. Dit is hierdie besondere inhoud wat die Bybel so 'n besondere boek maak. As die deur van hierdie boek vir ons oopgaan deur die werking van die Heilige Gees in prediking of bybellees, kom Christus ons daaruit tegemoet. Nie net in die Nuwe Testament nie, ook in die Ou Testament het ons die getuienis van Christus. Nadat Jesus met Sy openbare werksaamheid begin het, het hy een keer ook in die sinagoge van sy tuisdorp opgetree. Hy het uit hierdie selfde hoofstuk gelees en vir die aanwesiges gesê dat hierdie woorde op daardie dag in hulle ore vervul is. Die goeie boodskap wat Jesaja in die verlede tot sy volk gebring het, is in Hom vervul. Hy het gekom om die gebrokenes van hart en die sonde-gebondenes te verbind en vryheid skenk. Hy is die troos en vryheid van die verlorenes. Die eiegeregtigde mense van Nasaret wou Hom egter nie as verlosser hê nie, maar hulle het Hom as wonderdoener gesien en verwag dat Hy in Sy tuisdorp die mees sensasionele wonder sou verrig. Uiteindelik het dit op groot woede en verwarring in Nasaret uitgeloop. Jesus is uitgedrywe. Hy het Nasaret verlaat. So maak Hy nou nog. Die wat Hom nie as Heiland en bevryder van sonde wil aanneem nie, verlaat Hy. Dis vreeslik . . . vir Nasaret, die eiegeregtigdes, 'n selftevrede kerk.

19 Desember
Lees Jes. 62:1-12. **Teks:** Jes. 62:1.

TER WILLE VAN SION

Toe die profeet hierdie prediking tot Israel gerig het, was daar weinig oor van die glans en glorie van Jerusalem, die hoofstad, die tempelstad. Die eens heerlike stad, die vreugde en trots van elke Israeliet, was verlate en woes, vol puinhope. Dit is tog 'n smartlike ondervinding om 'n plek wat altyd netjies en versorgd was en wat 'n mens met soveel trots vervul het, later verwaarloos en in puin te moet aanskou. So was dit hier. Sion het 'n woestyn geword en Jerusalem 'n wildernis. Maar dan begin die profeet in gloeiende taal van Jerusalem te praat. Ter wille van Sion en Jerusalem sal hy nie swyg nie. Hy praat van geregtigheid en heil wat daar sal brand soos 'n fakkel, van heerlikheid wat die nasies en konings sal aanskou, van 'n nuwe naam waarmee dit deur God genoem sal word. Die verwagtings wat die profeet koester en waarvan hy spreek, gaan die sigbare Jerusalem ver te bowe. Dit word die verwagting van die nuwe Jerusalem, die Koninkryk van God waar geregtigheid en heil sal skitter. Die profeet het homself as wagter beskou wat deur God oor Jerusalem aangestel is. Die kerk is die voortsetting van hierdie roeping. Die kerk is nie 'n doel op homself nie, maar is

gerig op die Koninkryk, die nuwe Jerusalem. Hy verkondig hierdie Jerusalem wat kom, wat Christus bring. Soos die profeet nie kon swyg nie, al was daar geen glorie van Jerusalem sigbaar nie, so mag die kerk ook nie swyg nie. Daar is baie in die kerk wat in puin lê. En dikwels staar ons ons blind teen mense en dinge in die kerk wat nie goed en reg is nie. Tog mag die kerk nie swyg nie. Nie in die verkondiging nie, nie in gebed nie. Ons is op pad die ewige Jerusalem tegemoet. Jesus het gekom. Hy kom weer. Ons is van Sy eerste koms op pad na Sy tweede koms; ons mag nie rus nie, ons moet die kerk opbou met woord en daad terwille van die nuwe wat kom.

20 Desember

Lees Jes. 64:1-7. **Teks:** Jes. 64:1a.

GOD GRYP IN.

Die hemel is die woonplek van God. Maar dit beteken nie dat Hy wat hemele en aarde gemaak het, 'n verre, onbewoë, afsydige God is nie. God het wat Hy in aansyn geroep het nie aan hulle eie lot oorgelaat nie. Die Skepper staan by Sy skepping. Wat God gemaak het, versorg en onderhou Hy ook. Soms lyk dit of God vergeet en nie meer aan ons dink nie. Soms lyk dit of die hemel gesluit is, of God nie hoor nie, nie sien nie. Veral in tye van langdurige nood lyk dit of 'n mens se hulpgeroep teen 'n koperhemel vasslaan. Dit was in so 'n tyd van groot nood in die lewe van die volk van God dat die profeet verlang het na 'n kragtige ingrype van God uit die hemel. As God tog maar die hemele wat so stil en onbewoë is, wou skeur en neerdaal tot beskaming van Sy vyande en tot hulp van Sy gemartelde volk. As daar tog maar 'n opspraakwekkende daad van die kant van God wou geskied. Die Nuwe Testament vertel ons van 'n sekere rykman wat na sy dood die oë opgeslaan het in die plek van pyniging. Toe het hy gedink aan sy broers op aarde en gevra dat iemand uit die dode aan hulle moet verskyn sodat hulle hul kan bekeer. So 'n sensasionele gebeurtenis word egter afgewys, en hy verneem dat hulle moet luister na Moses en die Profete. Dit is voldoende. Moses en die Profete: hulle getuig van die grootste wonder denkbaar: die hemele het geskeur, die hemele het oopgegaan en God het neergedaal na ons mense, Hy het ingedaal in ons lewe en lot, ons nood en dood, sodat daar nou geen plek in lewe en in sterwe is waar ons sonder Christus ons Heiland is nie. Daarin lê die vreugde van die Kersfees wat ons weer gaan vier. Laat daar in ons Kersfeesviering plek wees vir Moses en die Profete, dan word dit waarlik Christusfees, want Hy wat uit die hemel neergedaal het, woon by ons in Sy Woord.

21 Desember

Lees Jes. 65:1-7. **Teks:** Jes. 65:1.

NIE GESOEK EN TOG GEVIND.

In die vorige hoofstuk hoor ons as 't ware 'n noodgeroep: waar is God? Die Hemel is gesluit. God verberg Hom, en dit vanweë die sonde en ongeregtigheid van Sy volk. Met die Psalmdigter kan van Israel (en van alle mense) gesê word: daar is niemand wat God soek nie. As dit die geval is, kom die vraag op of Israel dan nog as volk van God beskou kan word. Op hierdie vraag gee ons teksvers die antwoord, en dit is so verkwikkend soos reën na droogte, soos salf vir 'n wond. Al verlaat Israel ook sy God, Hy verlaat hulle nie, maar volg hulle tot in die verre vervreemding. Daar klink dit onverwags en verrassend: Hier is Ek! Hier is Ek! Daar is wel niemand wat na Hom vra nie, maar Hy vra na hulle. Niemand wat Hom soek nie, maar Hy soek hulle. Hy soek nie alleen nie, maar Hy

laat Hom vind. So het Israel indertyd die volk van God geword, nie omdat hulle God uitverkies het nie, maar Hy hulle. En so bly God getrou aan Sy volk: hulle vergeet Hom, maar Hy sê: Hier is Ek!

Is dit nie 'n vernedering vir God nie? Maar God is mos 'n God wat Hom verneder. Daarin is Hy juis God, die enige. In die vernedering van God lê juis die wonder van Kersfees, is die vleeswording van Jesus Christus uitgedruk. As daar 'n aanraking kom tussen hemel en aarde, God en die mense, moet Hy neerdaal na ons toe. Ons mense dink gewoonlik ons moet omhoog probeer styg na God toe. Van hierdie strewe is die toring van Babel 'n teken. Maar die toring is nie voltooi nie. God se gedagtes is hoër as ons gedagtes. In Sy gedagtes kom Hy omlaag na ons. En hoe laag het Hy nie gedaal om Hom deur ons te laat vind nie. Hoe ver moes Hy nie gaan om by ons te kom nie . . . tot in die diepste angs en versmaadheid van die hel, sodat ons tot God geneem en nimmermeer deur Hom verlaat sou word nie. Ons was verlore en is gevind. Ons het Hom nie gesoek nie, en tog het Hy ons gevind.

22 Desember

Lees Luk. 1:67-80. Teks: Luk. 1:69 en 78.

MY KRAG EN MY LIG

Onder droewe omstandighede van geestelike verval en Romeinse oorheersing open die Nuwe Testament met 'n reeks van lofliedere. Die nuwe bedeling bring 'n nuwe lied mee.

Deur die eeue heen was daar 'n verlange deur die Ou Testamentiese profete na krag, verlossing en lig. Maar hierdie profesië het geswyg na die latere profete. Hier leef dit weer op uit die mond van Sagaria as hy die kragtige profesie besing asof dit reeds werklikheid geword het.

Dan besing hy die verlossende werksaamheid onder die dubbele beeld van 'n „horing van verlossing" en die „opgaande Lig uit die hoogte". Volgens die Heilige Skrif is die horing 'n teken van krag maar ook van redding en vryspraak. Die horing van heil is dus eintlik die krag van verlossing.

En hierdie horingbeeld word aangevul deur die opgaande Lig uit die hoogte. Christus is die opgaande Lig, die Son van geregtigheid wat deur Sy krag die werke van die duisternis vernietig en die nag van sondeduister verdrywe.

Jesus Christus is ons krag en ons lig. In die horing van heil skuil Sy allesoorwinnende krag en deur die opgaande lig verdrywe Hy alle duisternis en lei op die paaie van vrede.

Dis asof Sagaria sê: daar is geen krag sonder lig en geen lig sonder krag. Want groter krag as lig is daar nie. En die krag van Christus is allesoorweldigend wat die hele wêreld oorwin.

In Sy woord skuil daar ontdekkende krag, in Sy bloed versoenende krag. Kortom, Hy is die krag van God tot saligheid vir elkeen wat glo. Hy is ook die lamp vir ons voet en die lig op ons pad. In Sy lig sien ons dié lig.

Waarlik die Here Here is ons sterkte. Hy is ons lig en ons heil.

23 Desember

Lees Luk. 1:46-56. Teks: Luk. 1:46.

LOOF DIE HERE.

As die dag breek maak alles gereed vir die koms van die lig. Die blomme ontluik by die deurbreek van die lig. Die voëls hef 'n loflied aan en in die son se eerste glanse blink die doudruppels. Die skepping jubel voor die aangesig van die Here.

Moet dit nie ook so wees in die gemeente en in die hart van elke gelowige nie? Elke more moet die loflied opklink maar in die besonder by die aanbreek van die lig wat in Christus Jesus opgegaan het. So vind ons dit rondom en binne Bethlehem wanneer die Son van Geregtigheid opgaan om die dag van genade aan te kondig.

So klink die lofsang van Sagaria op: „Geloofd sy die Here, omdat Hy sy volk besoek en vir hulle verlossing teweeggebring het". Maria roep dit uit: „My siel maak die Here groot, en my gees is verheug in God, my Saligmaker". Simeon gaan sy einde met vrede tegemoet omdat sy oë die lig tot verligting van die nasies gesien het. En Anna prys die Here en spreek van Hom met almal wat die verlossing verwag het. Die engelekoor styg op: Eer aan God in die hoogste hemele . . . .

Selfs 'n ster verskyn, herders en wyse manne kom trek op! Dit alles is een groot magtige handeling, 'n loflied. „My siel maak die Here groot".

Voel u ook die salige hoogspanning met 'n lied in u hart by die nadering van Kersfees? Die wêreld maak lawaai maar bo die gedruis en geraas moet die lied van aanbidding opstyg tot lof van die Here. Maria het reeds vir ons die inhoud van die Kerslied bepaal. Uit die diepte van haar nederige hart kom haar lofsang en baan 'n weg ten hemel.

My siel maak groot die Here! Dit moet die toon van ons adventslied wees. Daar is geen ander lied gepas vir Kersfees nie as alleen 'n loflied wat roem in die verlossing van sonde deur die koms van Jesus.

24 Desember

Lees Luk. 2:1-7. Teks: Luk. 2:4 en 5.

SKAKELS IN DIE TYD.

Alles het sy bestemde tyd en ook in die tyd is daar geen toeval nie. Alles geskied deur die raad van God en vir die volvoering van Sy heilsplan is daar geen willekeur nie. In Sy plan is ook die tyd met sy wisselinge opgeneem en geen oomblik is sonder betekenis nie. In die opvolging van tye en geleenthede word die gedagtes van God vervul — gedagtes van ewige vrede. Daar sal eenmaal geen tyd meer wees nie wanneer die ewigheid sy breë vleuels oor ons sprei. Maar hier het elke oomblik betekenis en ook elke mens, groot of klein, arm of ryk.

Ons betekenis lê daarin of ons in die optog is na Bethlehem na Christus wat in die volheid van die tyd gebore is. Want alles in die tyd is voorbereidend vir die ewigheid. Die Ou Testament berei voor vir die koms van Christus wat van ewigheidswaarde is en die Nuwe Testament berei voor vir Sy wederkoms om die ewigheid in te lei.

En hierin is elkeen 'n skakel in die tyd. Ook Keiser Augustus in sy bevel uit Rome is 'n instrument in Gods hand om die eeue-oue profesie in vervulling te laat gaan.

So kom Jesus op Gods tyd en wyse. Hy kom as kind klein en teer, arm en nederig soos die Jode Hom nie verwag het nie. Maar ons het Hom lief in en om die krib in Sy nederigheid en armoede, want dit is die plek wat God aanwys. En daar is geen toeval in die tyd maar ook nie in die ruimte nie.

In Bethlehem sal die Verlosser die lewenslig begroet. Na Bethlehem wys die vinger van die profesie deur die eeue — daar waar Dawid die skape opgepas het sal die Goeie Herder kom, waar Ruth die are opgetel het, sal die brood van die hemel neerdaal en waar Ragel haar kinders beween het, sal die Vrede neerdaal. En waar die

skare eenmaal die grootheid van Dawid besing het, daar sal die engelekoor uit die hemel die hosannas oor Sy koms laat hoor.

Dit is die plek wat ook vir ons aangewys is. Na Bethlehem, na die Kindjie wat in die krib lê. Dit is ons Broodhuis. Daar is die spruit van Dawid saad van Abraham, maar nog meer, God in die vlees by ons en met ons.

25 Desember

Lees Luk. 2:8-16. **Teks:** Luk. 2:16.

RONDOM DIE KRIB.

Hier is ons by die stal — rondom die krib. Kyk die Kindjie in skamele doeke toegedraai.

O heuglike tyding, bron van hartverblyding. Heilige nag, skone dag — die lig breek deur die sondenag. Die goddelike wonder het geskied — ons staan rondom die krib. Maar rondom die krib staan vanmore die ganse wêreld. Want alles kring om die Kindjie en vandaar word alles beweeg deur alle eeue op alle plekke.

Rondom die krib staan ons as begenadigdes. Ons staan met ons goud en wierook en mirre. Want ons aanskou die groot liefde en in vreugdevolle aanbidding buig ons in dankbaarheid neer.

Ek wil hierdie plek nie verruil vir die geselskap van die groottes en magtiges nie. Want die verlossing is in niemand anders nie. Hier skyn die lig wat die duisternis van sonde en skuld verdrywe.

Hier twyfel ons nie meer nie. Hier ontdek ons met verbasing ons sonde maar ook in dankbaarheid ons verlossing! Hier ontdek ons ons ellende maar ook ons heil!

Hier is ons by Jesus met ons wonde deur al die sonde. En Hy peil ons nood, reinig van alle sonde en genees alle wonde. Hier is Hy by ons en ons by Hom. Hier ontmoet hemel en aarde. By Jesus met 'n verslae hart as alles ons ontval. En Hy verstaan, versterk en vertroos.

By Hom wil ek bly met my skuld en sonde, my trane en gebede, met die angste wat my kwel. By Hom as die pad donker is en swaar. By Hom as die toekoms so onseker is, as ek struikel en val, as die kruise skawe en die storms breek.

Dit is goed om naby Hom te wees — dis veilig in Jesus hoede. Hier vind my siel sy rus.

26 Desember

Lees Ps. 19:1-7. **Teks:** Luk. 2:14.

EER AAN GOD.

Op die boodskap van die Kersengel word deur die hemelse leërskare die amen uitgespreek.

„Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae". Hierdie loflied begin by God in die hemel en daal af na die aarde en die mense omdat die hemel en die aarde en die mense wat deur die sonde geskeur is, deur Christus weer in die juiste verhouding gebring word.

Die engele-leërskare staan op die aarde en roep mede-engele in die hemel toe om God te verheerlik vir Sy gawe in Christus.

Daar was eenmaal 'n paradys waarin die hele skepping God verheerlik het, maar die lof het verstom en die lied het gesterf en die glorie van God is vervang deur die glorie van die mens.

Nou kom daar weer swakke stemme tot Sy eer wat opklim in die Kersnag van die aarde na die hemel. Dit is moontlik gemaak deurdat die hemel in Christus na die aarde neergebuig het.

Maar om slegs te luister na die engelelied baat niks, dit moet die lied wees wat ook uit ons harte vloei. Is die „eer aan God", nie 'n skerpe aanklag teen ons nie? Beweeg daarom nader aan die Betlehemse krib want hoe digter by Jesus hoe voller die lofsang.

Dan ondervind ons die vrede van Christus in die hart te midde van 'n wêreld van onvrede. Dan ondervind ons dat ons wat eenmaal ook tot die wêreld behoort het juis deur die krag van Christus van die wêreld verlos is en daarom wel in die wêreld maar nie van die wêreld is nie.

Dan gaan die belofte in vervulling „My vrede gee ek julle". Ja dit is die deel van almal in wie God 'n welbehae het, en Sy welbehae rus op almal wat deur Sy Seun van vrede, God gevind het.

Ja hierdie welbehae van God rus op die mens wat hom vasklem aan die Seun van Sy welbehae.

27 Desember

Lees Ps. 122.. **Teks:** Luk. 2:15.

DIE PRIESTERSKAP VAN DIE GELOWIGE

Nouliks het die leërskare die tyding van die engel bevestig en hulle teruggetrek in die hemel nadat hulle as 't ware Christus afgegee het, of die heilbegerige herders staan gereed om na Bethlehem te gaan.

Hier is die begin van 'n onafsienbare skare wat deur die Woord-verkondiging sal toesnel op Jesus. Hierdie herders het gespanne geluister na die woord. Hulle het die woord aanvaar en geglo. Daarom sê hulle nie laat ons gaan en sien of dit gebeur het nie, maar wel laat ons sien wat gebeur het. Hulle spreek selfs van die woord van die Here wat aan hulle bekend gemaak is.

Die Here spreek deur die mond van Sy diensknegte persoonlik tot Sy gemeente. En die geloof in sy eerste begin is om te luister na die woord van God.

Maar om slegs te luister na die Woord sonder meer, beteken niks. Die woord bring aksie en soek lewensgemeenskap. En die mens wat die verkondiging aanvaar staan op en kom tot handeling. So 'n gemeente kom in beweging. Die herders wat die boodskap aangeneem het, het ook ondervind dat dit die waarheid is. Die geloof in Gods woord stel nie teleur nie.

Ons het ook die boodskap gehoor al is dit deur die swakke gebrekkige prediking van mense. Maar wat verkondig word is die waarheid. Die herders het mekaar opgewek om na Jesus te gaan. Dit is ook ons taak om mekaar aan te spoor en te bemoedig om in heilige aksie te kom. En so alleen dra ook ons die blye boodskap van verlossing in die wêreld uit. So word ons ook draers van 'n goeie boodskap — en lieflik is op die berge die voete van hulle wat die goeie boodskap bring.

28 Desember

Lees Luk. 2:41-52. **Teks:** Luk. 2:51.

ONDERDANIGHEID

Vir die volk van Israel was daar drie groot feesverpligtinge. Dit was die Paas, Pinkster en Loofhuttefees. Hier trek Josef en Maria en Jesus op na Jerusalem vir die Paasfees. Daarin skuil ook die wekroep vir ons om as huisgesin op te trek na die heiligdom van die Here.

Toe die fees verby was keer Josef en Maria terug onbewus dat Jesus in Jerusalem agterbly. En na enkele dae vind hulle hom in die tempel. Hierdie daad van Jesus was 'n daad van gehoorsaamheid en daarom Sy antwoord aan Maria: „Het u nie geweet dat Ek in die dinge van My Vader moet wees nie?"

Dan gaan Jesus met hulle saam huistoe en „Hy was hulle onderdanig," staan daar geskrywe. Hierdie woorde geld heel Sy lewe. Gehoorsaamheid en onderdanigheid was die toonbeeld van Sy lewe, ja selfs tot in die dood van die kruis. Dit was 'n kalme onderworpenheid aan die gesag wat die Vader oor Hom gestel het. En Hy het nie gekom om die wet te ontbind nie maar om te vervul en vervul ook so die vyfde gebod.

In ons dae kom daar van die vyfde gebod nie veel tereg nie. Ons kinders het in baie opsigte die gehoorsaamheid ontgroei. So dikwels ontbreek die onderdanigheid en word die ouerlike gesag nie meer geduld nie. Dit is ook waar dat die kinders dikwels die plek van die ouer inneem en omgekeerd.

Die kinders skryf voor en die ouer moet gehoorsaam. Daar is 'n verkeerde gees van verset by menige kind waardeur die orde en vrede in die huisgesin versteur word. Dikwels moet gehoorsaamheid deur allerhande mooi beloftes deur die ouers van die kind afgebedel word.

Hier is 'n vaste ouerhand nodig om die kinders in die vrese van die Here op te voed tot gehoorsaamheid en onderdanigheid.

29 Desember

Lees Joh. 1:15-23. Teks: Joh. 1:23.

SELFVERLOËNING

Johannes die Doper was 'n man uit een stuk. Sy geestelike en sedelike grootheid het bo sy tydgenote uitgetroon.

Die engel wat sy geboorte aangekondig het, het gesê dat hy groot sou wees en Jesus het later getuig dat van die wat uit vroue gebore is, niemand groter as Johannes is nie.

Maar om groot te wees moet 'n mens eers klein word deur jouself te verloën. En dit het Johannes gedoen.

Toe die Leviete en Priesters na hom gestuur is met die vraag: „Wie is u"? het hy nie die geleentheid aangegryp om homself op 'n hoë voetstuk te plaas asof hy die belangrike figuur van sy tyd was nie, inteendeel, ons hoor hom spreek: „Ek is die stem . . ."

By al die moontlikhede, verkies hy net om „stem" te wees; 'n Stem wat roep en al roepende 'n weg in die hart van sy volk wou baan vir die komende Koning. Met toewyding het hy gespreek en gewerk en die Koninkryk van die hemele verkondig.

Johannes wou net 'n stem wees. Wat is ons? Wat sê ons van onsself? Helaas, in soveel gevalle ag ons ons so belangrik en probeer ons alle roem en eer vir ons inoes. Ander mense en sake kan maar skade ly, solank ons die belangrikes kan wees!

Hoe dwaas en verkeerd! Mag ons maar weer van Johannes die Doper leer wat selfverloëning is. Maar laat ons dit bo-al leer van Hom van wie Johannes getuig het, Hy, Jesus wat gespreek het: „Wie agter My aan wil kom moet homself verloën . . ."

Wie en wat is u en ek? Laat ons, wat ons name en rang en posisies in die lewe ook mag wees, in die eerste en laaste instansie nederige en getroue diensknegte en diensmaagde van die Here wees, selfverloënende navolgers van Jesus, Hy die Leidsman na die Lewe.

30 Desember

Lees Joh. 1:24-34. Teks: Joh. 1:26.

KEN ONS HOM?

Johannes die Doper het getuig dat hy net 'n stem is. Toe die gestuurdes hom vra: „Waarom doop u dan?" het hy geantwoord: Ek doop wel met water, maar onder julle staan Hy vir wie julle nie ken nie —"

So het hy heengewys na Jesus wat daar saam met hulle by die Jordaan was sonder dat die mense bewus van Sy teenwoordigheid was. Johannes verwyt hulle en sê: „Julle ken Hom nie."

Jesus teenwoordig en tog nie geken nie? Hoe is dit moontlik? Het hulle so gou Sy geboorte vergeet? Het hulle so gou die engeleboodskap aangaande die Verlosser vergeet? Ja, helaas, en daarom die roeping en taak van Johannes om vir Hom 'n weg te berei. Maar

ook later het hulle Hom nie geken en wou ken nie. Toe het hulle Hom verwerp en gekruisig.

Ken ons Hom? Kyk, Hy staan ook onder ons. Hy is Immanuel, God met ons. Hy wil altyd by en met ons wees om ons te sterk en te dra, te troos en te red.

Ken ons Hom? Helaas, soveel duisende ken Hom nie omdat hulle nog nie van Hom gehoor het nie en die Kerk het hier 'n opdrag om die Evangelie te gaan verkondig . . .

Soveel duisende wil Hom nie ken nie en gaan by Sy Woord en Sy kerk verby. Hulle lewe bly arm en leeg en hopeloos. Eers as hulle Hom aanneem sal hulle die nuwe vreugde vind.

Soveel ken Hom net met die verstand, hulle het wel iets van Hom geleer in sondagskool en katkisasieklas maar verder beleef hulle niks van Sy reddende genade nie.

Hoe ken ons Hom? Mag dit wees met 'n verstand wat verlig is deur Sy Gees en 'n hart wat oorgegee is aan Hom en 'n lewe wat ons vir Hom lewe.

Ken ons Hom? Kyk, Hy ken ons, ons vir wie Hy Sy lewe gegee het, vir wie Hy alles gedoen en geoffer het aan die Kruis van Golgota.

31 Desember

Lees Joh. 1:35-52. Teks: Joh. 1:42

GEVIND

Dit is Oujaarsdag, 31 Desember 1967. Wat het ons nie alles gedurende die afgelope twaalf maande beleef nie! Vanselfsprekend vermenigvuldig die gedagtes. 'n Mens dink oor wat gebeur het, oor wat beleef is, bereik is of versuim is.

Deur die jaar heen was ons almal ook weer soekers gewees. Soekers na eer of mag, rykdom of geluk en nou is ons beskaamd want hoewel die hande miskien vol is, is die harte leeg. By alles wat ons gevind het, ontbreek die wesenlike nog, naamlik: die werklike vreugde en vrede in die hart.

Hoe vind mens dit? Alleen deur Jesus te vind.

„Ons het die Messias gevind", so het Andreas verheug uitgeroep. So het Filippus dit beaam. Die Kind in die krip van wie die engel gespreek het, die Lam van God na wie Johannes die Doper verwys het, is aan hulle geopenbaar as die Messias. Hulle het Hom gevind omdat hulle deur Hom gevind is.

En nou, op die laaste dag van die jaar is dit hoofsaak: Het ons Hom gevind? Het ons ons deur Hom laat vind? Het ons deur die jaar heen in nou aanraking met Hom gelewe, vir Hom gelewe en getrou gebly in Sy diens saam met Sy gemeente? Was ons vreugde reine vreugde omdat Hy die bron van alles was? Was ons smart getemper omdat Hy die Middelpunt van ons verlange en die Trooster van ons bang gemoed was? Het ons ons werk goed gedoen, omdat ons dit vir Hom gedoen het?

Geliefdes, sonder en buite Jesus om was alles tevergeefs, was die jaar tevergeefs tot ons lewe gevoeg. Maar in Hom en met Hom was ook die afgelope jaar nie verniet nie, was ons lewe en werk nie verniet nie.

Het ons Hom gevind? Het ons ons laat vind deur Hom? Nog is dit nie te laat nie. Selfs in die laaste stonde van die Oujaar wil Hy Hom aan ons openbaar; kom Hy om te soek en te red wat verlore was.

„Uit eindelose erbarme met ons onpeilbre nood strek Hy na ons Sy arme en red ons van die dood.

Mag ons blye uitroep wees: Hy het ons gevind!

Alberton 186
Alberton-Wes 188

Barberton 133
Balfour 136
Belfast 133
Benoni 149
Bergsig (Pretoria) 174
Bethal 181
Bethlehem 157
Bloemfontein 155
Bloemhof 163
Boksburg 148
Bosmansrus 162
Bothaville 155
Brakpan 148
Brakpan-Harmonie 150
Breyten 181
Brits 121
Brixton 145
Bronkhorstspruit 176

Carolina 181
Carletonville 167
Chrissiesmeer 180
Christiana 164
Coligny 139
Crosby 146
Chipinga 151

Delareyville 163
Delmas 177
Dendron 125
Derdepoort (Pretoria) 173
Dordrecht 161
Dullstroom 132
Duncanville (Vereeniging) 169
Durban 158
Durban-Suid 159
Drie Riviere (Vereeniging) 170

Ebenhaeser 183
Edenvale 186
Eendracht (Leslie) 180
Eikenhof 187
Elandspoort (Pretoria) 129
Elsburg 186
Ermelo 180

Estcourt 159
Evander 182

Florida 141
Fonteinedal (Pretoria) 129

Gatooma 152
Gerdau 140
Germiston 148
Glencoe 158
Gobabis 152
Goedehoop (Piet Plessis) 138
Greylingstad 135
Grootfontein 153
Grootvlei (Pretoria) 175
Groot Marico 138
Gwelo 151

Hartbeesfontein 119
Hartbeespoort (Brits) 122
Heidelberg 134
Heilbron 154
Hendrina 178
Hennenman 156
Horison 143

Johannesburg 144
Johannesburg-Wes 145
Johannesburg-Noord 185
Johannesburg Middestad . 147

Kaapstad 161
Kampersrust 125
Kempton Park-Oos 187
Kimberley 165
Klerksdorp 117
Klerksdorp-Oos 118
Koedoesrand 183
Koornfontein 179
Koster 122
Kroonstad 155
Krugersdorp 140
Krugersdorp-Noord 143
Krugersdorp-Oos 142
Krugersdorp-Wes 141

Ladysmith 159
Laeveld 124
Leeudoringstad 165

Lichtenburg 137
Lichtenburg-Oos 139
Losberg (Fochville) 166
Louis Trichardt 124
Lydenburg 132
Lyttelton 130

Mafeking 138
Magaliesburg 142
Makwassie 165
Marble Hall 178
Marikana 122
Melville 146
Memel 135
Messina 124
Meyerton 169
Middelburg (Tvl.) 131
Morgenson 135

Naboomspruit 184
Nederlandssprekende 147
Nelspruit 133
Newcastle 160
Newlands 141
Nigel 135
Noordelike Pietersburg 126
N.W. Pretoria 172
Noordelike Pretoria 171
Noord Rand 143

Odendaalsrus 156
Ogies 179
Oos-Londen 160
Orkney 119
Otjiwarongo 152
Ottosdal 164
Outjo 153

Parys 154
Phalaborwa 126
Philadelphia (Pretoria) 130
Pietersburg 123
Pietermaritzburg 158
Piet Retief 180
Plaston 132
Pongola 182
Port Elizabeth 161
Potchefstroom 116
Potchefstroom-Noord 117
Potchefstroom-Suid 118

Potgietersrust 183
Pretoria 127
Pretoria-Noord 171
Pretoria-Oos 128
Pretoria-Suid 131
Pretoria-Tuine 175
Pretoria-Wes 128
Primrose 185
Primrose-Oos 187

Que Que 152
Queenstown 162

Randburg 147
Randfontein 168
Randpoort 166
Rietspruit (Vanderbijl-park) 170
Roedtan 184
Roodepoort 141
Roos-Senekal 176
Ruskoppies 122
Rust-der-Winter 183
Rustenburg 120
Rustenburg-Suid 123

S.A. Polisie Kollege 130
Sabie 132
Salisbury 151
Sannieshof 139
Sasolburg 157
Schweizer-Reneke 163
Silverton 127
Springs 149
Springs-Oos 150
Stella 139
Stilfontein 119
Stoffberg 178
St. Helena (Welkom) 156
Suid-Rand 146
Sundra 150
Swellendam 162

Trichardsfontein (Trichardt) 179
Tsumeb 154
Turffontein 144
Tzaneen 125

Umtali 151

Vaalharts 164
Vaalwater 165
Vanderbijlpark 169
Vanderbijlpark-Oos 170
Van der Hoff (Groblersdal) 177
Van Warmelo 125
Ventersdorp 137
Venterskroon 117
Vereeniging 168
Villieria 172
Villiers 136
Virginia 156
Vivo 126
Vliegepoort (Thabazimbi) 121
Volksrust 134
Voortrekkerhoogte 128
Vrede 136
Vredefort 157
Vryburg 138
Vryheid 159
Warmbad 184
Waterberg (Nylstroom) 182
Waterval Boven 133
Welkom 157
Wesmoot 174
Wespark 129
Westonaria 167
Wilkoppies (Klerksdorp) 120
Windhoek 153
Witbank 177
Witfontein (Pretoria) 174
Witbank-Suid 178
Witpoortjie 143
Wolmaransstad 163
Wonderboompoort 173
Wonderboom 176
Wonderfontein (Oberholzer) 167
Zeerust 137
Zuurfontein (Kempton Park) 185
Zwartruggens 121

Memorandum

Memorandum